# VALSBAAI

**Name of student:** MONICA JACOBS

**Student number:** JCBMON003

**A DISSERTATION IN PARTIAL FULFILMENT OF THE REQUIREMENTS FOR THE AWARD OF THE DEGREE OF MA IN CREATIVE WRITING**

University of Cape Town

**FACULTY OF THE HUMANITIES**

**UNIVERSITY OF CAPE TOWN**

**2013**

**Supervisor:**

**PROFESSOR ETIENNE VAN HEERDEN**

**This work has not been previously submitted in whole or in part for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from other people has been attributed.**

**Signature:** ............................. **Date:** ..................................

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

# ACKNOWLEDGEMENTS

I am deeply indebted to my promotor, Prof. Etienne van Heerden, who guided me throughout this project with much patience, wisdom and encouragement. He refused to accept superficial writing. Over a period of four years he taught me how to use a rich reservoir of words as well as the power of sensory evocation. It must have been difficult and time-consuming for him to teach an inexperienced writer like myself the skills and intricacies of writing a crime novel, but he rose to the challenge.

This book would also not have been possible without the support and encouragement of my children Rista van Rooyen, Bianca Cunningham and Dion du Plessis, as well as the continuous assistance of Liesbet van Wyk. Thank you.

# INHOUD

Bls.

Hoofstuk 1 .......................................... 3

Hoofstuk 2 .......................................... 17

Hoofstuk 3 .......................................... 31

Hoofstuk 4 .......................................... 46

Hoofstuk 5 .......................................... 61

Hoofstuk 6 .......................................... 79

Hoofstuk 7 .......................................... 95

Hoofstuk 8 .......................................... 109

Hoofstuk 9 .......................................... 126

Hoofstuk 10 ........................................ 143

Hoofstuk 11 ........................................ 158

Hoofstuk 12 ........................................ 176

Hoofstuk 13 ........................................ 195

Hoofstuk 14 ........................................ 216

Hoofstuk 15 ........................................ 232

Hoofstuk 16 ........................................ 243

Hoofstuk 17 ........................................ 252

Hoofstuk 18 ........................................ 262

# HOOFSTUK 1

Jolanda Loots bring die beige Corsa-sedan tot stilstand by ŉ parkeerplek langs die Rooiels-uitsigpad en klim uit. Sy kyk oor Valsbaai en dan weer na die pad wat van Gordonsbaai af kom.

Haar hart klop in haar keel. Shaakirah se oproep het haar heeltemal ontsenu. Sy het gedog sy het uiteindelik vrede gemaak met die rampspoedige gebeurtenis wat haar getref het sodat sy weer met haar lewe kon aangaan, maar nou is die mat onder haar voete uitgeruk.

Al die aakligheid is weer terug – die skok, pyn, verwarring – asof niks intussen gebeur het nie.

Aan die een kant van die parkeerplek is ŉ klipmuurtjie wat keer dat karre wat van die pad af ry oor die afgrond gaan – ŉ skuins helling wat vir driehonderd meter afloop tot ver onderkant die pad waar die branders bruisend oor die rotse breek. Aan die teenoorgestelde kant van die pad skiet die ruwe rotse van Kogelberg op soos ŉ kolossale kasteel.

Vir meer as twee jaar loop sy al rond en wonder, worstel sy deur slapelose nagte. Elke vrye oomblik wat sy het ry sy rond, doen navorsing, praat met mense, werk teorieë uit. Alles tevergeefs. En vandag ŉ halfuur gelede, bel Shaakirah haar skielik en vertel haar iets wat moontlik die einde van haar soektog is.

Die oomblik toe sy die nuus gehoor het, het sy haar windbreker haastig oor haar wit bloes en swart jeans aangetrek, die Corsa se sleutels gevat en sonder toestemming by die kantoor uitgestap. Sy moes hard konsentreer om al die teenstrydige emosies in haar binneste te beteuel. Met stywe lippe het sy ŉ kilometer straat-op gery, onder haar kothuisie parkeer en so vinnig as moontlik met die vyf stelle trappe vanaf straatvlak opgehardloop teen die steil helling tot bo by haar voordeur. In die huis het sy haar werkskoene uitgetrek en donkerbruin stewels aangetrek sodat sy toegerus sal wees om deur die onherbergsame terrein te stap. Toe is sy weer met die trappe af en het haastig die ses kilometer tot by die uitsigpunt gery om vir Shaakirah te ontmoet.

Tot haar teleurstelling is Shaakirah nêrens te sien nie. Sy dwing haar spiere en gedagtes om te ontspan en kyk op die Swatch polshorlosie aan haar regterhand: vyf voor elf. Haar baas gaan wonder waar sy is. Ongeduldig stap sy heen-en-weer terwyl sy oor die see uitkyk.

Die mis kom oor Valsbaai aangerol. Deur die mis sien sy die grys water en hoor sy die dreuning van die see. ŉ Koue gevoel kruip teen haar rug op.

Shaakirah moes al hier gewees het.

Na ŉ paar minute loop sy terug motor toe, maak die deur oop, haal haar kamerasak uit en hang dit oor haar skouer. Sy haal ŉ Rooikruis-knipmes en ŉ paar leerhandskoene uit haar handsak, druk hulle in haar baadjiesakke en bêre haar handsak in die kattebak. Nadat sy die kar gesluit het gaan staan sy weer by die klipmuur en kyk uit oor die see.

Diep asem sy die reuk van die soutwater in. Sy het haarself belowe om haar gevoelens te onderdruk en slegs op konkrete werklikhede te konsentreer, maar noudat sy verplig is om hier ledig te staan en wag, sukkel sy om by haar voorneme te bly. Hoe kan sy? Sê nou sy is op die punt van ŉ deurbraak? ŉ Rilling gaan deur haar lyf. Ná al die maande en jare se onsekerheid lyk dit asof daar uiteindelik iets opgeduik het wat antwoorde sal verskaf op al die senutergende vrae waarmee sy al so lank worstel.

Sy is kort en maer en agt-en-twintig jaar oud. Haar gesig en hande is bedek met sproete en sy het ŉ welige bos swart hare. Die hare is bo-op haar kop taamlik kort gesny sodat haar ore sigbaar is, maar agter in haar nek hang hulle tot teen die kraag van haar swart windbreker.

Haar goed-gevormde wenkbroue en die rooi lipstiffie versag die gelaatstrekke in haar benerige gesig.

Fronsend kyk sy na die pad waar Shaakirah ŉ verskyning moet maak. Sy ril weer effens en trek die rits van haar windbreker hoër om die koue buite te hou, want hoewel dit reeds middel-lente is, is die lug toegetrek en waai daar ŉ ligte wind.

ŉ Hele ruk staan sy met gevoude arms, haar rug teen die muurtjie geleun terwyl sy kyk hoe daar af en toe ŉ motor verby ry. Sy wou net weer terug in die Corsa klim om uit die koue te kom, toe ŉ nuwe rooi BMW om die draai verskyn en langs die Corsa parkeer.

Shaakirah klim haastig uit, kom aangedraf en roep: “Jolanda! Ek’s so jammer ek is laat! Jou arme ding!”

Hulle gee mekaar drukkies. Shaakirah is meer as ŉ kop langer as Jolanda. Shaakirah hou vir Jolanda op armlengte en kyk stip in haar oë.

“Isn’t it an absolute amazing thing that happened?” vra sy met gevoel.

Shaakirah Sirkhot is ŉ sakevrou. Sy het lang donker hare met ligstrepies in wat tot onder haar skouers hang, is goed gegrimeer en dra ŉ ligpers sweetpak. Shaakirah en haar man, Nazeer, besit die *Sea Music Guest House.*

“Ja!” sê Jolanda opgewonde. “Hoe’t jy uitgevind? En waar is die plek?”

"Ek het jou mos gesê op die foon! Dis hier naby! Ons sal net ŉ ent moet terugloop – omtrent tien minute. Dan moet ons afgaan. Sorry dat ons so ver moet stop maar daar is no parking naby die plek. Ek sal jou wys. Kom!"

Sy trek aan Jolanda se windbreker en hulle begin vinnig langs die pad stap, terug in die rigting van Gordonsbaai terwyl sy aanhou praat.

"What a commotion! Vanoggend vroeg was ek hier saam met mister Olson dat hy vir my kon wys waar die plek is. Maar ons kon nie uitklim nie want hy was te haastig. Maar ek weet presies waar dit is. Hel, maar dis blêddie koud, en dis amper Oktober."

Terwyl hulle verder loop vertel sy vir Jolanda dat Olson ŉ toergids is wat spesialiseer in avontuurtoere. Hy het al drie maande vantevore plek by *Sea Music Guest House* bespreek – vyf kamers vir nege mense. Hy was besig om die roete van ŉ avontuurtoer vir agt Noorweërs te beplan. Hulle wil vir tien dae stap en branders ry tussen die haaie deur en snags onder die sterre slaap al langs die kus vanaf Gordonsbaai tot by Gansbaai, het Olson vooraf vir Shaakirah vertel.

Die vorige aand het hy en die agt Noorweërs uiteindelik by haar gastehuis aangekom en daar geslaap.

Vanoggend toe Olson en die avonturiers ontbyt eet, vertel hy vir Shaakirah dat hy die vorige week ŉ versteekte motor onder bome ontdek het toe hy besig was met finale voorbereidings vir die avontuurtoer.

"Hy sê hy het die kar ontdek onder twee groot bome wat halfpad staan teen hierdie steilte wat afgaan see toe. Onder daai bome, sê hy, staan die kar waarvan ek jou op die foon vertel het!"

"Wat laat jou dink dat dit Hans Ras se kar is?" vra Jolanda.

"Dis ŉ Mercedes, sister! A silwer Mercedes! Just like the one Hans Ras had!"

"Ek weet. Jy't my op die telefoon gesê. Maar daar is baie mense wat sulke karre het."

"Ja, maar nie almal is in Gordonsbaai nie."

Die weer word effens beter namate hulle verder loop. Daar breek selfs ŉ paar flou sonstrale deur die wolke. Hoër teen die hang van die berg sit en staar ŉ troppie bobbejane nuuskierig na die twee vrouens wat verby loop. Shaakirah vertel hoe Olson op die motor afgekom het, hoe die avonturiers reageer het op die storie, en hoe sy nie kon wag om vir Jolanda daarvan te vertel nie.

"Maar hoe't dit daar gekom? ŉ Kar kan mos nie oor hierdie muurtjie spring en teen die berg afry nie!" vra Jolanda en beduie na die klipmuurtjie tussen die pad en die skuins afgrond na onder.

"Dis wat ek ook gesê het." Shaakirah gryp Jolanda se arm en forseer haar om stil te staan sodat hulle in mekaar se oë kyk. "Maar weet jy wat? Toe ons vanoggend hier kom en Olson wys my die plek, toe sien ek, so waar as wragtig – op daardie spesifieke plek is daar geen muurtjie nie."

Jolanda kyk op na Shaakirah.

"O ja, nou onthou ek. Hier en daar is ŉ gaping in die keermuur om stormwater te laat deurvloei," sê sy.

"Presies!"

Hulle bevind hulle in die omgewing van die Steenbrasmond. Terwyl hulle langs die pad loop, ry daar aanhoudend motors verby met insittendes wat hulle nuuskierig aankyk.

Shaakirah hou aan met praat maar Jolanda hoor skaars wat sy sê. Sy dink aan haar eks-verloofde wat twee jaar gelede spoorloos verdwyn het. Hans Ras. Sy naam was Hans en sy van Ras, maar van kleinsaf het hy daarop aangedring dat mense hom moes aanspreek as Hans Ras. Sy ma was ŉ ongehude moeder toe Hans gebore is, en haar van was Ras. Later het sy met Oscar Pocock getrou, maar Hans se van het Ras gebly. Hy het dit gehaat as mense hom net Hans noem, of – nog erger – Hans Pocock. Hy het daarop aangedring dat almal hom Hans Ras noem. Hy was trots op hierdie ongewone naam.

Terwyl Jolanda saam met Shaakirah langs die pad loop, probeer sy haarself voorberei vir die feit dat sy moontlik binnekort gekonfronteer gaan word met die motor van Hans Ras, Saam met hom het sy motor verdwyn – die Mercedes-Benz, ŉ CLK-klas, die motor waaroor hy jare lank gedroom het en uiteindelik gekoop het.

En toe, twee maande nadat hy die motor gekoop het – die aaklige nagmerrie. Op ŉ dag het Hans Ras én sy kar onverklaarbaar verdwyn. ŉ Reuse soektog deur die polisie, die pers en die maatskappy verantwoordelik vir sekuriteit by Hans Ras se fabriek het maandelank geduur en niks opgelewer nie.

Maar hoe het sy motor *hier* beland? Of is dit iemand anders se motor? En, indien dit wel Hans Ras se motor is, wat het van hom geword?

"Hoekom is jy so stil?" vra Shaakirah.

Hulle loop ŉ entjie voordat Jolanda skielik vir Shaakirah dwing om stil te staan.

"Wat ŉ belaglike vraag!" sê Jolanda kwaad met haar hande in haar sye. "Hoekom is ek so stil? Natuurlik is ek stil! Ek is in ŉ vreeslike toestand! Ek is op die punt om die oorblyfsels van my eks-verloofde te ontdek – die man wat ek al twee jaar lank soek! Ek het al hemel en aarde verskuif om hom te vind! Alles tevergeefs! Ek is amper van my kop af! En jy

vra my waarom is ek so stil? Wil jy hê ek moet koel en kalm hier rondloop soos ŉ kind op ŉ Sondagmiddag piekniek?"

Shaakirah staan soos ŉ houtpop.

"Ekskuus," sê sy sussend. "Ekskuus! Ek het dit nie so bedoel nie."

Hulle loop verder.

Jolanda kyk onrustig rond of daar nie dalk mense is wat hulle dophou nie. Die berge, grond en paaie in dié gebied word goed geadministreer. Opgeleide beamptes, asook die polisie, hou gewoonlik die area met arendsoë dop, aangesien die skilderagtige landskap honderde toeriste lok en baie Gordonsbaai se inwoners ŉ bestaan maak uit die toeristebedryf. Gelukkig lyk dit asof daar vandag geen toesighouers in die omgewing is nie.

Eindelik gaan staan Shaakirah en sê:

"Daar's die plek."

Sy wys na ŉ plek ver onderkant hulle waar daar twee groot rooiels-bome teen die steilte groei. Die bome staan ongeveer ŉ honderd-en-vyftig meter onderkant hulle, halfpad op die skuinste wat afgaan see toe. ŉ Rilling trek deur Jolanda se lyf. Sy knyp haar kamera stywer onder haar arm vas.

"Is jy seker?" vra sy met ŉ skor stem.

"Ja." Shaakirah knik haar kop heftig. "Dit is die presiese plek wat Olson vanoggend vir my uitgewys het. En kyk," sê sy triomfantelik. "Hier is geen muurtjie nie."

Jolanda kyk af en knik haar kop.

"Ek wonder hoe lyk die kar daar onder die bome."

Jolanda gril.

Vasberade pers sy haar lippe op mekaar. Sy moet haarself forseer om rasioneel te dink. Die skuins berghang wat van die teerpad ondertoe loop tot by die see is oortrek met fynbos – heide, taaibosse, bergrose, restios, bietou, suikerbosse en baie ander, kortes en langes, kleines en grotes, alle kleure deurmekaar, bruines, rooies, groenes, geles. Almal groei in digte massas en in mekaar verstrengel. Dit gaan moeilik wees om deur al hierdie plantegroei te worstel sodat hulle die bome in die middel kan bereik, maar hulle kan en hulle moet daar uitkom. Gelukkig is die helling hier ŉ bietjie minder steil as op die meeste ander dele van die skuinste wat onderkant die teerpad loop.

Sy kyk op in Shaakirah se gesig.

"Jammer ek het in jou keel afgespring. Hier is jy en jy probeer my help en dan baklei ek met jou."

"Dis oukei. Ek verstaan. Jy's in ŉ toestand. Ek sou ook gewees het."

“Dis nie net die spanning oor wat vir ons wag nie. Ek is ook bekommerd omdat ek my werk gaan verloor as my baas uitvind dat ek hier is. Wat ons doen is heeltemal onwettig. Maar ek kan myself nie help nie. Ek móét sien wat hier is.”

Sy begin versigtig die skuinste afstap, al langs die stormwatersloot ondertoe, gevolg deur Shaakirah. Dit is steiler as wat hulle gedink het en die eerste entjie moet hulle op hulle boude afseil, maar dan word die helling minder steil sodat hulle verder weer regop kan loop.

Sterk, wilde geure van die verskillende soorte fynbos slaan in Jolanda se neusgate op. Die area waardeur hulle loop is dig begroei met bietou en steekbosse, en Jolanda is bly dat sy haar stewige glipvrye stewels gaan aantrek het en dat sy jeans dra sodat sy nie seer kry terwyl sy vir haar ’n pad deur die doringagtige struike en bosse maak nie. Shaakirah is minder gelukkig – sy sukkel agter Jolanda aan deur die hoë plantegroei met haar tekkies wat meer geskik is vir tennis as vir bergklim. Gly-gly worstel hulle deur die struike die afdraande af.

“Wees versigtig dat jy nie jou been breek nie, Shaakirah,” sê Jolanda. “Bly agter my sodat ek jou kan stuit as jy gly ...”

Sover soos hulle gaan, praat Shaakirah. Jolanda is dankbaar daaroor sodat syself daarop kan konsentreer om vir hulle ’n pad deur die plantegroei te baan. Dis duidelik dat daar baie lanklaas iemand hier rondgeloop het. Olson het waarskynlik van onder af gekom, dink sy. Hy was besig om ’n staproete langs die see te beplan toe hy om een of ander rede besluit het om op te stap na die twee groot rooiels-bome. En toe ontdek hy die kar onder die boom.

“Dit is als so sad,” hoor sy Shaakirah se stem aandreun. “So terribly sad, dat Hans Ras gaan staan en verdwyn het en daar sit jy met jou trourok klaar gemaak en die wedding beplan. Goodness gracious. So terribly sad. Damn destiny! Ek kan dit nou nog nie glo nie, true as God. Arme Landa – six weeks voor julle troue.”

Uitasem bereik hulle uiteindelik die twee rooiels-bome. Jolanda kyk na Shaakirah wat langs haar staan.

“Oomblik van waarheid,” sê sy en pers haar lippe op mekaar.

Met hulle klere en hare vol droë blare, gras en takkies, probeer hulle deur die lower van die bome na die binnekant toe kyk. Dis onmoontlik. Albei bome is omring deur groot takke met digte blare wat soos ’n sambreel tot op die grond lê.

Jolanda kyk daarna en tuit haar lippe.

“Dit gaan nie maklik wees om deur hierdie takke te kom nie,” sê sy terwyl sy fynbos van haar baadjie afskud. “Kom ons loop om die boom. Dalk is dit makliker van die anderkant af. Ek dink dit is waar Olson ingegaan het.”

Jolanda trek vir Shaakirah aan haar mou sodat hulle saam om die bome loop. Tot haar teleurstelling is die blare aan die seekant van die bome amper net so dig soos aan die ander kant. Met haar hart in haar keel voel-voel sy aan die boomtakke en eindelik kry sy ŉ tak wat sy effens van die grond af kan lig.

"Ons kan hier probeer ingaan."

Shaakirah kyk haar beangs aan.

"Miskien moet jy net eers alleen ingaan," sê sy benoud.

Jolanda sug.

"Help my om hierdie tak op te tel."

Steunend tel hulle die tak van die grond af op.

"So!" kreun Jolanda. "Hou dit só op, dan kruip ek onderdeur."

"Ja. Maak gou."

Jolanda kniel op die grond wat met ŉ dik laag droë blare bedek is terwyl Shaakirah die swaar tak ophou. Jolanda kruip onder die tak deur.

"Jy kan maar los," skree sy.

Shaakirah laat sak die tak: "Kan jy iets sien?"

Jolanda antwoord nie. Sy bevind haarself in ŉ toegegroeide skuilte onder die bome. Rondom haar is die reuk van klam, verrotte blare en takke. Sy knip haar oë ŉ paar keer om aan die donker gewoond te raak.

Toe sien sy dit. Die silwer sportmotor. Sy byt verskrik op haar onderlip. Met groot oë staar sy na die vuil nommerplaat: MAHLER WP. Haar hart wil gaan staan. Sy het die motor so lanklaas gesien. Dit lyk soos ŉ drogbeeld uit ŉ vorige lewe. Die grys geraamte van Hans Ras.

"Wat sien jy?" vra Shaakirah.

Jolanda vee die angssweet van haar voorkop af met die agterkant van haar hand. Sy kan nie praat nie. Sy druk haar gesig in haar handpalms.

"Wat gaan aan? Sien jy iets?" sê Shaakirah.

Eindelik kry Jolanda haar stem terug. Sy lig haar kop moeisaam op.

"Dis hier," sê sy skor. "Dis Hans Ras se kar."

"Sien jy dit?"

"Ja!"

"Ek wil ook kom kyk!" skree Shaakirah.

"Ek sal die tak met my rug probeer oplig ..."

Met moeite kom Jolanda onder die groot tak op haar bene en druk dit boontoe met haar gekromde rug.

"Gou. Kom in. Die tak is baie swaar," kreun sy.

Ná ŉ gesukkel slaag Shaakirah daarin om met haar groot postuur onder die tak deur te kom. Haar mond val oop toe sy die kar sien.

Geskok trek sy haar asem in.

"Good God!"

"Staan asseblief doodstil waar jy is, Shaakirah. Ons moet probeer om so min as moontlik spore agter te laat. Anders gaan die polisie sien dat ons hier was."

Die motor se dak, masjienkap en kattebak is met ŉ dik laag stof, voëlmis en droë blare bedek. Jolanda loop versigtig nader oor die verrotte blare en takkies. Sy probeer om in die motor te kyk, maar die vensters is vuil.

Sy staar na die motor. ŉ Steekpyn gaan deur haar, ŉ herinnering van die laaste oggend toe sy gesien het hoe Hans Ras met hierdie kar uit hulle motorhuis gery het, vyf dae voor sy verdwyning. Hy het skeef geglimlag en vir haar gewaai. Toe was hy weg. Werk toe.

Sy't hom nooit weer gesien nie.

ŉ Halfuur later het sy Vrystaat toe vertrek om ŉ week lank by haar ouers te gaan kuier, ŉ laaste kuier as ŉ ongetroude dogter, om finale reëlings te tref vir haar troue wat ses weke later sou plaasvind. Sy probeer die verstarring van haar afskud, maar die kontras tussen die prentjie in haar kop van Hans Ras op pad werk toe, en die aaklige gesig hier voor haar is oorweldigend.

Sy voel naar. Sy druk haar handpalm styf teen haar mond en dwing haarself om te kalmeer. Moenie aan die verlede te dink nie. Druk dood die sentimente. Konsentreer net op konkrete werklikhede soos Shaakirah se pers sweetpak, die bruin boomstam, die vullis op die kar se dak.

Geleidelik bedaar die mislikheid en kry sy beheer oor haarself.

Bokant haar hoor sy ŉ geraas en sy kyk op. Dis ŉ paar Kaapse berglysters wat op die oorhangende takke rondbeweeg en kwetter. Verder weg hoor sy die geskree van seemeeue wat verbyvlieg, en ŉ irrelevante gedagte flits deur haar kop: die voëls weet reeds meer as twee jaar dat Hans Ras se kar hier staan terwyl ons almal ons katswink daarna soek. As voëls met mense kon kommunikeer ...

"Wat gaan ons nou doen?" vra Shaakirah.

"Ek weet nie. Ek is mos een van die belangrikste verdagtes."

Jolanda trap effens rond.

“Soos dit is, is ek alreeds in die moeilikheid omdat ek hierheen gekom het.”

Shaakirah praat op die agtergrond maar Jolanda luister nie wat sy sê nie. Haar kop is in ŉ warboel. Sy mag definitief nie hier wees nie. Almal weet daar is ŉ patroon dat moorde meestal gepleeg word deur mense met wie die slagoffer goed bekend was. Reeds twee jaar gelede is sy ten strengste belet om enigsins in die ondersoek oor Hans Ras se verdwyning betrokke te raak, aangesien sy ŉ verdagte in die saak was. Hoewel daar geen definitiewe bewyse was dat Hans Ras vermoor is nie, het die polisie dit as ŉ moordsaak hanteer nadat ŉ landwye soektog deur die polisie en die pers getoon het dat daar geen teken van haar vermiste verloofde was nie.

Bokant hulle roer en knars die takke van die rooiels-bome.

“Gaan ons nie kyk wat binne-in die kar is nie?” vra Shaakirah.

Jolanda se keel is seer van ingehoue spanning.

“Ons is nie veronderstel om aan die motor te raak nie,” antwoord sy styf.

Sy voel die naarheid weer in haar opstoot. Sy staar stip na die Mercedes.

Skielik stoot sy haar ken uit.

“Ek gaan dit doen!” sê sy uitdagend. “As hulle my in die tronk wil stop moet hulle dit maar doen. Ek moet – ek wil – ek *gaan* kyk wat binne-in die kar is.”

Sy loop nader aan die motor.

Sy buig af. Sy probeer deur die ruit aan die bestuurder se kant kyk. Daar is voëlmis op die ruit.

“Mens kan niks sien nie,” sê sy gefrustreerd.

Met stywe lippe haal sy haar handskoene uit en trek hulle aan.

“Ek gaan die deur probeer oopmaak.”

Sy druk die knip af. Die deur sit vas. Sy ruk daaraan. Die slot gee mee. Die deur gaan krakend oop en ŉ paar blare val van die deur af. Sy stoot dit heeltemal oop, los die handvatsel en loer in.

“Die kar is leeg,” sê sy.

Jolanda staan met haar handpalm op haar bors gedruk en staar strak na Jolanda.

“Kan ek ook kyk?” vra sy.

“Nee. Bly waar jy is. Ek is bang ons los spore. Hulle kan ons in die tronk gooi.”

“Oukei! Oukei!” roep Shaakirah so hard dat ŉ paar voëls uit die boom vlieg. “Ek sal doodstil staan, net hier.”

Sistematies bekyk Jolanda die binnekant van die Mercedes. Daar is min stof aan die binnekant; die verkoopsman het sy woord gestand gedoen toe hy vir Hans Ras gesê het die

motor is stofdig. Skielik weer die steekpyn – Hans Ras se oë wat blink van trots terwyl hy die eerste keer vir haar die eienskappe van sy Mercedes wys. Nee. Nee. Konkrete werklikheid!

In die motor is daar beslis geen teken van ŉ mens of liggaam of enigiets ongewoons nie. Hier en daar is ŉ skimmel-kol op die bekleedsel, en daar kom ŉ muf reuk uit die motor, maar verder lyk die binnekant van die motor presies net soos sy dit onthou – luukse krag stuur, outomatiese vensters, napaleer-bekleedsel, die outomatiese rathefboom. Selfs die sleutel is nog in die sleutelgat.

Sy sluk en maak haar oë ŉ paar sekondes toe om haarself te kalmeer.

"Wel, nou het ons darem uiteindelik iets gekry. Nou kan die forensiese eenheid hulle ondersoeke hier kom doen. en dan sal die resultate leidrade oplewer wat daartoe kan lei dat die moordenaar gevang word."

"Nou wat het van Hans Ras geword?"

Jolanda bly stil.

Passief staar sy na die motor voor haar terwyl sy probeer om haar onstuimige gedagtes onder beheer te kry.

Geen woorde kan die skok beskryf wat haar twee jaar gelede getref het toe Hans Ras verdwyn het nie. Vir ŉ lang tyd – dae, weke, maande, jare – het sy deur ŉ uitmergelende, herhalende stryd gegaan om uit te vind wat van haar geliefde geword het. En dat hy weg is. Sy kon dit nie verwerk nie. Sy kon nie vrede maak met die verskriklike besef dat hy in die niet verdwyn het nie, dat sy hom nooit weer gaan sien nie. Nooit weer met hom praat nie. Nooit weer in sy arms lê nie.

Die ergste van alles is dat niemand weet wat van hom geword het nie.

Hardop sê sy:

"Hans Ras is dood. Hy is vermoor."

Haar stem klink soos ŉ outomaat. Sy forseer haarself om uiterlik kalm te bly. Sy wil nie vir Shaakirah verder ontstel nie.

Shaakirah vou haar arms oor haar bors en sê afgemete:

"Dis waar. Niemand kan nou meer daaroor twyfel nie, noudat ons sy kar ontdek het. Maar waar is sy remains?"

"Ek dink die mees waarskynlike ding is dat sy liggaam in die see gegooi is. Daar's mos baie haaie in Valsbaai."

Shaakirah kyk af in Jolanda se gesig.

"Dis vreeslik," sê sy en gril.

Hulle staan in stilte totdat Shaakirah voorstel dat hulle moet teruggaan huis toe aangesien sy verpligtinge by die gastehuis het om na te kom. Jolanda sê sy wil langer op die toneel bly. Buite die beskutting vat Jolanda Shaakirah se hande in hare en bedank haar vir haar ondersteuning.

"Moet asseblief vir niemand vertel dat ons hier was nie. Ek kan my werk verloor. Selfs as dit bekend word dat Hans Ras se kar hier gevind is, en die storie verskyn in al die koerante, wil ek hê jy moet nog steeds tjoepstil bly oor die feit dat ons twee vandag hier was."

Shaakirah belowe om stil te bly. Daarna groet sy en begin die klimtog terug na die teerpad toe.

Alleen in die beskutting luister Jolanda hoe Shaakirah krakend en glyend deur die fynbos uit beur boontoe. Sy haal haar kamera uit. Gelukkig staan die deur aan die bestuurder se kant nog oop. Sonder om verder aan die kar te raak, neem sy 'n paar foto's van die binnekant.

Daar woed 'n hewige stryd in haar binneste. Moet sy of moet sy nie?

Haar aandag word afgetrek deur 'n rumoer in die boom bokant haar kop, en toe sy opkyk sien sy dis 'n klompie kraaie wat 'n lawaai maak. Hulle baklei seker oor buit, dink sy, maar 'n ligte beweging regs van haar trek haar aandag. Dis 'n slang, swart-bruin met geel spikkeltjies. Dis 'n jongerige boskobra. Hy is duidelik die oorsaak waarom die kraaie so paniekerig is. Die slang is te groot vir hulle om te eet en terselfdertyd is hulle ook onbereikbaar vir hom. 'n Paar sekondes lank lê die kobra doodstil; dan seil hy glad en vinnig oor die dooie blare weg uit die beskutting en verdwyn in die fynbos.

Jolanda slaak 'n sug van verligting.

Haar gedagtes gaan terug na die netelige besluit wat sy moet neem. Sy wou nie vir Shaakirah verder by die saak insleep nie, maar die eerste vraag wat in haar kop gekom het toe daar niks in die motor te sien was nie, was: *Wat is in die kattebak?*

As Hans Ras geskaak was en hy het hom verset dan lê sy lyk tien teen een in die kattebak. Die kanse is natuurlik goed dat dit wél 'n skaking was, want 'n Mercedes CLK is 'n gesogte kar. Maar waarom sou iemand 'n Mercedes skaak en dit hier versteek? Die logiese ding was dat die skaker dit teen 'n hoë prys sou verkoop. Die hele situasie maak nie sin nie.

Jolanda staan verbysterd en bewegingloos. Sy móét eenvoudig die kattebak oopmaak. Maar as die SAPDD ondersoek-span agterkom dat sy met die kar gelol het – dat sy selfs die kattebak oopgemaak het – kan sy gedagvaar word vir dwarsboming van die gereg. Dis die laaste ding wat sy wil hê. Dit kan haar loopbaan laat ontplof.

Terwyl sy naarstiglik dink oor die besluit wat sy moet neem, kruip sy uit die beskutting, onder die takke deur. Sy forseer haar lyf deur die proteas en bietou, gaan staan op ŉ paar plekke teen die skuinste en neem uit verskeie hoeke foto's van die skuilplek.

Hoe is dit moontlik dat daar in die twee jaar sedert Hans Ras se verdwyning geen enkele mens was wat die kar hier ontdek het nie? Dit is natuurlik ŉ onherbergsame gebied … maar so naby aan die pad? Die plantegroei teen die berghang is dig en amper ondeurdringbaar. Die toeriste verwonder hulle seker só aan die uitsig oor Valsbaai dat hulle nooit daaraan dink om ŉ weg te probeer baan deur die welige fynbos onderkant hulle nie. Waarom sou hulle?

Sy bekyk die onmiddellike omgewing en probeer uitwerk hoe ŉ motor vanaf die pad kan ry en laer af onder die bome kan beland. Dis nie so onmoontlik as wat dit met eerste oogopslag lyk nie. Die feit dat daar bo langs die pad geen muurtjie is nie beteken dat ŉ kar maklik van die pad af kan ry. Tweedens is die skuinste nie onhanteerbaar nie. Hoewel die berghang teen ŉ taamlike helling vanaf die pad na die bome toe loop, is die helling nie só steil of onbegaanbaar dat ŉ kar sou omslaan of vasval as dit daar sou afry nie.

Dis moontlik dat die motor met sy wiele weerskante van die stormwater-slootjie teen die afdraande kon afry en dus vir die eerste paar meter die sloot soos ŉ pad tussen die fynbos deur gebruik. Teen die tyd dat die sloot ophou, sou die momentum van die kar teen die helling af so opgebou het dat dit teen ŉ redelike spoed ŉ weg deur die fynbos kon baan. Dit sou deur die takke van die rooiels-boom breek tot binne-in die donker skuilte onder die bome, en teen die stam van die boom tot stilstand kom.

Jolanda klim teen die helling op en gaan staan bo in die pad. Wat staan haar te doen? Aan die eenkant wil sy die eerbare ding doen en die navorsing aan die polisie oorlaat; aan die anderkant brand sy om die ondersoek self te doen. Maar dan verloor sy dalk haar werk! Dit sal ŉ ramp wees.

Waarom is dinge so ingewikkeld?

Sy stap ŉ paar keer heen en weer en bekyk die bosbegroeide helling onder haar. Wat het hier gebeur? Sy dink terug aan die nat, koue aand toe Hans Ras verdwyn het.

Dit was ŉ Vrydagaand. Sy was nie by hom nie want sy was in die Vrystaat. Eers die Sondagmiddag het sy tuis gekom. Sy het geweet dat daar iets verkeerd was want die hele Saterdag en Sondag het hy nie sy selfoon beantwoord nie. Sy het gedink hy het sy selfoon verloor of dat die battery pap was. Hy was soms nogal verstrooid of agtelosig. Eers toe sy die middag in Gordonsbaai aankom, het sy ontdek dat Hans Ras verdwyn het, saam met sy motor.

Dit sou nie moeilik gewees het om die motor se spore deur die fynbos te verbloem nie. Volgens vriende van hulle het daar ŉ sagte motreën geval die aand van die verdwyning. Die volgende dag het die weer verder versleg, en teen Sondag toe sy tuis kom het dit so hewig gereën dat sy nie eers Louise, Hans Ras se ma, se stem op die telefoon kon hoor nie toe Jolanda haar gebel het om te hoor of Hans Ras dalk by haar was. Sy onthou dit soos gister. Sy het harder en harder geskree, maar hulle kon mekaar nie hoor nie. Op die end was hulle verplig om vir mekaar te SMS en op hierdie manier het hulle agtergekom dat Hans Ras nêrens te vinde was nie.

Terwyl hierdie herinnering soos sooibrand by haar opkom, staan sy en neem die laaste foto in die wind wat aan haar klere pluk. Gly-gly baan sy haar weg terug bome toe en dink terug aan die uitgebreide soektog wat op tou gesit is om Hans Ras op te spoor.

Aanvanklik het hulle gedink Hans Ras was in ŉ ongeluk betrokke, maar soos die maande en jare verbygegaan het terwyl daar geen spoor van Hans Ras of sy motor gevind kon word nie, het sy die idee dat hy verongeluk het laat vaar. Daar is baie bergklimmers in die Wes-Kaap en teen hierdie tyd sou iemand lankal die wrak van Hans Ras se motor opgespoor het as dit iewers lê.

Op ŉ onverklaarbare wyse skiet daar ŉ gesegde wat Hans Ras gesê het wanneer hy nie kon slaap nie: "Ik hoor stemmen die ek niet kan verjagen. Elke nacht houden ze me uit mijn slaap." Dis glo ŉ aanhaling van ŉ beroemde Hollandse skrywer. Het Hans Ras ŉ voorgevoel van sy dood gehad?

Mismoedigheid oorval haar. Sy onthou Hans Ras se gladgeskeerde ken, die blou van sy oë, sy dun-gesaaide blonde hare, die wonderlike tye toe hulle saam was en hoe aaklig sy gevoel het ná sy verdwyning. Die een oomblik was hy die middelpunt van haar bestaan, en die volgende oomblik was hy weg, soos rook.

Sy skud haar kop. Nou is nie die tyd om nostalgies te wees nie. Dis ŉ tyd vir daadwerklik optree en vasstel presies wat met Hans Ras gebeur het. Nou is sy motor uiteindelik gevind. Maar waar is hy? Of minstens ... sy lyk? Is dit in die kattebak?

Senuweeagtig baan sy weer haar weg terug onder deur die laag-hangende takke totdat sy weer langs die sportmotor staan. Rondom haar ruik die lug na see, nat grond, dooie blare en voëlmis. Sy loop saggies om die motor. Haar keel voel droog. Die motor se deur staan nog steeds oop, soos sy dit gelos het.

Sy trek weer haar handskoene aan en kyk vlugtig in die kar in. Niks te sien nie, behalwe ŉ vel papier wat op die paneelbord lê. Sy rek haar nek en slaag daarin om die dik letters van ŉ opskrif te lees:

## *Gordonsbaai Musiekgroep: Vrydag, 18 Julie @ 7.30 nm.*

Dit maak sin. Die aand van sy verdwyning was Hans Ras by die maandelikse vergadering van sy musiekgroep en volgens al die ander groeplede was hy daardie aand sy normale self – stil, vriendelik, op sy plek, passievol oor die musiek.

Sy voel aan die kar se sleutel. Met ŉ gesukkel slaag sy daarin om dit uit te trek. Sy los die deur van die kar oop en loop behoedsaam na die agterkant van die kar sodat sy min of geen voetspore agterlaat nie. Gespanne staan sy agter die kattebak en stuur ŉ skietgebed boontoe. Sy staal haarself vir die grusame gesig wat moontlik op haar wag. Sy probeer haar voorstel hoe haar eks-verloofde sou lyk as hy dood is, maar die enigste beeld wat in haar kop kom is ŉ springlewendige Hans Ras. Sy sien hom langs haar staan – heelwat langer as sy. Met ŉ trotse glimlag wys hy vir haar die binnekant van sy nuwe motor. Sy skud haar kop heen-en-weer om die beeld te verban.

"Konsentreer op wat jy doen," sê sy vir haarself. "Wees versigtig dat jy geen tekens agterlaat wat sal wys dat jy met enigiets op die toneel gepeuter het nie."

Ontstig trek sy haar hand deur haar hare. Natuurlik, wat sy eintlik behoort te doen is om nie die kattebak oop te maak nie, alles net so te los en spore te maak. Haar verstand sê dit is wat sy moet doen, maar wat sou sy daarmee bereik? Sy sou nog steeds in die duisternis wees. Vir al wat sy weet sal die moordenaar vir altyd op vrye voet bly. Hoekom is als so onderstebo en verkeerd? Besluiteloos staan sy en luister sy na die geluide om haar – motors wat bo in die pad verby ry, voëlsang, die gedreun van die see.

Eindelik byt sy op haar lippe en skud haar kop. Nee! Vandag is een van die min kere in haar lewe wanneer sy nie kans sien om die korrekte ding te doen en die gereg sy gang te laat gaan nie.

Sy trek haar asem op. Sweet pêrel op haar voorkop. Eindelik kry sy die moed om die sleutel in die sleutelgat van die kattebak te druk. Dit gaan stram in. Sy draai die sleutel. Niks gebeur nie. Haar hart bons onkeerbaar, dit klop in haar vingerpunte. Met ŉ vasberade trek om haar mond draai sy die sleutel harder.

Eensklaps spring die slot oop met ŉ dowwe klik. ŉ Muf reuk slaan in haar neusgate op. Stadig en met bewende hande lig sy die kap van die kattebak effens op sodat so min as moontlik van die voëlmis en blare wat daarop lê, afval.

Sy buk en met groot oë loer sy in die kattebak.

Die kattebak is leeg! Al wat te sien is, is ŉ verrotte paar tekkies.

Verligting spoel oor haar, van kop tot tone, soos ŉ verruklike seesproei.

# HOOFSTUK 2

Dis twee-uur in die oggend in Krishna Pillay se dakwoonstel op die Durbanse strandfront. ’n Lig skyn van bo-af op die heldergroen vilt van die pokertafel wat dit soos ’n operasietafel laat lyk. Halfgedrinkte glase staan oral rond, asbakkies is tot oorlopens toe vol sigaret-stompies en ’n dik laag rook hang in die vertrek. In die pokerlokaal sit-staan agtien toeskouers in ’n sirkel en kyk na die boeiende spel.

Agt van die deelnemers aan die toernooi is in die loop van die nag uitgeskakel. Slegs twee spelers bly nog oor: Zimmer en Buster.

Zimmer is in sy laat twintigs. Hy het ’n middelmatige lengte en welige modderbruin hare. Sy kleredrag kontrasteer met die duur klere wat die meeste ander mense in die vertrek dra. Hy dra gehawende jeans met ’n verweerde gordel, ’n uitgewaste kakie-T-hemp en ’n paar blou plastieksloffies. Om sy nek is ’n goedkoop kettinkie wat hy ná sy ma se dood tussen haar goed gekry het. Hy is aantreklik. Sy vel is bruingebrand en glad, sy wenkbroue dik en goed gevorm. Hy het ’n prominente neus en ’n sensuele mond wat maklik glimlag en wanneer hy dit doen, sien ’n mens sy wit tande.

Vroeër die aand toe Zimmer by Krishna se woonstel opgedaag het, was hy in ’n baie goeie luim. Hy het uitgesien daarna om poker te speel en met sy pokervriende te gesels. Totdat hy en Buster mekaar gesien het. Dit het net drie sekondes van oogkontak vir albei van hulle geneem om te weet: hier kom moeilikheid. Groot moeilikheid.

Deur sy donkerbril kyk Zimmer strak na die vier kaarte wat gesig-bo in die middel van die groen pokertafel lê. Moet hy wed of moet hy vou?

Die klimaat is bedompig. Zimmer se arms en gesig voel taai. Sy hemp kleef aan sy bolyf. Stroompies sweet loop teen sy nek af. Alhoewel hy al jare lank in Durban woon, sukkel hy steeds met die vogtigheid.

“Come on, Zimmer ... Raise!” roep ’n stem uit die gehoor.

“No! Wait for the river!” skree ’n ander.

Dis Zimmer se beurt om te speel. Deur sy donkerbril kyk hy na Buster om te sien of sy gesig enige *tells* afgee.

Buster is ’n superfikse man in sy veertigs en dra ’n swart leerbaadjie oor sy wit T-hemp. Sy gladgeskeerde kop is oranje-geel soos die kollig daarop weerkaats. Onder sy prominente oogbanke is sy oë onsigbaar in die donker oogholtes, en sy mond is moeilik waarneembaar in die skaduwee van sy krom neus.

Zimmer sukkel om sy emosies onder beheer te hou. Baie water het in die see geloop sedert hy laas in die koue, gevoellose oë van Buster Cohen gekyk het, voordat hulle as geswore vyande uitmekaar gegaan het. Kort daarna het Zimmer uit ŉ betroubare bron verneem dat Buster vir twintig jaar tronk toe gestuur is nadat hy skuldig bevind is aan moord met verswarende omstandighede. Zimmer was in die wolke. Uiteindelik was hy van sy aartsvyand ontslae. Skielik vanaand doem Buster nes ŉ Frankenstein uit die verlede op en beweeg ewe rustig hier rond tussen beroepsmense soos ŉ wetgehoorsame pilaar van die samelewing. Hoe op aarde is dit moontlik? Wat maak hierdie uitvaagsel, hierdie gewetenlose skurk, hier?

Dis baie meer as ŉ kaartspel. Dis ŉ persoonlike vendetta.

Buster se *chip stack* is hoër as Zimmer s'n, maar in die huidige rondte het Zimmer ŉ goeie hand: twee queens. Sy kanse om die pot te wen is minstens sewe uit tien, en dus kan hy ŉ paar honderd rand – miskien selfs ŉ paar duisend – wed. Maar daar is altyd die moontlikheid dat Buster ŉ beter hand het.

Zimmer wik en weeg. Dit lyk asof Buster ŉ swak hand het, te oordeel aan die klein bedrae wat hy wed.

"Two hundred," sê Zimmer en gooi twee blou *chips* vorentoe.

Hy vee die sweet van sy voorkop af met die agterkant van sy hand.

Hy voel gedisoriënteerd. Buster is veronderstel om in ŉ tronksel te sit en te krepeer van ellende maar hier sit hy ewe kalm en speel kaart. Ergste van alles – die grootste absurditeit – is dat die twee van hulle vanaand die finaliste is in hierdie high-stakes toernooi.

Zimmer kry ŉ gevoel van afkeer op die krop van sy maag.

"Call," antwoord Buster en gooi ook twee bloues in.

Die deler plaas die vyfde en laaste kaart gesig-bo op die tafel. Zimmer staar daarna. Ses van klawers! Dit kan moeilikheid beteken. Dis die tweede ses op die tafel. As Buster ŉ derde ses in sy hand het, vat hy die pot met drie-van-'n-soort.

Dis Zimmer se beurt om te speel. Hy kyk na Buster om te sien of dié se gesig enige *tells* afgee, maar daar is niks. Zimmer gooi ŉ groen chip in.

"Bet you a thousand."

Buster stoot een groen chip en vyf bloues na die middel toe.

"One and a half," sê hy en sy skerp, intense swart oë onder sy swaar wenkbroue is hipnotiserend.

Zimmer stoot vyf bloues in: "Call".

Die deler – ŉ elegante Indiër in ŉ aandpak – skuif die *chips* bedrewe met ŉ plank bymekaar.

"Four thousand four hundred in the pot," kondig hy aan.

Die spelers gooi hulle kaarte oop. Buster wen met drie sesse teen Zimmer se Queen-Queen. Dit stink.

"Yes! Yes! Yes! Come to Mama!" roep Buster gelukkig.

Hy skud sy vuis in die lug.

Daar is ŉ verposing in die spel terwyl die omstanders die spel ontleed, die deler die kaarte deur ŉ elektriese skommel-masjien sit, en Buster skertsend sy *chips* in hopies rangskik.

Zimmer dink terug aan ŉ gesprek wat hy vroeër die aand met sy vriende, Ou Lam en Rory, gehad het toe die kaartspelery vir aandete onderbreek is.

ŉ Geur van kerrie en speserye uit stomende potte het die luukse woonstel gevul terwyl Dakini, Krishna se vrou, ŉ maaltyd aan al die gaste voorgesit het, ŉ smaaklike ete van brijani, dahl, raaita, sambals, mangoblatjang, poppadums, rissies, masala-aartappels en ander lekkernye.

Zimmer en sy vriende het buite op die dek gaan sit en eet, op die veertiende verdieping waar die klam tropiese lug swaar en bedompig om hulle gehang het. Ver onder hulle was die besige strandfront: die dosyne palmbome, die blou verligte sirkels van die swembaddens, die pretpark met sy veelkleurige dakkies en flikkerende ligte. Verder weg van die strand af was daar die ligte van wagtende bote teen ŉ donker horison, en die aanhoudende dreuning van die see.

Hierdie dinge het Zimmer skaars gesien. Al waaraan hy kon dink was die verskriklike woede wat deur hom pomp omdat hy, ná al die jare, weer in Buster vasgeloop het. Hy was die bliksem in. Hy kon skaars eet. Hy wou ook nie daaroor praat nie. Wat as sy vriende uitvind dat hy en Buster ŉ geskiedenis het? Dit sou dinge kompliseer. Hy sou hulle moes vertel van sy pa. Geraamte uit die kas, ensovoorts. Dan raak dinge emosioneel. Nogtans kon hy nie van die onderwerp af wegbly nie.

"Wie is hierdie Buster ou?" het hy gemaak onskuldig gevra. "Waar kom hy vandaan?"

"Buster kom van Jo'burg af," het Ou Lam in sy swaar basstem geantwoord.

Ou Lam is ŉ ouer man en korter as Zimmer en sy vriend, Rory. Ou Lam het sakke onder sy oë en ŉ boepens wat wys hy eet te veel koek en slaap te min. Sy voorkop is vol dwars plooie. Hy is ŉ pokerspeler van formaat en is Zimmer en Rory se mentor. Self speel hy omtrent nooit meer lewendige poker nie, slegs aanlyn, ook meer vir die pret as vir

enigiets anders want hy lewe soos ŉ koning met sy miljoene in die bank. Deesdae laat lewendige poker hom sleg slaap, sê hy. Dis baie lekkerder om belowende jong spelers af te rig.

"Ek ken hom ook nie," het Ou Lam voortgegaan. "Hy't glo spesiaal van Jo'burg af ingevlieg vir hierdie toernooi. Die crowd van Emperor's Palace ken hom ... Dis deur ŉ kontak van Krishna by Emperor's dat Buster vanaand hier is. Ek hoor hy't al ŉ hele paar toernooie in Gauteng gewen."

"Hy bly in die Edward vir die naweek," het Ou Lam bygevoeg en gesnuif.

Rory en Ou Lam het aangehou praat, maar Zimmer kon nie luister nie. Hy was te ontsteld. Wat deur sy kop gemaal het, was: Buster in die Edward? Dis nou een ding van rampokkers. Hulle moet alewig hulle weelde aan die wêreld ten toon stel. En wat is hulle in werklikheid? Koelbloedige boewe wat in geweld spesialiseer. Dan loop hulle in miljoenêrskringe rond soos heilige beeste. Die Edward, inderdaad.

En hier sit hulle nou en kaart speel, Zimmer en Buster.

Dis seker toeval dat hy en Zimmer vanaand bymekaar uitgekom het, maar Buster is ŉ ou Durbaniet en toe hy besluit het om Durban toe te kom vir hierdie pokertoernooi moes hy geweet het dat hy ou bekendes sou teëkom.

Wat maak hy hier? Hoe het hy uit die gevangenis gekom? Deur korrupsie natuurlik. Hy het ŉ twintig-jaar-vonnis gekry maar binne drie jaar is hy uit. Omkopery. Tipies van Buster. Sy hele lewe bestaan uit geweld en bedrog.

"Ontspan, ontspan!" sê hy vir homself.

Hy leun terug in sy stoel en glimlag vir Buster.

Die spel gaan voort. Daar is vinnige rondtes wanneer klein hoeveelhede *chips* gewen word, en stadige rondtes wanneer hulle wik en weeg en wroeg. Dan styg die aggressie soos ŉ golf wat langsaam opbou, totdat dit skielik vernietigend breek wanneer die hand beslis word en die wenner sy *chips* vergader.

Twaalf jaar gelede nadat Zimmer se ma dood is, het hy en sy pa Lenhard in Durban aangekom. Voor dit het hulle jare lank rondgeswerf. Met hulle aankoms in Durban was Zimmer vyftien jaar oud en sy pa ŉ volslae alkoholis. Nadat hulle vir twee weke op Addington strand geslaap het, het sy pa ineengestort. Strandwagte het hom op ŉ draagbaar na Addington Hospitaal toe geneem.

ŉ Welsynswerker het vir Zimmer by ŉ skool ingeskryf vir Graad 10 en gereël dat hy in die koshuis woon. Aanvanklik het hy gesukkel om by soveel reëls aan te pas, maar geleidelik het hy daaraan gewoond geraak. Drie maande nadat hulle uitmekaar is, het

Lenhard vir sy seun in die koshuis gaan kuier. Sy pa het nooit weer alkohol gedrink nie. Zimmer het in die koshuis gebly tot hy matriek geslaag het. Daarna is hy polisiekollege toe.

Die deler gee vir hom ŉ Queen en ŉ Tien.

Zimmer hou sy gesig bot maar hy voel opgepluk. Hy *raise* tweeduisend-vyfhonderd en Buster roep. Die rondte gaan aan en die pot styg totdat die deler aankondig:

"Pot is eighteen thousand."

"Eighteen grand! Not bad!" roep ŉ toeskouer opgewonde.

"Don't bet on it. Buster's on a winning streak ..."

Zimmer hou asem op. Daar moét ŉ Queen of ŉ Tien opkom! Dit gebeur nie. Die *river* kom op, en dis die Jack van klawers. Die spelers wys hulle kaarte. Zimmer se moed sak toe hy sien Buster het ŉ Jack in sy hand. Buster vat die pot. Zimmer verloor negeduisend rand en Buster wen agtien.

Blikskottel. Dis ŉ gatslag.

Buster lag asof dit die snaaksste ding is wat hy nog ooit ervaar het.

Zimmer haal sy donkerbril af, vee die sweet van sy gesig af, glimlag breed, rek homself uit, en waai vir ŉ paar bekendes voordat hy sy bril terugsit.

Hulle speel ŉ klompie rondtes waarin albei klein bedrae wen of verloor. Tussenin gaan Zimmer se gedagtes aanhoudend terug na die eerste jare wat hy en sy pa in Durban gewoon het.

Elf jaar gelede. Dit het beter begin gaan met Zimmer se pa nadat hy ŉ pos as boekhouer gekry het by *BC International Traders* sodat hy ŉ woonstel op die Berea kon huur. Hy het die drank gelos het, maar dit vervang met ŉ bedenklike lewenstyl: rampokkery. Die wortel van die kwaad was sy nuwe baas, die eienaar van *BC International Traders*, ŉ bendeleier met die naam Buster Cohen.

Berekenend speel Zimmer sy kaarte terwyl hy sy teenstander takseer.

Die spanning tussen hulle gaan op en af soos ŉ boot op ŉ onstuimige see.

Zimmer wil net moed skep, toe twee harde slae hom tref: eers verloor hy tweeduisend en kort daarna ... tienduisend!

Tydens wagtyd vir ŉ volgende rondte fluister Ou Lam wat agter hom staan in sy oor.

"Stop die *tells* wat jy met jou mond maak. Jy hou jou lippe te styf. Netnou het jy selfs eenkeer op hulle gebyt, soos Jacob Zuma altyd maak. Ontspan jou mond. Hou jou lippe volrond soos ŉ lover's kiss."

Zimmer knik effens en kyk om hom rond. Hy voel soos 'n gek. Het al die mense die *tells* op sy mond gesien? Wat 'n belaglike ding om te doen! Hy vat 'n groot teug Coke en ontspan sy lippe doelbewus.

Hulle speel verder.

Zimmer begin besef dat die emosionele toestand waarin hy verkeer tot oordeelsfoute lei wat veroorsaak dat hy onnodig geld verloor. Die mense wat die spel dophou is onder die indruk dat die spel bloot oor die prysgeld gaan. Hulle besef nie dat die *chips* slegs die puntjie van die ysberg is nie, dat die spelers besig is met 'n dieper stryd.

Zimmer haal 'n paar keer diep asem.

Dit ontsenu hom dat Buster se siellose swart oë onder die swaar wenkbroue kort-kort na hom staar.

Hy probeer om minder aan die verlede te dink en eerder op wen-strategieë te konsentreer, maar hy kry dit nie reg nie.

Tien jaar gelede. Lenhard stel vir Zimmer voor aan sy nuwe baas en beste vriend – Buster. Zimmer is sewentien jaar oud, Buster diep in die dertig. Hulle kyk in mekaar se gesigte en hoewel hulle vlugtig mekaar se hande vat, is dit haat met eerste oog-opslag. Zimmer kyk na Buster se kaal geskeerde kop, gespierde nek, breë skouers, smalende trek en dan – opvallendste van alles – sy oë. Koud en gevoelloos. Harde swart irisse soos albasters. Animus skop in soos 'n oeroue instink. Zimmer staar na sy pa se nuwe baas, probeer dink wat om te sê, maar voordat hy iets kan sê, draai Buster weg en begin met iemand anders gesels asof Zimmer nie bestaan nie. Dit was 'n bepalende oomblik in Zimmer se lewe. 'n Merker. 'n Voorteken. Min het hy geweet hoe naby en afskuwelik hy en Buster met mekaar betrokke sou raak.

Zimmer se *chips* staan op dertig duisend en Buster s'n op 'n honderd duisend. Zimmer speel nonchalant met 'n paar *chips* in sy hand.

Buster kyk na hom en grynslag.

Glimlaggend hou Zimmer sy duim op.

Hy kyk op sy polshorlosie. Kwart-voor-drie. Dinge lyk sleg. Hoewel hy vir Buster glimlag, vervloek hy homself. Dis asof hy glad nie kan wen nie. Nogtans moet die pynlike proses voortgaan.

Daar is 'n dowwe gedreun van stemme soos die toeskouers die stand van die spel bespreek. Buster druk een sigaret dood en steek 'n volgende een aan. Hy wink vir die kelner en gee presiese instruksies vir sy drankie: Jenewer. Twee-en-'n-half vinger. Baie min tonic. Twee blokkies ys.

Zimmer dink aan ŉ vorige keer toe hy vir Buster gesien het. Dit spring soos ŉ onwelkome video in sy kop.

Vier jaar gelede. Hulle is in die Royal Hotel in die Durbanse middestad waar hulle Zimmer se pa se agt-en-veertigste verjaarsdag vier. ŉ Deurmekaar aand. Zimmer en sy pa is haaks, soos hulle al vir jare vantevore lank haaks is. Buitendien ken Zimmer net drie uit die sestien mense wat by die ete is: sy pa, Jackie en Buster. Jackie is sy pa se nuutste minnares. Zimmer haat almal by die feesviering behalwe sy pa. Dis duidelik dat hulle aan die Mafia behoort. Die vrouens spog met uitspattige rokke en haarstyle; die mans dra duur swart pakke klere, wit hemde, swierige dasse, ingevoerde hoede. Die meeste van hulle praat in laeklas Engelse aksente, eet met oop monde en suip soos hondsdol hiënas. Die mans wedywer met mekaar om die vuilste grappe te vertel, vol bravade. Dis die eerste keer dat Zimmer hierdie mense ontmoet en hy is geskok dat sy pa, ŉ geleerde en verfynde man, met sulke mense deurmekaar is.

Die ete duur voort en die Mafia-mense word al hoe luidrugtiger. Hulle loop rond asof die plek aan hulle behoort. Nog voor die nagereg bedien word, besluit Zimmer om spore te maak. Hy soek rond om sy pa te groet voordat hy vertrek. Eindelik kom hy op sy pa en Buster af. Hulle is in ŉ hewige argument gewikkel. Hulle skree op mekaar. Toe hulle hom sien, bly hulle stil. Sy pa draai na Zimmer toe: "Elmo, ek kan nie nou met jou praat nie. Sien jou later."

Zimmer is kwaad. Hy draai om en loop weg, verby die raserige eettafel, by die uitgang van die restourant uit, af met die trappe, tot in die parkeergarage. Hy klim in sy skedonk van ŉ kar en ry huis toe.

Dit was die laaste keer dat hy met sy pa gepraat het. ŉ Week later het ŉ konstabel aan Zimmer se deur geklop. Hy het gesê die liggaam van ŉ man met die naam Lenhard Zimmer is langs die N2-snelweg naby Ifafa Strand gekry. Hy was morsdood. Koeël in die kop. Kon Zimmer asseblief saam met hom gaan na die lykshuis toe om die lyk uit te ken? Hy is saam met die polisieman lykshuis toe. Toe hy sy pa se liggaam sien, het hy dadelik met vaste sekerheid geweet: Buster het sy pa vermoor.

Die twee spelers kyk in mekaar se oë: vier sekondes – sewe, agt, nege sekondes.

Een gedagte wat gedurig deur Zimmer se kop maal, is die wete dat hy besig is om teen sy pa se moordenaar te speel. Vir ŉ paar waansinnige oomblikke het hy lus om op te spring en te skree: "Hierdie man het my pa vermoor!"

Hy bedwing homself. Hy sit doodstil. Hy behou sy pokergesig. Hy gaan voort met die spel. Hy wen ŉ paar klein potjies van vier- of vyfhonderd rand.

"Come on, guys, get a life," roep iemand.

Zimmer kry twee top kaarte. Sy hart klop vinniger. Hy *raise* 'n duisend. Soos 'n donderslag uit 'n helderblou lug, kom Buster se reaksie: hy *raise* dertigduisend.

Hoorbaar trek die bystanders hulle asems in.

"Daar's dit, Buster. Jy hét hom!"

"Zimmer, hou moed. Jou luck is besig om te draai."

"Ons soek 'n showdown."

Zimmer sit doodstil. Toe skuif hy versigtig sy chip-hopies vorentoe totdat al sy *chips* in die middel van die tafel is.

"All-in," sê hy en onthou om sy mond lekker los te hou soos 'n lover's kiss.

Die deler pak vyf kaarte uit en die twee spelers draai hulle kaarte om.

Die King en die Queen in Zimmer se hand pas perfek by die King en die Queen op die tafel. Zimmer wen die pot.

Binne twee minute het hy sy geld verdubbel vanaf dertig na sestig duisend.

"Mooi so, Zimmer. Fantastic."

"Sixty Kay, brother. Take him to the cooler!"

Buster leun terug in sy stoel en vou sy arms.

"Well done," sê hy met 'n stemtoon van jou-bliksem.

Zimmer kyk hom in die oë en glimlag.

"Gelukskoot, dis al," sê hy.

Hy speel met 'n paar *chips* in sy hand. Zef, dink hy. Uiters zef. Dit moet net so aanhou.

Met 'n skok besef hy dat Buster steeds na hom staar. Swart oë soos dié van 'n krokodil voor hy sy prooi hap.

'n Koue vinger van vrees gly teen Zimmer se rug af. Dis presies hoe Buster se oë gelyk het by Lenhard se begrafnis. Skielik onthou Zimmer die bisarre gebeurtenis: *Sy pa se moordenaar was op sy pa se begrafnis.*

Buster en drie van sy vertrouelinge het opgedaag by Doves se kapel waar Lenhard se liggaam veras sou word. Zimmer was daar met 'n vriendin, Annette. Toe Zimmer afkyk na die lewelose gesig van sy pa, het 'n opwelling van emosie hom getref. Hy het in hartverskeurende snikke uitgebars. Hy kon nie ophou nie. Later het Annette hom tot bedaring gebring. Hulle het op die voorste bank van die kapel plaasgeneem.

Buster en sy makkers het verbygestap met 'n houding van gemaakte simpatie en kopskuddend na die lyk gekyk. Buster het sy oë 'n rukkie gesluit soos een wat bid. Zimmer

het ŉ woede-aanval gekry. Hy wou die groot blompot met blomme gryp en dit oor Buster se kop breek. Annette het by hom gepleit om kalm te bly.

Die orrel het die dodemars van Händel gespeel terwyl die ondernemer die begrafnis-briewe uitgedeel het. ŉ Predikant het die preekstoel bestyg, ŉ oorsig van Lenhard se lewe gelees en ŉ kragtige preek gegee. Wat Zimmer die meeste ontstel het, was dat Buster en sy trawante aan die einde van die diens sou agterbly. Hulle sou met hulle heilige gesigte rondstaan en simpatieke woorde prewel. Dit was die ergste. Dus het Zimmer ná die diens bly sit totdat die orrelis die hele Kanon in D van Pachelbel klaar gespeel het. Eers toe Buster-hulle weg is, het hy die kapel verlaat.

Zimmer voel hoe Buster hom met ŉ yskoue blik vaspen.

"Your turn to bet," sê hy.

Hulle gaan voort met die spel, een hand ná die ander. Die lug is dik van die rook en die asbakkies wat tydens die etenstyd skoongemaak is, is besig om op te vul. Dis half-vier in die oggend. Dit word al hoe stiller. Slegs die geluide van die kaarte en die *chips* word gehoor. Die toeskouers begin lomerig word. Saam met die breuk wat hulle gehad het om te eet, is die spel al vir agt ure aan die gang.

Dakini beduie iets vir die kombuispersoneel en kort daarna word die vertrek gevul met die verfrissende geur van geperkoleerde koffie wat op ŉ trollie ingestoot en bedien word, eers aan die twee spelers, en daarna aan die bystanders. Krishna deel sigare uit.

Die een-en-dertigste hand begin soos alle ander hande: elke speler kry twee kaarte. Zimmer kyk vlugtig na sy kaarte – twee harte, ŉ nege en ŉ Jack.

Buster *raise* tien duisend voor die *flop*.

Daar is ŉ paar uitroepe. Zimmer sit en wroeg. Dis vir hom duidelik dat Buster ŉ beter hand as hyself het. Tien duisend? Nog voordat daar nog een enkele kaart op die tafel is?

"Call," sê Zimmer en vermeerder sy inset ook tot tien duisend.

Hy vat ŉ belaglike kans want niemand weet watter kaarte uit die deler se hand gaan kom nie.

Die bystanders besef skielik dat ŉ konfrontasie aan die kom is. Die koffie het hulle opgekikker.

"Hier kom ŉ ding," sê een.

"Zoot. Aksie!"

"Nou's die *chips* warm. Warm sosie hel."

Zimmer sukkel om sy senuwees in bedwang te hou onder die druk van al die teenstrydige emosies wat deur hom jaag.

Die eerste drie kaarte word uitgepak: agt van harte, tien van harte, vier van diamante.

Buster wed nog tienduisend

Zimmer *call*. Die pot staan op veertigduisend.

“Bet you it’s a bust out!” skree iemand van agter af.

“Dodge the bullets, guys.”

Die deler gooi die vierde kaart oop – ses van harte. Zimmer se hart gee ŉ skop. Hy *het* die *flush*! Dis ongelooflik. Met moeite hou hy sy gesig uitdrukkingloos. Hy kyk tersluiks na Buster en sien dat Buster se gesig die ene glimlag is. Sy voorkoms gee ŉ hele rits tekens af, en elke teken sê: “Ek het jou. Vasgevang.” Binne tien sekondes het hierdie rondte ontaard in ŉ verbete stryd.

Buster wed nog tien en die bystanders vang meer gees.

“Good for you, Buster.”

“Raise, Zimmer. Let’s get to the end of this game.”

Zimmer roep. Die pot staan op sestigduisend.

Die deler plaas die laaste kaart oop neer: Queen van harte. ŉ Queen? ŉ Queen! Hy het ŉ *straight flush*.

Stadig bedek hy sy mond met sy hand en hou sy gesig so bot soos ŉ robot. Die adrenalien jaag deur sy are.

Die mense wat agter die eerste kring toeskouers staan rek hulle nekke om die kaarte op die tafel beter te kan sien.

“Queen of hearts,” roep een uit ter inligting aan dié wat nie kan sien nie.

“Wat? Vier harte op die tafel.”

“Flush coming up.”

“Sure as hell. Grab the pot, Buster.”

“Kom nou, Zimmer. Kom nou.”

Hoewel Buster ŉ pokergesig behou, wys sy lyftaal dat hy vol selfvertroue is. Hy wed nog tienduisend.

Zimmer se hele wese is soos ŉ snaar gespan. Dis nou of nooit.

“All-in,” sê hy.

Die twee spelers kyk na mekaar.

Een minuut gaan verby.

Zimmer voel paniekerig. Het hy te veel gewaag?

Ou Lam stamp liggies aan hom en fluister: “Jacob Zuma.”

Met ŉ skok besef Zimmer dat hy vergeet het van sy lover’s kiss. Hy verslap sy mond.

Buster breek die stilte: "All-in," sê hy en druk met uitgespreide hande sy hele hoop *chips* ook na die middel van die tafel. Die pot staan op honderd-en-dertig duisend rand.

ʼn Lawaai breek onder die toeskouers uit waar hulle in ʼn dubbele kring om die tafel staan en die spelers aanhits.

"Come on, guys. Kan julle dit glo? Hundred and thirty Kay! Where's the nuts?"

Die mense wat nie by die tafel kan uitkom nie verdring mekaar om te sien wie die beste hand het. Buster gooi eerste sy kaarte oop. Hy het die Ace en die King van harte.

"Buster. Buster! Buster's got a top *flush*. Fantastic."

Zimmer se hele wese is soos ʼn snaar gespan. Hy draai sy kaarte om: die nege en die Jack van harte.

"No – ho. Oh shucks. Zimmer also has a *flush*."

"*But whose got the bloody nuts*?"

"Zimmer, natuurlik. Hy't ʼn straight *flush*."

"Ja, wraggies ... agt, nege, tien, Jack, Queen."

"No, Buster has the top cards."

"But random, not straight."

"Zimmer! Zimmer! Zimmer vat die pot!"

Zimmer blaas die asem uit wat hy ingehou het en leun uitgeput terug in sy stoel. ʼn Rumoer breek los soos almal gelyk praat en skree. Zimmer voel hoe Ou Lam hom opgewonde aan die skouer ruk en geluk wens en hoor hoe Rory uitroep: "Zimmer jou enjin!". Vir ʼn oomblik voel Zimmer onwerklik. Die bloed hamer in sy slape en sê: "Ek het gewen. Ek het gewen."

Net toe die besef van sy oorwinning tot hom deurdring en ʼn heerlike euforie oor hom spoel, neem dinge ʼn nuwe wending. Buster spring op, druk ʼn paar mense eenkant toe, gryp Zimmer aan die skouers en begin hom woedend heen en weer pluk.

"You bloody bastard!" skree hy briesend. "You rigged the fucking cards. I know it. I saw it!" skree hy.

*Buster is van sy kop af,* dink Zimmer. *Hy gaan my ook doodmaak net soos hy my pa doodgemaak het.*

Hy wil opstaan maar Buster druk hom ondertoe. Vir ʼn oomblik kyk Zimmer vas in Buster se vertrekte gesig: die swart oë, die oop mond, die bolip opgetrek soos ʼn bull terrier wat op die punt staan om sy prooi te bespring. Dan tref Buster se vuis hom vol in die gesig. Dit slaan soos ʼn stuk staal in Zimmer se linker oogbank vas. Zimmer se kop ruk agteroor, die pyn skiet deur sy kop. *Buster is van sy kop af*, dink hy weer, maar voordat hy iets kan

doen, tref ŉ tweede hou hom teen sy regterslaap gevolg deur ŉ derde hou teen sy ken. Die derde hou is so hewig dat die stoel omslaan en Zimmer se lyf met ŉ dowwe plof op die vloer val.

Hy lê disnis op die vloer, voel hoe sy wang teen die harige mat druk, sy lyf swaar en leweloos soos ŉ sandsak. Hy hoor hoe baie voete om hom beweeg, stemme wat skree. Daar is ŉ gestoei aan die gang, hy weet nie wat nie. Die plekke waar Buster hom geslaan het, brand van die pyn en sy kop is dof. Hy probeer weer regop kom, maar kry dit nie reg nie. Hy voel duiselig en kragteloos, kan nie sy oë oopkry nie. Hy voel hoe iemand aan hom vat en hoor Ou Lam se diep basstem naby sy gesig:

"Zimmer, kan jy my hoor?"

Zimmer kreun. Hy stry teen ŉ naarheid in sy keel.

"Zha ... bietjie," is al wat hy kan sê.

"Ons sal jou nou hier uitkry," hoor hy Rory se stem.

ŉ Vrouestem vra: "Is hy by? Hier's vir hom ŉ bietjie water. Ek gaan gou ŉ klam lap haal om sy gesig mee af te vee."

Zimmer voel vasgepen deur ŉ vreemde magteloosheid. Hy voel hoe iemand ŉ glas water teen sy lippe hou en hoor Rory se stem sê:

"Moenie worry nie, ou pêl, jy's darem nog in een stuk. Drink ŉ bietjie water."

Zimmer probeer sy mond oopmaak maar kry dit nie reg nie, en Rory vat die water weer weg.

Hy hoor weer Ou Lam se swaar stem:

"Toemaar, ou ballie, jy sal gou weer regkom. Onkruid vergaan nooit. Hou net goeie moed. Haai, jy's ŉ kampioen. Jy kan nie nóú die emmer skop nie."

"Ja, man. Veels geluk," voeg Rory by.

Zimmer weet nie wat aangaan nie. Hy's heeltemal kapot, te moeg, sy kop is so swaar soos lood. Vaagweg hoor hy Ou Lam en Rory praat.

"Wat het van Buster geword?"

"Die bouncer en ŉ paar ander ouens het hom onder beheer gekry, sy hande vasgebind. Daar vat hulle hom nou uit."

"Waar kan ons ŉ dokter in die hande kry?"

"Een van die spelers in die toernooi was mos ŉ dokter." Dis Rory se stem. "Wag, ek sal gaan uitvind."

ʼn Rukkie is daar stilte. Zimmer voel naar, en die volgende oomblik kom daar ʼn bietjie braaksel uit sy mond. Hy voel hoe verskeie hande hom op sy regtersy draai en die braaksel van sy wang afvee.

"Is hy ôraait?" vra Krishna se stem.

"Ek weet nie. Rory het ʼn dokter gaan soek," antwoord Ou Lam.

"Ek is so die hel in. Ek hou hierdie toernooi nou al vir nege jaar en daar het nog nooit so-iets gebeur nie."

"Ek het iemand hoor sê Buster is ʼn highflyer van die Twenty-fours bende in Jo'burg."

"My vriend daar weet dít nie."

Vir Zimmer klink hierdie gesprek soos veraf stemme. Die plekke waar Buster se vuiste hom getref het brand van pyn. Hy voel siek en uitgeput, heeltemal pap, wil niks meer met enige iets te doen hê nie, wil net slaap.

"Het jy die polisie gebel?" vra Ou Lam.

"Is jy mal? Dan arresteer hulle my."

"Ek't vergeet. Privaat toernooie onwettig."

"Presies," sê Krishna.

"So Buster gaan skotvry kom?"

"My manne gaan hom vasbind en sy mond met pleister toeplak."

"Wat gaan julle met hom doen?" vra Ou Lam.

"Iewers dump – Haai! Hallo, Ashraf! Ou Lam, dis ons dokter, jy't hom seker al vroeër ontmoet."

Zimmer voel hoe ʼn geoefende hand hom liggies teen die wang klap en sy ooglede ooptrek.

"Hallo! Hallo, Zimmer! Is jy wakker?"

"Hm," antwoord Zimmer en probeer sy oë oopmaak maar kry dit nie reg nie.

Hy is dankbaar dat die dokter gekom het. Hy voel miserabel. Sy kop is dof, die wonde op sy gesig het begin klop en hy hunker na ʼn gemaklike bed. Hy wens hy kan ʼn week lank slaap. Die dokter neem sy pols, ondersoek sy lyf, draai sy kop dié kant en daai kant toe, vat liggies aan sy wonde.

"Moet ons ʼn ambulans laat kom?" hoor hy Ou Lam vra.

"Nee, hy het natuurlik gesigsbeserings – kneusplekke – en waarskynlik ligte harsingskudding, maar daar's geen tekens van iets erger nie," kom die dokter se stem. "Hy is duiselig, ja. Tog weet hy wat om hom aangaan. Hy haal goed asem – sy pols is nogal

vinnig, maar ek dink hy sal oukei wees. Hy moet net rustig gehou word en goed slaap. Het julle ’n bed vir hom?” vra die dokter.

“Natuurlik,” antwoord Dakini se stem terwyl sy ’n kussing onder Zimmer se kop inskuif.

’n Paar minute later voel Zimmer hoe hy op ’n kombers gerol word en versigtig met kombers en al oor die mat getrek word, skuifel-skuifel om hoeke en draaie, binne-in die kombers opgetel en op ’n bed neergelê word. Hy voel hoe iemand iets kouds op sy wonde spuit en hom met ’n kombers toemaak. Die laaste wat hy hoor is Ou Lam se stem wat vra of Zimmer oukei sal wees en die dokter wat antwoord:

“Ja. Ek dink hy gaan nou vir ’n lang ruk slaap.”

Toe raak hy verswelg in ’n diep donkerte.

# HOOFSTUK 3

Jolanda sit in haar kantoor in die Gordonsbaai se polisie stasie. Sy het pas teruggekeer van die verkenningstog waartydens sy en Shaakirah Hans Ras se vermiste motor ontdek het waar dit onder die bome versteek staan.

Sy is alleen in die kantoor want Adam, die kollega met wie sy die kantoor deel, is uit op patrollie. Daaroor is sy dankbaar want sy is in ŉ netelige situasie en het tyd nodig om te besluit wanneer en hoe sy aan haar stasiebevelvoerder gaan rapporteer dat sy Hans Ras se motor sonder toestemming gaan besigtig het.

Wat gaan sy doen? Die hel gaan losbars.

Sy sug.

Daar is geen ander uitweg nie as om by Majoor Kris Landman te gaan bieg dat sy wederregtelik na die misdaadtoneel gegaan het ten spyte daarvan dat sy ŉ vermoede gehad het dat die kar wat daar versteek staan, die vermiste kar van Hans Ras was.

Wat is die kanse dat sy daarmee gaan wegkom? Zilch.

Landman gaan die duiwel in wees. Heel moontlik gaan hy tugstappe teen haar neem – ŉ ramp. Vir die eerste keer in haar loopbaan sal daar ŉ dissiplinêre ondersoek teen haar aanhangig gemaak word. Maar sy het geen ander uitweg nie. Sy sal die saak móét rapporteer.

Sy bel Landman se sekretaresse en toe sy hoor dat Landman beskikbaar is, stap sy na sy kantoor toe. Sy voel soos ŉ skuldige kind wat na die prinsipaal se kantoor gestuur word.

Sy gaan in en maak die deur sorgvuldig agter haar toe.

Landman is ŉ groot man, een-punt-agt meter lank, weeg 120 kilogram, gespierd, bruin gesig en gladde reguit swart hare wat toon dat daar Oosterse bloed in sy are is. Hy is 46 jaar oud en dis vir hom geen probleem om dissipline in die Gordonsbaaise polisiestasie te handhaaf nie. Hoewel hy baasspelerig is, is hy baie bekwaam en gesteld daarop dat dinge op die regte manier gedoen moet word.

Jolanda sluk ŉ paar keer. Sy neem ŉ diep teug vars lug in haar longe en blaas dit weer uit.

"Majoor, ek het ŉ ernstige saak om met u te bespreek ..."

Landman sit die pen waarmee hy geskryf het neer en leun terug in sy stoel.

"Ja, vertel. Wat is dit?"

Jolanda sluk. Sy kan hom nie in die oë kyk nie. Haar oë dwaal doelloos deur die kantoor. Sy skuif op haar sitplek rond.

“Ek het Hans Ras se kar gevind,” sê sy eindelik en maak vlugtig oogkontak voordat sy weer wegkyk.

Landman se wenkbroue gaan op. Hy vou sy arms en staar haar stip aan.

“Wat bedoel jy?” vra hy sag sonder om sy oë van haar af te vat.

Jolanda knip haar oë ʼn paar keer vinnig. Haar mond is kurkdroog.

“Iemand het my laat weet dat daar iewers tussen bosse ʼn kar versteek is wat net soos Hans Ras se kar lyk. Toe het ek soontoe gegaan en gaan kyk en gesien dat dit definitief Hans Ras se kar is.”

Landman se kakebene pulseer.

“Ek kan nie glo wat ek hoor nie,” sê hy fronsend. “Jy weet net so goed soos ek dat jy nie naby enigiets mag kom wat verband hou met die verdwyning van Hans Ras nie.”

Stilte. Hy is besig om kwaad word.

“Ek is jammer, Majoor,” sê Jolanda hees. “Ek was nie seker of dit Hans Ras se kar was nie. En toe ek daar kom, toe sien ek dis sy kar en ...”

“Maar my magtig, Loots! Jy lieg mos nou vir my.” Landman stoot sy stoel ongeduldig terug en staan op sodat sy na hom moet op kyk. “Jy’t dan nou net vir my vertel jy’t gehoor dis ʼn kar wat net soos Hans Ras s’n lyk. Jy het dit geweet vóórdat jy gegaan het. Hierdie kar is bewys van ʼn misdaad. *Corpus delicti*. Waarom het jy nie dadelik hier na my toe gekom en vir my kom vertel nie? Jy weet so goed soos ek dat jy nie in die saak mag inmeng nie. Wat de bliksem het in jou kop aangegaan, Loots?”

Jolanda sit woordeloos.

Sy wens sy kan huil. Maar dit sal alles net erger maak. Soos die meeste mans weet Landman glad nie hoe om ʼn huilende vrou te hanteer nie. Dit sal hom net kwater maak. Hy sal vir Nazli, sy sekretaresse, ontbied om vir Jolanda weg te neem en dan sal daar dae lank geen kommunikasie van sy kant af wees nie terwyl hy wag dat sy om verskoning kom vra en as sy dit nie binne ʼn week doen nie sal hy reëlings tref dat sy aangekla word vir insubordinasie.

Landman gaan sit weer en staar na haar met ʼn diep frons tussen sy wenkbroue.

“Moenie so sit nie. Praat! Waar is die kar?”

Jolanda het ʼn verskriklike hoofpyn. Haar gesig is spierwit. Toe sy langs Hans Ras se motor gestaan het kon sy nog heeltemal samehangend dink en optree, maar nou staan haar brein botstil.

Sy wil opstaan en uitloop, maar so ʼn stap kan ook op ʼn tugverhoor uitloop.

Eindelik antwoord sy: “Onder bome naby Dappat se Gat.”

Landman wag vir haar om voort te gaan.

Sy voel verskriklik. Haar asemhaling versnel en die bloed klop in haar ore.

Ná ŉ minuut se stilte, slaag sy daarin om te praat.

"Ek is jammer, Majoor. Ek kan nie nou met u praat nie. Ek het tyd nodig om die skok te verwerk."

Haar stem begin bewe. Sy bly stil. Sy kyk hom in die oë en gaan voort:

"Ek is al ses jaar ŉ speurder, en ek het al baie misdaadtonele gesien. Maar hierdie is nie net ŉ misdaadtoneel nie. Dit was my lewensmaat."

Sy bly weer stil om haar emosies onder beheer te kry. Landman kyk haar stip aan asof hy nie kan besluit hoe om te reageer nie.

"Dit het meer as twee jaar gelede gebeur, soos u weet. Maar in hierdie twee jaar is ek deur hel. U het my baie keer bedagsaam behandel terwyl ek gesukkel het om my verlies te verwerk."

Angssweet slaan op haar voorkop uit. Sy byt op haar lippe – probeer om op iets konkreets te konsentreer – die papiere op die lessenaar – die haartjies op die agterkant van Landman se hande – die glas water op sy lessenaar. Dit werk. Die huildrang verminder.

Landman se houding verslap.

"Natuurlik het ek verstaan," sê hy. "Maar toe het jy by die reëls gebly."

"En ek is baie dankbaar daaroor. Maar vandag – ek kon nie dink nie."

Sy byt op haar lippe. Landman staar in stilte na haar.

"Hans Ras is dood, Majoor" sê sy stadig en nadruklik. "Hy is regtig dood. Ek dink sy lyk is daar naby die kar begrawe. Dis alles oorweldigend."

Landman sê niks. Hy vee sy hand oor sy lippe.

"Hy was my man, Majoor! Soos my vlees en bloed! Toe ek vanoggend hoor – die nuus van die kar – sy lyk is dalk daar -"

Sy bly stil, byt op haar lippe.

Landman kyk haar aan.

"Ek vra dat u my ŉ bietjie tyd moet gee. ŉ Uur of twee, tot ek helder kan dink. Dan praat ons vanmiddag weer. Asseblief, Majoor."

Landman kyk haar woordeloos aan. Hy druk ŉ knoppie op sy interkom, en vra dat Nazli na sy kantoor toe moet kom. Toe sy inkom sê hy:

"Nazli, ek wil hê jy moet vir Sersant Loots na die siekekamer toe neem. Gee vir haar ŉ kalmeermiddel en iets vir die hoofpyn. Sy het ŉ groot skok gekry. Hulle het Hans Ras se kar gekry en dit lyk of hy vermoor is. Kry ŉ dokter sodat hy vir Sersant Loots vir ŉ paar dae op

siekverlof kan sit. Loots, jy gaan nou ŉ bietjie rus, maar oor ŉ uur of wat – so teen vieruur, wanneer jy beter voel – sal jy vir my en Sersant Niewenhuizen moet gaan wys waar Hans Ras se motor is sodat ons die ondersoek aan die gang kan kry. Dan gaan jy huis toe en rus."

"Dankie, Majoor," sê Jolanda.

Sy staan op en stap saam met Nazli uit die kantoor.

*   *   *

In die siekekamer help Nazli vir Jolanda om haar skoene en baadjie uit te trek, op die hoë bed te klim en onder die kombers te gaan lê. Nazli gaan uit om iets te gaan haal. Jolanda kyk op haar polshorlosie. Dis halfdrie.

Dit voel soos ŉ ewigheid sedert sy by Hans Ras se kar was. Sy voel mislik en bewerig.

Nazli kom terug met ŉ kalmeerpil en twee aspiriene wat sy vir Jolanda gee om te sluk voordat sy die gordyne toetrek, uitgaan en die deur toemaak.

Met toe oë lê Jolanda en luister hoe die reën buite op die dak en teen die ruit val. Sy voel oud, absoluut afgeleef. Gedagtes vol brandende vrae en bitterheid maal deur haar kop. Herinneringe aan Hans Ras gaan soos ŉ steekpyn deur haar siel. Hy was so opgewonde soos ŉ skoolseun oor sy motor. Die een terugflits ná die ander gly in haar geestesoog verby – tonele waarin Hans Ras trots en vol vreugde verskillende uitmuntende aspekte van sy nuwe motor aan haar verduidelik. Hans Ras se laggende gesig – sy motor wat onder die bome staan bedek met droë blare, die grysblou see van Valsbaai ver onderkant die pad, haar beeld in die spieël terwyl sy haar trourok aanpas, ŉ slang wat wegseil in die gras.

Die herinneringe is pynlik. Verbete stoot sy hulle eenkant toe.

Hoewel sy roerloos op die bed lê, bewe haar binneste van kop tot tone. Haar ore fluit. Wat gaan met haar aan? Dis uiters ongewoon vir haar om so te voel – sy, speurder-sersant Loots, geharde polisievrou wat al hope misdade ondersoek het en dosyne tonele aanskou het wat baie grusamer was as die toneel van Hans Ras se motor onderkant die Rooiels-pad. Dit moet die hoofpyn wees, besluit sy. Die hoofpyn en die naarheid.

Eindelik raak sy aan die slaap.

Toe sy wakker skrik en op haar horlosie kyk, sien sy dat sy meer as ŉ halfuur geslaap het. Dit reën nog steeds. Haar hoofpyn het bedaar, maar haar arms en bene laat haar slap en dood soos ŉ semel-pop voel. In haar keel voel sy steeds die behoefte om haar ontsteltenis uit te skree.

Van ver af hoor sy Nazli se stem wat sê sy moet wakker word sodat sy vir Landman en Niewenhuizen die misdaadtoneel kan gaan wys. Die eerste ding waaraan Jolanda dink is om te wonder of Landman haar sal toelaat dat sy saam met hulle kan uitklim sodat sy weer ŉ slag na Hans Ras se motor kan kyk. Nee. Wensdenkery.

Nazli vee oor Jolanda se gesig en hande met ŉ warm waslap, droog die nattigheid af met ŉ handdoek en help haar om regop te sit. Jolanda trek haar skoene en baadjie aan en borsel haar hare. Sy voel meer ontspanne.

Landman is in ŉ beter bui as wat hy vantevore was. Hy ondervra haar verder oor haar ontdekking van Hans Ras se motor en luister sonder onderbrekings en beskuldigings na haar.

ŉ Rukkie later vertrek hulle om die versteekte motor te gaan besigtig. Jolanda ry voor in haar beige Corsa sedan – die motor wat Hans Ras vir haar op haar vyf-en-twintigste verjaarsdag gegee het – gevolg deur haar twee kollegas in ŉ wit SAPD motor. Toe sy by die bome kom waaronder Hans Ras se kar is, stop sy. Daar is geen parkeerplek nie. Sy skakel haar flitsende noodligte aan en klim uit. Sy gaan na Landman se venster en wys vir hom presies onder watter bome Hans Ras se motor staan. Daarna ry sy terug Gordonsbaai toe.

*  *  *

By Jolanda se kantoor is Adam, haar kollega.

"Jolanda! Wat het gebeur?" vra hy bekommerd.

"Wel, ek mag natuurlik nie by die saak inmeng nie," sê sy stroef. "Dr. Jonker het my op siekverlof gesit vir ŉ week."

"Ek is bly," antwoord Adam.

Jolanda gaan sit by haar lessenaar.

"Ek kan nie nou praat nie. Moet ŉ paar dinge in orde kry."

Adam knik sy kop begrypend en verlaat die kantoor.

Jolanda skakel ŉ telefoonnommer. Toe die persoon antwoord, sê sy gedemp:

"Nannie, ŉ vreeslike ding het gebeur. Kan ek jou ná werk kom sien? Of het jy iemand by jou? ... Jammer, ek kan nie nou praat nie. Sien jou net-nou," en plaas die gehoorbuis terug

Sy haal ŉ geheuestokkie uit haar handsak, gaan sit voor haar rekenaar en druk die stokkie in die opening.

Sistematies laai sy die verslae van al die ondersoeke waarmee sy besig is op die stokkie. Sy maak hardekopieë van die ondersoeke, sorteer hulle in alfabetiese volgorde, plaas een stel in ŉ lêer vir haarself en op die ander stel skryf sy in swart letters: "Hangende ondersoeke van

Sersant J. Loots" plus die datum. Sy neem die tweede lêer na Nazli met die opdrag dat dit vir Landman gegee moet word. Terug by haar lessenaar laai sy verskeie ander dokumente en e-posse wat met Hans Ras se verdwyning verband hou oor vanaf haar rekenaar op die geheuestokkie. Aan al haar kollegas wat by die stasie werk, stuur sy ŉ kort e-pos:

*Vir die volgende week is ek op siekverlof. Alle inligting oor die sake wat ek tans ondersoek kan by Majoor Landman verkry word. Enigiemand wat werkverwante inligting van my benodig, kan my op my selfoon skakel. Cheers vir eers. Jolanda.*

Laastens pak sy haar nuwe lêer, ŉ klompie boeke, navorsingspapiere en koerantberigte sowel as haar dagboek in haar aktetas. Met die aktetas in een hand en haar handsak in die ander stap sy by die polisiestasie uit, verby die vlagpaal met die landsvlag, af met die kliptrappies tot by haar beige Corsa wat voor die poskantoor geparkeer is.

Sy ry na haar huis toe – ŉ drie-vertrekhuisie wat Hans Ras drie jaar gelede gekoop het en waar hulle ŉ jaar saamgewoon het voordat hy verdwyn het. Die huisie is hoog geleë tussen heelwat ander huise wat ook teen die rotsagtige voet van Kogelberg gebou is.

Sy parkeer voor die motorhuis op straatvlak en staar voor haar uit.

ŉ Vreemde magteloosheid bemeester haar omdat sy haarself moet distansieer van die nuutgevonde motor en die soektog na Hans Ras. Twee jaar gelede nadat Hans Ras verdwyn het, was sy net so gefrustreerd, maar nie vir lank nie, omdat Craig Bantjies – wat toe in bevel van die ondersoek was – haar gereeld op die hoogte van sake gehou het. Craig het maande lank hard gewerk om die skakers of moordenaars te probeer opspoor, maar elke leidraad wat hy opgevolg het, het doodgeloop. Op die ou end het die ondersoek min opgelewer. Craig moes erken dat die verdwyning van Hans Ras ŉ onopgeloste saak is en dat hy niks verder kon doen tot tyd en wyl nuwe leidrade of getuienis gevind word nie. Ongelukkig het Craig ŉ paar maande later uit die polisie bedank om sy eie speuragentskap in die Strand te begin. Nou moet Jolanda haar hoop vestig op Niewenhuizen wat veronderstel is om die Hans Ras saak verder te ondersoek – ŉ verwaande vent. Hy is jonk, onbekwaam en onprofessioneel. Sy weet hy gaan niks van die ondersoek met haar deel nie. Hulle sit nie langs dieselfde vuur nie.

ŉ Stryd woed in haar binneste. Misdaadbestryding is haar passie, haar *raison d'être*, maar in hierdie geval mag sy glad nie by die ondersoek inmeng nie, anders verloor sy haar werk, haar loopbaan, haar salaris, haar toekoms.

Alles in haar skree uit dat sy die saak self moet ondersoek, maar sy mag nie.

Sy moet aanvaar dat sy nie ŉ vinger mag verroer om die moordenaar op te spoor nie. Sy moet aanvaar dat sy absoluut niks mag weet van wat die ondersoekspan bespreek of doen of navors of ontdek of miskyk nie. Sy moet aanvaar dat elke leidraad vir haar geheim gehou

gaan word. Sy moet aanvaar – dit is die swaarste van alles – dat ŉ totaal onbevoegde persoon in bevel van die saak is, en dus dat die hele ondersoek waarskynlik soos ŉ kaartehuis in duie gaan stort.

Haar hande is afgekap.

Die luide geskree van twee hadidas wat bokant haar kar verbyvlieg bring haar terug na die werklikheid. Sugtend klim sy uit die kar, vat haar handsak en aktetas en klim op met die vyf stelle steil trappe wat opgaan na haar drie-vertrekhuisie wat vier verdiepings bokant die straatvlak staan.

Die trappe is nat en die relings langs die trappe wat kruis en dwars boontoe gaan is lendelam en stukkend. Hans Ras was op die punt om die relings te vervang toe hy verdwyn het. In haar kop sien sy Hans Ras se opgewonde gesig toe hy verduidelik het presies hoe die nuwe relings gaan lyk. Haar hart krimp ineen.

"Stop! Dink aan iets anders. Dink aan iets konkreets."

Wel, eendag sal sy nuwe relings installeer. Nou het sy nie geld nie. Sy erf geen geld van Hans Ras se boedel nie; hulle was nog nie getroud nie. Gelukkig het Hans Ras se ma ná sy verdwyning reëlings getref dat Jolanda hierdie huis kon oorneem mits sy die maandelikse paaiemente betaal. Sy sluit die sekuriteitshek oop, klim die laaste stel trappe op en gaan staan ŉ paar oomblikke stil om haar asem terug te kry voordat sy die kombuisdeur oopsluit en die sakke op die tafel neersit.

Sy stap deur die kombuis, deur die groot woonvertrek en skuif die wye glasdeure oop. Toe sy op die stoep uitgaan, neem sy ŉ diep teug seelug. Selfs op ŉ bewolkte dag soos vandag het die plek ŉ asemrowende uitsig oor die see. Reg onder haar is die dakke van dosyne huise. Onder by die see lê talle seiljagte in die hawe langs die seiljagklub vasgemeer. Daar is ook ŉ paar vissersbote gelaai met blou houers en opgerolde visnette. Agter die bote lê Valsbaai – groot, grys, wyd. Die water is vol wit vlekkies van branders wat breek.

Jolanda loop terug deur die woonvertrek – ŉ kombinasie van ŉ eet-, sit-, studeer- en slaapkamer – terug na die kombuis. Sy laat die ketel kook, dompel ŉ sakkie rooibostee en kookwater in ŉ vlekvrye-staalteepot en sit dit op die stoof om te kook. Die teepot begin prut. Sy gaan sit sy op haar swart gemakstoel, leun terug en sluit haar oë. Waarom? Hoe? Waarheen? Wat gaan sy aanvang?

Sy probeer uitwerk hoe op aarde Hans Ras se motor onder die bome by die see kon beland het. Dit maak nie sin nie. Hoe meer sy daaraan dink hoe sekerder word sy daarvan dat dit ŉ goed-beplande operasie moes gewees het, nie ŉ lukrake gebeurtenis nie. Die moordenaar moes die skuilplek baie versigtig uitgekies het want dis een van die min plekke

langs die Rooiels-pad waar die afdraand nie so styl is dat ŉ kar wat van die pad af ry, sal omslaan of rol nie. Daar is ook nie rotse wat die kar tot stilstand sou dwing nie. Dit kan nie toeval wees dat die motor so presies en perfek onder die bome beland het nie.

Hierdie misdaad was deeglik beplan. Dit het nie op die ingewing van die oomblik plaasgevind nie. Die moordenaar of moordenaars moes vooraf ŉ studie van die hele pad tussen Gordonsbaai en Pringlebaai gemaak het. Waarskynlik het hy of sy in helder daglig op ŉ paar plekke rondgeloop voordat daardie besondere plek uitgekies is om die kar te versteek.

ŉ Vraag wat haar pla is: Waarom het die moordenaar Hans Ras se motor so *naby* aan Gordonsbaai versteek? Daar is tog baie ander plekke wat meer geskik sou wees om ŉ motor vir ŉ lang tyd weg te steek, eerder as om dit hier te doen – hier, langs die uitsigpad waarop baie toeriste en plaaslike inwoners daagliks heen en weer ry. Die motor sou langer ongesiens gebly het as dit verder weg op ŉ meer onherbergsame plek versteek was – plekke soos Bainskloofpas of Kaappunt natuurreservaat of Du Toitskloof. Daar is dosyne plekke in die hoë berge van die Boland waar ŉ gesteelde motor jare lank kan staan sonder dat dit ontdek word. Waarom is Hans Ras se motor *hier* versteek, naby ŉ woongebied, in plaas van iewers in die gramadoelas waar dit baie moeiliker ontdek sou word?

Die moordenaar het blykbaar nie tyd gehad om ver te ry of die motor op ŉ meer geskikte plek te versteek nie.

Waarom was die moordenaar haastig?

Die neteligste vraag van alles bly egter: Hoekom is die motor nie verkoop nie?

Selfs in die onderwêreld sou die dief ŉ half-miljoen rand daarvoor kon kry. Dit was ŉ splinternuwe Mercedes-Benz CLK, skaars ŉ maand oud. Enige ervare skaker sou ná die skaking ŉ ent gery het en die Mercedes vir die nag in ŉ motorhuis parkeer het. Die volgende oggend sou hy die nommerplate omgeruil het en daarna baie ver weggery het na ŉ plek waar hy dit op die swartmark kon verkoop – Johannesburg of Durban of Maputo of Harare. Daarna sou hy met ŉ tas vol geld Kaap toe gevlieg het, terug na die lekker lewe. Dis wat skakers doen.

Die dief van Hans Ras se Mercedes het presies die teenoorgestelde gedoen. Hy het die motor versteek pleks daarvan om dit te verkoop.

Sy skink vir haar rooibostee in, gaan sit weer op die bank en skakel die nommer van Louise, Hans Ras se ma. Louise antwoord, en nadat hulle formaliteite uitgeruil het, sê Jolanda:

"Ek het nuus oor Hans Ras."

"Wat? Wat van hom?" sê Louise geskok.

“Ons het sy kar gekry, Louise. Ek het gedink jy moet weet.”

Daar is ŉ doodse stilte van Louise se kant af. Eindelik vra sy:

“En hy? Waar’s hy?”

Haar stem bewe.

“Hy is nie in die kar nie. Ons weet nie waar hy is nie.”

“Wag,” sê Louise. “Ek moet eers gaan sit.”

Daar is ŉ paar minute stilte. Eindelik praat Louise weer.

“Waar het julle sy kar gekry?”

Jolanda vertel haar hoe en waar Hans Ras se motor ontdek is.

“Goeie hemel!” sê Louise onthuts.

Sy bly ŉ ruk stil. Eindelik sê-vra sy:

“Miskien lê sy lyk daar naby ...?”

“Miskien. Die polisie moet nog die area deursoek.”

Weereens is daar stilte aan die anderkant. Jolanda hoor dat Louise besig is om te huil.

“Oh dear! Ek weet nie wat om te sê nie. Weet julle iets?”

“Nee, Louise. Jammer, ek weet niks meer nie.”

Daar is stilte aan die anderkant van die lyn. Louise huil nog steeds.

“Ag, dis verskriklik,” sê sy tussen haar snikke. “My arme seun. Wat het van hom geword?”

Haar hartseer werk aansteeklik in op Jolanda. ŉ Pyn trek deur haar liggaam. Daar kom trane in haar oë. In ŉ skor stem sê:

“Ekskuus, Louise. Ek moet nou gaan. Ek wou jou maar net laat weet.”

Sy hoor snikke en ŉ gesnuif aan die ander kant.

“Dankie, Jolanda.”

Hulle lui af.

Sagte reën val op die sinkdak. Jolanda vee haar oë af, sluk die laaste bietjie rooibostee uit die beker, spoel haar gesig af en gaan na haar swart ingeboude klerekas waar sy ŉ rits armbande uithaal en op haar linkerarm inryg, bo-oor die voëltjie-tatoe op haar hand. Sy sit ook sewe ringe aan haar vingers.

Sy rits haar baadjie toe, vat haar handsak en gaan uit. Sy sluit die deur, trek die mus van haar baadjie oor haar kop en trippel af met die vyf stelle trappe tot by haar beige Corsa. Sy ry met die nat teerpad op in Faurestraat en draai in Faure Marine Rylaan.

Sy peins oor die ondersoek na Hans Ras se moordenaar.

Die Polisiewet is gebaseer op die idealistiese siening dat enige speurder in die SAPDD daartoe in staat is om enige moord doeltreffend te ondersoek, ongeag die moeilikheidsgraad van die geval en die bekwaamheid van die speurder. Maar wat gebeur as die speurder nie opgewasse is vir die taak nie? Wat gebeur in ŉ geval soos dié van Niewenhuizen, waar ŉ moord moontlik nie opgelos sal word nie weens suiwer onkunde? In so ŉ geval is die Polisiewet in Jolanda se opinie foutief.

Twee keer het sy al vertoë tot polisiehoofde meer senior as Landman gerig dat die soektog na Hans Ras oorhandig moet word aan ŉ speurder wat meer bekwaam as Niewenhuizen is, maar haar vertoë was onsuksesvol. Daar is geen ander speurder beskikbaar nie, was die beslissing. In antwoord hierop het Jolanda die senior hoofde toestemming gevra of syself vir Niewenhuizen behulpsaam mag wees in die ondersoek, siende dat sy ŉ duisend kilometer ver weg van Gordonsbaai was toe die misdaad gepleeg is, maar hierdie versoek is ook van die hand gewys. Oor albei hierdie besluite was sy hoogs ontevrede. Sy het geglo dat daar heelwat maniere was waarop Niewenhuizen die saak verder kon ondersoek en die misdadigers vang.

Nou het dinge verander. Daar is baie nuwe bewyse beskikbaar.

Moet sy dit waag om self na die moordenaar te soek?

Sy draai vanaf Faure Marine Rylaan in Upper Watt tot by die Cul-de-sac waar Nannie, haar pa se suster, woon.

Sy druk die klokkie. Met ŉ klapgeluid gaan die hekkie oop.

Terwyl sy deur die reën na die stoep toe loop, gaan die voordeur oop en Nannie kom uit.

“Eindelik is jy hier! Ek dag jy kom nooit!” roep sy.

Hulle omhels mekaar.

Nannie en Jolanda is meer soos susters as soos niggie en tante want Nannie is slegs ŉ paar jaar ouer as Jolanda. Dis hoofsaaklik as gevolg van die hegte band tussen hulle twee dat Jolanda vyf jaar gelede aansoek gedoen het vir ŉ verplasing vanaf Durbanville na Gordonsbaai se polisiestasie. Vir Nannie neem Jolanda die plek in van die kind wat syself nooit gehad het nie. Dit is Nannie wat vier jaar vantevore vir Jolanda en Hans Ras aan mekaar voorgestel het. Dit is ook sy wat vir Jolanda bygestaan het in die uitmergelende soektog nadat hy verdwyn het.

“Kom in. Ek het vir ons vuur in die kaggel gemaak. Ek wil als hoor,” sê Nannie en stoot vir Jolanda die gang af tot in die sitkamer.

Hulle gaan sit in twee gemakstoele teenoor mekaar. Nannie leun vorentoe.

"Jy sê iets vreesliks het gebeur?"

Jolanda haal ŉ slag diep asem.

"Eindelik het ons iets gekry," sê sy plegtig. "Ná twee jaar."

Sy vertel vir Nannie alles wat gebeur het: hoe sy en Shaakirah Hans Ras se motor ontdek het, wat hulle daar gesien het en hoe haar gewete haar gepla het totdat sy uiteindelik vir Landman die waarheid gaan vertel het. Ook dat dokter Jonker haar vir ŉ week lank op siekverlof gesit het.

Nannie dink ŉ ruk.

"Wat nou?" vra sy.

Jolanda skud haar kop.

"Ek nie weet nie. Ek het ŉ paar moeilike besluite om te neem. Soos jy weet, het ek geen vertroue in Niewenhuizen nie. Hy is nie in staat om ŉ muis te vang nie, laat staan nog ŉ moordenaar."

Nannie sug.

"Jy het my al vantevore gesê, maar hy kan tog nie só sleg wees nie."

Vererg skud Jolanda haar armbande.

"Hy's ŉ blinde mol wat van misdaad niks weet nie! Hy weet wragtig nie eers hoe om ŉ misdaadtoneel te beveilig of te dokumenteer nie. Kan jy dit glo?"

"Hy moet tog die nodige kwalifikasies hê, anders sou hulle hom nie aangestel het nie."

"Dis waar die neukery inkom. Niewenhuizen het net twee sertifikate verwerf. Eerstens, sy basiese opleiding van ses maande as konstabel. Dis al klaar hopeloos te min – basiese opleiding behoort minstens ŉ jaar lank te wees. Tweedens, hy't ŉ *Introduction to Crime Investigation* kursus gedoen wat presies twee weke lank was. Toe word hy speurder. So maklik soos dit," sê Jolanda.

Sy pers haar lippe opmekaar.

Nannie skud haar kop meewarig.

"Twee weke, Nannie. Dis al! Weet jy hoe belaglik dit is?"

"Hoe lank is ŉ speurder veronderstel om te studeer?" vra Nannie.

"In plekke soos Europa en Amerika kry speurders twee jaar voltydse opleiding. Ná basies. Hoeveel opleiding kry ons speurders deesdae ná basies? Twee weke!"

"Maar jy't twee *jaar* gedoen."

"Ja. Ons is die ou garde. Ek het meer as dit gedoen! Eers het ek ICI gedoen. Toe drie maande voltyds studeer en my *Detective Learning Programme* gekry. Toe't ek begin werk,

en deeltyds verder gestudeer. Eers *General Investigation in Policing* wat twee jaar gevat het, en toe *Crime Scene Investigation* wat ook twee jaar gevat het."

"Ek onthou. Jy was besig met hierdie laaste een toe Hans Ras sy huis gekoop het. Ek onthou nou. Jy wou eers nie by hom intrek nie. Jy wou eers die kursus klaarmaak. Was bang hy sou jou pla."

Jolanda kyk weg met ŉ pynlike trek op haar gesig.

"Ja," sê sy skor. "Dit was goeie dae daardie."

"Nou, as jy so goed gekwalifiseerd is, waarom het Niewenhuizen net twee weke opleiding gekry?"

"Dis die hele probleem! Deesdae kry konstabels wat speurders wil word net twee weke opleiding."

"Verskriklik! Wat gaan aan?" vra Nannie geskok.

"Die Kommissaris van Polisie is ŉ sot. Al waarin Bheki Cele belangstel is om af te show. Sy idee van misdaad bestry is die cowboy benadering. Duisende polisielede moet in die strate loop. As verdagtes protesteer – skiet hulle! Cele sê misdadigers sal hulle doodskrik. En wallá! Misdaad sal verminder."

"Dis vreeslik! Hoe kan hy so dom wees?"

"Eenvoudig. Hy weet van polisiewerk niks. Bheki Cele is nie ŉ polisieman nie. Hy's ŉ politikus. Voor hy kommissaris geword het was hy MEC van Transport in KwaZulu Natal."

"Wat ŉ klug!"

"'n Kommissaris van polisie moet ervare wees – uitstekende rekord hê – briljante brein. Bheki Cele hét dit nie. Al wat briljant is, is sy uniform."

"Dis hoekom misdaad in die land al hoe erger word," sê Nannie ontstoke.

"Presies. Die Kommissaris en sy pêlle besef nie die belangrikheid van speurders nie. Die ruggraat van ŉ goeie polisie mag is bekwame speurders. Sonder bewyse en getuies en navorsing en verslae kan skelms en moordenaars nie hof toe gevat en skuldig bevind word nie."

"Ek sien. Hulle word vrygelaat. Dus word misdaad al hoe erger. Hoe kan die Kommissaris so dom wees?"

"Dis die mense wat hom aanstel wat dom is. Daar *is* nog die ou garde, speurders wat behoorlik opgelei is. Omtrent vyftien duisend, maar hulle word vinnig minder. Nou sit ons reeds met vyf duisend swak opgeleide speurders wat elkeen net twee weke opleiding het," sê Jolanda kwaad.

“En hulle word elke maand meer.”

“Ja. Glorified konstabels. Totaal onkundig. Sit en vormpies invul. Vat hulle na ŉ misdaad toneel, dan skrik hulle hulle boeglam. Niewenhuizen is een van hulle.”

Nannie sug en staan op.

“Sit hier en probeer ontspan, Landa,” sê sy. “Ek gaan gou vir ons sampioen sop op die stoof sit, dan kom ek weer. Sampioene, tamaties en uie. Hoe klink dit vir jou?”

“Heerlik!”

Nannie verdwyn in die kombuis.

Nadat Hans Ras verdwyn het, het Jolanda maande lank rond geloop met ŉ skreeuende pyn. Dit was asof ŉ stuk van haar siel afgesny was.

Met verloop van tyd het die pyn baie stadig verminder. Tot ongeveer ses maande gelede. Toe het sy eindelik begin besef sy is besig om te herstel. Nou, meer as twee jaar ná die ramp, voel sy amper weer soos haar ou self, behalwe vir ŉ stuk lood in haar hart wat sy saam met haar rond dra, die stuk lood van: “Wat het met Hans Ras gebeur en wie het dit gedoen?”

Sy tuur na die vlamme in die kaggel.

“Dink jy ons gaan ooit uitvind wat met Hans Ras gebeur het?” vra Nannie langs haar.

Jolanda sê niks. Sy vryf haar oë met haar vingers en knip haar ooglede ŉ paar keer.

Driftig sê sy:

“Ek sal myself nooit vergewe dat ek nie daardie aand hier was nie!”.

“Jy kon nie anders nie, Landa. Dit was noodsaaklik dat jy na jou pa-hulle toe moes gaan om finale reëlings vir die troue te tref. Hou op om jouself te verwyt.”

Jolanda sit en dink.

Sy skud haar kop.

“Soms dink ek dat die enigste manier waarop die saak opgelos gaan word, is as ekself in die ondersoek betrokke raak,” sê sy.

Sy byt op haar lippe.

“Dan verloor jy jou werk!” roep Nannie uit.

Jolanda staar in Nannie se oë.

“Miskien is dit belangriker om die moordenaar te vang as om my werk te behou,” sê sy.

Daar hang ŉ swaar stilte terwyl die twee vrouens mekaar ondersoekend aankyk. Dis ŉ gewigtige oomblik – ŉ soort grondverskuiwing.

Nannie sug.

"Miskien," antwoord sy. "Ek verstaan hoe jy voel. Wat pla jou die meeste?"

"Dat die moordenaar nie gevang word nie."

Weer is daar 'n stilte terwyl Nannie die inligting verwerk.

Eindelik gee sy 'n diep sug en kyk na die plafon.

"Waarom?" vra sy. "Wat het hulle teen Hans Ras gehad? Hy het geen vyande gehad nie."

"Miskien het Hans Ras wel vyande gehad."

"Soos wie?"

Jolanda haal haar skouers op.

"Miskien het Hans Ras 'n vyand gehad van wie *hyself* nie geweet het nie."

Stadig knik Nannie haar kop.

"Dis moontlik."

Met 'n stroewe trek op haar gesig kyk sy na Jolanda. Dan skud sy haar kop, staan op, prewel iets oor kos en stap kombuis toe.

Jolanda dink aan die laaste keer toe sy met Hans Ras gepraat het, die aand voordat hy verdwyn het. Hy het haar vroeg die Vrydagaand na haar ouers se plaas toe gebel en gesê hy verlang. Hulle het oor gewone dinge gepraat – werk, die plaas, so aan – maar een ding wat hy gesê het, sal sy nooit vergeet nie.

"Ek het 'n interessante brokkie nuus vir jou," het hy met 'n tipiese laggie gesê. "Iemand wat ons ken is dalk betrokke in misdaad. 'n Werker by die fabriek het my vertel. Dit kan 'n skinderstorie wees, maar ... ek dink jy sal belangstel."

Sy het nooit die res van die storie gehoor nie, want toe sy die Sondagmiddag ná die konferensie by die huis kom, was Hans Ras weg.

Sou daar 'n verband wees tussen hierdie "brokkie nuus" en Hans Ras se verdwyning die volgende dag? Sy het later probeer uitvind wat die brokkie nuus was waarvan hy gepraat het. Sy kon niks uitvind nie.

Geleidelik voel sy asof iets van haar besit neem. 'n Vasberadenheid. 'n Onverbiddelike drang om uit te vind presies wat gebeur het gedurende die nag van 18 Julie 2008 toe Hans Ras tussen neus en oë verdwyn het. Dis amper asof sy Hans Ras se stem hoor wat haar vra om die saak te ondersoek. Sy is dit aan hom verskuldig. Sy moet tot die kern van die misdaad deurdring en die skuldiges aan die pen laat ry.

Sy gaan in die ondersoek betrokke raak. Selfs al verloor sy haar werk. Al is dit die laaste ding wat sy doen. Sy weet presies hoe die ondersoek gedoen moet word en is seker sy gaan die moordenaar vang. Sy sal versigtig wees, stilletjies agter die skerms die saak

ondersoek, probeer verhoed dat Landman en ander polisielede uitvind wat sy doen. Hoe presies sy dit gaan doen, weet sy nog nie, maar sy sal 'n *modus operandi* uitwerk. Moontlik is sy gelukkig. Moontlik kom sy daarmee weg.

Maar wat doen sy as die senior offisiere bokant haar uitvind dat sy die saak wederregtelik ondersoek, en hulle maak 'n dissiplinêre aanklag teen haar aanhangig?

Dan moet hulle dit maar doen. Sy moet ten alle koste antwoorde vind op twee baie belangrike vrae. Eerstens: *Wat het met Hans Ras gebeur?* En tweedens: *Waarom het dit gebeur?*

Sy gaan die moordenaar soek totdat sy hom kry, al kos dit haar laaste druppel bloed.

Sy moet afsluiting vind. Eers dan kan sy met haar lewe voortgaan.

# HOOFSTUK 4

Zimmer word wakker. ŉ Ruk lank weet hy nie waar hy is nie. Toe voel hy die pyne – ŉ dowwe een in sy linkeroogbank en ŉ erger kloppende een onder sy ken. Sy linkeroog is half toegeswel. Hy kyk vas teen ŉ muur met groen patroontjies op. Aan die teenoorgestelde kant is ŉ wit bedkassie waarop daar ŉ leeslamp-skerm staan met dieselfde groen patroontjies as op die muur. Hy kom effens regop, leun op sy elmboog en kyk rond. Hy lê op ŉ hemelbed wat bestaan uit gedraaide houtpilaartjies wat opgaan boontoe, en ŉ dak van wit kant.

Hy is nat van die sweet. Hy kyk by die venster uit. Hy is in ŉ baie hoë gebou. Deur die venster sien hy die see, en die son is besig om oor die see op te kom. Stadigaan dring dit tot hom deur dat hy in Krishna se woonstel is.

Terwyl die herinneringe aan die pokertoernooi stadig tot hom deurdring, voel-voel hy aan sy gesig en ontdek dat die stukkende plek onder sy ken in ŉ roof verander het. Hy moes meer as vier-en-twintig uur lank geslaap het. Dus moet dit nou Sondag wees.

Sy gedagtes gaan terug na die gebeure van die poker-aand.

Skielik voel hy wawyd wakker. Beelde van die skrikwekkende aanval op hom flits deur sy kop: Buster se verwronge gesig – vuiste wat soos ysterballe in sy gesig slaan – die stoel wat agteroor slaan – Zimmer trek deur die lug – val soos ŉ dooie dier op die vloer.

Wat het in Buster in gevaar? Sy aanval op Zimmer is nie die einde van sy wraak nie. Dis net die begin.

Die eerste en dringendste ding wat Zimmer moet doen is om homself te beveilig. Hy moet so gou as moontlik wegkom van Krishna se woonstel af en by sy eie woonstel in Umhlanga Rocks kom. Buster weet nie waar Zimmer woon nie.

Paniekerig klim hy uit die bed. Sy vel voel taai van die bedompige atmosfeer op die strandfront. Toe hy seker is dat hy sterk en normaal voel – afgesien van die seerplekke in sy gesig – loop hy na die aangrensende badkamer. Hy bestudeer sy gesig in die spieël. Sy linkeroog is blou, en onder sy ken is die nuutgevormde roof waar Buster se vuis hom getref het. Sy baardstoppels is twee dae oud en lyk sleg, maar daar is niks aan te doen nie. Hy trek weer dieselfde klere aan as wat hy aangehad het.

Die verskriklike angs waarmee hy wakker geword het is nog steeds in hom. Hy is bang vir Buster met die lewelose swart oë. Buster is waansinnig. Niemand kan hom tem nie.

Op die tafeltjie voor die bed lê Zimmer se beursie, donkerbril, bos sleutels en ŉ halwe pakkie pepperminte. Hy druk die items in sy broeksakke, kam sy hare met sy vingers en stap

met die lang gang af tot by die kombuis waar hy vir Dakini raakloop. Sy is dadelik begaan oor hom en wil vir hom ontbyt maak, maar hy sê hy is glad nie honger nie en wil net so gou as moontlik by die huis kom. Hy bedank haar vir sy verblyf en al die opofferinge wat sy vir hom gedoen het. Dakini loop saam met hom by die woonstel uit tot by die hysbak waar hy haar groet en in die hysbak klim.

Hy druk die knoppie wat hom na die parkeergarage onder grondvlak sal neem in geval Buster se bendelede besig is om die hoofingang van die gebou dop te hou. Dis onwaarskynlik dat hulle so vroeg daar sal wees, maar hy wil nie kanse waag nie. Met lang treë loop hy teen die stywe opdraande uit die parkeergarage uit tot by straatvlak waar hy eers regs draai in Sea View straat en daarna links in Marine Parade. So ver as wat hy loop kyk hy links en regs, voor hom en agter hom of hy nie suspisieuse karakters sien wat op die uitkyk vir hom is nie.

Sweet pêrel op sy voorkop en loop van sy slape af in sy ongeskeerde baard. Hy neem ŉ paar diep teue van die seelug om sy liggaamstemperatuur af te bring. Naby hom is ŉ skoonmaker wat papiere optel en in ŉ sak druk. Op die hoek van die straat staan ŉ aantreklike vrou met ŉ man en praat; sy dra hoëhakskoene, ŉ duur rok wat haar bors-gleuf vertoon, en groot oorringe wat tot amper op haar skouers hang.

Hy sien geen rampokkers nie.

Op pad na die plek waar sy kar geparkeer is, stap hy verby hotelle en woonstelblokke wat langs Marine Parade ingeryg lê terwyl hy kort-kort omdraai om te sien of iemand hom agtervolg, maar hy sien niks buitengewoons nie. Twee jong vrouens met kleurvolle rugsakke loop oor die dubbelpad see toe. Vakansiegangers.

ŉ Entjie verder sien hy ŉ jong Indiër-man in blou jeans en ŉ kakie T-hemp wat by ŉ ATM staan en geld trek. Toe Zimmer naderkom draai die jongman om en kyk ŉ paar sekondes na Zimmer. Sy een oog is ŉ glasoog. Arme ou, dink Zimmer, en stap haastig verder, verby ŉ vrou met ŉ kleuter op haar heup. Sy staar na Zimmer en skielik besef hy dat hyself seker snaaks lyk met die letsels aan sy gesig. Dit is waarom mense na hom kyk.

Vyftig treë verder staan sy kar – ŉ nuwe swart Nissan Micra 1.5 waarop hy baie trots is – en dadelik voel hy beter. Hy wil so gou as moontlik in Umhlanga Rocks kom waar hy kan gaan lê in sy eie bed, in sy eie woonstel, sodat hy die skokkende gebeure van die afgelope dag-en-ŉ-half kan verwerk. Hier by die strandfront voel hy nie veilig nie. Hy is ŉ pokerspeler, nie ŉ rowwe vent wat in kroeggevegte betrokke raak nie. Die belangrikste rede waarom hy uit die polisie bedank het slegs drie jaar nadat hy by hulle aangesluit het, was dat hy al die geweld verafsku.

Zimmer wag vir die verkeerslig om groen te word en loop oor Marine Parade se twee strate om aan die seekant te kom waar sy kar ’n entjie verder geparkeer staan. Met verligting sien hy dat daar geen mense naby sy kar staan nie. Die enigste mense wat te sien is, is die vrou met die kleuter op haar heup en ’n ent agter hom ’n ou dame met ’n grys kop, langbroek, bont hemp en tekkies wat geboë met haar kierie verbystap.

Gerusgestel haal Zimmer sy motorsleutels uit sy broeksak en stap na sy motor toe. Net toe hy die sleutel in die sleutelgat wil druk, sê ’n stem agter hom:

“Hey! Zimmer!”

Zimmer kyk om. ’n Rilling gaan by sy rugstring af.

’n Groot fris man in ’n rooi en swart gestreepte T-hemp en blou jeans staan twee meter van hom af. Hy staar stip na Zimmer.

“Wait! Whatcha doin’?” sê die man fronsend.

Zimmer se kop slaan toe. Hy staan roerloos. Die man lyk soos ’n uitsmyter – tatoeëermerke op sy arms, dik nek, groot skouers, koue oë. Hy is Aggro.

Sweet slaan op Zimmer se voorkop uit.

Aggro hou ’n bierbottel in sy hand wat hy soos ’n wapen met sy groot vuis om die nek vashou en stadig hoër lig terwyl hy nader kom.

Zimmer hoor ’n beweging regs van hom en sien dat die Indiër met die glasoog wat by die ATM was nader hardloop oor Marine Parade met ’n springmes in sy hand. Vinnig kyk Zimmer van Aggro na Glasoog en besef hulle is kop in een mus. Dis duidelik dat hulle vasbeslote is om maalvleis van Zimmer te maak.

Zimmer verwens homself omdat hy nie behoorlik rondgekyk het toe hy vroeër na sy kar toe gestap het nie en dat hy nie die tekens opgetel het toe hy by die ATM verbygestap het waar Glasoog wag gestaan het nie. Glasoog het natuurlik dadelik vir Aggro gebel nadat Zimmer by hom verby is. Dis so duidelik soos daglig. Glasoog het spesiaal net vir Zimmer gewag. Zimmer moes dit raakgesien het, maar hy het nie. Daar was ’n tyd toe hy baie oplettend was – in die dae toe hy nog ’n polisiekonstabel was – maar dis nou al vyf jaar gelede dat hy uit die polisie is. Intussen het hy baie van sy verkenningsvaardighede verloor.

Vir etlike sekondes staan Zimmer versteen terwyl hierdie gedagtes deur sy kop jaag. Dan kom hy terug na die werklikheid: Wat kan hy doen? Waarheen gaan hy?

Stadig en ongemerk trek hy sy voete uit sy plakkies. Skielik spring hy kaalvoet weg. Hy hardloop vir al wat hy werd is, weg van sy aanvallers af, verby die ry geparkeerde karre.

Hy spring tussen twee karre deur, oor die sypaadjie, spring oor die lae heining en hardloop vervaard met die gras-helling af wat deel is van die groot piekniekarea wat afgaan na die strand.

Al waaraan hy kan dink is die springmes in Glasoog se hand. Dit maak hom vreesbevange. ŉ Springmes is die doeltreffendste moordwapen wat daar is vir hand-tot-hand gevegte – baie vinniger as ŉ rewolwer wat eers oorgehaal en afgevuur moet word. Dit vat presies vier sekondes om iemand met ŉ springmes dood te maak.

Met volle vaart nael Zimmer kruis en dwars met sy kaal voete oor die dou-bedekte gras. Hy is bang dat daar bene of glasstukke in die gras versteek kan wees maar hy het nie tyd om weg te swenk nie. Gelukkig trap hy nie in iets wat hom seermaak nie.

ŉ Beklemming wurg in sy keel. Agter hom kom die twee rampokkers in volle vaart.

Zimmer is nou seker dat dit Buster is wat agter hierdie lokval skuil. Buster is duidelik op die oorlogspad. Buster is vasberade om Zimmer dood te maak. En hy het die Twenty-fours bende op sy spoor gesit.

Sy asem jaag van inspanning en vrees. Hy kyk agtertoe om vas te stel hoe ver sy agtervolgers van hom af is. Verlig sien hy dat hulle ŉ goeie twintig tree agter hom is. Hy is fikser en vinniger as hulle. Rondom hom hang die vrank reuk van dennebome. Plek-plek skyn die son van die seekant af in sy oë en verblind hom tydelik, maar hy hardloop vinnig oor ŉ groot deel van die piekniekterrein totdat hy skielik struikel oor ŉ droë tak wat in sy pad lê. Hy val hard op die grond. Pyn skiet deur die wonde in sy gesig.

Gelukkig herstel hy gou. Vinnig spring hy op en hardloop verder.

Toe hy weer omkyk, sien hy dat sy agtervolgers nou slegs tien treë agter hom is. Hy voel ŉ siddering deur hom trek. Hy hardloop so vinnig as hy kan. ŉ Paar Indiese spreeus vlieg onverwags uit die gras op en laat hom skrik.

Die seerplekke aan sy gesig voel of hulle aan die brand is. Sy liggaam is uitgeput, maar hy kan nie wegkruip nie. Hy moet aanhou met hardloop en hoop dat hy sy vervolgers kan afskud. Hy hardloop na die wandelpad onderkant die piekniekterrein, tussen bome deur. Hier en daar lê ŉ boemelaar en slaap.

Eindelik bereik hy die wandelpad langs die strand. Dadelik voel hy veiliger.

Daar is mense rondom hom. Twee kinders loop geselsend op die pad terwyl hulle na ŉ motorboot in die see kyk; ŉ gesette vrou met ŉ kopdoek en ŉ strandsak stap met haar hondjie; ŉ meisie in ŉ kort rokkie met dun bandjies oor haar bruingebrande skouers skerts met ŉ jongman; verder weg kom twee hardlopers aangedraf.

Uitasem stap Zimmer tussen die mense deur in die rigting van Dairy Strand terwyl hy omkyk. Sy agtervolgers bereik die wandelpad ŉ paar sekondes later as Zimmer. Hulle het hulle wapens en loop agter hom aan met skrefies-oë en vasberade gesigte. Toe Aggro sien dat Zimmer op ŉ afstand na hom kyk, maak hy dreigende gebare, skud sy vuis en wys sy tande. Zimmer draai sy rug op hom en loop haastig verder met die wandelpad.

Sy keel trek toe. Sy hart hamer in sy borskas. Alles voel onwerklik. Hoe het Aggro en Glasoog geweet watter motor Zimmer s'n is? wonder hy. Hoe weet hulle hoe Zimmer lyk? Maar daar is nie nou tyd om hieroor te dink nie.

Zimmer kyk agtertoe en word paniekerig toe hy sien Aggro en Glasoog is net omtrent vier meter agter hom. Hy dwing homself om rond te kyk en rasioneel te dink. Hy haal ŉ paar keer diep asem en probeer fokus op dinge wat om hom aangaan. Doelbewus kyk hy na die skuim op die see, die blou water, die branderplankryers, die wit wolkies in die lug, die mense rondom hom. ŉ Pa en ma en drie kinders loop spelend verby – ŉ man in swemklere loop met ŉ branderplank onder sy arm, klim oor die muurtjie en loop see toe – twee ouer vrouens met wit stapskoene wandel geselsend verby.

Ná ŉ rukkie kom die suurstof stadigaan terug na sy brein toe.

Haastig stap hy verby die ingang van die Dairy Strand Pier.

Toe hy weer sien, loop die twee rampokkers weerskante van hom.

Zimmer skrik so groot dat sy bene amper onder hom meegee. Gelukkig slaag hy daarin om soos ŉ outomaat aan te hou met loop, maar binne-in hom is daar ŉ kettingreaksie van teenstrydige sensasies. Die een oomblik voel dit asof sy hart gaan staan en die volgende oomblik klop sy hart so onstuimig in sy borskas dat hy dink sy oordromme gaan bars. Hy probeer helder dink, ŉ plan beraam om uit hierdie onmoontlike situasie te kom, maar sy verstand staan botstil.

Aggro beweeg nader en hou sy mond naby Zimmer se regteroor terwyl hy stadig en afgemete praat:

"Whatcha think yer dowin, ye sonofabitch? Fucking fool! You have no hope in hell to get ahway. You dead awe ready. We gonna kill you ... feet you to de sharks ... to eat yir rotten body... We gonna kill ye fo shaw..."

Zimmer se keel trek toe. Hy kan nie glo wat met hom gebeur nie. Dis alles absoluut absurd. Hy is maar net ŉ doodgewone verkoopsman wat bedags in ŉ rekenaarwinkel werk en saans poker speel. Skielik het die hel losgebars. Eers word hy ernstig aangerand en nou word hy deur rampokkers agtervolg. Hulle dreig om hom dood te maak. Dis heeltemal vergesog. Dit voel of hy in ŉ rolprent speel.

“I don’t even know who you are,” sê hy met ’n growwe stem. “I’m going straight to the police! There’s no way that ...”

“Hu! Hu! Hu!” sê Aggro koggelend. “You be dead befaw then, you fuckin’ bastard ... You bedde be bung ... you bedde be bung – Oweh!... Am gonna poke you dead ...What you say, you befokte cuiter ... what what ..?”

Hy stamp Zimmer moedswillig met sy skouer.

Hulle loop teen ’n stywe pas, al drie langs mekaar. Zimmer se hart klop oorverdowend. Dit voel of ’n aar op sy kop gaan bars. Hy moet ’n plan maak om weg te kom. Hy is bang hulle kom by ’n plek waar daar geen ander mense naby is nie. Dan maak die boewe kleingeld van hom. Hulle is sterker as hy. Hulle sal hom bewusteloos slaan. Dan gooi hulle hom oor die muurtjie op die seesand. Steek hom dood. Verdwyn.

Wat moet hy doen? Hy kan nie seekant toe hardloop nie. Die sand is te diep en dik. Hulle sal hom maklik vang. Sy beste kans is om terug boontoe te hardloop, op na Marine Parade toe. Hy dink hy kan vinniger hardloop as die rampokkers. Hulle sal nie by hom kan bly teen die opdraande uit nie.

“Why do you want to kill me?” vra Zimmer aggressief. “I haven’t done anything!”

Aggro trek sy bo-lip op en kyk woedend na Zimmer.

“Why? You say why? You fuckin’ fool! Cheated at poko, dat’s what you did! You scum! Stole the Boss’s manny ... Youmelayting him. But this your last day ... You bedda be bung... you bladdy boer! Dares no way you gonna get away, no way. Hosh you! Hosh you! We gonna kill ya lukka ...”

Zimmer voel hoe sy mond droog word. Dis duidelik dat Aggro bedoel wat hy sê. Aggro is nie ’n mens nie. Hy’s ’n psigopaat. ’n Moordmasjien.

Zimmer se hart klop versmorend teen sy ribbes. Hy moet so gou as moontlik wegkom.

Voor hom kom vier atlete aangedraf. Toe hulle ses treë van Zimmer af is, spring hy onverwags na regs, agter Aggro se rug verby, en hardloop na die pretpark toe. Aggro en Glasoog probeer hom volg maar hulle pad word ’n oomblik lank versper deur die drawwers.

Intussen nael Zimmer die pretpark in. Hy hardloop soos ’n besetene verby veelkleurige dakkies, sier balle op pale, ’n visdam, lamppale en palmbome. Daar is geen twyfel by hom dat die rampokkers agter hom aankom nie, maar hy weet nie hoe ver hulle van hom af is nie en het nie tyd om te kyk nie.

Aan sy linkerkant is ’n stel trappe wat verby ’n ry kamma-huisies oploop. Drie-drie hardloop hy die trappe op, spring oor die kant van ’n blou watervoor waardeur water na ’n groot visdam toe loop. Vandaar hardloop Zimmer deur ’n gedeelte van ’n visdam, spring bo-

oor ʼn rotstuin met ʼn palmboom in die middel, hardloop deur die tweede deel van die visdam, op ʼn sementpad, en kruip weg agter ʼn wit bakkie wat onder langs die glybaan geparkeer staan. Met wild-kloppende hart sit hy gebukkend agter die bakkie.

Hy hoor hoe Aggro en Glasoog by die pretpark in hardloop. Hy voel vasgekeer. Sy hart hamer in sy bors. Die bedompigheid in die lug lê soos ʼn wolkombers oor hom. Sy asem jaag, stroompies sweet loop langs sy gesig in sy nek af. Die stukkende plek onder sy ken brand soos vuur.

Hy kyk om hom rond. Die looppad wat opgaan na Marine Parade is taamlik ver vanwaar hy wegkruip. Hy kan soontoe hardloop maar die kanse is goed dat hulle hom gaan vang voor hy bo is. Dis eintlik ʼn sekerheid. Daar is twee van hulle en net een van hom. As die een hom nie vang nie sal die ander een dit doen.

Zimmer se aanvallers is skielik doodstil. Hy wonder waar hulle is. Hy kyk om hom rond of daar dalk ʼn wegkruipplek of trappe is wat opgaan na Marine Parade, maar daar is niks. Al wat hy sien is ʼn enorme Natalse mahonie-boom naby hom, omtrent vier verdiepings hoog met wyd uitspreiende takke. As hy in die boom kan klim sonder dat sy vervolgers hom sien, kan hy dalk tussen die blaremassa wegkruip.

Nee, die takke is te hoog om van onder af by te kom.

Hy hoor ʼn klapgeluid omtrent dertig treë links van hom af en ʼn geraas van glas wat breek. Hy word yskoud. Hy ken daardie geluid.

Dit is wanneer ʼn boef ʼn bierbottel breek en ʼn moordwapen daarvan maak. Hy onthou uit sy polisiedae dat rampokkers soms ʼn bottel om die nek vashou, die onderkant van die bottel stukkend slaan en die skerp bottel-skerwe wat aan die bottel oorbly hard in ʼn teenstander se nek, bors of gesig druk soos ʼn dolk.

Dit moet Aggro wees wat die bottel breek, dieselfde bottel wat hy bo in Marine Parade reeds by hom gehad het. Gelukkig is die geluid taamlik ver.

Zimmer gaan lê plat op die grond en kyk onderdeur die bakkie. Hy sien hoe Glasoog se voete stadig nader aan die bakkie loop. Zimmer spring vinnig op, draai om en hardloop vir al wat hy werd is na die visdam waar hy inplons en sy weg deur die water baan na die middel-eilandjie toe. Dit gaan moeilik want die bodem van die visdam is glad en visse swem teen sy bene. Op die eilandjie kyk hy terug en sien hoe Glasoog na die visdam hardloop terwyl hy vir Aggro skree:

“Got him! Here he is! Come! Come! Quick!”

Glasoog spring in die visdam agter Zimmer aan maar sy voet gly op die slik sodat hy in die water val. Hy spring op en sit die jaagtog voort. Zimmer is reeds deur die rotse en

plante op die eiland en is besig om deur die tweede gedeelte van die visdam te waad op pad na die blou watervoor. Toe hy daar kom oorweeg hy vinnig of hy in die watervoor moet gaan sit en daarmee afgly soos op ŉ glyplank maar hy besluit daarteen omdat hy besef die stroom is nie sterk genoeg om hom vinnig ondertoe te vat nie.

Met kaal voete hardloop hy langs die diep voor af. Die gladde blou voor gaan met ŉ wye U-draai bo-oor ŉ groot rotstuin na onder, maar Zimmer kan nie sien waar dit eindig nie. Hy sien dat Glasoog reeds oor die eiland is en besig is om deur die tweede gedeelte te gaan, vasbeslote om Zimmer van agter af in te haal.

Onder langs die bakkie staan Aggro met die gebreekte bierbottel in sy hand, en Zimmer wonder waarom hy so gelukkig lyk. Dan besef Zimmer dat die watervoor waarin hyself hardloop, direk lei na die area waar die bakkie geparkeer staan! Hy het homself misreken! Hy is besig om direk na Aggro toe te hardloop!

Die watervoor eindig skielik in ŉ ronde dammetjie met ŉ spuitfontein. Daar is ŉ meganisme waardeur die water deur die watervoor sirkuleer. Zimmer beland in die dammetjie. Hy spring uit. Hy wil weg hardloop, maar Aggro staan in sy pad.

Zimmer kyk agtertoe na waar Glasoog af gehardloop kom. Nat klere klou aan Glasoog se lyf. Hy lyk soos ŉ monster in ŉ riller met sy donker vel, spitsneus, saamgeperste lippe, starende glas oog, springmes in die hand. Van Glasoog af kyk Zimmer terug na Aggro wat dreigend nader stap, gebreekte bottel in die hand. Sy groot gespierde lyf, wrede gesig, tatoeëermerke en kwaadaardige oë is vreesaanjaend. Hy en Zimmer gluur mekaar aan.

Zimmer se hart klop soos hamerslae in sy bors. Angssweet slaan op sy gesig uit.

Hy is vasgevang tussen twee sadiste. Hy staan soos ŉ zombie, sy brein bot van skok. ŉ Duisend en een gedagtes stroom deur sy kop. Hy sien sy lewe by hom verbygaan. Dis onregverdig – hy is nog so jonk – sy lewe het skaars begin. Hy kyk van Glasoog na Aggro, sy hart wild aan die klop. Hoekom? Hy het niks verkeerd gedoen nie.

Meteens bars daar ŉ helse geraas los. Aldrie mans ruk soos hulle skrik. Hulle kyk in die rigting waar die geraas vandaan kom. ŉ Man op ŉ enorme motorfiets kom die pretpark ingery. Hy stop agter die wit bakkie, skakel die enjin af en klim van die motorfiets af.

Die rampokkers se wapens is agter hulle rûe versteek.

Die motorfietsryer kyk hulle geamuseerd aan.

“What are you guys doing? Taking a dip?” vra hy en kyk na Glasoog en Zimmer se nat klere.

Voordat iemand kan antwoord spring Zimmer weg en hardloop na die ingang van die breë wandelpad wat opgaan van die pretpark na Marine Parade bokant hulle. Terwyl hy teen

die steilte op snel kyk hy om, maar sien geen teken van sy aanvallers nie. Bo in Marine Parade waar die straatverkopers besig is om hulle stalletjies uit te pak, stop hy. Hy moet besluit: links, weg van die besigste deel van die rylaan, of regs, in die rigting van die hotelle.

Die hotelle is ŉ beter opsie, besluit hy, en hardloop oor die dubbelstrate na die Beach Hotel toe. Net voor hy in die hotel gaan, kyk hy om en sien dat Aggro met die looppad op gehardloop kom. Binne-in die hotel haas Zimmer hom na die ontvangstoonbank waar ŉ vrou met haar elmboë op die toonbank staan, haar ken op haar regterhand gestut.

"Somebody wants to kill me!" roep Zimmer uit. "Where can I hide?"

Die vrou kyk hom geskok aan. Sy laat sak haar hand. Haar mond val oop. Sy kan nie ŉ woord uitkry nie.

Blitsvinnig spring Zimmer agter die toonbank in, val op sy knieë en druk sy kop teen die vloer. Hy wag in spanning of hy sy agtervolgers hoor inkom. Alles is stil. Daar is net die gewone geluide van stemme, voetstappe en motors in die strate.

Ná ŉ ruk klink dit of die ontvangsdame lewe kry. Hy hoor hoe sy knoppies druk en saggies met iemand op die telefoon of interkom praat, en ŉ paar minute later sien Zimmer ŉ paar mansbene in swart geklee agter die toonbank inkom. Die man tik Zimmer op die rug. Toe Zimmer opkyk sê die man hy is bestuurder van die hotel en hy vra wat Zimmer se probleem is.

Zimmer draai om, gaan sit op die vloer en verduidelik dat hy vir twee rampokkers vlug wat hom viktimiseer. Die bestuurder kyk hom ŉ ruk skepties aan. Hy vra vir Zimmer uit oor sy blou oog en die stukkende plek onder sy ken. Toe Zimmer hom vertel hoe hy die wonde opgedoen het, nooi hy vir Zimmer na sy kantoor toe. Dis duidelik dat hy nie weet of hy Zimmer se storie moet glo nie, maar dat hy darem die ordentlike ding wil doen ingeval dit die waarheid is. In sy kantoor beduie hy vir Zimmer om op ŉ gemakstoel te sit terwyl hyself by sy lessenaar inskuif.

"Verskoon my. Ek het ŉ dringende saak om af te handel," sê hy en begin skryf.

Zimmer voel soos iemand wat vrygelaat word uit ŉ sielsieke inrigting nadat hy ŉ paar dae lank per ongeluk daarin toegesluit was. Hy leun terug in die stoel. Hy is doodmoeg, sy oë toe. Dit voel soos ŉ houtpop, geen beheer oor sy lewe het nie, geen besluite kan of wil neem nie. Hy wil net rus. Vergeet van die helse ding wat hom getref het. Vergeet van die oomblik toe hy minder as ŉ uur gelede by sy kar aangekom het.

Die ergste van alles is dat hy nog steeds nie veilig is nie. Buster is ŉ bendebaas, ŉ onbeheerbare wreedaard, ŉ reeksmoordenaar. Sy bevel dat Zimmer doodgemaak moet word geld steeds.

Zimmer voel verstar. Waarheen gaan hy? Wat gaan hy doen?

Hy durf nie weer naby sy motor kom nie. Die blote gedagte dat hy ooit weer in die gevoellose gesigte van Aggro en Glasoog sal moet kyk, gee hom koue rillings. Hy durf nie terug in die straat gaan nie. Buster se tentakels strek deur die hele Durban.

Hy haal sy selfoon uit sy sak en besef vir die eerste keer dat sy foon nog altyd afgeskakel is vandat Buster hom twee nagte gelede katswink geslaan het. Hy skakel dit aan. Kennisgewings van verskeie onbeantwoorde oproepe kom deur: twee van Ou Lam, een van Krishna en drie van Rory.

Hy voel-voel aan sy gesig en besef dat hy met ŉ drie-dae-oue baard rondloop. Hy leun terug in die gemakstoel, maak sy oë toe en probeer dink wat sy volgende stap moet wees. Hy sal van die strate moet afbly. Sy normale lewe is verby.

Tien minute later haal hy sy selfoon uit en skakel vir Rory. Hy vertel hom kortliks wat gebeur het. Rory bied dadelik aan om hom te kom haal.

"Bly net waar jy is. Ek sal oor ŉ halfuur daar wees."

Zimmer verduidelik vir die bestuurder wat die reëling is en die bestuurder gee toe dat Zimmer in die kantoor kan bly totdat Rory arriveer.

Zimmer sak weer terug in die leunstoel. Die pyn van die kneusplekke op sy gesig het bedaar weens die pynpille wat Dakini hom ingegee het, maar in sy kop klop ŉ skeelhoofpyn, in sy slape, reg agter sy oë. Sy kop hang. Hy is doodmoeg. Sy verstand flikker in en uit.

ŉ Halfuur later is daar ŉ klop aan die deur en Rory kom binne. Hy is ŉ middeljarige bleskop met ŉ netjiese baard. Hy werk in die Kommersiële Misdaadafdeling van die polisie. Vandag is hy van diens af en geklee in ŉ wit T-hemp met swart strepies wat los oor sy bolyf hang, ŉ wit katoenbroek en leersandale aan sy voete.

Zimmer bedank die bestuurder vir sy hulp en gaan saam met Rory uit. Hy is bekommerd dat die rampokkers nog iewers in Marine Parade is en hom sal sien, maar Rory stel hom gerus deur te sê hy het in die hotel se parkeergarage parkeer. Die oomblik toe hulle uit die hotel en binne-in die parkeer-area stap, tref die hitte vir Zimmer. Hy sug. Hy het ŉ probleem met hitte. Vandag is Durban besonder warm en hy weet dat die lugreëling van Rory se ou blou Volkswagen stukkend is. Maar hy is so dankbaar dat hy uit die gevaar kan kom dat hy besluit om van die hitte te probeer vergeet.

*     *     *

Hulle arriveer by Zimmer se woonstelblok – Sea Breeze in Umhlanga Rocks. Moeg klim Zimmer met die trappe op na die tweede verdieping waar sy enkel-woonstel is, gevolg deur Rory. Die wonde op Zimmer se gesig is seer. Hy sluit die woonstel oop. Die plek is warm en bedompig. Die eerste ding wat hy doen is om die groot venster wat op ŉ ander woonstelblok uitkyk, oop te maak, en toe val hy uitgeput neer op sy bed wat in die hoek van die vertrek staan.

Rory kyk hom besorg aan. Hy loop kombuis toe en kom met ŉ glas yskaswater terug wat hy vir Zimmer aanbied. Dankbaar vat Zimmer die water en drink dit. Sy gesig is natgesweet, sy T- hemp klou aan sy bolyf. Hy wens hy kan sy klere uittrek, maar hy is te moeg.

Hy gee die glas vir Rory terug en vra: "Kan ek nog ŉ glas kry, asseblief, ou pêl?"

Toe Rory weer in die kombuis kom om water te kry, sien hy vir die eerste keer dat die onderste deure van die kombuiskas oopstaan. Daar lê ŉ paar items kruideniersware op die grond: ŉ karton langlewemelk, ŉ dosie vol pakkies soppoeier en ŉ blikkie sardiens. Wat gaan hier aan? Dis nie soos Zimmer is nie.

Toe hy die tweede glas water vir Zimmer gee, vra hy: "Hoekom lê daar kruideniersware op die vloer in jou kombuis?"

Zimmer drink die water op en gaan lê weer plat.

"Watse kruideniersware praat jy van?" vra hy met toe oë.

"Gaan kyk self. Miskien is dit niks."

Kreunend staan Zimmer van die bed af op en strompel kombuis toe. Rory volg hom. Hy wys vir Zimmer die goed op die vloer.

Zimmer kyk daarna, knip sy oë ŉ paar keer.

Hy frons. Skud sy kop.

"Nee," sê hy. "Ek weet nie hoe hierdie goed hier kom nie."

Hy loop terug na die hoof-vertrek, loer onder die bed, leun by die venster uit, gaan staan in die middel van die vertrek en kyk om hom rond. Die frons tussen sy oë word al hoe dieper.

"Nee, hel!"

Hy maak die klerekas oop. Sy skoon T-hemde en onderbroeke is deurmekaar. Sy houers met reukweerder, sonblok, pille en ander dinge lê op hulle sye in plaas van om regop te staan soos gewoonlik.

Hy maak ŉ plastiese houer oop waarin hy vyf honderd rand gebêre het. Die geld is weg.

Zimmer en Rory staar na mekaar.

"Dink jy die indringers het hierdie tekens opsetlik hier gelos? Of was hulle net onverskillig?" vra Zimmer.

"Hulle wil jou laat skrik. Jou wys hulle weet waar jy woon," antwoord Rory.

Woedend klap Zimmer die kasdeur toe. Hy is wawyd wakker. Hy het skoon vergeet dat hy moeg is. Bekommerd kyk hy in die woonstel rond vir verdere tekens wat die indringers moontlik agter gelaat het. Hy sien niks.

Rory gaan sit op die draaistoel langs die rekenaar en volg Zimmer se bewegings met sy oë. Sy gesig lyk stroef. Hy pluk-pluk aan sy baard. Dan begin hy praat.

"Zimmer, ek het slegte nuus vir jou. Gister het ek die bevelvoerder van Montclair polisiestasie – 'n pêl van my, Witkop Eksteen – gebel. Ek't hom vertel van Buster se aanval op jou. Hy't gesê hy het al gehoor van Buster. Hy sal meer probeer uitvind. Netnou het hy my gebel. Hy sê een van hulle informante het uitgevind die Twenty-fours soek jou bloed."

"Wat weet hulle van my af?"

"Alles. Elmo Zimmer, 27 jaar oud. Jou ID. 'n Beskrywing van jou – hoe jy lyk – jou adres – jou kar se nommer – waar jy werk – die works."

Zimmer kreun.

"So! Dís hoe die gangsters my kar ken!"

"Ja. Daar's 'n kontrak uit."

"'n Kontrak? Op my lewe?"

"Ja," antwoord Rory.

"Vir hoeveel?"

"Sestig grand."

"Jissis!"

Zimmer sit verstar soos 'n standbeeld.

Dit voel of iemand hom 'n hou teen die kop gegee het. Stadig staan hy op. Die stukkende plek onder sy ken begin klop. Angssweet slaan op sy kopvel uit en loop in straaltjies teen sy nek af. Hy is skaars bewus daarvan.

Eindelik kry hy sy stem terug.

"Hoekom sê jy my nou eers?" vra hy en begin in die vertrek rondloop soos 'n vasgekeerde dier.

"Ek wou jou kans gee. Jy lyk sleg," antwoord Rory. "Maar noudat ek sien iemand was in jou woonstel – "

Zimmer gaan staan by die venster, laat sak sy kop en klem dit tussen sy hande. ŉ Minuut gaan verby. Hy laat sy hande stadig sak en kyk om hom rond. Die noodlot het hom in die hoek gedryf – twee keer op een dag. Dit kan nie toeval wees nie.

"Hulle gaan my doodmaak," sê hy. "Ek moet so gou as moontlik uit Durban kom."

"Jy's reg. So gou as moontlik. Waarheen wil jy gaan?"

"Ek weet nie. Ek het nie ŉ kar nie. Ek moet net wegkom. Kan jy my lughawe toe vat?"

"Ja, natuurlik. Wanneer?" vra Rory.

"Nou. Ek gaan vinnig stort en skeer en my klere inpak. Dan's ons weg."

Hy loop voordeur toe en druk die dubbel-slot op dat niemand kan inkom nie.

"Hulle is hier naby ... Het jy ŉ rewolwer by jou?"

"Moenie mal wees nie," sê Rory kopskuddend. "Ek is ŉ Boeddhis. Ek is teen geweld. Het *jy* ŉ rewolwer?"

"Nee," sê Zimmer en verdwyn in die badkamer in.

Hy vat ŉ koue stort en skeer sy drie-dae-oue baardstoppels af. Haastig trek hy ŉ verbleikte T-hemp oor sy bolyf en skoon jeans wat effens stukkend is aan sy onderlyf. Nadat hy sy tande en dik bruin hare geborsel het, gooi hy vir hom drie stelle skoon klere plus toilet benodighede in ŉ klere-sak. Hy druk sy skootrekenaar met toebehore in ŉ rekenaarsak om saam te neem. Intussen gaan Rory buite rondkyk of alles veilig is. Hy sien niks vreemds nie.

Haastig gaan hulle uit, af met die trappe en klim in die motor. Met ŉ sug van verligting trek hulle weg en ry met Lagoon Rylaan af. Hulle ry vir meer as ŉ kilometer verby verskeie hotelle en woonstelblokke tot by Lighthouse Rylaan waar Rory regs draai in Leo Boyd Snelweg.

Hulle ry verby die riviermonding en die skilderagtige Umhlanga Lagoon. Daar is ŉ oorvloed van heldergroen plante, ŉ eindelose see wat die strand soos ŉ tropiese eiland laat lyk en wit branders wat nimmereindigend oor die blink sand spoel. Twee hengelaars staan langs die water. Zimmer slaak ŉ sug van verligting. Vir ŉ verandering lyk dit asof die gode aan sy kant is, behalwe dat die lugreëling van Rory se kar stukkend is. Die sweet is al klaar weer besig om op Zimmer se kop te versamel. Die seerplekke in sy gesig brand van die sweet. Hy maak die motor venster oop, maar dit help niks. Die lug wat inkom is vuurwarm en bedompig.

Vyf kilometer verder sien hulle daar is ŉ ou seegroen Honda Ballade wat ŉ halwe kilometer agter hulle aan ry. Wanneer Rory vinniger ry, ry die Honda vinniger; wanneer Rory

stadiger ry, verminder die Honda spoed. Wat beteken dit? Is dit toeval dat die insittendes van die Honda ook lughawe toe gaan? Waarom ry hulle nie verby nie?

Met die agterkant van sy arm vee Zimmer die sweet van sy voorkop af. Die hitte is ondraaglik. By Umdloti draai Rory uit Leo Boyd in die N27 en ry etlike kilometers verder totdat hy regs draai en op die N2 gaan. Die Honda volg hulle steeds op ŉ goeie afstand.

Rory doen ŉ eksperiment: hy verminder spoed, ry skielik twintig kilometer per uur sodat die Honda kan verby gaan. Steeds bly die Honda agter hulle.

"Hierdie ou is besig om ons te agtervolg," sê hy.

Woede gemeng met vrees pak Zimmer beet. Hoe gaan hy van die rampokkers ontslae raak? Oornag is sy hele lewe deur Buster ontwrig. Moet hy nou vir ewig aanhou vlug? Omdat hy ŉ poker toernooi gewen het?

"Slegte goed gebeur met goeie mense," sê hy uit die bloute. "En goeie goed gebeur met slegte mense."

Rory glimlag skeef.

Zimmer glimlag nie. Hy is kwaad. Elke spier in sy liggaam is seer. Hy wens dat hy nooit die geld gewen het nie. Nou is hy op die vlug ... Waarheen? Waarheen vlieg hy? Johannesburg? Nee, dis waar Buster is. Kaapstad? Port Elizabeth? Pretoria? Hang af watter vlugte is beskikbaar.

Die seegroen Honda ry steeds ŉ halwe kilometer agter hulle aan.

Op Zimmer se T-hemp onder sy arms is twee groter-wordende sweet kolle. Dis asof die hitte ŉ persoonlikheid van sy eie het. Dit is so sterk teenwoordig dat hy dit aanvoel as ŉ persoon wat hom vasklou. Hy ervaar ŉ aaklige gevoel van beklemming. Om alles te vererger is daar ŉ hele lys dinge wat hy moet verwerk: sy kar, sy werk, sy wonde, sy bestemming, sy toekoms. Orals waar hy kyk is vraagtekens.

Tien kilometers verder besluit Rory hy het genoeg gehad van die seegroen Honda wat hulle volg. ŉ Kilometer lank trap hy die petrol pedaal so diep in as wat hy kan om meer afstand tussen hulle en die Honda te kry. Net voor die groot brug oor die Umdloti rivier slaan hy remme aan. Haastig draai hy by ŉ grondpaadjie in. Stop agter bosse. Sy kar is onsigbaar vanaf die snelweg. Hulle sit doodstil. Hulle hoor etlike motors op die snelweg verby ry maar van waar hulle sit, kan hulle nie die motors sien nie, hoewel hulle weet dat een motor die gewraakte Honda is.

Vyf minute later ry hulle terug na die N2 en oor die rivier. Daar is geen teken van die Honda nie. ŉ Paar kilometer verder draai hulle uit die N2 in ŉ tweederangse pad wat ook na die lughawe toe gaan. Rory kyk aanhoudend in sy spieëltjie of hy die seegroen Honda sien.

Zimmer se worsteling met die hitte word al hoe erger. Die sweet versamel in die waai van sy been en loop in sy tekkies. Straaltjies sweet loop langs sy gesig, nek en rug af. Hy weet hy gee ŉ reuk af.

Hulle ry al die pad tot by die lughawe sonder dat hulle weer die seegroen Honda sien.

By Koning Shaka Lughawe sê Zimmer dis nie nodig dat Rory saam met hom hoef in te gaan nie. Rory protesteer eers maar dan gee hy toe. Hy stop by die aflaai zone. Hulle kyk angstig rond of daar rampokkers in die omgewing is, maar sien niemand nie. Zimmer gaan haal ŉ trollie, pak sy twee sakke daarop, en skud hande met Rory.

"Laat my weet waarheen jy gaan. En as ek met enige iets kan help," sê Rory.

"Jy't meer as genoeg gedoen. Dankie, pêl. Ek skuld jou. Ek bel jou môre," sê Zimmer en stap haastig by die lughawe in met sy trollie.

Toe hy by die vertreksaal instap, sit hy sy tasse neer en haal ŉ paar keer diep asem.

Uiteindelik. Lugreëling. Hy drink die koelte in.

ŉ Paar minute later loop hy verder. Hy bekyk die skerm met die vertrektye van binnelandse vlugte. Daar is drie wat binne die volgende negentig minute gaan vertrek: een na Johannesburg, een na Oos-London en een na Kaapstad. Nadat hy oor die saak gedink het, loop hy na die naaste ATM. Hy druk sy kaartjie in, tik sy PIN in en wag in spanning om die balans op sy rekening te sien.

Die balans verskyn op die skerm.

"Jou blou bliksem," sê hy sag.

Krishna het sy wengeld inbetaal.

Oorbluf staar hy na die bedrag. Dit neem dertig sekondes om in te sink.

Met ŉ nuwe lig in sy oë kyk hy om hom rond. Nog nooit in sy hele lewe het hy so baie kontant gehad nie – ŉ honderd-en-dertig duisend rand.

Hy stap na die SAL toonbank. Hy doen navraag oor vliegtuie waarop daar nog oop sitplekke is. Die dame agter die toonbank help hom om verskeie opsies te oorweeg totdat hy besluit: Kaapstad. Hy was nog nooit daar nie. Dis presies waarheen hy wil gaan.

Gelukkig verloop alles vlot met die koop van die vliegkaartjie en ander formaliteite. Nadat hy deur sekuriteit is, eet hy ŉ middagete bestaande uit ŉ T-been steak, twee eiers, ŉ hoop skyfies, drie snye roosterbrood met konfyt, en ŉ groot koppie koffie.

Kort nadat hy klaar geëet het, word daar op die luidspreker aangekondig dat dit tyd is vir passasiers van die SAL-vlug na Kaapstad toe om aan te meld. ŉ Halfuur later sit hy in die vliegtuig. Hy leun terug in sy sitplek en maak sy oë toe. Al wat hy nou wil doen is slaap.

# HOOFSTUK 5

Jolanda sit in die mik van ŉ groot protea-boom teen die voet van Kogelberg met ŉ verkyker voor haar oë. Sy bespied die toneel waar Hans Ras se kar versteek is. Die sout geur van die see omring haar. Van kop tot tone is sy geklee in kamoefleer klere: baadjie, langbroek, hoofbedekking en handskoene. Selfs haar rugsak is van kamoefleer seil gemaak. Aan haar voete is bruin stewels en daar is ŉ bruin modder strepe op haar gesig. Sy druk haar tenger liggaam tussen die ineengestrengelde takke sodat sy selfs op ŉ afstand van vyftig meter onsigbaar is.

Op die agtergrond is die aanhoudende gedreun van karre wat bokant haar op die pad verby ry. Sy laat haar verkyker om haar nek hang en bekyk die gebied aan die anderkant van die pad waar die kolossale hange van Kogelberg hoog in die blou lug opstyg tot waar mis die pieke toevou. Om te voorkom dat iemand haar motor herken, het sy met Nannie se kar gekom en dit op dieselfde plek parkeer as waar sy en Shaakirah mekaar twee dae vantevore ontmoet het om die silwer Mercedes te bekyk.

Hier waar sy staan is die plantegroei ontsettend ruig. Dit het haar ŉ halfuur geneem om net van die pad af tot hier te kom. Party van die proteas – ineengestrengel met taaibos, wildevye, restios, pelargoniums en ander fynbos – is twee of drie keer so hoog soos sy. Sover as wat sy gegaan het moes sy haar pad oopsny met ŉ snoeiskêr om deur te kom. Eenkeer moes sy ŉ hele ent op haar maag onder digte takke en blare deurkruip. Nogtans voel sy tevrede dat sy tot hier gekom het. Nou kan sy ŉ idee kry van wat by die misdaadtoneel aangaan.

Sy kyk weer deur die verkyker, fokus in op die twee groot rooiels-bome wat halfpad teen die skuinste staan. Stip staar sy na die toneel voordat sy die verkyker stadig draai om die hele omgewing te verken. Sy laat die verkyker weer om haar nek hang, haal haar diktafoon uit haar sak en skakel dit aan.

"Datum Sondag 26 September," praat sy in die diktafoon. "Tyd elf honderd uur vyftien minute. Ligging voet van Kogelberg sowat veertig meter onderkant die Gordonsbaai-Rooiels-pad, ŉ ent verby die mond van die Steenbras-rivier. Ad hoc verkenning van misdaadtoneel. Ek is omtrent twee honderd meter noord van die plek waar Hans Ras se kar staan. Misdaadtoneel taamlik ver maar kan die beeld sien. Area rondom bome waar kar staan is afgesper met polisie bande. Geen mense sigbaar nie. Moontlik een of twee wagte binne

beskutting. Wonder of Niewenhuizen weet hy kan van regsverydeling aangekla word as hy die misdaadtoneel onbewaak laat."

Sy skakel die diktafoon af en neem ŉ paar foto's van die misdaadtoneel en die omgewing. Dan sit sy met ŉ intense uitdrukking op haar benerige gesig en dink. Die ironie van die situasie tref haar. Hier praat sy smalend van regsverydeling, maar dis presies wat syself nou doen. En wat sy Vrydag gedoen het toe sy die kar se deur en kattebak oopgemaak het.

Terwyl sy sukkel om van ŉ lastige heuningby om haar kop ontslae te raak, dink sy aan die vorige keer toe sy en Shaakirah hier was en die onwettige dinge gedoen het. Maar wat anders kan sy doen? Haar kollega wat in bevel van die saak is, behandel haar asof sy ŉ riool-vlieg in ŉ operasiekamer is. En haar bevelvoerder verwag die onmoontlike van haar: om haar emosies af te skakel. Asof sy ŉ stuk masjien is.

Craig Bantjies – die speurder wat twee jaar tevore die soektog na Hans Ras behartig het – was anders. Net soos sy het Craig gedink Landman was onredelik om vir Jolanda heeltemal in die duister te hou oor die verloop van die ondersoek.

"Landman is van sy trollie af," het hy gesê. "Hans Ras was jou verloofde, dêmmit! Buitendien was jy ŉ duisend kilometer hiervandaan toe Hans Ras verdwyn het,"

Craig het gereeld vir haar vertel hoe die ondersoek verloop, watter leidrade hulle opvolg en watter vordering daar gemaak word. Daar was geen nodigheid vir haar om met die ondersoek in te meng nie. Toe Craig die polisie verlaat het om sy eie speur-agentskap te begin, het hy selfs vir Jolanda afskrifte van die verslae oor die polisie se vrugtelose soektog na Hans Ras gegee. Craig het in Jolanda geglo, haar met menslikheid behandel. Landman en Niewenhuizen is presies die teenoorgestelde. Hulle is so bewus van hulle eie belangrikheid dis om van naar te word.

Sy kyk terug na die moeilike terrein waardeur sy geworstel het om te kom waar sy is. Die afdraande waarteen sy van die pad af gekom het tot by die boom waarin sy sit, is beslis te skerp vir ŉ kar om af te ry. Die kar sou vasval of omslaan. Die helling hier is baie steiler as die helling verder aan waarteen die moordenaar moes gery het om Hans Ras se Mercedes te versteek.

Sy maak haar oë toe en dink aan Hans Ras. Dis al meer as twee jaar is sedert hy verdwyn het. Sy mis hom steeds. Hoewel sy deesdae met meer kalmte oor hom dink, is die seer nog daar. Hy was ŉ kranige bergklimmer en sou in vervoering geraak het as hy nou hier kon wees, omring deur al die fynbosgeure en die uitsig oor die see. Hy sou sy arm om haar skouers gesit het, haar ŉ stywe drukkie gegee het en ŉ soentjie op haar kop geplant het soos

hy altyd gemaak het wanneer hulle na ŉ mooi natuurtoneel kyk. Sy voel ŉ steekpyn van verlange.

Ongeduldig vee sy met haar voorarm oor haar gesig en forseer haarself om oor iets ander te dink.

Haar oë volg die roete waarlangs die Mercedes van die pad af deur die fynbos moes gery het: af met die stormwatervoor tot waar dit ophou, en daarvandaan met ŉ helse spoed die afdraande af, oor klippe en fynbos totdat dit deur die takke van die rooiels bome gebreek het en teen die dik boomstam tot stilstand gekom het.

Sy besluit om nader aan die afgebakende gebied te gaan sodat sy beter kan sien wat aangaan. Energiek klim sy met die boom af en spring op die klam grond. Sy haal haar snoeiskêr uit. Sy wil vyftig treë nader gaan sodat sy kan sien of daar mense van die forensiese eenheid by die misdaadtoneel is en of die plek bewaak word.

Met snoeiskêr in die hand pak sy die worstelstryd deur die plantegroei aan. Die eerste twintig treë gaan dit rof en stadig. Sukkel-sukkel gaan sy deur ŉ digbegroeide kloof waar die bome hoog groei en die grond modderig is sodat sy aanhoudend aan takke moet vashou om te keer dat sy nie val nie. ŉ Sterk muf-reuk van verrotte blare slaan in haar neusgate op. Vasberade, lippe saamgepers, breek en sny sy sistematies vir haar ŉ pad deur die taaibosse, suikerkanne en tolbosse.

So ver as wat sy gaan bespied sy die omgewing. Sy soek na tekens van klere of menslike oorskot, want hoewel sy vir Louise, Hans Ras se ma, gesê het dat dit onwaarskynlik is dat Hans Ras se lyk hier iewers lê, bestaan die moontlikheid tog wel. Die moordenaar kon die lyk hier uitgegooi of afgesleep het voordat hy die kar versteek het, veral in hierdie onbegaanbare klein klofie.

As ŉ liggaam onder hierdie digte bome en fynbos beland, sal selfs aasvoëls dit nie maklik ontdek nie. Hier is buitendien selde aasvoëls. Kraaie, ja. Maar kraaie is nie so opvallend soos aasvoëls nie. Natuurbewaarders sou dit waarskynlik nie ongewoon gevind het as daar kraaie in hierdie gebied bedrywig was nie.

Aan die anderkant, selfs al is Hans Ras se oorskot hier, is die kanse swak dat sy dit op ŉ oppervlakkige verkenningstog soos die huidige een sal ontdek. Wat behoort te gebeur – iets waarvan die stomme Niewenhuizen natuurlik salig onbewus is – is dat hierdie hele gebied sistematies kruis en dwars deursoek behoort te word vir leidrade. Nogtans kyk sy goed rond. Dalk tref sy ŉ gelukskoot en sien iets.

Ná ŉ uitmergelende klimtog is sy uiteindelik deur die kloof. Hygend gaan staan sy stil tussen die laer bosse om haar asem terug te kry. Hoewel die son skyn, waai daar vanaf

Valsbaai ŉ koel wind teen haar warm gesig en nat-geswete lyf. Die see is besonder kalm, daar is geen branders nie. Op die oppervlakte van die water is slegs ŉ deining wat rustig op en af beweeg. Naby die strand is ŉ klompie robbe besig om visse te vang.

Toe haar asemhaling weer normaal is en sy toerusting uit haar rugsak haal, voel sy hoe haar regterhand pyn van die aanhoudende gesny met die snoeiskêr. Sy waai die hand ŉ paar keer in die wind. Daarna neem sy ŉ paar foto's en kyk deur die verkyker. Soos sy verwag het, is sy nog steeds te ver om te sien presies wat by die misdaadtoneel aangaan; dus bêre sy weer haar toerusting en stap verder in die rigting van die afgebakende gebied.

Een ding is nou vir haar duidelik: Hans Ras se moord is deeglik beplan. Die skuilplek vir die kar is nie lukraak op die ingewing van die oomblik gekies nie. Inteendeel. Die roete vanaf die pad na die bome sowel as die skuilplek self is vooraf versigtig uitgesoek. Dis die enigste plek op die hele roete vanaf Gordonsbaai tot by Pringlebaai waar ŉ kar versteek kan word en vir so ŉ lang tyd onopgemerk kan bly. Hierdie misdaad was nie die werk van ŉ gewone motordief of impulsiewe skaker nie. Dit was die werk van iemand wat die vermoë gehad het om die hele operasie noukeurig te beplan en van stapel te stuur, iemand wat bedrewe was om oor rowwe terrein te bestuur. Waarskynlik iemand wat die omgewing hier goed ken.

Maar waarom? Wat het die moordenaar teen Hans Ras gehad?

Hans Ras was ŉ vreedsame man. Soms was hy wel ŉ bietjie vreemd, maar nie só vreemd nie. Hy was geniaal – hoogs intelligent, ver bokant die gemiddeld. Hy was dubbel gekwalifiseer as chemiese sowel as meganiese ingenieur. Sy enigste swakheid – as ŉ mens dit só kan noem – was dat hy aan ŉ ligte graad van Asperger Sindroom gely het. Dit het veroorsaak dat hy probleme gehad het met sosiale interaksie en fisiese lompheid. In groepe was hy stil en teruggetrokke, maar andersins was hy besonder ondernemend. Hy kon ontsettend goed met geld werk. Vyf jaar gelede, toe hy sewe-en-twintig jaar oud was, het hy ŉ bankrot betonmuur fabriek in Firlands gekoop en binne ŉ jaar het hy dieselfde fabriek in ŉ florerende besigheid omskep. Alles by sy fabriek het op geoliede wiele geloop. As iets by sy werk geskort het, sou sy daarvan geweet het.

Skielik vibreer Jolanda se selfoon soos ŉ groot tor in haar sak. Dis Shaakirah. Sy wil weet wat gebeur het sedert sy en Jolanda twee dae gelede by Hans Ras se kar was. Hulle sukkel om mekaar te hoor vanweë die geraas van die aanhoudende verkeer wat bokant Jolanda in die pad verby ry. Hulle kom ooreen dat Jolanda oor ŉ uur by Shaakirah sal gaan tee drink en haar op datum bring van die jongste gebeure.

Hulle lui af.

Jolanda stap verder. Kort-kort ruik sy aan haar hande om die behaaglike geure van die verskillende soorte fynbos in te asem.

Haar gedagtes gaan terug na Hans Ras se verdwyning. Dit het gebeur op Vrydagaand, 18 Julie, een of ander tyd ná elfuur die aand toe hy huis toe vertrek het nadat hy en die ander lede van die musiekgroep hulle maandelikse musiekaand gehad het. Ironies genoeg het Hans Ras verdwyn nadat die musiekgroep die DVD van *Der Fliegende Holländer* gesien het. Gewoonlik sou Jolanda saam met hom by die musiekaand gewees het, maar op daardie stadium was sy by haar ouers in Boshof – ŉ finale kuier voor haar troue wat ses weke later sou plaasvind.

Die laaste keer wat enige iemand behalwe die moordenaar vir Hans Ras gesien het, was toe hy en al die ander groeplede van mekaar afskeid geneem het buite in die straat voordat almal in hulle onderskeie motors geklim en weggery het. Die huis waar die musiekaand gehou was, is slegs twee kilometer vanaf Hans Ras se huisie – die huisie wat hy die vorige jaar gekoop het nadat hulle verloof geraak het.

Eindelik bereik Jolanda ŉ geskikte uitkykpunt. Die misdaadtoneel is nou sowat honderd-en-vyftig meter vanwaar sy is en duidelik sigbaar.

Sy haal die rugsak van haar rug af, vee die sweet van haar gesig af met haar baadjie se mou en gaan sit plat op die grond tussen die fynbos om te rus. Bokant haar lyk die blaartjies van die tolbosse soos ŉ reuse kombers vol gaatjies.

Gesteurd kyk sy na die vullis wat onder die tolbosse versteek lê: stukkende plastiek sakkies, ŉ leë Coke bottel, ŉ polistireen houer, ou papiere. Dis hoog tyd dat die munisipaliteit ŉ span goed-opgeleide skoonmakers hierheen bring om al die rommel te verwyder. Min dinge krap vir Jolanda só om as besoedeling van die omgewing, veral hier in die Kogelberg area wat beroemd is vir sy uitsonderlike gehalte van bergfynbos. Hans Ras was dol oor die natuur. Hy en sy het dikwels wandeltogte deur die Kogelberg reservaat onderneem. Soms het hulle hoog tussen die berge iewers in ŉ rondawel geslaap, omring deur berge in die reusagtige natuur. Net hulle twee alleen. Hulle het hulleself verbeel dat hulle die enigste twee mense op die ganse aarde is.

Driftig stoot sy die herinnering uit haar kop. Stop. Stop. Moenie daaraan dink nie.

Sy staar na die stamme en takkies van die tolbosse wat haar omring. Nadat sy ŉ bietjie gerus het, staan sy op. Haar kop steek net-net bokant die fynbos uit. Sy is bly dat sy ŉ hoofbedekking dra want op hierdie kort afstand kon haar swart hare maklik haar teenwoordigheid verraai het. ŉ Oomblik lank word haar aandag afgetrek deur die dreuning van ŉ vissersbootjie wat oor Valsbaai aangery kom en ŉ wit skuim-spoor agterlaat.

Geamuseerd skud sy haar kop. Die vissers kan maar vergeet om vandag hier ŉ enkele vis te vang; die robbe het klaar skoonskip gemaak van al wat vis was. Lank tuur sy deur die verkyker – na die misdaadtoneel en die omliggende gebied. Met die verkyker in haar een hand en die diktafoon in die ander, praat sy in die diktafoon.

"Tyd is nou twaalf honderd uur twintig minute. Ek is vyftig meter nader aan die misdaadtoneel as waar ek laas was. Ek sien nou duidelik daar is twee wagte wat die toneel bewaak, maar daar is geen teken van ŉ forensiese span nie. Moontlik het Niewenhuizen nog nie die forensiese afdeling in kennis gestel nie. Of anders is die forensiese afdeling te besig om ŉ span hierheen te stuur. Ek sal môre vir Derek Drummond bel, hoor wat die situasie is. Hy sal ŉ goeie bondgenoot wees om my op hoogte van sake te hou. Hy en Niewenhuizen het al vantevore vasgesit. Hy sal honderd persent met my saam stem dat Niewenhuizen onbekwaam is om ŉ ernstige misdaad soos hierdie te ondersoek."

Sy skakel die diktafoon af en dink ŉ rukkie voordat sy verder praat.

"Die afgebakende gebied is heeltemal te klein. Slegs die twee Rooiels bome is afgebaken terwyl die reëls stipuleer dat ŉ groter gebied hier afgebaken moet word sodat die ondersoekspan die omliggende gebied kan ondersoek om vas te stel of daar ŉ lyk begrawe is of nie. ŉ Strook van tien meter rondom die bome moes deel van die afgebakende gebied gewees het. Dis nie gedoen nie. Dus het die wagte wat al die hele naweek hier om die bome rondloop seker alle tekens van ŉ moontlike graf vernietig. Toe ek en Shaakirah hier was, het ek seker gemaak dat ons min spore agterlaat."

Sy skakel die diktafoon weer af en kyk ingedagte hoe ŉ suikervoël laag oor die bosse sweef. Met sy lang stert gaan sit die voël op die tak van ŉ protea-boom.

"Die kanse is goed dat Hans Ras se lyk hier begrawe lê," gaan sy voort. "Uit ŉ moordenaar se oogpunt sou hierdie die ideale plek wees om van die lyk ontslae te raak. Dalk was Hans Ras toe reeds dood. Of dalk het die moordenaar hom hier doodgemaak – maar in albei gevalle sou hierdie omgewing die mees geskikte plek vir ŉ graf wees, óf binne die beskutting, óf in die area rondom die beskutting. Wat ook al gebeur het, dit is dringend noodsaaklik dat die area so gou as moontlik deursoek moet word. Indien ŉ lyk hier ontdek word, sal ŉ outopsie waarskynlik aantoon wat die oorsake van die dood was. Dit kan lei tot ŉ spoedige identifisering van die moordenaar. Dus, op hierdie stadium is die heel belangrikste ding dat in hierdie omgewing ŉ sistematiese, deeglike soektog op tou gesit moet word om Hans Ras se lyk te vind. Tweedens moet al die ander bewysstukke op die misdaadtoneel so gou as moontlik deur ŉ bekwame forensiese span bymekaar gemaak en ontleed word."

*                    *                    *                    *

Met die slinger van die rekenaarsak oor sy skouer gehaak stap Zimmer deur die Kaapstadse lughawe en kyk nuuskierig rond. Hy voel uitgerus nadat hy die hele vlug vanaf Durban na Kaapstad geslaap het. Hy neem sy tas in ontvangs en doen ŉ toer deur die lughawe om homself te oriënteer.

Wie sou nou kon dink dat sy lewe so ŉ dramatiese wending sou neem? Vanaf ŉ rustige roetine-lewe in Durban – opstaan, werk toe, aandete, poker speel, woonstel toe, slaap – bevind hy homself skielik in ŉ wildvreemde omgewing. Hy het nie die vaagste benul waarheen hy op pad is en wat hy gaan doen nie. In plaas daarvan dat die onsekerheid hom pla, gee dit hom ŉ gevoel van vryheid, avontuur, afwagting. Vir die eerste keer in baie jare is hy in ŉ totaal nuwe omgewing, weg van bekende dinge en mense.

Die beste van alles is – hy is op vakansie. Presies wat hy nodig het ná al die drama van die afgelope week. Hy het al vantevore deur moeilike tye gegaan, maar nog nooit tevore het hy soveel drama in een enkele week ervaar nie. Eers was daar die uitmergelende voorbereiding vir die poker toernooi: ŉ intensiewe studie van Doyle Brunson se boek Super System oor poker strategieë; ure en ure se oefening in die casino; die toernooi by Krishna Pillay, en die verruklike oomblik toe hy die toernooi wen, gevolg deur Buster se skok-aanval op hom.

Hy grinnik. Geval van extreme make-over. Hero word zero.

Die mense wat verby hom loop kyk hom nog steeds snaaks aan. By ŉ boekwinkel koop hy ŉ koerant, ŉ kaart van die Wes-Kaap en ŉ boek van John Grisham. Daarna gaan sit hy in ŉ koffiewinkel om koffie te drink en ŉ plan van aksie te beraam. Sy vriende het hom aangeraai om Kaapstad te vermy en in ŉ stil vissersdorpie te gaan laag lê. Maar waar? Rory het die naam Onrus genoem. Onrus? Wat ŉ naam vir ŉ dorp. Wie wil nou gaan vakansie hou in ŉ dorp met so ŉ naam? Wat hy op hierdie stadium soek, is nie Onrus nie – daarvan het hy genoeg gehad – maar Rus. ŉ Rustige klein dorpie langs die see in ŉ mooi omgewing met vriendelike mense. Ver weg van casino's, bendes, misdaad.

Hy soek op die kaart rond totdat hy Onrus kry. Dis meer as ŉ uur se ry vanaf die lughawe. Wil hy regtig so ver ry? Hy gaan by ŉ toilet in en bekyk sy gesig. Dit lyk maar aardig nadat hy die grimering in Durban afgewas het. Die swelsel oor sy oog is effens minder maar sy oogkas is blou. Die stukkende plek onder sy ken is seer en ŉ roof het daarop gevorm. Hy smeer deurskynende salf op sy seerplekke en wend sy skrede na die *Motors te Huur* afdeling.

In die parkeer garage waar motors te huur is, steek hy vas in sy vier spore. Voor hom staan sy droom motor: ŉ roomkleurige Porsche 911 Turbo Cabriolet. Beïndruk staar hy na die klassieke lyne van die sportmotor: die windskerm sterk en glimmend; die prominente wieldoppe met eksklusiewe ontwerp; die bekleedsel en stuurwiel oorgetrek met weelderige ligbruin leer; die paneelbord van hout en leer wat harmoniseer met die bypassende afwerking van die rathefboom. Die dak van die motor is afgeslaan. Dit moet opwindend wees om in hierdie kar te ry met die wind deur jou hare. Toe hy die instrumentpaneel van nader bekyk, tref die bedwelmende reuk van die nuwe motor hom.

Wow! dink hy. Dis presies die tipe kar wat ek wil bestuur. En ek kan. Ek het mos nou die geld. Dan kan ek die Kaap invaar in styl!

Hy loop ŉ paar keer om die Porsche. Vir vyf minute woed daar ŉ hewige stryd in sy binneste, maar dan skud hy sy kop.

Hy het nou wel meer kontant in die bank as wat hy ooit vantevore gehad het, maar hy sal versigtig moet werk om te keer dat sy skielike meevaller nie soos seewater in die sand verdwyn nie. Minstens tagtig duisend rand moet hy behou as ŉ bankrol vir die aan-lyn poker wat hy van plan is om te speel. Met die res van die geld sal hy sy koste moet dek van hierdie onverwagte vakansie, plus sy gewone maandelikse verpligtinge. Hy sal ook ekstra toerusting moet aankoop as hy sy aan-lyn poker winsgewend wil maak.

Met ŉ stroewe gesig stap hy na die huur maatskappy se toonbank toe en huur ŉ ordinêre groen Hyundai Getz.

Tien minute later ry hy by die lughawe uit. Dis in elk geval net vir ŉ week, troos hy homself. Hopelik sal Rory teen daardie tyd Zimmer se eie kar Kaap toe kan bring.
Buite die lughawe draai hy links in die N2, trap die petrol pedaal dieper in en kyk nuuskierig om hom rond. Die omgewing lyk glad nie soos hy hom voorgestel het die Kaap sou lyk nie. Die lug is helderblou maar in plaas van asemrowende hoë berge en groen wynlande soos hy altyd in tydskrifte sien, is daar aan sy linkerkant slegs ŉ plat vervelige grasvlakte, en aan sy regterhand ŉ eindelose beton-heining waaragter honderde informele huisies sigbaar is.

Toe hy die radio aanskakel herken hy dadelik die kontrapunt klanke van ŉ Bach concerto. Dit neem hom terug na sy kinderdae. Sy pa, Lenhard Zimmer, het net na twee soorte musiek geluister – Bach en jazz. Vandat Zimmer se ma, Engela, in Pretoria dood is aan kanker toe Zimmer elf jaar oud was, was hy daagliks verplig om na hierdie twee soorte musiek te luister – Bach en jazz.

Ná sy ma se dood het Lenhard ineengestort. Hy was ŉ rekenmeester wat vroeër goed geld verdien het, maar ná Engela se dood het hy ten gronde gegaan. Hy kon haar dood nie

verwerk nie. Maande lank het hy gehuil, nag en dag, totdat hy sy werk verloor het. Toe het hy begin drink. Hulle het begin rondswerf in sy 1991 Mazda. Eers het hulle drie maande in Knysna gebly waar Lenhard tydelik as rekenmeester gewerk het totdat hy weens voortdurende afwesigheid afgedank is. Daarna het hulle na Upington toe getrek waar Lenhard vir ses maande gewerk het voordat hy daar ook afgedank is vanweë onbetroubaarheid. Vandaar het hulle na Middelburg getrek waar Lenhard ŉ tydelike werk gekry het. So het dit aangegaan: Port Elizabeth – Underberg – Camperdown – Vryheid – Pietermaritzburg – en nog ander plekke.

Orals waar hulle rondgery en gewoon het, het Lenhard sy gunsteling musiek gespeel: Bach en jazz. Omdat Lenhard se motorradio nie gewerk het nie, het hulle maar altyd net na bande geluister. Lenhard het een-en-twintig bande besit: elf bande van Bach se preludes en concerto's, en tien van jazz musikante Armstrong, Fitzgerald, Peterson, Marsalis. Zimmer het hierdie musiek baie goed leer ken. Vir die eerste twee jaar van hulle rondswerwery het Zimmer gedink Bach en jazz is die enigste twee musieksoorte wat bestaan.

Vir ŉ oomblik skrik Zimmer uit sy gedagtes en kyk om hom rond. Volgens die kaart is hy op pad na Onrus en Hermanus. Regs van hom staan self-geboude gehuggies styf teen mekaar op ŉ groot sandduin en onder langs die snelweg is ŉ tuisgemaakte speelgrond waarop tieners geesdriftig sokker speel. ŉ Ent verder verminder hy skielik spoed om te voorkom dat hy vier jong mans wat oor die snelweg hardloop, raak ry. Hulle hardloop na ŉ paar daklose murasies langs die pad. Sou hulle daar woon?

Hy ry verby ŉ een-stop vulstasie en ŉ bord met die naam "Macassar". Die omgewing langs die pad is nou ietwat mooier. Alles is heldergroen – die gras aan weerskante van die pad sowel as die bloekombome, doringbome en verskeie ander boomsoorte wat hy nie ken nie. Sy aandag word getrek deur ŉ klomp groot voëls met swart onderlywe wat hoog bokant die aarde verby vlieg in ŉ V-vorm, netjies in gelid. Hy glimlag. Dis iets wat hy nooit in Durban sien nie.

Sy gedagtes keer terug na sy kinderdae. Skoolbywoning was ŉ probleem. By elke dorp waar Lenhard tydelik werk gekry het, het Zimmer ŉ ruk skoolgegaan, hoofsaaklik om hom besig te hou, want hulle het nooit lank genoeg op een plek gewoon sodat Zimmer behoorlik onderwys kon kry nie. Buitendien het Lenhard sy eie idees oor onderwys gehad. Hy het geglo daar is net twee vaardighede wat enige kind hoef te leer: om goed te kan lees en om goed Wiskunde te doen. Hierdie vaardighede het hy van kleinsaf by Zimmer in gedril. Dit maak nie saak waar in die wêreld hulle twee gery of gebly het nie, Lenhard het gesorg dat sy seun elke dag drie vakke intensief bestudeer: Afrikaans, Engels en Wiskunde. Orals waar

hulle gekom het, het Lenhard tweedehandse boeke gekoop vir Zimmer om deur te werk: Afrikaanse en Engelse jeug verhale, avontuur romans, boeke soos Robinson Crusoe en The Kon-Tiki Expedition. Daarby het hy gedurig vir Zimmer addisionele Wiskunde tekste gekoop om deur te werk, tekste wat elke jaar moeiliker geword het. Saans moes Zimmer aan sy pa verslag doen oor hierdie studies, ongeag of sy pa dronk of nugter was. Selfs in tye wanneer Zimmer tydelik ŉ skool bywoon was sy pa se studie program die hoogste prioriteit.

Die gevolg van Lenhard se siening van onderwys was dat Zimmer niks geweet het van vakke soos wetenskap, geskiedenis en aardrykskunde nie maar uitgeblink het in lees en Wiskunde. Sy vaardigheid in lees en Wiskunde was, ná vyf jaar se rondswerwery saam met sy pa, heelwat hoër as dié van ander kinders van sy ouderdom. Hierop was Lenhard baie trots. Zimmer se uitgebreide kennis van Afrikaans, Engels en Wiskunde het sterk in sy guns getel toe hulle later in Durban gewoon het en Zimmer uiteindelik in Grade 10, 11 en 12 normale onderwys ontvang het.

Zimmer kyk op sy horlosie en sien dat dit amper drie uur is. Vir ŉ Sondagmiddag is die snelweg besonder besig en hoe nader hy aan Somerset-Wes kom, hoe erger word die verkeer. Toe hy deur Somerset-Wes ry, besluit hy skielik dat hy nie Onrus toe wil gaan nie. Dis te ver. Die verkeer irriteer hom. Hy voel moeg en wil liewer so gou as moontlik by ŉ rustige dorpie langs die see uitkom sodat hy tot verhaal kan kom ná al die omwenteling van die laaste paar dae. Hy het ŉ behoefte om te slaap en te ontspan.

Uiteindelik is hy deur die hewige verkeer. Met ŉ sug van verligting sien hy ŉ bord met ŉ pyl na regs waarop geskryf staan “Gordons Bay”. Hy draai daar in. Die pad vat hom al langs die voet van ŉ hoë berg. Hoe verder hy ry, hoe beter voel hy. Dit is ŉ plattelandse omgewing, plotte aan weerskante van die pad. Op een plek is ŉ goedversorgde perde-plaas met uitgestrekte grasperke waarop spierwit heinings pryk en daar is bruin perde wat in kampe wei. Die hele omgewing lyk genoeglik. Hy ry verby ŉ bord met die naam Little Foot Farm en grinnik. Waar sou die mense aan só ŉ naam kom? Orals heers ŉ heerlike landelike atmosfeer. Dit lyk soos die ideale plek vir ŉ mens om ŉ paar dae te ontspan en balans te kry.

* * * *

Jolanda klim met die trappies op van die herehuis in Faure-weg waarop daar in prominente letters geskryf staan *Sea Music Guest House*. Voordat sy die deurklokkie lui, kyk sy na haar klere. Sy skud die grond, gras en droë blare van haar kamoefleer-klere af, klim met die trappe op en lui die deurklokkie.

Die deur gaan oop en Shaakirah verwelkom haar met ’n drukkie. Soos gewoonlik vorm hulle ’n skrille kontras. Nie alleen troon Shaakirah bokant Jolanda uit nie, maar in teenstelling met Jolanda kan Shaakirah deur ’n ring getrek word. Sy dra ’n keurige geel rok met die soom bokant haar knieë, lang oorbelle en dun goue armbande aan haar arm. Haar gesig is foutloos gegrimeer. Langs haar lyk Jolanda soos ’n boemelaar met haar vuil klere en haar swart hare wat effens wild op haar kop staan.

Shaakirah lig haar wenkbroue.

“Dit lyk of jy verkenning gaan doen het,” sê sy geamuseerd. “Kom in! Vertel my alles.”

Nadat Jolanda badkamer toe was om haar hande en gesig te was en haar hare te kam, gaan sit hulle in die gastehuis se twee-vlak sitkamer met sy weelderige matte, drie leuning sofas in herfskleure, breë skuifraam-vensters en mooi uitsig oor Valsbaai. Met perfek gemanikuleerde vingernaels sit Shaakirah by haar Arzberg teestel en skink vir hulle Chai tee terwyl Jolanda verduidelik waarom sy kamoefleer-klere dra en wat sy alles op haar verkenningstog uitgevind het. Hoe meer sy praat, hoe meer ontsteld word sy. Sy vertel hoe Landman haar belet het om by die ondersoek in meng sowel as die feit dat sy ’n week lank op siekverlof is. Vir tien minute praat sy oor hoe sy agter die skerms haar eie ondersoek gaan doen om vas te stel wie vir Hans Ras vermoor het, sowel as al die foute en mistastings wat Niewenhuizen begaan.

Shaakirah sit en drink haar tee terwyl sy na alles luister. Sy gee vir Jolanda kans om al die opgekropte emosies uit haar sisteem te kry.

Nadat Jolanda die nuutste verwikkelinge vertel het, bly sy ’n paar sekondes stil voordat sy met ’n trilling in haar stem sê:

“Niewenhuizen is meer van ’n hindernis as ’n hulp. Pleks dat hy bewysstukke en leidrade bymekaar maak, is hy besig om hulle te vernietig. Ek sê jou, hy’t nie die vaagste benul wat hy doen nie.”

Jolanda skud haar kop en skink vir hulle nog Chai tee in.

“Wat’s volgende?” vra sy.

Jolanda kry ’n koppige uitdrukking op haar gesig, en sê driftig:

“Ek gaan nie rus voordat ek weet wat van Hans Ras geword het en wie verantwoordelik was vir sy verdwyning nie. Ek gaan alles wat Niewenhuizen doen met arendsoë dophou. En ek gaan my eie ondersoek doen – hier, onder die mense van Gordonsbaai. Veral die mense met wie Hans Ras in aanraking was gedurende die laaste paar dae voor sy verdwyning.”

“Watter mense gaan jy ondersoek?”

“Een van hulle is sy stiefsuster, Veronica. Sy en haar man woon ook hier in Gordons. Sy en Hans Ras het nie langs dieselfde vuur gesit nie. Veronica gaan baie meer geld erf noudat Hans Ras dood is as toe hy nog gelewe het. Ek wil met Veronica-hulle gaan praat en kyk hoe hulle reageer as ...”

Die telefoon in die kantoor lui en Shaakirah gaan uit om dit te beantwoord.

Jolanda dink oor Hans Ras se moord. Die moordenaars het kennis gedra van al Hans Ras se doen en late. Hulle het geweet hoe sy kar lyk, en hoe om daardie nuwe kar met al sy veiligheid fasiliteite te bestuur. Hulle het geweet hoe om sy kar te skaak sonder om aandag te trek of enige tekens agter te laat. Hulle het geweet wat sy bewegings gaan wees. Hulle het geweet hy gaan musiekaand toe. Hulle het geweet Jolanda is weg van die huis af, in die Vrystaat.

Hoe het hulle al hierdie dinge geweet?

Haar gedagtes dwaal oor alles wat ondersoek moet word en kom tot stilstand by haar grootste onmiddellike probleem: waar gaan sy ŉ privaat speurder kry wat haar kan help om die moordenaar te vind?

Dit gaan baie geld kos – geld wat sy nie het nie. Waarskynlik nooit sal hê nie.

Sy haal haar selfoon uit haar sak en skakel ŉ nommer.

“Hallo, Louise. Hoe gaan dit?”

“So goed as wat dit kan onder die omstandighede. Het julle al iets meer van Hans Ras uitgevind?”

“Nee. Ons wag nog dat die forensiese span moet kom om die saak te ondersoek. Maar intussen het ek weer gewonder of ons nie ŉ privaat speurder kan inkry nie. Ek onthou dat Oscar twee jaar gelede geweier het om vir een te betaal, maar miskien sal hy dit nou doen. Wat dink jy?”

ŉ Ruk is daar stilte. Sy hoor Louise sug.

“Ek kan probeer,” sê sy. “Oscar is nou nie meer so sterk as wat hy twee jaar gelede was nie. Hy is darem nou al een-en-tagtig. Miskien sal hy nou meer gewillig wees om ŉ privaat speurder aan te stel.”

“Dit sal baie help, Louise. Ons het nou baie nuwe leidrade. Maar die speurder wat die saak ondersoek is hopeloos.”

“Goed, Jolanda. Ek sal met Oscar praat. Hoeveel gaan ŉ privaat speurder kos?” vra Louise.

“Tien of twaalf duisend rand per week. So-iets. Plus uitgawes.”

“Goed, ek sal probeer. Oscar is ’n koppige man. Sal jou laat weet.”

“Dankie, Louise. Totsiens.”

“Totsiens.”

Ingedagte trek Jolanda haar vingers deur haar hare.

Die groot vraag bly steeds: Waarom sou iemand vir Hans Ras wou vermoor?

Skielik onthou sy weer die opmerking wat Hans Ras gemaak het die laaste keer wat sy met hom gepraat het – “Iemand wat ons ken is betrokke in misdaad.”

Wie is hierdie persoon? Het hy vir Hans Ras vermoor? Of was dit dalk ’n vrou? Hoekom wou Hans Ras nie sê wie dit was nie? Hans Ras het natuurlik ’n geheimsinnige streep gehad. Hy’t dit geniet om haar aan ’n lyntjie te hou. Maar sy sal haarself nooit vergewe dat sy daardie aand nagelaat het om hom te pols oor die identiteit van die persoon wat in misdaad betrokke was nie.

Hy het gesê een van sy werkers het hom van hierdie persoon vertel. Watter werker? Toe Craig Bantjies die verdwyning van Hans Ras ondersoek het, het hy al die werkers in Hans Ras se fabriek deeglik hieroor ondervra, en niemand het iets daarvan geweet nie. Nie eers Hans Ras se persoonlike assistent, Kara Texeira, het geweet nie. En Kara weet alles wat in die fabriek aangaan.

Shaakirah kom terug.

“Jammer, Jolanda. Daar was iemand wat ’n bespreking wou maak. Waaroor het ons nou weer gepraat? O ja, jy wil jou eie ondersoek doen, en met mense gaan praat wat vir Hans Ras gesien het voor hy verdwyn het. Jy wil met sy suster Veronica gaan praat. Wie nog?”

“Ek wil met al die mense van die musiekgroep praat. Hulle was die laaste mense wat hom gesien het voordat hy verdwyn het. Hulle is eintlik die hoof-verdagtes.”

“Hoeveel mense was daar in die musiekgroep? Bestaan die groep nog?”

“Ja, ons bestaan nog. Ons kom eenkeer per maand bymekaar. Daar is agt van ons. Daar is Ben Goussard, en sy vrou Lucille, en Otto, Lucille se seun.”

“Ja,” beaam Shaakirah, “Otto Harmse. Seun van Lucille by haar eerste man. Hy’s mos gay.”

“Reg. Mode ontwerper. Dan’s daar Bongi Mngadi, die bekende bas en sy vrou.”

“Hmm. Interessante mense.”

“Laastens is daar die De la Portes by wie se huis ons altyd bymekaar kom – Leo en Santa.”

“O ja. Ontsettend ryk.”

“Presies. Wel, dis die hele musiekgroep. Saam met my is ons agt ...” sê Jolanda

“Wil jy my vertel dat een van hulle vir Hans Ras vermoor het?” sê Shaakirah skepties.

Jolanda dink ŉ paar sekondes. Sy pers haar lippe op mekaar.

“Dalk het een van hulle ŉ donker kant.”

Hulle sit ŉ paar sekondes in stilte voordat Shaakirah sê:

“Al wat ek ...”

Die deurklokkie lui.

“Oh dear,” sê Shaakirah. “Wie kan dit wees?”

Sy loop deur die ruim sitkamer, met die trappie af tot by die voorportaal en maak die voordeur oop.

“Goeiemiddag,” sê ŉ manstem. “Ek soek akkommodasie. Het julle nog plek?”

“Kom gerus in, Meneer,” sê Shaakirah.

Sy loer by die sitkamer in en sê vir Jolanda: “Ek kom nou terug. Verskoon my net ŉ rukkie.”

“Als reg.”

Jolanda skink vir haar nog ŉ koppie Chai tee in. Ingedagte sit sy en tee drink. Sy masseer haar kopvel effens met haar vingerpunte. Net toe sy haar koppie optel om tee te drink, kom Shaakirah haastig by die sitkamer in, gevolg deur ŉ man.

“Jolanda skat, gee jy om as my gas ŉ rukkie hier by jou sit terwyl ek sy kamer in orde kry? Hy wil dadelik intrek.”

“Als reg,” sê Jolanda en staan op.

Langs Shaakirah staan ŉ onbekende jongman in ŉ verbleikte T-hemp en stukkende jeans. Hy is korter as Shaakirah maar ŉ kop hoër as Jolanda.

“Dankie,” sê Shaakirah en stap haastig uit.

Jolanda steek haar hand uit.

“My naam is Jolanda,” sê sy.

Die man vat haar hand.

“Ek is Zimmer,” sê hy.

Jolanda gaan sit op die oranje sofa en beduie vir Zimmer om op die liggroen sofa oorkant haar te gaan sit. Hy kyk in die sitkamer rond na die skildery van ŉ stillewe, ŉ spieël in ŉ raam van gesnyde hout en ŉ binnenshuise boompie met groen blare.

“Dis ŉ mooi gastehuis hierdie. Woon jy ook hier?” vra Zimmer.

Jolanda skud haar kop en sê:

“Nee, ek is ŉ vriendin van Shaakirah. Ons sit en tee drink.”

Sy kyk hom stip aan en buig nader.

“Wat het gebeur? Lyk of jy seergekry het,” sê sy en bekyk die kneusplekke op sy gesig.

Zimmer grinnik.

“Dis wat gebeur as mens poker speel en jy wen, en dan word die verloorder so kwaad dat hy jou plat slaan.”

“Is dít wat gebeur het?”

“Jip.”

Hy glimlag breed, ŉ besondere mooi glimlag wat stadig oor sy hele gesig versprei, ŉ ry wit tande ten toon stel en sy bruin oë laat vonkel.

Jolanda knip haar oë ŉ paar keer. Sy glimlag terug.

“En toe vat hy jou geld?” vra sy.

“Nee,” antwoord hy steeds glimlaggend. “In poker speel mens mos nie met geld nie. Jy speel met *chips*.”

“So, het jy darem jou geld behou?”

“Jip. Maar soos jy sien, is my gesig ŉ bietjie opgekrok.”

“Waar het dit gebeur?” vra sy. “Grand West?”

“Nee. Durban. Die ou wat my aangeval het, was baie aggressief. ŉ Gangster. My vriende in Durban het voorgestel dat ek vir ŉ ruk uit Durban moes gaan. Die gangster soek my bloed. Dis hoekom ek hier is.”

“Hoe lank gaan jy in die Kaap bly?”

Zimmer glimlag nonchalant.

“Wie weet? ŉ Week, ŉ maand ...? Let life happen.”

ŉ Rukkie is albei stil.

“Jy dra ŉ interessante uniform.,” sê Zimmer. “Is jy ŉ wildbewaarder?”

“Nee, nee!” sê Jolanda en skud haar kop. “Ek is in die polisie.”

“Watter afdeling?” vra hy belangstellend.

“Speurdiens.”

“O?’ sê hy. “Ek was ook in die polisie. Lank terug.”

“Hoekom is jy weg?”

Zimmer skuif ongemaklik rond.

“Dit was ŉ nagmerrie ... Hulle het my gepos na Wentworth in Durban. Verskriklike geweld. Baie bendes. Ek kon dit net vir twee jaar daar uithou. Toe bedank ek.”

"Wentworth! Ek neem jou nie kwalik nie." Jolanda skud haar kop. "Nee! Ek hoor daai plek is 'n maalkolk van misdadigers, bankrowers en dwelms! Hier op die Kaapse Vlaktes is ook sulke dele. Ek is bly ek werk nie in so 'n plek nie."

"Ja. Maar sê nou vir my, hoekom dra jy kamoefleer klere?" vra Zimmer weer.

"Dis 'n lang storie. Ek kan maar net sê ..." Jolanda bly stil om haar gedagtes agter mekaar te kry. "Twee jaar gelede het 'n man van Gordonsbaai spoorloos verdwyn. Die polisie het hom orals gesoek, maar ons kon hom nie kry nie. Ons het selfs berigte in die koerant geplaas en gevra dat mense wat iets van die vermiste man weet, na vore moes kom. Maar niks het gebeur nie. Vir meer as twee jaar soek ons nou al na die vermiste man. Kan hom nie kry nie. Maar twee dae gelede het ons 'n baie belangrike leidraad gekry. Vandag moes ek in die berg verkenningswerk gaan doen oor die saak. Dis waarom ek hierdie klere dra."

"Het julle hom gekry?"

"Nee. Maar ons het leidrade. Ek is jammer, ek mag nie eintlik daaroor praat nie."

"Toemaar, ek verstaan," sê Zimmer. "Ek moet sê, soms verlang ek terug na my dae in die polisie. Maar – " Hy skud sy kop. "Wentworth was net te erg. Drie van my makkers is daar doodgeskiet."

Sy kyk hom simpatiek aan.

"Dis erg."

Daar is 'n kort stilte voordat sy vra:

"Is jy 'n professionele pokerspeler?"

"Nee, hoegenaamd nie. Om professioneel te speel moet mens minstens 'n half-miljoen rand in jou bankrol hê." Hy lag. "Ek is glad nie in daai liga nie. Ek wil ook nie daar wees nie. Dis te stresvol. Ek sal baie eerder op 'n klein plekkie soos hierdie wil kom bly. Is dit lekker om in Gordonsbaai te bly?"

"Ja. Fantasties."

"Is jy gelukkig hier?"

Jolanda weifel 'n oomblik.

"Ja," sê sy. "Ek is. Hang af van watter soort geluk 'n mens praat. Ek is nou nie so gelukkig soos jy wat 'n klomp geld gewen het nie ..."

"Geld?" vra hy. "Geld alleen kan 'n mens nie gelukkig maak nie. Of wat dink jy?"

"Geld is belangrik as 'n mens dit nie het nie," antwoord sy. "Hoe meer geld mens het, hoe minder belangrik is dit."

Zimmer knik instemmend. Dan sê hy:

“Daar’s ŉ Chinese gesegde wat sê: om begeertes te probeer bevredig met besittings is soos om ŉ vuur te probeer blus met strooi.”

“Hmm. Dis ŉ goeie een.”

Ná ŉ stilte vra sy: “So, wat is jy van plan om te doen terwyl jy hier is?”

“Ek weet nie. Op die oomblik wil ek net rus. Van my wonde herstel. Wat is hier om te doen?”

“Dit hang af wat – ” begin Jolanda maar voor sy verder kom, kom Jolanda haastig by die vertrek in.

“Reg, meneer Zimmer. Jou kamer is gereed.”

Zimmer staan op.

“Dankie vir die lekker gesels,” sê hy vir Jolanda.

“Dis ŉ plesier. Geniet jou verblyf in Gordonsbaai.”

“Ek is seker ek sal. Totsiens.”

“Totsiens.”

Shaakirah en Zimmer het pas uit die kamer gegaan toe Jolanda se selfoon lui. Dis ŉ baie opgewonde Louise wat bel om te sê Oscar het ingestem dat hy vir ŉ privaat-speurder sal betaal, voorlopig tot op ŉ bedrag van veertig duisend afhangende van die resultate van die ondersoek.

Jolanda spring op. Sy begin soos ŉ dier in ŉ hok heen en weer in die sitkamer loop.

“Dis wonderlike nuus!” sê sy in die selfoon.” Ek kan dit nie glo nie! Ag dankie, dankie Louise. Ons sukkel nou al soveel jare om hom om te praat om te help. Ja! Ek het min hoop gehad dat hy nou sou instem. Baie, baie dankie! Ek kan dit nie glo nie. Uiteindelik! Nou kan ons begin beweeg! Fantasties! Ek sal jou laat weet sodra ek die regte persoon kry. Totsiens!”

Toe Jolanda die selfoon afskakel, sê Shaakirah opgewonde langs haar:

“Wat gaan aan? Vertel!”

“Ons kan ŉ privaat speurder kry. Hoera! Hans Ras se stiefpa sal daarvoor betaal,” sê Jolanda opgewonde.

Shaakirah gaan sit op die sofa asof haar bene onder haar wil meegee.

“Sowaar as wragtig! Ek kan dit nie GLO nie! Daardie dikvellige bedonderde ou bliksem! What made him change his mind?”

“Wat maak dit saak?” antwoord Jolanda. “Hy gaan betaal! Hy gaan betaal!”

Sy tel haar handsak op en stap voorportaal toe.

“Jy kan nie nou gaan nie. Ek wil nog kuier ...” protesteer Shaakirah. Sy loop agter Jolanda aan.

“Ek kan nie nou praat nie, Shakkie darling,” sê Jolanda beslis. “Ek het honderde dinge om te doen. Heel eerste wil ek na Nannie toe gaan en vir haar die wonderlike nuus vertel. Dan moet ek huis toe gaan en vir Craig Bantjies bel om te hoor of hy die ondersoek kan doen. Dan moet ek al my notas op datum kry sodat ek hulle vir die nuwe speurder kan gee – ook ’n verslag oor my verkenning van die misdaad-toneel vanoggend. Ek moet die forensiese afdeling bel. Ek moet reëlings tref vir die onderhoude wat ek môre wil doen met Hans Ras se stiefsuster en die eks-werksmense van Hans Ras. Dan moet ek nog ’n skema uitwerk om Landman se goedkeuring te kry vir die aanstelling van ’n privaat speurder. Jammer Shakkie.”

Sy gee vir Shaakirah ’n vinnige drukkie.

“Ek moet nou dadelik gaan,” sê sy en draf by die deur uit.

# HOOFSTUK 6

Die volgende oggend maak Jolanda verskeie oproepe. Heel eerste bel sy vir Landman om toestemming te kry dat ŉ privaat speurder mag aansluit by die span wat Hans Ras se verdwyning ondersoek. Landman stem in op voorwaarde dat die privaat speurder by hom moet aanmeld en met die polisiepersoneel van Gordonsbaai moet saamwerk.

Jolanda se tweede oproep is na Craig Bantjies. Sy vra of hy as privaat speurder die ondersoek kan doen, maar tot haar teleurstelling sê hy dis onmoontlik want hy is tot oor sy ore toegegooi met ŉ ondersoek oor die wanadministrasie van Robben Eiland en die twee speurders wat vir hom werk is net so besig. Hy bied darem aan om as raadgewer op te tree aangesien hy die Hans Ras saak besonder goed ken.

"Weet jy van iemand wat die inligting kan insamel en onderhoude met verdagtes kan doen?" vra hy. "Dalk ŉ afgetrede polisieman of iemand? Dan kan hy aan my rapporteer en onder my leiding leidrade opvolg?"

"Ek sal kyk wat ek kan doen," antwoord Jolanda. "Maar ek dink dit sal beter wees as ek ŉ ervare speurder in die hande kan kry."

Haar volgende oproep is aan Derek Drummond van die Forensiese Afdeling van die SAPD. Derek sê dat hy en sy span besig is om al hulle benodighede bymekaar te kry sodat hulle na die misdaadtoneel toe kan vertrek aangesien Niewenhuizen hom ŉ uur vantevore vertel het dat Hans Ras se kar ontdek is. Hy is vies omdat Niewenhuizen hom nie reeds Vrydag in kennis gestel het nie. Jolanda verduidelik vir hom die probleme wat sy met Niewenhuizen het.

"Ja. Ek onthou. Treurige trut," sê Drummond

Jolanda vra hom of hy weet van ŉ goeie privaat speurder wat sy kan gebruik. Drummond sê hy weet nie van een nie maar hy sal daaroor dink.

Jolanda se volgende oproep is aan Veronica Webster – Hans Ras se stiefsuster wat in Winslow, ŉ ander deel van Gordonsbaai, woon – om reëlings te tref om haar te sien. Sy wil vir Veronica vertel van die ontdekking van Hans Ras se kar en wil veral sien hoe Veronica reageer, omdat sy ŉ gevoel het dat Veronica en Chris meer van Hans Ras se verdwyning af weet as wat hulle voorgee. Sy en Veronica kom ooreen dat hulle mekaar om twaalfuur by Veronica-hulle se huis sal sien.

Jolanda gaan sit by haar lessenaar en werk. Buite sing die voëltjies vrolik. Dit laat haar na haar ouers se wildsplaas verlang. Hierdie tyd van die oggend melk haar pa gewoonlik

die melkkoei nadat hy haar kalfie in ʼn ander kraal gejaag het. Jolanda en haar pa is baie naby aan mekaar. Hy is haar held. Sy wens sy kon nou daar by hom staan terwyl hy die melk ritmies uit die spene spuit – zierts! zierts! zierts! – terwyl hulle gesels oor hoe sy te werk moet gaan in die soektog na Hans Ras. Twee dae gelede het sy hom gebel en hom vertel van die ontdekking van Hans Ras se kar, en hulle het lank gesels oor haar besluit dat sy die Hans Ras saak persoonlik wil ondersoek. Hy verstaan die opset in die polisie want in sy jong dae, voordat hy die plaas geërf het, was hy self ʼn paar jaar in die polisie. In hierdie situasie staan hy bankvas agter Jolanda. Hy is net so bekommerd soos sy oor die swak opleiding en diens in die polisie en stem saam dat sy dinge in eie hande moet neem. Sy kan altyd terugkom plaas toe as hulle haar afdank.

Sy kry haar rekords en verslae wat verband hou met Hans Ras se verdwyning en die ontdekking van sy motor op datum, maak duplikate van al die dokumente en sorteer hulle in twee eenderse hopies wat sy in hardeband dossiers bêre. Op elke dossier skryf sy: ***Dokumentasie oor vermiste persoon – HANS RAS***. Die dossier wat sy vir haarself wil hou, sit sy in haar skryftafel se laai en die een wat sy vir die privaat speurder wil gee, sit sy bo-op die skryftafel.

Nadat sy gestort het, trek sy ʼn styf-passende swart fluweel-broek aan oor haar maer heupe, en dra daarby haar los appelkoos-kleurige bloes met lang moue en ʼn hoë kraag. Sy trek swart skoene met ʼn drie-sentimeter hak aan sodat sy langer kan lyk, druk sewe goue en silwer ringe aan haar vingers en ryg veertien blink armbande aan haar arms. Sy borsel haar welige bos swart hare, wend ʼn donker-pienk lipstiffie aan haar lippe en parfuum agter haar ore. Sy pak ʼn notaboek, die een dossier oor Hans Ras, en ʼn paar ander benodighede in haar aktetas. Laastens maak sy haar brandkassie oop en sluit beide haar skoot-rekenaar en hand-rewolwer daarin toe.

Buite haar huis wat vier verdiepings bokant straatvlak staan, klim sy die vyf stelle sementtrappe langs die lendelam reëling af tot onder, sluit haar motorhuis met die gehawende deur oop, trek haar beige Corsa uit en ry eers met Faure-weg af en daarna met Strandweg in die rigting van Winslow waar Veronica-hulle woon.

Naby Bikini-strand sien sy vir Zimmer met die sypaadjie afloop see toe. Hy dra dieselfde stukkende jeans wat hy die vorige dag gedra het, maar ʼn ander kleur T-hemp. Sy parkeer en maak haar venster oop. Die sout geur van die see omring haar.

"Hallo, Zimmer," roep sy.

Zimmer kyk haar eers onseker aan en toe kom hy glimlaggend nader.

“Hallo. Ek het jou nie herken nie. Jy’s mos Jolanda. Jy lyk heeltemal anders as gister toe jy oorlog-klere gedra het,” sê hy.

“Dankie,” sê sy.

Jolanda klim uit, staan in die oop deur van haar kar en kyk na hom – sy welige hare, laggende bruin oë, fatsoen van sy mond.

Glimlaggend vra sy:

“Waarheen is jy op pad?”

“Nêrens. Ek kyk wat daar te sien is in julle dorp. Is daar spesiale plekke wat ŉ besoeker behoort te sien?”

“Definitief. Jy moet gaan kyk in die interessante klein winkeltjies by die strandfront, ŉ bietjie verder aan met hierdie straat. Dan is daar ook die nuwe moderne hawe aan die ander kant van die baai. Jy sal soontoe moet ry, dis taamlik ver. En moenie vergeet van die seiljagklub hier naby nie,” sê sy en beduie in die rigting waarvandaan sy pas gekom het.

“O, dankie. Dit klink interessant.”

“Die lekkerste van alles is om oor Valsbaai op ŉ seiljag te seil na Muizenberg toe. En tweede lekkerste is om te gaan berg klim.”

“Dit klink goed. Het jy tyd vir koffie?”

“Ongelukkig nie. Ek werk,” antwoord sy en kyk op haar horlosie.

“Werk jy saans ook?”

“Soms.”

Hy gee vir haar sy sonstraal glimlag.

“Miskien kan ons vanaand gaan saam eet. Dan vertel jy my meer van Gordonsbaai.”

Sy wonder of sy moet gaan. Vandat Hans Ras verdwyn het, gaan sy selde met mans uit en op die oomblik het sy baie om te doen omdat sy so gou as moontlik ŉ goeie privaat speurder moet kry sodat sy hom of haar oor die besonderhede van die saak kan inlig en die ondersoek kan begin.

Maar aan die ander kant ... dit sal lekker wees om weer ŉ slag uitgeneem te word vir ete. Zimmer lyk asof hy goeie geselskap kan wees. Sy het ŉ aangename gevoel oor hom. ŉ Lekker trilling. As hy net ordentlike klere wil aantrek.

“Miskien,” antwoord sy.

“As jy vir my die naam van ŉ goeie eetplek gee, kan ek vir ons ŉ tafel bespreek.”

Jolanda dink ŉ oomblik. Waarom doen sy dit nie? Die gedagte dat sy hom naby haar sal hê is opwindend. ŉ Paar sekondes lank worstel sy met ŉ drang om versigtigheid oorboord te gooi en die uitnodiging te aanvaar, maar dan bedwing sy haarself.

“Ek sal jou sê, gee vir my jou selfoonnommer. Dan bel ek jou later.”

Zimmer lees sy selfoonnommer en sy tik dit in.

“Is Zimmer jou naam of jou van?” vra sy.

“My van.”

“Noem almal jou op jou van?”

Hy frons.

“Jip. Ek hou nie van my voornaam nie,” antwoord hy.

“En dit is ...?” vra sy.

“Elmo. Soos in St. Elmo Pizza’s.”

Sy lag.

“So! Jy’s eintlik ’n pizza.”

Zimmer trek ’n gesig.

“Dan sien ek jou later?”

Jolanda klim in haar kar, trek die deur toe en maak haar venster oop.

“Miskien. Ek sal jou laat weet. Geniet jou sight seeing,” sê sy en vertrek.

Sy dink hoe sy Veronica Webster gaan benader want Veronica het ’n onvoorspelbare geaardheid wat wissel tussen vriendelikheid, oppervlakkigheid en ’n neiging om mense te manipuleer. In die dae toe Jolanda en Hans Ras verloof was het Jolanda geleer om buigsaam en aanpasbaar te wees wanneer hulle by Veronica kuier, en vandag sal sy weer daardie houding moet inslaan.

Die verhouding tussen Veronica en Hans Ras was problematies. Veronica was Hans Ras se stiefsuster. Haar pa, Oscar Pocock, was eers getroud met Veronica se ma. Daarna het hy met Hans Ras se ma – Louise – getrou. Hans Ras was Louise se onegte kind, maar Oscar Pocock het hom aangeneem. Hy het ook geldelike ondersteuning verskaf om vir Hans Ras die beste opvoeding te gee wat in Kaapstad beskikbaar was. Met verloop van tyd het Oscar en Louise nog twee kinders gekry. Gevolglik sal daar vyf erfgename wees wanneer Oscar sterf: Louise, Veronica, Hans Ras en die laaste twee kinders.

Hans Ras het meermale vir Jolanda gesê dat Veronica kwaad is want haar pa gaan net soveel geld aan Hans Ras nalaat as aan sy eie drie kinders. Veronica was kwaad hieroor. Sy het gevoel dis onregverdig. Dit beteken dat Veronica slegs agt miljoen rand gaan erf pleks van die tien miljoen wat sy sou erf indien Hans Ras buite rekening gelaat word. Sy en haar man het die ekstra twee miljoen baie nodig.

Nege maande later het Hans Ras verdwyn. Was dit toeval? Het Veronica dalk iets met Hans Ras se verdwyning te doen gehad? Sy, of haar man, Chris? Chris was in sy jong dae ’n

kassier in ŉ bekende bank en het homself opgewerk totdat hy ŉ paar jaar gelede aangestel is as takbestuurder van ŉ bank in Somerset-Wes, maar Chris en Hans Ras het nie langs dieselfde vuur gesit nie. Die verhouding tussen hulle was een van beleefde verdraagsaamheid.

Jolanda draai in by die ingang van die sekuriteit kompleks in Winslow waar Veronica en Chris Webster woon, kry toelating by die sekuriteitswag en ry ŉ hele ent op die teerpad tussen stylvolle huise deur totdat sy voor Nommer 13 parkeer.

Haar armbande klingel toe sy uit die motor klim en dit toesluit. Sy stap voordeur toe en lui die klokkie.

Veronica ontvang haar vriendelik en hulle loop sitkamer toe. Veronica is ŉ vrou in haar laat-veertigs, effens geset met ŉ ronde vriendelike gesig en ŉ bolla agter haar kop. Haar bril hang voor haar bors aan ŉ toutjie om haar nek. Die huis is keurig gemeubileerd, netjies en skoon. Van die kombuis se kant af kom daar die aangename reuk van ŉ vleis-pastei wat in die oond bak.

"Al my familie en vriende wil gedurig weet wat van Hans Ras geword het asof ék iets te doen gehad het met sy verdwyning," sê Veronica toe hulle sit . "Hoe moet ek nou weet? Ek en hy was baie naby aan mekaar, dis waar, hoewel hy baie jonger as ek was. Ek het hom gehelp grootmaak. Sy verdwyning was vir my ŉ groot skok.  En nou vertel my pa my dat Hans Ras se kar gevind is. Waar het hulle dit gevind?"

"Omtrent ses kilometer van Gordonsbaai af op die Rooiels-pad, versteek tussen bome," antwoord Jolanda en hou Veronica se reaksie fyn dop.

Veronica frons.

"Was hy binne-in die kar?" vra sy.

"Nee. Iemand het die kar daar versteek."

Veronica staar na Jolanda.

"Verdomde gangsters! So ... wat het van Hans geword?"

"Die polisie soek hom nog steeds. Ons vermoed dat hy dood is, maar ons kan nie verstaan waarom iemand ŉ motor sal skaak en dit dan op ŉ plek versteek waar ŉ mens ŉ hyskraan nodig het om dit uit te kry nie."

Veronica kyk haar fronsend en geskok aan.

"Wel, ek is glad nie verbaas nie!" sê sy vererg. "Van die begin af het ek gesê dit was die werk van gangsters wat hoog op drugs was. Hulle het seker probeer wegkom nadat hulle die kar geskaak het. Toe jaag hulle per ongeluk van die pad af. Gangsters is soos diere. Roofdiere. Gaan op instink."

Jolanda kyk aandagtig na Veronica. Glo Veronica werklik dat ŉ bende vir Hans Ras vermoor het of probeer sy die aandag van haarself aftrek? Speel sy toneel? Eintlik lyk sy normaal. Dis vergesog om te dink dat sy vir Hans Ras kon vermoor het.

"In elk geval, ek wou jou maar net kom vertel het wat die nuutste verwikkeling is. Hoe gaan dit met Chris?" vra Jolanda.

"Dit gaan darem aan. Hy praat mos nie eintlik nie. Hy's baie bekommerd oor sy werk. Daar word druk op hom uitgeoefen om vroeg af te tree. Regstellende aksie. Twee ander bestuurders is reeds gedwing om pakkette te vat om plek te maak vir swartes. Maar Chris weier volstrek. Hy sê hy kan dit nie bekostig nie."

Veronica sit terug in die gemakstoel en vou haar arms plegtig.

"Maar die bank voel vere. Hulle verplig mense. Chris kan enige dag ŉ pakket kry. Baie nagte slaap hy nie. Dwaal rond soos ŉ gees. Ek kry hom jammer."

Jolanda probeer die nuus verwerk. Sy weet nie wat om te dink nie. Daar mag wel regstellende aksies by die bank aan die gang wees, maar sy sal nie verbaas wees as daar ander redes is waarom Chris afgelê word nie. Chris het ŉ persoonlikheid probleem – iets waaroor Veronica se familie selde of ooit praat.

Jolanda kyk vir Veronica ondersoekend aan.

"Jou pa sal julle mos help as julle kort kom," sê sy.

"My pa! Moenie my laat lag nie. Hoe ouer hy word hoe suiniger word hy. Veral met my. Ek is mos sy éérste vrou se kind. Never mind dat ek die kind is wat die meeste vir hom doen!"

Sy herrangskik die bril-toutjie om haar nek.

Jolanda verwerk die nuwe inligting oor die Websters. Tot nou toe het sy gedink dat hulle geen geldelike probleme het nie, maar blykbaar is dinge nie so rooskleurig nie. Sy begin verstaan waarom Veronica haar pa se testament wou verander sodat Hans Ras uitgesny word sodat syself twee miljoen rand meer kon erf. Dis te verstane.

"Wat gaan van Hans Ras se kar word?" vra Veronica skielik. "Gaan hulle dit verkoop?"

"Die polisie doen nou forensiese ondersoeke op die kar. Daarna sal hulle dit na ŉ spesiale stoorplek toe neem."

"Ja, natuurlik. Maar daarna. Op die ou end gaan hulle dit seker verkoop? Dit is tog deel van Hans se testament?"

Veronica het ŉ bietjie van ŉ obsessie oor testamente, dink Jolanda.

"Ek weet nie," sê sy. "Gewoonlik hou hulle bewysstukke vir ewig."

Sy kyk op haar horlosie. Daar is ŉ soort spanning tussen haar en Veronica wat haar ongemaklik laat voel. Gelukkig begin Veronica praat oor Hans Ras en hoeveel sy na hom verlang.

Soos ŉ klippie wat in ŉ dam gegooi word, verskyn daar skielik in Jolanda se geestesoog beelde van Hans Ras wat hier saam met hulle sit. Sy en Hans Ras het gereeld hier saam met Veronica en Chris gesit en gesels. Dit voel soos ŉ dolk wat deur haar hart gaan. As sy vir Hans Ras net één keer weer kon sien. Dis buite die kwessie. Sy trek vars lug diep in haar longe en sug. Hans Ras is weg. Regtig weg.

Verbete byt sy op haar tande en forseer haarself om aan iets anders te dink.

ŉ Paar minute later, net toe sy van Veronica wou afskeid neem, hoor sy hoe iemand die voordeur hard toemaak. Die volgende oomblik kom Chris die vertrek binne en sy onthou skielik dat hy gewoonlik huis toe kom vir middagete. Hy is ŉ groterige man met ŉ effense maag wat oor sy belt hang – ŉ stil broeiende man, die tipe persoon wat ŉ mens nie kan peil nie. Hy groet Jolanda van ŉ afstand en wil deurloop sonder om te praat, maar Veronica keer hom en vertel hom van die ontdekking van Hans Ras se kar. Jolanda staan op om te loop en Chris vra vir haar ŉ paar vrae oor die area waar die kar ontdek is en wie dit ontdek het. Hy lyk bekommerd en sê dat hulle graag wil help, maar om een of ander rede vermy hy haar oë.

Waarom is hy so ontwykend? In die verlede was hy nie só erg nie.

Is hy dalk ŉ man met ŉ skuldige gewete? Daar kan baie redes daarvoor wees, redes wat niks met Hans Ras se verdwyning te doen het nie. Aan die ander kant, toe Craig Bantjies twee jaar gelede die verdwyning van Hans Ras ondersoek het, het hy die Websters ondervra en uitgevind dat Chris op die aand van Hans Ras se verdwyning nie tuis was nie. Chris het gesê hy was na die maandelikse vergadering van die Vrymesselaars waarvan hy ŉ lid is. Was dit die waarheid? Sover Jolanda weet het Craig nooit die egtheid van Chris se alibi ondersoek nie.

Was Chris miskien die persoon wat Hans Ras se kar geskaak het? Het Chris vir Hans Ras ingewag toe hy die aand van die musiekaand tuisgekom het en hom bewusteloos geslaan toe hy uit die kar klim? Chris is groter en sterker as wat Hans Ras was. Het Chris die bewustelose Hans Ras terug in die Mercedes gedruk, agter die stuurwiel ingeklim en na die plek op die Rooiels-pad gery – ŉ plek wat hy vooraf uitgesoek het? Het hy met die skuinste afgery tot onder die rooiels-bome, waar hy Hans Ras doodgemaak en in ŉ vlak graf tussen die fynbos begrawe het?

Chris is ŉ bankbestuurder, ŉ berekende man, geskool om alles tot in die kleinste detail korrek te doen. Boonop het Chris ŉ sterk motief gehad –twee miljoen rand. Selfs vir ŉ

bankbestuurder is twee miljoen rand baie geld. Hans Ras se dood het beteken dat Veronica nou tien miljoen rand gaan erf wanneer haar pa sterf in plaas van die agt miljoen wat sy sou gekry het as Hans Ras nog gelewe het. As ŉ bankbestuurder sal Chris weet hoe om twee miljoen rand só te belê dat dit hom ŉ hele paar duisend rand ekstra inkomste per maand sal gee indien hy vroeg moet aftree.

Jolanda wonder of die forensiese span vreemde vinger-afdrukke op die Mercedes se stuurwiel gaan vind. As Chris die moord gepleeg het, sou hy versigtig genoeg gewees het om geen vinger-afdrukke na te laat nie. Hy sou beslis handskoene gedra het. Maar selfs handskoene sal afdrukke op ŉ stuurwiel agterlaat. Waar sou daardie handskoene wees? En wat van die klere en skoene wat Chris sou gedra het indien hy die moord gepleeg het? Op die aand van die moord het dit verskriklik gereën. Daar sou spore van fynbos en modder op sy skoene en klere gewees het wat kenmerkend is van die area waar Hans Ras se motor gevind is. Is party van hierdie items dalk hier, in hierdie huis? Miskien lê hulle vergete in die motorhuis, iewers in ŉ hoek.

En die moordwapen? As dit ŉ vuurwapen was, is daardie vuurwapen dalk in hierdie huis waar sy nou staan? Is dit waarom Chris Webster so senuweeagtig en kortaf is?

Jolanda weet nie. Sy weet dat sy ŉ baie lewendige verbeelding het. Sy weet ook dat haar verbeelding soms met haar weghardloop. Chris is waarskynlik so onskuldig soos ŉ engeltjie op ŉ Krismis kaart. Maar sy is nie seker daarvan nie.

* * * *

Toe Jolanda by haar huis kom, haal sy haar selfoon uit en tik ŉ SMS: *Ons kan gaan eet by Holloway Continental Restourant. Ek ontmoet jou om 7 @ Sea Music Gastehuis. Jolanda.*

Sy stuur die SMS vir Zimmer. ŉ Minuut later SMS hy terug: "Mooi so. Sien jou."

Daarna bel Jolanda verskeie privaat speurder agentskappe. Sy sukkel om betekenisvolle antwoorde te kry oor wat hulle fooie is. Hulle weier botweg om te sê hoeveel geld hulle per uur of per dag of per week vra voor hulle nie eers ŉ persoonlike onderhoud met haar gehad het nie.

Sy wend haar na die internet. Daar is etlike webwerwe van privaat speurders in Kaapstad, maar weereens kan sy geen aanduiding kry van hoeveel dit gaan kos om ŉ privaat speurder in diens te neem nie. Buitendien weet sy nie by wie sy die beste diens gaan kry nie. Sy raak al hoe meer gefrustreerd. Die meeste webwerwe vereis dat sy ŉ kategorie moet stipuleer: geldwassery, diefstal, owerspel, moord, geldverduistering, vermiste persone,

assuransie bedrog, dwelms, koue gevalle, en vele meer, maar die ondersoek waarmee sy besig is, val in verskeie kategorieë – diefstal, vermiste persoon, menseroof, moord, koue geval, ensovoorts. Selfs dwelms en smokkelary kan nie uitgesluit word nie. Waarom maak speurder webwerwe nie voorsiening vir kategorieë soos "Ineengestrengelde Misdade" of "Multidissiplinêre Ondersoeke" nie?

Boonop verwag al die agentskappe dat sy skriftelik met hulle in verbinding moet tree, wat onrealisties is. Hierdie saak is eenvoudig te dringend. Hoe kan hulle so onprakties wees? Dit is buite die kwessie vir haar om nou ŉ korrespondensie te begin met verskeie agentskappe, afsprake met potensiële speurders te maak, die verskillende kandidate teen mekaar op te weeg, en uiteindelik die geskikste een te kies.

Sy het nog net ses dae siekverlof! ŉ Week van vandag af moet sy terug by die werk wees. Sy wil en sy gaan en sy moet die moordenaar voor daardie tyd vang.

Gefrustreerd loop sy heen en weer in haar woonvertrek. Wat gaan sy doen? As Craig Bantjies net beskikbaar was kon ...

Haar telefoon lui. Dis Adam, haar kollega met wie sy by die werk ŉ kantoor deel.

Sy gaan sit op die draaistoel voor haar lessenaar.

"Niewenhuizen vertel my hy is warm op die spoor van Hans Ras se moordenaar," sê Adam.

Ergerlik gooi Jolanda haar oë plafon toe.

"Wat bedoel jy? Het hy ŉ skuld erkenning gekry of iets?"

Adam grinnik.

"Glad nie. Hy gebruik maar net, soos hy sê, sy gesonde verstand. Hy glo dis die Cape Flat Kings wat vir Hans Ras vermoor het."

"Wat op aarde laat hom aan so-iets dink? Die CFK's is die grootste perlemoen-smokkel bende in die Wes-Kaap – so what? Wat het dit met die Hans Ras saak te doen?"

"Niewenhuizen glo dat Hans Ras op die punt was om ŉ groot operasie van die CFK's aan die polisie te rapporteer, en daarom het hulle hom vermoor. Of dalk het Hans Ras hulle op heterdaad betrap toe hy op pad huis toe was ná die musiekaand."

"Dit klink vergesog. Het hy enige bewyse of oog-getuies dat so-iets gebeur het?" vra Jolanda.

"Nee. Niewenhuizen sê Hans Ras het seker uitgevind waar die CFK's die perlemoen verwerk. Toe skiet hulle hom dood en dump sy kar onder die bome."

"Nee! Dis nie hoe bendes opereer nie!" sê Jolanda verontwaardig. "Hulle sou nooit sy kar op so ŉ ingewikkelde plek gaan dump het waar die polisie dit sou kry nie. Hulle sou ŉ

vals nommerplaat opgesit het en die kar vir hulle self gevat het, of dit verkoop het. Hierdie hele argument van Niewenhuizen klink soos 'n wolhaar-storie vir my. Wat dink jy?"

"Ek stem saam," sê Adam. "Tussen hakkies, wat dink jy van vandag se berig in die Burger?"

"Watse berig?"

"Daar's 'n berig oor Hans Ras se kar wat gevind is. Niewenhuizen het die koerant gebel en hulle van die ontdekking van die kar vertel."

Jolanda spring op asof 'n mamba haar gepik het.

"Wat!" roep sy kwaad uit. "Is daar 'n berig in die koerant daaroor?"

"Ja. 'n Lang berig."

"Is die man mal? Weet hy nie dat ondersoeke geheim gehou word nie?"

"Blykbaar nie. Hy wou sy gesig in die koerant sien."

Jolanda maak 'n gromgeluid.

"Wat sê Landman?" vra sy.

"Hy't ontplof! Die hele stasie skud! Ongelukkig kan hy nie vir Niewenhuizen van sy pligte onthef nie. Daar's niemand anders om oor te neem nie."

Jolanda byt op haar lippe om te verhoed dat sy nie onverantwoordelike dinge sê nie. Hard blaas sy haar asem uit .

"Die blêddie idioot! Ek gaan nou dadelik die koerant koop. Dankie vir die nuus, Adam," sê sy en plak die gehoorbuis neer.

Sy sluit die huis en trippel af met die trappe tot by haar motor. Haastig ry sy kafee toe, koop die Burger en lees die berig terwyl sy in die motor sit. Alles is daar – 'n foto van die bome waaronder Hans Ras se motor versteek is, 'n klein insetsel van Niewenhuizen se gesig en die storie:

> **Die polisie van Gordonsbaai het die motor van meneer Hans Ras wat twee jaar gelede saam met sy eienaar vermis geraak het, gevind. Die sportmotor was versteek in digte bome ongeveer twee honderd meter onderkant die Gordonsbaai-Rooiels-pad naby die mond van die Steenbras rivier. Speurder konstabel Pierre Niewenhuizen van die Gordonsbaai se polisie het gesê die SAPDD het meneer Ras se motor Vrydagmiddag gevind nadat 'n bergklimmer die polisie daarvan in kennis gestel het. Op 'n vraag of daar enige menslike oorskot in of naby die motor gevind is, het**

**speurder konstabel Niewenhuizen geantwoord dat hy geen kommentaar daarop mag lewer nie.**

**Meneer Hans Ras (30), eienaar van Cape Pre-cast Concrete in Firlands het op die aand van 18 Julie 2008 onverklaarbaar verdwyn toe hy ...**

Dan beskryf hulle hoe Hans Ras verdwyn het en die uitgebreide soektog na hom en sy motor.

Jolanda skud haar kop. Dis tipies van Niewenhuizen om in die kalklig te wil wees en nog boonop sy feite verkeerd te kry. Hy sê die kar is deur ŉ bergklimmer ontdek in plaas van ŉ toeriste beplanner. Maar die ergste is dat hy na die koerante toe gegaan het. Dit kompliseer die hele saak. Die moordenaar of moordenaars weet nou dat die polisie hulle soektog na die skuldiges gaan intensiveer, en dat hulle dieper moet wegkruip, en terselfdertyd voel die gemeenskap onveilig omdat hier moontlik ŉ moordenaar is wat op vrye voet rondloop. Boonop gaan daar nou nuuskierige mense wees wat die misdaadtoneel gaan besigtig en sodoende die polisie se werk bemoeilik.

Sy sug. Niewenhuizen word al hoe meer van ŉ probleem.

*    *    *    *

Daar is ŉ warm, weelderige atmosfeer in die *Holloway Continental Restaurant* met sy gesellige kaggel en ŉ groot skildery van die luukse Hotel Holloway wat eens op ŉ tyd die trots van Gordonsbaai was. Jolanda en Zimmer loop oor die dik mat agter die hoof kelner aan verby gedekte tafels met spierwit tafeldoeke en elegante rooi-bruin stoele. Op die agtergrond speel sagte instrumentale musiek. Die tafel wat die kelner vir hulle aandui om by te sit, is langs ŉ wye venster wat op Valsbaai en Gordonsbaai se nuwe hawe uitkyk.

Jolanda dra dieselfde klere as wat sy die oggend aangehad het sowel as haar gunsteling versameling armbande en ringe. Sy voel teleurgesteld omdat Zimmer nog steeds dieselfde gehawende klere dra as wat hy die oggend aan gehad het. Sy wou iets daaroor gesê het toe hulle mekaar by *Sea Music* ontmoet het, maar het besluit om stil te bly eerder as om die aand te bederf.

Nogtans, sy geniet dit om by hom te wees. Hy amuseer haar. Dis heerlik om weer ŉ slag saam met ŉ aantreklike man uit te gaan. Elke keer as hy in haar oë kyk, voel sy hoe die bloed na haar wange toe gaan.

Zimmer bestel wyn vir Jolanda en ŉ coke vir homself. Toe sy hom daaroor uitvra, sê hy kortaf:

”Drank akkordeer nie met my nie.”

Daar kom ŉ kort, ongemaklike stilte tussen hulle. Jolanda wonder of hy dalk ŉ alkoholis is. Onverwags verander hy sy houding. Hy vra om verskoning omdat hy so kortaf is en verduidelik dat drank vir hom ŉ sensitiewe saak is omdat sy pa ŉ drank-probleem ontwikkel het nadat sy ma oorlede is. Hy vertel haar kortliks van die swerwersbestaan wat hy en sy pa gevoer het, hoe hulle uiteindelik in Durban "uitgespoel" het, en hoe sy pa daar van sy alkoholisme herstel het. Wat dit alles met sy weersin in drank te doen het, sê hy, dit weet hy nie. Maar op ŉ onverklaarbare manier het iets in sy kop geknoop wat veroorsaak het dat hy die smaak van drank haat. Veral wyn. Dit smaak soos terpentyn.

Tussen slukkies wyn deur luister Jolanda na hom. ŉ Nuwe liggie gaan in haar brein aan. Sy verstaan waarom hy geen klere-sin het nie. Dis natuurlik die vroulike invloed wat ontbreek het in sy opvoeding. Vroulike smaak, ŉ sin van skoonheid en aandag aan voorkoms – dit het ontbreek. Maar hoe kom hy daarmee weg by sy werk? ŉ Verkoopsman moet tog darem sinlik aantrek.

Die kelner neem hulle bestellings. Vir voorgereg bestel Jolanda Noorweegse salm koekies op gestoofde fennel met lemoen bottersous. Zimmer bestel ŉ "voorgereg" bestaande uit ŉ dubbel-gebakte sjokolade soufflé met karamelsous. Hy sê hy eet altyd sy nagereg eerste. Dit maak nie sin uit om die lekkerste kos vir laaste te los nie.

Die aand word al hoe geselliger. Hulle ontdek dat hulle eetgewoontes reëlreg met mekaar bots. Sy is gesondheidsbewus, ŉ vegetariër wat vis eet, terwyl Zimmer se stapelvoedsel bestaan uit vleis, vleis en vleis, plus brood. Nadat hulle die voorgeregte genuttig het, wag hulle vir hulle hoofgeregte en leer mekaar beter ken.

Op ŉ stadium plaas hy sy hand op hare en kyk in haar oë.

"Jammer as ek die hele tyd na jou staar," sê hy. "Jy is verskriklik mooi. Ek het jare laas met ŉ vrou uitgegaan maar jy ... Ek weet nie. Jy het my voete onder my uitgeslaan."

Jolanda voel ŉ vreemde opwinding, ŉ groeiende hunkering. Hulle staar na mekaar. Sy voel hoe die bloed onder haar vel opstyg teen haar nek op. Sy bloos.

"Ek ken jou skaars," sê sy.

Zimmer lag. Hy vat sy hand weg.

Jolanda maak haar oë toe, voel die warm plek waar sy hand was.

Zimmer vertel haar dat hy graag ŉ paar weke in Gordonsbaai wil deurbring mits hy goedkoper verblyf kan vind. Wat hy wel mis is die opwinding daarvan om poker te speel. So-

iets gaan sit in ŉ mens, sê hy, en as jy skielik daarsonder moet klaarkom dan is jy so half in ŉ dwaal. Toe Jolanda voorstel dat hy by Grand West of Caledon casino moet gaan speel, verduidelik hy dat hy nie naby enige casino wil gaan nie omdat hy glo dat daar by alle casino's gangsters is wat op die uitkyk vir hom is want daar is ŉ prys op sy kop.

Terwyl hulle hulle hoofgeregte eet, kom daar ŉ nuwe wending in die gesprek toe Zimmer vra of sy al die vermiste man van wie sy hom die vorige dag vertel het, gevind het. Eers weet Jolanda nie wat om te antwoord nie. Die vorige dag was sy bang om hom die ware toedrag van sake te vertel, maar nou voel alles anders. Dis asof sy Zimmer al lank ken. Hulle sit in ŉ heerlike restourant. Die kos is uit die boonste rakke. Sy en Zimmer is op dieselfde golflengte. Die wyn laat haar plesierig voel. Die lewe is ŉ lied.

Dus gooi sy alle versigtigheid oorboord en vertel hom die hele storie van Hans Ras – wie hy was, hoe hy kort voor hulle troue verdwyn het, die jarelange soektog na hom en die jongste verwikkeling toe sy motor onder die bome gevind is. Sy vertel hoe sy wederregtelik na die silwer Mercedes gaan kyk het, hoe ontsteld haar baas is en dat sy vir ŉ week lank op siek verlof gesit is. En dis waar sy nou is.

Zimmer vra vrae tussen in en luister met groot belangstelling na die storie. Aan die einde daarvan glimlag hy breed en klap sy hande.

"Bravo! Jy's ŉ fantastiese verteller! Jy moes ŉ aktrise gewees het!"

Jolanda stut haar ken op haar handpalm en kyk hom geamuseerd aan.

"En jy's ŉ goeie luisteraar," sê sy. "Kom ons praat oor iets anders."

"Ag nee! Jy kan nie dít aan my doen nie! Dis soos om in die middel van die fliek die projektor af te skakel."

Die kelner verskyn met die nagereg spyskaart. Jolanda bestel gevriesde swartbessie mousse met seisoenale vrugte, en Zimmer koffie.

Hy kyk afwagtend na Jolanda.

"Vertel verder!"

Jolanda drink die laaste slukkie wyn uit haar glas en sit terug in haar stoel. Sy bedink die situasie. Haar normale gedrag is om glad nie met buitestaanders oor ŉ misdaad te praat wat sy besig is om te ondersoek nie. Selfs met haar kollegas praat sy selde oor haar metodes, vermoedens en bevindinge tydens ŉ lopende ondersoek sodat inkriminerende inligting nie voor die verhoor uitlek nie. In hierdie geval praat sy met ŉ vakansieganger van Durban en dit lyk of hy die inligting vir homself sal hou, maar hoe weet sy?

"Luister," sê sy. "Ek het nou al reeds te veel gesê. Jy mag niks hiervan vir enige iemand sê nie. Alles is verskriklik vertroulik. Ek weet nie wat oor my gekom het dat ek dit alles vir jou vertel nie."

Zimmer kyk in stilte na haar hande vol verskillende ringe en die voëltjie tatoe op die agterkant van haar hand. Hy gee vir haar sy sonstraal glimlag.

"Wat het jy om te verloor? Vertel my nog net ŉ bietjie meer. Ek kan jou verseker ... As daar een ding is wat poker my geleer het, is dit om ŉ geheim te bewaar."

Jolanda knip haar oë besluiteloos. Sy speel met haar armbande.

"Wel ... ek skuld jou seker iets vir hierdie uiters smaaklike ete ..."

"Jip," sê hy tergend. "Jy skuld my beslis."

Sy kyk hom strak aan. Hy is ŉ oulike ou. Sy een oogbank is pers en daar is ŉ roof onder sy ken en sy kleredrag is skokkend, maar hy is gaaf. Baie goeie geselskap. Intelligent. Boonop is hy sensueel. ŉ Rilling gaan deur haar lyf.

"Goed," sug sy. "Ek sal jou nog een ding vertel. Maar jy bly doodstil daaroor, belowe."

"Natuurlik," antwoord hy en leun vorentoe.

"ŉ Fantastiese ding het gebeur!" sê sy opgewonde.

"Hans Ras se stiefpa het ingestem dat ek ŉ privaat speurder kan kry! Hy gaan daarvoor betaal!"

"Wonderlik! Het jy al ŉ speurder gekry?"

"Nee. Maar ek gaan. Môre, as ek kan."

"Waar?"

"Ek weet nie," sê sy fronsend. "Ek soek nog."

Sy vertel hom van die teleurstelling dat Craig Bantjies se firma dit nie kan doen nie en dat sy al die hele middag tevergeefs na ŉ goeie privaat speurder soek.

"Ek soek eintlik net iemand wat bereid is om te doen wat ek vir hom voorsê om te doen," verduidelik sy.

Die nagereg en koffie arriveer.

Zimmer sit ŉ ruk doodstil. Hy skuif rusteloos op sy stoel rond. Hy stut sy wang op sy vuis en staar na die tafeldoek voor hom. Hy trek sy skouers op asof hy met iemand redeneer en laat sak hulle weer. Hy drink ŉ sluk koffie.

Eindelik sit hy terug in sy stoel, vou sy arms plegtig en kyk in Jolanda se oë.

"Ek sal jou privaat speurder wees," sê hy.

Jolanda laat val haar lepel.

“Jy?” sê sy verbouereerd.

“Ja, ek.”

Sy hou op met eet en kyk hom ondersoekend aan. Sy bruin oë is onpeilbaar.

Woordeloos kyk hulle na mekaar. Sy knip haar oë ŉ paar keer, kyk weg en gee ŉ diep sug.

“Het jy nie ŉ werk nie?” vra sy.

“Jip. Ek werk in ŉ rekenaarwinkel. Maar ek kan nie nou teruggaan Durban toe nie. Iemand wil my doodmaak. Ek hoop die skurk word binnekort gevang. Maar intussen is ek beskikbaar.”

“Vir hoe lank?” vra Jolanda.

“Minstens ŉ week of twee. Waarskynlik langer. Ek moet sê – met al jou gepratery het ek skielik die honger vir polisiewerk weer teruggekry. Presies wat moet die speurder wat jy aanstel doen?” vra Zimmer.

“Twee baie belangrike dinge. Die eerste is dat hy by die forensiese span moet aansluit en my op hoogte hou van alles wat hulle doen en uitvind. En tweedens moet hy verdagtes besoek en hulle uitvra oor Hans Ras se verdwyning.”

“Interessant.”

Jolanda bly stil. Dis ŉ voldonge feit dat sy so gou as moontlik ŉ speurder in die hande moet kry, maar is Zimmer ŉ geskikte persoon? Sy weet baie min van hom. Is hy wat hy voorgee hy is? Het hy werklik polisie opleiding gehad? Kan ŉ mens ŉ pokerspeler vertrou? Tog lyk hy na ŉ eerlike, betroubare ou, en hoewel hulle mekaar skaars ken, hou sy van hom en hulle kom besonder goed klaar. Dit sou beter gewees het as sy saam met ŉ ervare privaat speurder kon werk, maar waar gaan sy een in die hande te kry nie? Dit sal natuurlik gerieflik wees as dit een is wat in Gordonsbaai woon.

Sy hou haar hand voor haar mond, gee ŉ groot gaap en kyk besluiteloos om haar rond. Sy het ŉ strawwe dag gehad. Die wyn het na haar kop toe gegaan. Sy wil by die huis kom.

Toe sy later voor *Sea Music Guest House* stilhou om vir Zimmer af te laai, draai hy na haar toe, sit sy hande weerskante van haar gesig en soen haar – ŉ lang, sagte soen. Aanvanklik is sy passief, maar onverwags gaan daar ŉ siddering deur haar lyf. ŉ Wilde passie neem van haar besit. Voor sy besef wat gebeur, soen sy hom met volle oorgawe terug. Vir etlike sekondes vibreer hulle lippe teen mekaar.

Skielik kom sy tot haar sinne.

“Jy moet nou gaan,” sê sy uitasem en stoot hom saggies weg. “Dankie vir die heerlike aand, maar – regtig – ek moet nou gaan. Ek kan nie langer bly nie. Sien mekaar môre ...”

Sy skakel die motor aan.

Verstar kyk Zimmer na haar voordat hy breed glimlag en sê:

"Dankie, Jolanda. Dankie, dankie vir alles. Dit was 'n wonderlike aand. Sien jou môre."

Hy klim uit die motor, druk die deur saggies toe en verdwyn in die rigting van die gastehuis.

Jolanda ry stadig huis toe met die gedoef-doef van haar hart in haar ribbekas. Al waaraan sy kan dink is die besitlike gevoel van Zimmer se warm hande om haar gesig – die toorkrag van sy soen – die gloed wat deur haar lyf pols.

# HOOFSTUK 7

Dis nag. Soos ŉ besetene worstel hy deur die digte bosse en takke, forseer sy liggaam tussen die dun stammetjies van dosyne koorsbome, berg-seringe, laventelbome en ander gewasse in ŉ desperate poging om die kloue van die luiperd mannetjie te ontduik. Sy asem jaag. Die luiperd is dertig treë van hom af. Vreesbevange sukkel hy om die rand van die bos te bereik, maar die bome is ruig en die plantegroei te styf ineengestrengel om te ontsnap. Die luiperd kom nader. ŉ Oomblik lank flits die dier se oë in die donker. Die naglug is warm en bedompig. Sy hemp is geskeur. Paniekerig worstel hy deur die bome en bosse. Skielik word sy pad versper deur die stam van ŉ groot seringboom wat omgeval het. Hy kan nie onder deur kruip nie. Hy trek homself op teen die takke en klim oor die yslike stomp. Hy kry ŉ diep krap op sy bo-arm. Bloed loop by die wond uit en teen sy arm af. Dis pikdonker. Uitasem spring hy van die boomstam af op die grond en beur koorsagtig vorentoe deur die massa boomstamme wat sy pad versper. Desperaat sukkel hy om buite bereik van die luiperd se kloue te bly. Die luiperd gee ŉ diep grom. Hy is vyf treë van sy prooi af. Hy trek sy bo-lip op. Sy slagtande gaan oop. Sy geel oë glim in die donker. Hy trek sy bolyf ineen soos hy gereed maak om sy prooi te bespring ...

Zimmer skrik wakker. Verligting spoel oor hom toe hy besef hy het gedroom. Hy kyk om hom rond. Hy lê op ŉ dubbelbed en ŉ streep sonlig skyn langs hom op die spierwit lakens. Links van hom is vensters – muur tot muur vensters met roomkleurige rame en twee glasdeure wat uitgaan op ŉ groen grasperk buite. Hy slaak ŉ sug van verligting. Hy is in *Sea Music Gastehuis* in Gordonsbaai.

Hy sit regop in die bed – knyp sy oë styf toe om die beeld van die luiperd uit sy kop te kry. Skielik ervaar hy weer die skrikwekkende oomblik op die Durbanse strandfront: Glasoog met die springmes aan die eenkant, Aggro met die gebreekte bottel aan die ander kant ... Hy gril. Hoe meer hy die prent uit sy kop probeer kry, hoe meer flits dit op onverwagte tye deur sy brein. Gaan daardie ervaring vir die res van sy lewe soos ŉ rolprent in sy psige vassit?

Buster is agter sy bloed aan. Eers was daar Buster self wat vir Zimmer by die poker toernooi aangerand het. Toe was daar Aggro en Glasoog op die Durbanse strandfront wat Zimmer probeer vermoor het. Toe was daar skelms wat by Zimmer se woonstel in Umhlanga Rocks ingebreek het. Toe was daar die agtervolging wat plaasgevind het terwyl Zimmer en Rory na King Shaka Lughawe gery het. Buster is ontsettend magtig in die onderwêreld. Niks

kan hom stuit nie. Hy is ŉ maniak. Buster wil vir Zimmer dood hê en hy is ŉ man wat kry wat hy wil hê.

Waarom? Waarom wil Buster hom so graag dood hê?

Dink oor iets anders. Gisteraand was baie aangenaam saam met Jolanda en hy is dolverlief op haar. Sy is onweerstaanbaar – klein gebou, taamlik baie sproete, intelligente groen oë en daar straal ŉ energie uit haar uit wat hom fassineer. Boonop lyk dit asof sy ook van hom hou. Kan daar dalk iets tussen hulle ontwikkel? ŉ Vakansie romanse? Die gedagte is duiselingwekkend.

Dis meer as drie jaar sedert hy laas ŉ verhouding gehad het en daardie verhouding het sleg geëindig, want haar ouers was teen Zimmer gekant, en toe sy hom finaal in die pad steek, was alles baie pynlik. Totdat hy begin poker speel het. En sedertdien was dit net poker, poker en poker. Al sy vrye tyd het hy daaraan gewy.

Wat het hom gisteraand besiel om aan te bied om vir Jolanda te help met die ondersoek oor Hans Ras se verdwyning? Asof hy nie self genoeg probleme het nie. Die enigste rede waarom hy dit gedoen het, was om haar te beïndruk.

Hy sug. Dit was ŉ fout.

Hier is hy op vakansie vir die eerste keer in twee jaar, en nou bederf hy dit alles met ŉ belaglike aanbod aan ŉ wildvreemde vrou dat hy saam met haar wil werk omdat hy op haar verlief is. Hy gee voor dat hy die dapper held is wat haar kan bystaan in haar soektog na die moordenaar van haar gewese verloofde bloot eenvoudig omdat hy haar meer dikwels wil sien. Hoe meer hulle bymekaar is, hoe beter is die kanse dat hulle ŉ vakansie romanse kan hê.

Dis waarom hy aangebied het om haar met die ondersoek te help. Waarskynlik is sy bewus daarvan.

Was dit ŉ goeie beweging? Wil hy regtig teruggaan en polisiewerk doen? Elke dag vrees vir sy lewe?

Hy weet nie. Hy kan nie nou sy woord breek nie. Miskien het hy sy hand oorspeel toe hy aangebied het om die speurwerk te doen, maar dis nou te laat om kop uit te trek. As Jolanda sy aanbod aanvaar sal hy sy woord gestand moet doen. Dalk aanvaar sy nie die aanbod nie. Of, as sy dit wél aanvaar, hoop hy dat sy nie van hom sal verwag om in gevaarlike situasies soos ŉ super held op te tree nie. Hoewel hy dit kan doen – as hy móét – stres dit hom uit en dit was waarom hy uit die polisie bedank het.

Aan die anderkant – ŉ golf begeerte spoel oor hom. Jolanda is soos ŉ magneet. Hy voel hulpeloos. Hy wil haar vel teen syne te voel, roerend en intens. In sy verbeelding sien hy haar pOlsonde wit nek en verleidelike mond. Oor en oor herleef hy hulle afskeid van die

vorige aand – hoe salig dit was om aan haar te raak, haar lippe op syne te voel, die lang, sagte soen wat al hoe intenser geword het totdat sy dit skielik beëindig het.

A! Die vreugde van liefde en lewe! Waarom nie? ʼn Vakansie romanse kan niemand kwaad doen nie. Wanneer hy terugvlieg Durban toe sal hy soos ʼn koning voel.

Hy sug. Alles wensdenkery. Haar hart behoort nog aan ʼn man wat oorlede is.

Onder die stort begin hy weer beter voel. Terwyl hy skeer, bekyk hy die wonde in sy gesig. Hy is spyt dat die swelsels op sy linker-wang en regteroog nog steeds ʼn bietjie blou is.

Vinnig trek hy sy laaste stel skoon klere aan – ʼn uitgewaste sweetpak-broek en ʼn swart T-hemp wat albei beter dae gesien het. Dis presies soos hy daarvan hou. Die beheptheid wat mense met klere het, was nog altyd vir hom onverstaanbaar. Sy nonchalante houding teenoor klere het in sy kinderjare begin toe sy pa ʼn weersin gehad het in mense wat mooi klere dra. Dis valsheid, het sy pa gesê. Hulle doen dit net om ander te beïndruk. Pleks daarvan dat hulle konsentreer op eerlikheid en harde werk en karakter bou, is hulle behep met mooi klere. Hulle gee voor dat hulle iets is wat hulle nie is nie. "Mense wat mooi klere dra is gewoonlik vals. Dis pure skynheiligheid," het hy altyd gesê. "'Maak liewers vriende met goeie mense wat eenvoudig aantrek as moordenaars met mooi klere."

Hierdie woorde van sy pa was ironies en profeties want op die end het sy pa self in die slagyster van mooi klere getrap toe hy vir Buster gewerk het waar hy verplig was om duur pakke klere te dra, en waar hy uiteindelik doodgemaak is deur moordenaars met mooi klere. Met al hierdie herinneringe is mooi klere vir Zimmer ʼn netelige saak. Hy is op sy gelukkigste wanneer hy verslete klere dra, hoewel hy verplig is om ordentlik aan te trek wanneer hy werk toe gaan.

Maar nou is hy op vakansie. Hy kan homself wees.

Hy kyk op sy horlosie en skakel Jolanda se nommer. Nadat hulle gegroet het, sê sy:

"Ek het netnou met die privaat speurder Craig Bantjies gepraat oor die moontlikheid dat jy aangestel kan word om die saak te ondersoek."

"Wat sê hy?" vra Zimmer.

"Hy het sy sekretaresse aangesit om jou credentials na te gaan. Hy sal my binnekort laat weet of dit in orde is. Maar hy klink positief. Wil jy die werk hê of nie?"

"Jip. Ek wil."

"Ek hoop jy het beter klere om te dra as stukkende jeans en ʼn T-hemp."

Onmiddellik is Zimmer kwaad. Hy het lus om die selfoon af te skakel. Hy weet dat dit sommige mense pla dat hy onortodoks aantrek, maar dis baie selde dat hulle hulle misnoeë verbaliseer. Tot nou toe het dit gelyk asof Jolanda sy kleredrag aanvaar.

ʼn Ruk lank sukkel hy om sy emosies onder beheer te kry.

"Ek het nie ander klere hier nie," sê hy kortaf.

"Dan moet jy vir jou ander klere gaan koop."

Hy antwoord nie.

"Ek sal saam met jou gaan as jy wil," sê sy.

Haar stem klink verleidelik en hy voel hoe die wrewel uit hom begin vloei.

"Ek sal eers wag om te hoor of Craig my in diens gaan neem," sê hy vriendeliker.

"Goed. Ek sal jou binne ʼn halfuur laat weet wat Craig sê. Hy het gesê as jou rekord reg is moet ek en jy hom in die Strand gaan sien. Hy wil natuurlik ʼn onderhoud met jou voer. Ek sal jou na hom toe vat. Dan kan Craig besluit of hy jou tydelik in diens wil neem of nie. Op pad soontoe kan ons dalk by Somerset Mall stop en vir jou klere koop …?" Haar stem verdwyn onseker.

Zimmer dink ʼn paar sekondes. Hy weet nie wat om van die situasie te dink nie. Dit klink asof Jolanda op sy kop wil sit en besig is om hom rond te order, maar aan die ander kant wil hy by haar wees en met haar praat. Dit beteken egter nie dat hy moet toelaat dat sy heeltemal oor hom loop nie.

"Op een voorwaarde," sê hy. "Ons ry met my kar."

Sy bly stil.

"Is dit oukei?"

Sy sug.

"Oukei."

"Goed. Sien jou netnou."

Zimmer stap met sy plastiek plakkies na die eetkamer op die eerste vloer van die gastehuis waar ʼn groot aantal graankosse, jogurt, brode en smaaklike geregte uitgestal is. Hy vat vir hom daarvan en loop deur die glasdeure na die balkon en kyk na die verruklike uitsig oor Valsbaai. Hier en daar op die blou water is daar wit vlekkies en in die verte kan hy net-net die berge by Muizenberg sien.

Hy maak ʼn oproep na die eienaar van die rekenaarwinkel in Durban waar hy werk en vra of hy ʼn maand lank vakansieverlof mag kry. Teensinnig stem sy baas in, hoofsaaklik omdat hy weet dat Zimmer twee jaar laas verlof gehad het.

Terwyl Zimmer eet, kyk hy na die bedrywighede by die kaai. Hy kan die hawe sien met sy sirkelvormige sementmuur wat die seiljagte binne hou, hier en daar ʼn seemeeu, ʼn oranje vissersboot vol groen en geel kreef hokke, die Gordonsbaai se Seiljagklub, die see-reddingkantoor, motors hier en daar geparkeer en twee bote in die droogdokke waaraan daar

gewerk word. Skielik onthou hy dat Jolanda voorgestel het dat hy op ŉ seiljag na Muizenberg toe moet vaar. Miskien kan hy haar oorreed om saam te gaan.

Sy selfoon lui. Dis Rory. Hy sê hy het baie nuus.

"Praat. Ek luister," sê Zimmer.

Rory sê dis onmoontlik vir hom om verlof te kry om vir ŉ week Kaap toe te gaan omdat hy toegegooi is met ondersoeke van korrupsiesake in die staatsdiens. Wat hy wel kan doen, is om die eerskomende naweek Zimmer se motor vir hom Kaap toe te bring, een nag daar oor te slaap en dan terug te vlieg Durban toe. Zimmer sê hy sal vir Rory verblyf reël en al die onkoste dra.

Verder sê Rory hy het navorsing op die polisie se hoogs-geheime webwerf gedoen en heelwat uitgevind oor Buster se lewenstyl en bedrywighede. Buster is deesdae méér as ŉ bende baas. Hy is ŉ highflyer – ŉ uiters gevaarlike misdaad beplanner wat met ryk politici en sakemanne meng, en die lewenstyl van ŉ multi-miljoenêr het. Rory het uitgevind dat Buster drie jaar gelede, nadat hy uit die Durbanse tronk vrygelaat is, uit Durban na Johannesburg getrek het. Hy woon tans in ŉ kaserne van ŉ huis in Houghton saam met sy vrou wat voor haar troue ŉ professor in die skone kunste was, plus hulle drie kinders wat dikwels pryse in kunswedstryde en nasionale kompetisies wen. In Johannesburg staan Buster bekend as Jonathan Cohen. Hy is ŉ pilaar van die samelewing wat gereeld sinagoge toe gaan en lid van die skoolraad is. Snags verander hy egter van gedaante. Dan vergader hy met die bendeleiers van die Twenty-fours waarvan daar sewentien takke op die Witwatersrand alleen is, elkeen met ŉ ledetal van tussen vyftig en ŉ honderd lede.

Hulle hoof-kwartier is in Roodepoort se agterbuurte, sê Rory. Dis in die pakkamers van ŉ gewese fabriek wat aan Buster behoort en baie goed bewaak word. Die polisie vermoed dat dit die plek is waar die Twenty-fours groot misdade van stapel stuur: bankrowe, vragmotorskakings, ongelisensieerde wapenhandel, motordiefstalle, en – winsgewendste van alles – ŉ groot dwelmsmokkelary netwerk. Daar is aanduidings dat die Twenty-fours ook prostitusiehuise bedryf, kinders in seksslawe verander, korrupte amptenare omkoop en in mensehandel betrokke is. Hoewel die polisie al hierdie dinge weet, word Buster en sy bendeleiers feitlik nooit gearresteer of verhoor nie. Baie lede van die polisie en die gevangenis-diens is blykbaar in diens van die Twenty-fours. Dagvaardings en bewysstukke van misdade wat deur die Twenty-fours gepleeg is, het eienaardige maniere om te verdwyn.

Rory het ook uitgevind dat Buster op die oomblik ŉ persoonlike vendetta teen Zimmer voer. Om een of ander rede voel Buster besonder bedreig deur Zimmer – nie net

omdat Zimmer die poker toernooi by Krishna gewen het nie. Buster is ŉ multi-miljoenêr. Hy benodig nie geld nie. Rory sê hy weet nie waarom Buster ŉ vendetta teen Zimmer voer nie.

Dis of ŉ koue hand oor Zimmer vat. Hy weet waarom Buster sy bloed soek. Dit gaan nie oor geld nie. Buster is ŉ multi-miljoenêr. Honderd-en-dertig duisend is vir hom kleingeld. Buster se vete teenoor Zimmer gaan oor status, ego, mag, waansin. Buster is woedend omdat Zimmer die toernooi gewen het. Zimmer het vir Buster verneder. Dit gaan oor Buster se reputasie – die belediging, die spot, die skande. Zimmer het ŉ gek van hom gemaak. Hy wil seker maak dat Zimmer vir altyd van die aarde af verdwyn.

Zimmer stoot hierdie gedagtes eenkant en luister verder na Rory. Rory sê die prys van sestig duisend rand wat Buster op Zimmer se kop geplaas het, is nou opgestoot na sewentig duisend.

Laastens vertel Rory vir Zimmer die mees ontstellende nuus van als: ŉ lid van Wentworth se Twenty-fours bende het vir ŉ luistervink van die polisie gesê dat Zimmer ŉ paar dae gelede Kaap toe gevlug het.

Kaap toe! Hoe weet hulle dit? Dit is tog onmoontlik! Niemand behalwe Rory en ŉ paar mense in Gordonsbaai weet dat Zimmer in die Kaap is nie. Hy is doodseker dat niemand op die Kaapstadse lughawe hom agtervolg het toe hy Gordonsbaai toe gekom het nie. Ook in Gordonsbaai was daar nog hoegenaamd geen teken van rampokkers of mense wat hom snaaks aankyk nie.

Hoe weet die rampokkers in Durban dat hy in die Kaap is? Miskien het hulle Zimmer se naam gesien op die passasierslys van die vlug waarop hy Kaap toe gevlieg het. Is daar nog mense wat weet dat Zimmer in die Kaap is? Wie stel daarin belang? En waarom? Daar is net een antwoord op hierdie vrae: baie rampokkers wil die prysgeld wen wat op Zimmer se kop is. Gelukkig is die Kaap groot. Hulle sal hom nie maklik hier kry nie. Veral nie op ŉ stil vissersdorpie soos Gordonsbaai nie.

Hulle lui af en Shaakirah bring vir Zimmer ŉ heerlike bord met spek, eiers, wors en ŉ gereg bestaande uit gemengde sampioene bo-op ŉ kruie muffin. Hy val weg aan die warm kos. Tot sy vreugde maak Jolanda tien minute later haar verskyning. Sy dra blou jeans, ŉ rooi bloes, denim baadjie en haar gebruiklike rits armbande en ringe. Sy gaan sit op ŉ stoel oorkant hom.

Zimmer hou aan met eet maar hy kan sy oë nie van haar afhou nie. Hy voel soos ŉ skoolseun. Elke keer as hy haar sien, word hy oorval met ŉ magiese gevoel van geluk. Dis asof daar ŉ magnetiese krag uit haar straal wat hom aantrek en wat dit vir hom moeilik maak

om rasioneel te dink. ʼn Warm sensasie gaan deur sy lyf. Met moeite onderdruk hy die gevoel en forseer homself om aan te hou met eet terwyl sy bedaard met hom gesels.

Sy sê dat Craig se sekretaresse, Blanche, bevestig het dat Zimmer wel sewe jaar gelede sy basiese opleiding in Pretoria se polisiekollege voltooi het, dat hy daarna vir agtien maande in Wentworth se polisiekantoor gewerk het en dat sy rekord by die polisie skoon is. Dus het sy vir hulle twee ʼn afspraak met Craig gemaak vir twaalfuur by sy kantoor in die Strand.

Toe Zimmer klaar geëet het, ry hulle met Zimmer se groen gehuurde Getz eers deur die dorp en daarna met Gordonsbaai Rylaan na Somerset Mall terwyl Jolanda pad-aanwysings gee. Intussen wonder Zimmer hoeveel klere hy moet koop en wat dit alles gaan kos. Hy wens hy het die geel hemde en donkergroen langbroeke wat hy in Durban werk toe dra saamgebring, sodat hy hulle hier kon dra en dit dus nie nodig sou wees om nou nuwe klere te koop nie. Hy haat dit om klere te koop.

Die Mall is heelwat verder as wat hy verwag het, maar uiteindelik is hulle daar. Hy parkeer. Op pad na die ingang van die enorme koopsentrum bewonder hy die ry luukse motorfietse wat eenkant geparkeer is. Eendag as hy die jackpot in ʼn pokerkampioenskap wen wil hy vir hom so ʼn paar wiele koop.

Hulle stap deur ʼn yslike draaideur van glas tot in ʼn luukse winkelkompleks met breë gange. Ná ʼn ruk sien hy ʼn mans klerewinkel wat sportklere en slenterdrag ten toon stel en wil daarin gaan, maar Jolanda skud haar kop en stel voor dat hy liewer klere moet kry wat meer formeel is as T-hemde en uitgewaste jeans. Sy neem hom na ʼn duurder klerewinkel en help hom om gepaste klere uit te soek – twee langbroeke, drie goeie katoenhemde, modieuse swart-en-kakie-kleurige leerskoene en by-passende sokkies. Zimmer kla en protesteer die hele tyd, maar hy is nie opgewasse teen Jolanda se pleidooie en verduidelikings nie. Eindelik sê hy dis genoeg.

"Nee! Jy moet nog baadjies kry!" sê sy geskok.

"Ek het dit nie nodig nie," antwoord hy kwaai.

"Dis wanneer jy in Durban is. Nou's jy in die Kaap. Dit word koud hier. Baie koud!"

Hy sug. Sy het ʼn punt beet. In die twee dae wat hy hier is, het hy al ʼn paar keer koud gekry. Hy huiwer, want sover hy weet kos baadjies nogal duur, en hy wil nie al sy wengeld op banale dinge soos klere mors nie.

"Buitendien laat ʼn baadjie jou meer professioneel lyk," sit Jolanda nog ʼn strooi op die kameel se rug.

Zimmer het lus om te stry. Hulle kyk na mekaar. Haar kalm groen oë daag sy kwaai bruin oë uit.

Sy glimlag onverwags.

"Asseblief. Dit sal so lekker wees as ons kan saamwerk," sê sy.

Besluiteloos kyk hy na haar mooi gelaatstrekke, haar swart hare, die ligte sproete op haar wange. Sy dra geen ander grimering as lipstiffie nie. 'n Paar oomblikke staar hy na haar soos 'n akteur wat sy woorde vergeet het. Iewers in hom roer daar 'n gevoel van nuwe vreugde, 'n half-vergete gevoel van speelsheid en verwagting. Hy wil haar om haar middel te gryp en voor almal soen.

"Jy's onweerstaanbaar, weet jy," sê hy en kyk haar stip aan.

Jolanda kyk weg en bly 'n ruk stil.

"Wat bedoel jy?"

"Jy weet wat ek bedoel."

"Jy ken my skaars."

"Nogtans."

"Is dit waarom jy aangebied het om saam met my te werk?" vra sy uitdagend.

Zimmer bly stil. Hy is in 'n dilemma. As hy erken dat sy aangetrokkenheid tot haar die beweegrede agter sy aanbod was, gaan sy miskien weier om saam met hom te werk. Maar as hy dit ontken, is hy oneerlik.

Radeloos kyk hy na 'n lang ry hemde wat op 'n reling naby hom hang.

Hy sluk.

"Dink jy regtig ek moet vir my 'n baadjie koop?" vra hy.

"Ek dink beslis so. Twee baadjies, sodat jy een het om te dra wanneer die ander een skoongemaak word," antwoord sy.

"Goed. Jy wen," sê hy en stap na die baadjie-afdeling.

Ná 'n groot soektog en baie geredekawel vind hy 'n donkerblou blazer en 'n bruin leerbaadjie. Hy sluk 'n paar keer toe hy die pryse sien. In sy kop maak hy berekeninge. As hy hierdie baadjie koop sal al die klere wat hy uitgesoek het omtrent vier duisend rand kos! Nog nooit in sy lewe het hy so baie geld op klere gemors nie.

Hy draai na Jolanda en vra gedemp:

"Voordat ek hierdie duur klere koop, sê my – wat gaan my salaris wees?"

"Dit hang af hoe lank jy gaan werk. Jy sal dit met Craig moet bespreek. Ek dink ... sê maar drie duisend? Vier duisend? Per week."

Zimmer is verras. Dis meer as wat hy by sy werk in Durban kry. Hy knik vir die verkoopsman om te wys dat hy al die items sal koop en verduidelik dat hy party van die klere dadelik wil aantrek aangesien hy ŉ belangrike afspraak het. Die verkoopsman knik begrypend en Jolanda kondig aan dat sy by Caffé Rossini gaan tee drink terwyl Zimmer alles by die winkel afhandel.

Zimmer betaal vir sy aankope. Die verkoopsman verwyder die etikette van die klere wat Zimmer wil aantrek en Zimmer gaan kleedkamer toe. ŉ Kwartier later kom hy uit, geklee in ŉ moderne beige langbroek, kouse, skoene, ŉ wit hemp met bruin strepies, en sy nuwe leerbaadjie.

Toe hy by Caffé Rossini aankom waar Jolanda sit, kyk sy hom goedkeurend aan.

"Jy lyk fantasties."

Zimmer gee ŉ skewe glimlag.

"Moenie laf wees nie. Ek voel soos ŉ dominee op ŉ mode parade."

Sy skud haar kop.

"Jy lyk nie soos een nie," sê sy gemoedelik.

Sy kyk op haar horlosie en staan op.

"Kom, ons moet dadelik gaan, anders gaan ons laat wees."

Toe hulle by die Mall uitloop, waai ŉ ligte wind buite en daar is verspreide wolkies in die lug. Hulle pak Zimmer se nuwe aankope en ou klere op die agterste sitplek van sy groen Getz en ry uit die parkeerplek. Jolanda beduie vir hom hoe om by die hoofpad uit te kom. Hy is dankbaar dat sy daar is om vir hom die pad te beduie want hy voel heeltemal verlore in hierdie omgewing. Vyf minute later wys sy hom om by Strandweg in te draai.

"Watter soort ou is hierdie Craig Bantjies?' vra hy. "Ek is bietjie onseker. Dis nou baie lanklaas dat ek polisiewerk gedoen het."

Jolanda glimlag gerusstellend.

"Ag, nee, jy kan maar ontspan. Craig is baie maklik om mee klaar te kom. Hy weet ook dat jy al ŉ hele ruk uit die polisie is en dat jy my net tydelik gaan uithelp. Buitendien, soos ek hom ken, gaan hy jou baie goed inlig oor wat van jou verwag word."

Hulle kom by ŉ plek waar daar mense langs die straat staan en ŉ verkeersman wat vir verbygaande voertuie beduie om stadiger te ry. Toe hulle oor die kruising ry sien hulle daar is ŉ noodvoertuig in die pad. Op die sypaadjie lê ŉ wit kombi op sy sy, asook ŉ robot wat omgery is.

"Ek kan dit nie glo nie!" roep Zimmer kopskuddend uit. "Hoe is dit moontlik dat mense ongelukke kan maak op ŉ klein plattelandse dorpie soos hierdie?"

Jolanda lag.

"Ons is nie in die platteland nie! Ons is in ŉ plek met die naam die Strand, ŉ gesogte vakansieplek en dis taamlik groot, heelwat groter as Gordons. Jy sal nou sien."

Zimmer ry verder en ŉ rukkie later sien hy wat Jolanda bedoel. Die pad loop al langs die see af. Orals is daar mense – jongmense sit op die strand en staar oor die see, vissermanne staan rond met vislyne in die golwe, strandsambrele wapper in die wind, kinders speel in die sand en ŉ vrou loop verby met twee Dalmatians aan leitoue. Aan die regterkant van die horison verdwyn Valsbaai in die see in, en aan die linkerkant, oorkant die water, staan Kogelberg groots en indrukwekkend met Gordonsbaai se huise net-net sigbaar aan die voet van die berg.

Jolanda noem vir hom die name van plekke waar hulle verbyry. Direk voor hulle langs die see is daar ŉ woonstelblok bestaande uit twintig verdiepings, en aan weerskante daarvan is tientalle ander woonstelgeboue en hotelle langs Strandweg ingeryg.

Die toneel laat Zimmer onwillekeurig dink aan Durban se strandfront.

Skielik kry hy ŉ beklemming in sy bors.

Aggro ... Glasoog ... stukkende bierbottel ... mesdood staar hom in die gesig ...

Hy voel naar. Sy hart klop vinniger: in sy bors, in sy ore, in sy slape. Hy neem ŉ diep teug lug in sy longe. Hy wil stilhou. Geen parkeerplek nie. Hy blaas sy asem uit en haal weer diep asem, in en uit. Een keer. Twee keer. Drie keer.

*Ruk jouself reg!*

Geleidelik bedaar sy hartkloppings. Hy begin stadigaan weer rasioneel dink.

Gelukkig merk Jolanda niks op nie. Sy gee aanwysings van hoe hy moet ry en is besig om hom op ŉ besigtigingstoer deur die dorp te neem terwyl sy aanhoudend praat oor die lewenstyl van die inwoners en die vakansiegangers en interessante voorvalle wat daar plaasgevind het.

Zimmer hoor skaars wat sy sê. Die angswekkende terugflits wat hy pas gekry het van sy aaklige ervaring op die Durbanse strandfront laat hom weer dink aan Rory se oproep vroeër die oggend, veral die nuwe inligting oor Buster.

Die feit dat die Twenty-fours bende in Durban blykbaar weet dat hy, Zimmer, in die Kaap is, is kommerwekkend. Die enigste manier waarop hulle dit kan weet is dat ŉ amptenaar wat by die King Shaka lughawe toegang het tot passasierslyste, Zimmer se naam gesoek en gevind het op die vlug waarmee hy Kaap toe gekom het. Die Twenty-fours bende betaal waarskynlik hierdie amptenaar vir inligting oor mense op vlugte en dit verklaar hoe die bende uitgevind het dat Zimmer hom in die Kaap bevind.

Dis onrusbarend. Veral as die Twenty-fours van Durban en Johannesburg die nuus aan die Twenty-fours in Kaapstad oordra en dis seker presies wat hulle gaan doen of reeds gedoen het. Gelukkig weet hulle nie presies waar in die Kaap Zimmer is nie. Die eerste plekke waar hulle hom gaan soek is by die casino's en daar sal hulle hom nie kry nie.

Hy wonder of daar enige onwettige pokerklubs in Kaapstad en omgewing is. Moontlik soek die Twenty-fours ook daar alreeds na hom. Hy troos hom daaraan dat hulle hom nie op enige poker plek sal kan opspoor nie, maar hy weet ook dat hy nie heeltemal kan ontspan nie. 'n Mens moet nooit vir Buster Cohen onderskat nie. Kyk wat Buster met Zimmer se pa gedoen het.

Is dit waarom Buster so naarstiglik vir Zimmer wil doodmaak? Is hy bang dat Zimmer 'n saak teen Buster gaan maak en bewys dat Buster vir Lenhard vermoor het?

Dis kommerwekkend om te weet dat Buster nou 'n high flyer is. Sewentien bendes op die Witwatersrand, plus die ses Twenty-fours bendes in Durban, plus 'n onbekende hoeveelheid van hulle in ander stede soos Kimberley, Pretoria, Port Elizabeth en Kaapstad. Hoe is dit moontlik dat die SAPDD soveel weet van Buster se privaat lewe maar hulle kan hom nie arresteer en in die tronk gooi nie? Dis onverklaarbaar. Buster moet vriende op hoë plekke hê. Definitief vriende op baie hoë plekke ...

Hy skrik toe Jolanda teen hom stamp.

"Ek het jou 'n vraag gevra! Antwoord my. Ek vra – surf jy?"

"Ekskuus ... Surf? Ja, ek kan surf. Het dit baie gedoen toe ek jonger was ..."

"Wel, dan sal jy bly wees. Die Strand is 'n fantastiese plek vir branders ry," gesels sy. "Hier is sommer sewe surfing spots – die populêrste een is Pipe by die lewensredder strand. Ek kan nie goed branders ry nie, so ek gaan nooit Pipe toe nie. Ek hou van Dakkies. Dis meer vir beginners. Dit het 'n wonderlike linkerhandgolf. Silkies is ook oukei vir beginners. Maar die beste spots is dieper in die see. Plekke soos Blinkklip, en Dakkies Reef, en Greenways. Sulke plekke. Net vir goeie surfers. Draai links hier. Dan die derde pad regs in George weg. Dis die pad na Craig se kantoor toe."

Hulle ry weg van die see af vir 'n kilometer of meer, draai geleidelik links, en 'n paar blokke verder wys Jolanda vir Zimmer om te parkeer in 'n area voor 'n lang wit drie-verdieping gebou bestaande uit winkels op die grondvloer en kantore op die boonste verdiepings.

Sy maak haar aktetas oop en sê:

"Het jy jou I.D. en 'n skryf ding by jou?"

"Ek het my I.D., maar ..."

Hy slaan voel-voel teen sy baadjie-sakke.

"Niks om mee te skryf nie. Waar sal ek nou so iets kry? Jy't my gemaak nuwe klere aantrek ..." sê hy beskuldigend, hoewel hy in elk geval nooit 'n pen saam met hom dra nie.

"Goed. Hier is 'n notaboek en 'n pen as jy wil aantekeninge maak."

Daar is twee glasdeure by die middelpunt van die gebou. Hulle stap daarin, op met 'n stel trappe tot op die eerste vloer en af met die gang tot hulle by 'n breë glasdeur kom waarop geskryf staan:

**CRAIG BANTJIES**

***PRIVAAT SPEURDER***

***PRIVATE INVESTIGATOR***

**Misdaad – Korrupsie – Forensiese navorsing**

**Ontrouheid – Vermiste persone**

**Crime – Corruption – Forensic research**

**Cheating – Missing persons**

Zimmer kyk daarna en sê verbaas:

"Ek kan dit nie glo nie. Die Afrikaanse woorde is bo en die Engels onder."

"Dis besigheidsin," antwoord Jolanda. "Tagtig persent van die mense wat in die Strand woon is Afrikaans."

In die kantoor groet Jolanda en die sekretaresse, Blanche, mekaar soos ou bekendes en gesels 'n ruk voordat Blanche hulle na Craig se kantoor toe neem.

Craig se kantoor is groot – ses by tien meter. Dit lyk soos 'n kruis tussen 'n studeerkamer en 'n woonkamer, want naby die deur staan 'n lang rottang bank met donkerblou kussings plus twee bypassende gemakstoele en koffie tafeltjies op 'n dik swart mat, maar dieper in is daar blokkiesvloer en 'n wye venster wat lig werp op 'n donkerblou lessenaar waarby drie beige draaistoele staan – een agter die lessenaar waar Craig sit en twee oorkant hom vir kliënte. By die linker muur is 'n muur-tot-muur swart ingeboude boekrak vol boeke, tydskrifte, lêers, kameras, 'n Hi-Fi-stel, videomasjien en band-opnemers sowel as 'n enorme plat skerm televisie. Elders in die vertrek is daar 'n rekenaar op 'n staander, 'n drukker en 'n liasseer kabinet. Daar is groen plante by die venster en 'n blou-en-rooi muurbehangsel bokant die bank.

Toe Craig vir Jolanda sien, straal sy gesig van vreugde en hy kom agter sy lessenaar uit. Hy en Jolanda gee mekaar 'n stywe drukkie.

Opgewonde ruil hulle nuus oor hulleself uit terwyl Zimmer die toneel inneem. Craig lyk soos ŉ plaasboer. Hy het kort swart kroeshare en is aangetrek in velskoene, ŉ khaki langbroek, windbreker en ŉ donkerrooi serp. Hy is ouer en groter van postuur as Zimmer.

Nadat Jolanda die twee mans aan mekaar voorgestel het, gaan sit hulle by die donkerblou lessenaar. Craig vra vir Zimmer uit oor sy werkrekord, sy ervaring van speurwerk, sy blou oog, die redes waarom hy uit Durban weg is en sy planne vir die toekoms.

“Wel,” sê Craig ná tien minute en kyk na Jolanda. “Ek stem saam met jou. Zimmer kan ons baie help. Ek sal vir Blanche vra om die dokumente in orde te kry sodat Zimmer op ŉ *ad hoc*-basis vir ons kan werk. Dan kan ons die Hans Ras ondersoek hervat, noudat nuwe bewyse aan die lig gekom het.”

Nadat die drie van hulle ooreengekom het oor Zimmer se werksure en betalingpakket, ontbied Craig vir Blanche en verduidelik aan haar wat sy moet doen sodat Zimmer tydelik aangestel kan word.

“Ons drie gaan nog ŉ halfuur of langer hier wees en oor die saak praat. Dit sal jou genoeg tyd gee om alles af te handel voordat Jolanda en Zimmer vertrek. Ek wil asseblief nie gesteur word nie.”

Blanche verdwyn.

Craig haal ŉ bandopnemer uit sy lessenaar se laai en druk ŉ paar knoppies.

“Zimmer, ek gaan vir jou ŉ kort oorsig gee oor die hele Hans Ras saak. Ek het aan en af ses maande lank aan die ondersoek gewerk en Jolanda weet van alles wat ons gedoen het. So ons twee ken die agtergrond goed, maar jy ken dit nie. Daarom gaan ek die hele gesprek opneem sodat jy die band kan huis toe vat en ŉ paar keer daarna luister. Het jy ŉ bandopnemer?”

Zimmer skud sy kop en Jolanda sê sy sal vir hom een leen.

Craig gaan na sy kabinet, haal drie dik lêers daaruit en plaas hulle op sy lessenaar voor hy weer gaan sit. Op die boonste lêer staan in dik letters geskryf:

***Geval 136/2008 – Vermiste Persoon – HANS RAS – Lêer 1.***

“Meeste van die papiere in hierdie drie lêers is fotokopieë van dokumente wat ek geskryf of bymekaar gemaak het toe ek nog by SAPDS gewerk het. So die man wat in my plek gekom het, het soortgelyke lêers.”

Jolanda maak ŉ ergerlike gebaar en sê bitsig:

“En hy het hulle nie eers oopgemaak nie, ek waarborg jou.”

“Hoe dit ook al sy. Aan die einde van hierdie gesprek gaan ek die lêers tydelik vir jou gee, Zimmer, om by die huis te lees. Dit sal jou ’n volledige beeld van die vorige ondersoek gee. Hou rekord van hoeveel tyd jy aan die bestudering van die lêers en die geluister na die band bestee; dis deel van die werk waarvoor jy betaal gaan word en jy sal dit tussen jou ander pligte deur moet doen. Jou ander werk gaan van ’n meer praktiese aard wees.”

Zimmer knik instemmend .

Craig maak die boonste lêer oop en begin ingedagte daardeur blaai.

Zimmer dink aan die ironie van sy situasie: hy word aangestel om ’n moordenaar te soek terwyl hyself ook deur ’n moordenaar gesoek word. ’n Week gelede het hy ’n relatiewe vervelige lewe gehad en sy enigste opwinding was om saans poker te speel. Toe wen hy ’n klomp geld en skielik word hy uit sy roetine geruk sodat hy vir sy lewe moet vlug en hier sit hy nou op ’n vreemde dorp in ’n vreemde kantoor saam met vreemde mense wat hom aanstel as ’n front om ’n koue geval van ’n vermiste man te ondersoek terwyl hyself besig is om weg te kruip vir ’n gevaarlike bende onder leiding van ’n gewetenlose booswig wat sy pa vermoor het.

Dis surrealisties. Gelukkig het poker hom geleer om op baie vlakke gelyktydig te dink.

Craig Bantjies maak die lêer voor hom ongeduldig toe en kyk na Zimmer.

“Goed, laat ek vir jou ’n oorsig gee van alles wat ek uitgevind en gedoen het twee jaar gelede toe ek in bevel van die soektog na Hans Ras was. Maar ek waarsku jou, ons het hard gewerk – nag en dag – en ons het min uitgevind. Bitter min. Dit was vir my ’n helse teleurstelling dat ek niks kon vind nie. Nóg die slagoffer, nóg die moordenaar.”

# HOOFSTUK 8

Craig leun terug in sy stoel en vorm 'n piramiede deur sy vingerpunte teen mekaar te druk. Hy kyk na Zimmer.

"Hans Ras het verdwyn op die aand van 18 Julie 2008. Ek het hom goed geken want ek en Jolanda was kollegas. Hy was nie 'n baie sosiale man nie. Hy het gely aan Asperger Sindroom en het verbouereerd geraak wanneer hy in 'n vertrek met baie mense was. Hy was baie begaafd en ook een van die min ryk mans wat ek geken het wat vir ander mense tyd gehad het. Dit was vir almal 'n groot skok toe hy verdwyn het."

Zimmer skuif nader aan Craig se lessenaar, plaas sy notaboek op die lessenaar, stut sy kakebeen op sy linker vuis en begin aantekeninge maak.

SOEK WAAR Sê EK H R WAS 30

"Hans Ras was twee-en-dertig jaar oud en die eienaar van 'n fabriek in Broadlands wat betonmure vervaardig toe hy verdwyn het," gaan Craig voort. "Hy was dubbel gekwalifiseerd – meganiese sowel as chemiese ingenieur. Toe hy klaar gestudeer het, was hy vir 'n paar jaar produksie bestuurder by 'n fabriek wat beton heinings vervaardig. Toe het hy 'n beton-muur fabriek wat op die rand van bankrotskap was, gekoop en dit omgesit in 'n winsgewende bedryf. Dit kon nie vir hom maklik gewees het om soveel werkers onder hom te hê nie, want hy was basies anti-sosiaal. Het jy geweet daar was baie beroemde mense wat Asperger's gehad het? Thomas Edison, Abraham Lincoln, Jane Austin, Henry Ford ... noem maar op. Nou ja, Hans was in daardie klas. Ek is oortuig as hy langer gelewe het, sou hy beroemd geword het. Gelukkig het hy 'n goeie persoonlike assistent by sy werk gehad – Kara Texeira. Sy is 'n vrou in haar vyftigerjare en werk al donkiejare in daardie fabriek, selfs nog voor Hans Ras dit gekoop het. Kara het vir Hans Ras beskerm teen mense wat hom pla, en sy het baie van sy sosiale funksies oorgeneem sodat hy op die tegniese en finansiële aspekte van die fabriek kon konsentreer."

Craig maak die lêer voor hom oop, soek daar deur en oorhandig 'n dokument aan Zimmer.

"Hier's 'n foto van hom – kyk!"

Zimmer kyk na die foto van 'n man wat meer na 'n vriendelike onderwyser lyk as na 'n industrialis – dun blonde hare met 'n krullerige kuif, 'n glimlag wat sy wit tande wys, laggende blou oë, raamlose bril. Hy dra 'n baadjie en 'n wit hemp sonder 'n das.

“Hans Ras het al ’n paar jaar lank gewoon in die huis waarin Jolanda nou nog woon. Hulle het later verloof geraak. Omtrent ’n jaar voordat hulle sou trou het sy by hom ingetrek. En toe – ses weke voor hulle troue – het Hans Ras skielik verdwyn, een aand nadat hy by ’n musiekaand was. Jolanda was by haar ouers in die Vrystaat. En niemand het hom ooit weer gesien nie, dood of lewendig.”

Craig kyk na Jolanda.

“Wil jy ’n bietjie vertel van die eienaardige ding wat Hans Ras gesê het toe jy die laaste keer met hom op die foon gepraat het?”

Jolanda knik haar kop.

“Die laaste keer wat ek met Hans Ras gepraat het, was die Vrydagaand net voordat hy na die musiekaand gegaan het. Hy het heeltemal normaal geklink. Ons was albei baie opgewonde omdat ek die volgende dag sou terug ry Gordonsbaai toe. Hans Ras het ook uitgesien daarna om die musiekgroep by te woon en die DVD van die Vlieënde Hollander te sien want hy het baie van Wagner gehou. Sy gunsteling komponis was Mahler, en sy tweede beste komponis was Wagner. Maar voordat ons afgelui het, het Hans Ras ’n snaakse ding gesê. Hy’t gesê hy dink dat iemand wat ons ken in misdaad betrokke is. Hy wou nie sê wie dit was nie. Ná Hans Ras se verdwyning het ons baie hard na dié persoon gesoek, maar tot vandag toe weet ons nie wie dit is nie.”

Zimmer kyk op van sy notaboek af.

“Dink julle dat hierdie persoon dalk iets te doen gehad het met Hans Ras se verdwyning?”

“Ja,” antwoord Craig. “Miskien was dit toeval dat Hans Ras verdwyn het kort nadat hy snuf in die neus gekry het oor hierdie persoon se misdaad betrokkenheid, maar ek dink daar kan ’n verband wees. Ons het by sy vriende, familie en kollegas probeer uitvind wie hierdie persoon was, maar niemand het iets daarvan geweet nie.”

Zimmer staar na Craig. Hierdie laaste stukkie inligting laat hom dink aan die veraf gerommel van naderende donderweer.

“Was die sogenaamde misdadiger nie dalk iemand in die musiekgroep nie?”

“Dis moontlik. Ek het al die lede van die musiekgroep twee keer ondervra. Eers net oppervlakkig en later in meer diepte. Hulle het niks geweet van ’n misdadiger in Hans Ras se vriendekring nie. Nadat Hans Ras daardie Vrydagaand met Jolanda gepraat het, is hy na die musiekaand toe. Volgens die lede van die groep was hy baie stil soos gewoonlik. Aan die einde van die musiekaand het hy en die ander lede van die groep in hulle motors geklim en weggery. En dit was die laaste keer dat enige iemand vir Hans Ras gesien het.

“Die groot vrae in ons ondersoek was, eerstens: Wat het van Hans Ras geword? En tweedens: Wat het van sy nuwe Mercedes geword? Vir meer as twee jaar soek die polisie nou al antwoorde op hierdie vrae. En nou, uiteindelik, het iemand Hans Ras se motor gevind. Ons hoop dat bewysstukke wat die forensiese span by die motor gaan kry ons sal lei na Hans Ras se oorskot en na sy moordenaar.

“Zimmer, van nou af is jy ons front. Jy moet die ondersoek doen en gereeld aan ons twee rapporteer wat aangaan. Jy is die skakel tussen ons en die polisie. Die onus rus op jou om alles wat die polisie oor die saak uitvind aan ons oor te dra.”

Zimmer sit sy pen neer, vryf oor sy ken en skud sy kop.

“Wie was die eerste persoon wat uitgevind het dat Hans Ras verdwyn het?” vra hy.

“Ek,” sê Jolanda. “Die Saterdag ná die musiekaand het ek vieruur die oggend van my ouers se plaas af gery op pad Kaap toe. Omtrent agtuur het ek van Britstown af vir Hans Ras gebel maar daar was geen antwoord nie. Sy foon was af. Ek het gedog hy slaap nog. Tienuur het ek hom van Victoria-Wes af gebel – nog geen antwoord nie. Ek het begin bekommerd word maar gedink hy het dalk gaan bergklim, hoewel dit snaaks was, want hy het altyd sy foon saamgevat. Hy was ook nie by sy werk nie. Toe ek by Laingsburg kom en ek kry hom nog steeds nie in die hande nie, het ek my tante gebel en gevra dat sy moet kyk of sy hom kry, maar sy kon hom nie kry nie. Toe ek uiteindelik so by sesuur in Gordonsbaai kom, was Hans Ras se motor nie buite ons huis geparkeer nie. Ek het deur die venstertjie van die motorhuis gekyk en gesien dis leeg. Die hek aan die bokant van die trappe was toegesluit, maar die agterdeur was nie gesluit nie. Die bed was nog opgemaak en sy rekenaar was steeds aan. Hierdie dinge was aanduidings dat Hans Ras nie by die huis geslaap het nadat hy by die musiekaand was nie.”

Daar is ŉ ligte klop aan die deur en Blanche kom in. Sy vra wat hulle wil drink, neem hulle bestellings en gaan weer uit.

“Raait,” sê Craig Bantjies en staan op. Hy steek sy hande in sy broeksakke en loop heen-en-weer agter sy lessenaar terwyl hy praat.

“Jolanda het orals na Hans Ras gesoek en rondgebel en sy kon hom nêrens in die hande kry nie. Hy het spoorloos verdwyn. Die Sondagoggend het Jolanda die saak gerapporteer by die Gordonsbaai se polisiekantoor waar ek en sy albei gewerk het, en van toe af was ek in bevel van die ondersoek. Heel eerste was ons na sy fabriek toe. Hans Ras het af en toe op ŉ Saterdag of Sondag in sy kantoor gaan werk. Ons het min hoop gehad dat hy daar sou wees want sy stel sleutels vir die fabriek was op sy kombuiskas waar hy hulle gelos het voordat hy na die musiekaand toe is. Nogtans het ons soontoe gegaan net om seker te maak.

Hy was nie by die fabriek nie. Daar was ook niemand anders daar nie, behalwe die sekuriteitswag, want dit was Sondag. Toe het ek en Jolanda al sy familie en vriende gebel of besoek, maar niemand het hom die Saterdag gesien nie. En dit was so ver as wat Jolanda kon gaan, want van daardie oomblik af het Landman haar verbied om enige iets met die ondersoek te doen te hê."

"Hoekom?" vra Zimmer.

Jolanda frons, sit regop en sê kwaai:

"Ek is mos Hans Ras se naasbestaande en teoreties moet ek myself onttrek. Ek was woedend. Is nou nog woedend. Dis heeltemal onrealisties. Hoe kan ŉ mens jouself onttrek as die belangrikste persoon in jou lewe verdwyn?"

"Ek dink nie dis onrealisties nie," sê Craig. "Die meeste moorde word gepleeg deur naasbestaandes van die vermoorde. Ek glo jou as jy sê dat jy niks met Hans Ras se verdwyning te doen gehad het nie, maar in baie gevalle word moorde wel gepleeg deur die slagoffer se familie en vriende. Iewers moet ŉ mens die streep trek. Veral as die slagoffer se naasbestaande deel is van die polisie wat die saak moet ondersoek."

"Dis oukei dat hulle ŉ speurder in bevel sit wat nie familie is van die slagoffer nie," sê Jolanda en knik haar kop. "Maar om my heeltemal uit te sny is nie reg nie. My geval is ŉ uitsondering. Almal weet ek was in die Vrystaat toe Hans Ras verdwyn het. Hoe kon ek hom vermoor het? Toemaar, toemaar, ek sal nie verder daaroor stry nie."

"Goed. Ons gaan voort," sê Craig. "Waar was ek nou weer? Landman het my in bevel van die saak gesit. Ek het verskeie koerante gekontak – die *Cape Times*, die *Burger*, die *Distrik Pos* – selfs die volgende naweek in die *Rapport* en die *Sunday Times*. Almal het berigte geplaas oor Hans Ras se verdwyning en gevra dat mense met inligting my moes kontak. Ons het heelwat kommentaar en wenke ontvang. Daar was drie berigte van mense wat gesê het dat hulle ná elfuur die aand ŉ motor soos Hans Ras s'n in Gordonsbaai gesien ry het, maar dit het só gereën dat hulle nie seker was of dit wel die nommerplaat van Hans Ras se motor gehad het nie. Een van hierdie getuies het gesê dat hy ŉ motor gesien het met die nommerplaat MAHLER wat laat die nag tussen twaalf- en eenuur in die rigting van Rooiels gery het. Destyds was die inligting te vaag vir ons om iets uit te vind. Vandag besef ons dat hierdie laaste getuie waarskynlik korrek was, want nou is Hans Ras se motor presies in daardie rigting gevind. Die kar kon op pad na enige plek gewees het – Hermanus of Knysna of selfs Port Elizabeth. Zimmer, jy moet nou teruggaan na daardie getuie en probeer om meer besonderhede te kry oor wat hy daardie nag gesien het."

Zimmer sit sy pen op die lessenaar neer, vou sy arms en kyk Craig reg in die oë.

“Ek sal my bes probeer, maar hou in gedagte dat ek die omgewing glad nie ken nie. Ek het nie die vaagste benul waar Rooiels is nie. Ek weet nie eers wat se ding Rooiels is nie. Of hoe om dit te spel nie. Of hoe die huis lyk waar Hans Ras gewoon het, of enige iets nie.”

Jolanda en Craig kyk skuldig na mekaar.

“Jammer, Zimmer,” sê Jolanda en lag verleë. “Dis my skuld. Ek sal jou vanmiddag op ŉ toer vat en kaarte van die omgewing gee. Ek vergeet dis seker baie verwarrend vir jou.”

Zimmer knik. Hy tel sy pen op.

“Goed. Ek sal probeer om meer uit te vind van die persoon wat Hans Ras se kar gesien het, blykbaar ná Hans Ras se verdwyning,” sê hy en maak ŉ aantekening in sy boek.

Craig gaan sit weer agter sy lessenaar.

“Kom ons gaan voort,” sê hy. “Gedurende die eerste drie dae van die ondersoek het ek onderhoude gevoer met al die lede van die musiekgroep. Hulle is myns insiens die hoof verdagtes. Die mense in die musiekgroep is die laaste mense wat vir Hans Ras gesien het. Hulle het almal geweet dat hy daardie aand alleen in sy motor was, en dat Jolanda nie tuis was nie. Hulle was die enigste mense wat geweet het dat hy op pad huis toe was. Hulle het presies geweet hoe laat hy vertrek het en watter roete hy huis toe sou ry.”

Hy tel die drie lêers voor hom op en skud hulle reg.

“Zimmer, jy sal al my verslae oor die onderhoude wat ek met die mense in die musiekgroep gehad het in hierdie lêers kry. Ek sal hulle net-nou vir jou gee, sowel as kassette van die onderhoude self. Gaan deur alles. Daar moet ook weer onderhoude gevoer word met al die verdagtes.”

“Dit klink so bizarre,” sê Zimmer fronsend. “Mense wat mal oor klassieke musiek is word van moord verdink. Is hulle eksentriek of wat?”

“Nee, almal in die groep is gewone mense – op die oog af, in elk geval. Wie gaan die onderhoude doen?”

“Ek doen dit,” sê Jolanda beslis.

Craig lig sy wenkbroue en staar na haar.

“Landman het jou belet. Jy mag nie betrokke raak nie.”

Jolanda skud haar kop hardnekkig.

“Vir die eerste keer in my lewe gaan ek ŉ opdrag van my bevelvoerder ignoreer. Hy is onregverdig. Ek is die enigste persoon wat die onderhoude kan doen. Zimmer ken nie die mense nie en ek ken hulle goed. Ek gaan die onderhoude agter Landman se rug voer terwyl ek op siekteverlof is. Hopelik vind hy nie uit nie. As hy wel uitvind en my skors, moet hy dit maar doen.”

“Jy weet dis teen die wet.”

“Daar is geen ander uitweg nie. Jy is die enigste ander persoon wat dit kan doen en jy het nie die tyd nie,” sê Jolanda.

Stilte. Craig sug.

“Goed. Onthou net as jy in die moeilikheid kom, moenie *my* blameer nie. In elk geval, jy moet met elke lid van die musiekgroep ŉ onderhoud voer. Wanneer ons weer bymekaar kom, kan jy aan my en Zimmer verslag doen.”

“Hoeveel mense is daar in die musiekgroep?” vra Zimmer.

“Sewe. Saam met my en Hans Ras was daar nege in die groep. Wag ŉ bietjie ...”

Craig soek deur een van die lêers totdat hy ŉ vel papier uithaal en vir Zimmer gee.

“Hier is ŉ lys van al die groeplede. Kom ek vertel jou wie hulle is. Eerstens is daar die Goussard egpaar. Hulle is albei om en by sestig. Ben Goussard is ŉ vlootkommandant wat opleiding gee aan offisiere by die vlootbasis in Gordonsbaai. Hy is ŉ kenner van vloot regulasies en protocol. Hy is lief vir klassieke musiek want sy moeder was ŉ musiek-onderwyseres, maar hy is ŉ moeilike, buierige man. Sy vrou is Lucille, Ben se tweede vrou, en nogal sieklik. Verlede jaar het sy ŉ heupvervanging gehad. Sy het senuweeagtig gelyk toe ek haar ondervra het, amper asof sy meer weet as wat sy wou sê, of andersins is sy dalk bang vir Ben. ŉ Derde lid van die musiekgroep is Otto Harmse – Lucille se seun by haar eerste man. Otto is omtrent dertig jaar oud. Hy is ŉ aantreklike blonde man, nogal gaaf. Hy’s ŉ kleremaker en gee klasse oor hoe om vroueklere te maak en te ontwerp.”

“Hy is baie gaaf,” sê Jolanda. “Hy’s gay, maar niemand mag daaroor praat nie.”

“Die vierde lid van die groep is Bongi Mngadi – bekende operasanger,” gaan Craig voort. “Hy het ŉ fantastiese basstem, en hy gee nie om om vir mens te sing nie, hoor! In die middel van my onderhoud met hom het hy aangebied om vir my te sing. Ek het hom aangemoedig en toe sing hy vir my *Old Man River*. Ongelooflike stem!”

“Basso profundo,” sê Jolanda.

“Hy en sy vrou woon in Gordonsbaai en het twee opgeskote kinders. Sy vrou is ŉ baie aangename mens. Asanda is haar naam. Sy was vroeër ŉ lektrise in Maatskaplike Werk by UCT. Hans Ras het nie goed met hulle oor die weg gekom nie. Hy het nie baie van swart mense gehou nie.”

“Was Hans Ras ŉ rassis?” vra Zimmer en kyk na Jolanda.

“ŉ Bietjie, ja. Sy hele familie is.”

“So, dit maak nou vyf mense wat by die musiekaand was,” sê Craig. “Laastens was daar die gasheer en gasvrou. Leo de la Porte is ŉ baie gawe man, omtrent tagtig jaar oud.

Meestal in ŉ rystoel. Hy't ŉ swak hart want hy't ŉ paar jaar gelede ŉ hartklep-vervanging gehad wat nie heeltemal suksesvol was nie. Was ŉ dorpsontwikkelaar. Uiters welaf. Multi-miljoenêr. Sy vrou is ŉ paar jaar gelede dood. Hulle het net die een kind, Santa. Sy's ŉ oujongnooi wat by haar pa woon en hom versorg. Sy is ŉ gekwalifiseerde verpleegsuster, ŉ aangenome kind. Baie lief vir haar pa. So, dis nou die hele musiekgroep – nie waar nie, Jolanda?"

"Ja," antwoord sy. "Zimmer, ek wil maar net vir jou inligting sê die groep kom een keer per maand bymekaar, en die bymekaarkomplek is altyd die huis van die De la Portes omdat Leo in ŉ rystoel is. Buitendien, Leo het ŉ fantastiese klankstelsel met surround sound, plus ŉ groot skerm waarop ons na DVD's van operas en orkesopvoerings kan kyk. Hulle het ŉ lieflike groot sitkamer."

Zimmer lig sy hand in ŉ haltbeweging. Hy slaan oor na ŉ nuwe bladsy. Daar is ŉ kort stilte terwyl hy aantekeninge maak.

"So, is dit nou die hele musiekgroep?" vra hy toe hy klaar is.

"Ja," antwoord Craig. "Plus, natuurlik, Jolanda."

"Wat het daarna van die musiekgroep geword?" vra Zimmer.

"Die musiekgroep bestaan nog," antwoord Jolanda. "Ek is steeds lid daarvan."

"Hoeveel mense is nou in die musiekgroep? Is dieselfde mense nog daarin?"

"Daar het twee nuwe lede bygekom, maar verder is ons almal nog dieselfde. Voor Hans Ras se verdwyning was ons nege. Daarna was ons agt. Nou is ons tien."

Zimmer kyk ondersoekend na Craig.

"En jy dink een van die oorspronklike groep is Hans Ras se moordenaar?" vra hy.

Craig sug.

"Ek weet nie. Hulle is almal gawe mense. Een van die belangrikste faktore is dat Hans Ras hulle goed geken het. Hy sou stil gehou het as een van hulle langs die pad gestaan het en vir hom beduie het om te stop. Dit was so eenvoudig soos dit. Hy sou sy venster oopgemaak het of uitgeklim het om te hoor wat die moeilikheid was en die persoon kon hom doodgemaak het."

"Hoe?"

"Rewolwer met ŉ knaldemper. Of ŉ hou oor die kop."

Zimmer sit sy pen neer.

"Maar het Hans Ras nie dalk later as die ander gaste vertrek nie?" vra hy. "Dit het miskien voorgekom asof almal gelyk vertrek het, maar moontlik het hy ŉ ruk getalm voordat hy gery het. Die ander mense het miskien voor hom vertrek ... en net toe Hans Ras wou

vertrek, toe kom daar ʼn skelm wat sy kar skaak. ʼn Splinternuwe Mercedes CLK is enige skaker se droom."

"Nee!" sê Craig beslis. "Drie mense het gesien hoe Hans Ras wegry – Ben Goussard, sy vrou Lucille, en Santa de la Porte. Drie getuies."

"Waar was die ander mense dan?" vra Zimmer.

"Hulle was reeds weg – Otto Harmse en die Mngadi egpaar," antwoord Craig. "Hulle het voor Hans Ras en die Goussards vertrek."

Daar is ʼn klop aan die deur. Blanche kom in met ʼn skinkbord, sit dit neer op die blou lessenaar, glimlag vlugtig vir almal en verlaat weer die vertrek. Die drie speurders help hulleself aan die warm tee en koffie.

"So ..." sê Zimmer terwyl hy sy koffie roer. "Hans Ras het saam met die ander gaste vertrek en dit was die laaste keer dat enige iemand hom gesien het. Hoe het die lede van die musiekgroep gereageer toe hulle hoor dat Hans Ras verdwyn het?"

"Almal was natuurlik verskriklik ontsteld," antwoord Craig. "Hulle het die nuus die Sondag by Jolanda gehoor toe sy hulle gebel het om te hoor of hulle weet wat van Hans Ras geword het en vas te stel wanneer elke lid van die groep hom laas gesien het. Die volgende dag het ek begin om die lede van die musiekgroep indiwidueel te besoek en verklarings af te neem. Ek was nog besig daarmee toe Ben Goussard my die Maandagaand bel en sê die hele groep wil graag saam met my bymekaar kom sodat ek hulle eerstehands van die verdwyning van Hans Ras kon vertel. Hulle wou hê ons moes almal saam daaroor praat. ʼn Soort gemeenskaplike debriefing. Dit het ons die Woensdagaand gedoen. Teen daardie tyd het ek al met almal onderhoude gehad. Ons het by die De la Portes se huis bymekaargekom – almal behalwe Bongi Mngadi wat daardie aand in ʼn opera opgetree het. Maar Asanda, sy vrou, was daar. Ek en die groep het die hele verdwyning van Hans Ras in besonderhede bespreek."

Daar is ʼn kort stilte terwyl hulle tee en koffie drink. Craig se band-opnemer maak ʼn klik-geluid. Craig draai die band om en skakel dit weer aan.

Zimmer sit sy koppie neer en vra vir Jolanda:

"Was jy ook daar? By die hele groep?"

Daar kom ʼn morbiede trek op Jolanda se gesig. Sy sug en skud haar kop.

"Nee. Ek was in so ʼn toestand dat ek .... Ek was platgeslaan. Ek wou my werk bedank. My lewe het geen sin gehad nie. Craig en Landman het my omgepraat om eers op verlof te gaan. Ek het na my ouers se plaas toe gegaan. Dit was ʼn helse nagmerrie. Ná ses weke het ek teruggekom."

Zimmer en Craig kyk vlugtig na mekaar. Craig byt op sy lippe, trek sy asem diep in en blaas dit weer uit.

"Ja! Dit was 'n vreeslike tyd," sê hy en skud sy kop. "In elk geval. Teen die tyd dat ek en die hele groep bymekaargekom het, het ek reeds onderhoude met almal van hulle gehad. Die Woensdagaand het ek en die musiekgroep saam deurgebring. Ons het die verdwyning van Hans Ras tot in die fynste besonderhede bespreek maar niks wys geword nie. Nogtans het die samekoms my baie gehelp. Ek kon sien wat die dinamika in die groep was en, beste van als, ek kon sien hoe die De la Portes se huis lyk, sowel as die omgewing."

"Het jy enige iets wys geword?" vra Zimmer

"Ja. Die huis is aan die voet van Kogelberg. Dit lê onder die straatvlak. Dit wil sê die straat loop bokant die huis verby. Wanneer die De la Portes hulle motors in die garage bêre, op straatvlak, klim hulle uit en gaan met 'n klein hysbakkie – net groot genoeg vir een mens plus Leo se rystoel – ondertoe en klim binne-in die huis uit. Die agterkant van die huis staan op dik betonpilare. Hulle agterstoep het etlike groot vensters met 'n fantastiese uitsig oor Valsbaai. Daar's geen plek op die erf waar besoekers kan parkeer nie. Almal moet bo in die straat parkeer. Die musiekgroep het my gewys waar elke motor geparkeer was op die aand van Hans Ras se verdwyning. Aan die einde van die aand het Santa en al die gaste met die buitetrappe boontoe geloop waar hulle mekaar gegroet het, en die gaste het vertrek.

"Dit was die laaste keer dat enige iemand vir Hans Ras gesien het. Behalwe die moordenaar. Ek het ál Hans Ras se bure ondervra maar geeneen van hulle het hom daardie Vrydagaand laat gesien of gehoor tuiskom nie. Gewoonlik het hulle hom gehoor as hy saans inkom want sy garagedeur maak 'n geraas as hy dit oop en toe maak. Dis een van daardie outydse oprol deure. Hy sou moes uitklim om dit op te trek. Een van sy bure sou dit gehoor het en ..."

"Nie noodwendig nie," val Jolanda hom in die rede. "Onthou dit het daardie aand gereën. En as daar onweer is, raas die see baie meer as gewoonlik."

Craig knik instemmend.

"Ja, jy't 'n punt daar. Maar onthou, jy het netnou self gesê dat jy oortuig is dat Hans Ras daardie aand ná die musiekaand *nie* in die huis was nie."

"Ja, maar iemand kon hom geskaak het toe hy daar aangekom het. Of toe hy besig was om sy kar in die garage te trek."

"Jy's reg," sê Craig.

Hy draai weer na Zimmer.

“Ons het ’n deeglike ondersoek ingestel oor die moontlikheid dat Hans Ras op pad huis toe ná die musiekaand deur gangsters oorval was, en dat sy kar geskaak is, maar ons kon geen bewyse vind nie. Die roete wat Hans Ras vanaf die De la Portes ... Wag ’n bietjie.”

Hy staan op, loop na die boekrak toe en kom terug met ’n boek vol straatplanne van Kaapstad en omgewing. Hy open dit op die kaart van Gordonsbaai en draai dit onderstebo sodat Zimmer en Jolanda die straatname kan sien.

“Die De La Portes se huis is hiér, in Suikerbossie Rylaan. Die roete wat Hans Ras na sy eie huis toe sou ry was ...”

Hy laat sy vinger gly oor die kaart om die pad aan te dui.

“Vanaf die huis in Suikerbossie Rylaan af tot by die R44 waar hy links sou draai en ’n entjie verder regs in Faure Straat, en daarvandaan ’n kort afstandjie tot by sy huis in Faure Straat. Feitlik die hele roete loop tussen huise deur.”

Hy los die kaart en sit terug in sy stoel.

“Die week nadat die Hans Ras saak aan my toegeken is, het ek persoonlik van huis tot huis op hierdie roete gegaan en elke inwoner uitgevra of hulle op die aand of nag van 18 Julie enige iets gesien of gehoor het wat moontlik ’n motor-skaking of ’n aanval kon gewees het, en nie een enkele persoon het iets gesien of gehoor nie. Dit was ’n doodlooppad.”

“Aanvanklik was ek oortuig daarvan dat Hans Ras ontvoer is sodat die ontvoerders geld uit sy rekening kon steel, maar hierdie teorie het ook plat geval. Navrae by sy bank het gewys dat daar geen geld uit sy rekening getrek is nie. Nie daardie aand nie, en ook nie daarna nie. Dus, orals waar ons gesoek het, het ons ’n bloutjie geloop.”

“Het jy ingegaan op die agtergronde van elke persoon in die musiekgroep?” vra Zimmer.

“Natuurlik. Toe ek met hulle gepraat het, het ek op elkeen se huidige omstandighede sowel as hulle verlede ingegaan. Agterna het ek, vir sover as ek kon, probeer vasstel of hierdie gegewens korrek was en ek het niks snaaks gevind nie. ’n Mens kan natuurlik nooit seker wees nie. Dis moeilik om presies vas te stel of mense die waarheid praat. Ek het nie tyd gehad om baie diep te delf nie. Maar ek kon niks agterdogtig uitvind oor die agtergrond van enige lid van die musiekgroep nie.”

Jolanda staan op en loop na die venster toe. Sy kyk uit, draai om en vou haar arms oor haar bors.

“Craig, die tyd stap aan en ek weet jy is baie besig. Ek dink dis belangrik dat jy nou vir Zimmer moet vertel van die ander verdagtes, bo en behalwe die lede van die musiekgroep,

byvoorbeeld Hans Ras se werksmense. En dan die baie belangrike navorsing wat jy gedoen het oor bendes in die Gordonsbaai se omgewing ten tye van Hans Ras se verdwyning."

Craig drink die laaste sluk koffie uit sy koppie. Hy kyk op sy polshorlosie en slaan met sy vuis in sy handpalm.

"Jy's reg! My tyd is min. Zimmer, afgesien van die lede van die musiekgroep is daar nog drie ander groepe verdagtes: Hans Ras se familie, sy werksmense, en georganiseerde bendes. Wat die familie betref, Hans Ras het 'n ingewikkelde familie-agtergrond. Dis alles in hierdie lêer."

Craig wys na die lêer gemerk ***HANS RAS – Lêer 2***.

"Jy moet dit gaan oplees. Ek het deeglik op hierdie agtergrond ingegaan en die belangrikste verdagtes van die familiekant af is sy stiefsuster Veronica Webster en haar man, Chris Webster."

"Ek het hulle gister gaan sien," val Jolanda hom in die rede van die venster se kant af. "Onder voorwendsel dat ek vir hulle die nuus wou vertel dat ons Hans Ras se kar ontdek het. Ek het niks nuuts uitgevind nie. Hulle bly nog verdagtes. Ek sal vir julle 'n verslag skryf oor my jongste besoek aan hulle."

"Dan is daar Hans Ras se werksmense," gaan Craig voort. "Twee jaar gelede het ek al die top personeellede van Hans Ras se betonmuurfabriek – *Cape Pre-cast Construction* – ondervra en verklarings afgeneem, maar geeneen van hulle het geweet wat van Hans Ras geword het nie – nie die administratiewe hoofde, of onderbestuurders, of departementhoofde, of voormanne nie. Aan die begin van my ondersoek was Kara Texeira een van my belangrikste verdagtes, juis omdat sy soveel mag het, maar ek het gou van opinie verander toe ek haar beter leer ken het. Sy het vir Hans Ras feitlik aanbid en was heeltemal platgeslaan toe hy verdwyn het. Sy was ontsettend hulpvaardig met my ondersoeke van Hans Ras se eks-kollegas en werknemers en ek kon nie 'n enkele rede vind waarom een van hulle vir Hans Ras sou wou vermoor nie.

"Daar was een raaisel by Hans Ras se werk wat ons nie kon oplos nie. Soos Jolanda net nou gesê het, het Hans Ras die aand voor sy verdwyning vir haar gesê dat iemand wat hulle ken moontlik in misdaad betrokke is. Hans Ras het dieselfde brokkie nuus ook aan Kara oorgedra. Hy wou nie name noem nie en het gesê hy wou eers die saak verder ondersoek. Maar daar was 'n belangrike ding wat Hans Ras vir Kara gesê het wat hy nié vir Jolanda gesê het nie. Hy het vir Kara gesê dat hy die storie oor die misdadiger gehoor het by een van die werkers in sy fabriek. Sy presiese woorde was 'een van die outjies in die fabriek het my

vertel'. Met ander woorde, dit was nie 'n senior lid van die personeel nie. Net een van die outjies. Wie was dit? Waar op aarde is hy?" sê Craig en gooi sy hande in die lug op.

"Wil ek ook weet," sê Jolanda.

Sy gaan sit weer by die lessenaar en pers haar lippe gefrustreerd op mekaar.

"Dit is jammer dat ons nie kon uitvind nie," sê sy. "As ons hóm kan vind, sal ons miskien ook die moordenaar vind. Wie is die outjie? Wat het van hom geword? Werk hy nog steeds by die fabriek?"

"Ons weet nie," sê Craig. "In my verslae verwys ek na hom as 'die verklikker'. Ek het hard probeer om uit te vind wie hy was, maar niemand weet nie. Lyk of hy groot geskrik het toe Hans Ras verdwyn het en besluit het om nooit weer 'n woord oor die saak te rep nie. Natuurlik bang hy word ook vermoor."

"Ja," beaam Jolanda.

Daar is 'n ruk stilte. Craig maak die derde lêer oop en blaai stadig daardeur.

"Die laaste kategorie verdagtes wat ons ondersoek het, is bendes," sê hy. "Sover ons weet is daar geen bendes wat aktief bedrywig is in Gordonsbaai nie, maar my navorsing in 2008 het gewys dat daar drie Kaapse bendes was wat vir Hans Ras op die aand van 18 Julie kon vermoor het. Hierdie drie bendes is die Syndicate bende, die Cape Flat Kings en die Jack Knives bende. Al drie hierdie bendes bestaan nog steeds."

"Die Syndicate bende is die gevaarlikste een en hulle is die grootste bende op die Kaapse Vlakte. Hulle het 'n ledetal van omtrent ses duisend. 'n Sekere ou met die naam van Mujait Williams het die Syndicate bende begin in die middel-sestigerjare uit sy huis in Manenberg. Tot vandag toe is hulle hoofkwartier steeds in Manenberg, maar hulle is bedrywig in ryk voorstede soos Constantia, Rondebosch, Blouberg-strand, Kampsbaai, Houtbaai ... so aan. Dwelmsmokkelary."

"Jy sê hulle het ses duisend lede. Weet jy hoeveel bendes hulle het?" vra Jolanda.

"Ek verstaan in 1980 het die Syndicate tien bendes gehad, en in twee-duisend het hulle gegroei na sewentig bendes. Deesdae is daar omtrent honderd en twintig Syndicate bendes, versprei oor die hele Kaapse Vlakte."

Zimmer gooi sy pen neer en sit terug in sy stoel.

"Onmoontlik! Dis onmoontlik," roep hy geskok uit. "Honderd-en-twintig bendes. Onder een vaandel. Dis meer as al die bendes saam in die hele Durban en omgewing!"

Craig stut sy ken op sy handpalm en kyk strak na Zimmer.

"Jy ken nie die Kaap nie. Bendes is tradisie vandat Jan van Riebeeck hier geland het. Om terug te kom, op een stadium het die Syndicate saamgesmelt met die 28's tronkbende en

uitgebrei na Gugulethu, Mitchells Plein, Khayalitsha. Dis waarom daar vandag so baie van die Syndicate bendes is. Vir elke bende van die Syndicate is daar ŉ bendeleier en vir elke tien bendes is daar ŉ direkteur en ŉ instrukteur wat intensiewe in-diens-opleiding aan bendeleiers gee. Hulle lei hulle bendelede hoofsaaklik op in dwelm-handel, maar ook in ander misdade soos huisbraak, motor-skakings, terrorisering van die inwoners."

Zimmer kyk na sy aantekeninge.

"Is hierdie Mujait Williams nog steeds die hoofleier?" vra hy.

"Nee. In die middel-negentigs is Mujait Williams deur die polisie doodgeskiet. Sy plek is ingeneem deur Donker wat tot vandag toe die hoofleier van die Syndicate is. Sy regte naam is Iqshaan Solomons. Vandag is hy die highflyer van die Syndicate bende. Hy is ŉ multimiljoenêr wat met eiendomme spekuleer onder die naam Ivor Stephenson. Hy besit heelwat eiendomme in Constantia en Vredekloof wat hy uitverhuur terwyl hyself in Llandudno woon waar hy in weelde leef saam met sy drie mistresses en na sy wettige besighede omsien. Die dag-tot-dag aktiwiteite van die Syndicate word behartig deur drie uitvoerende direkteure wat so glibberig is dat die polisie nie ŉ houvas op hulle kan kry nie. In baie dele van die armer voorstede in die Kaap regeer die Syndicate die bevolking met ŉ ysterhand."

"Watter soort dwelms verkoop hulle?" vra Jolanda.

"Kokaïen, crack, Ecstacy en tik. Orals sien jy hulle kenmerkende graffiti in gebiede wat aan hulle 'behoort'. Hulle voer heerskappy deur skrikbewinde en turf-oorloë van stapel te stuur, en hulle hou baie mense in sekere dele van die Kaap in ŉ ystergreep van vrees.

"Dit bring ons by Gordonsbaai. Die polisie in Gordonsbaai kom nooit in aanraking met die Syndicate bende nie, maar in die middel van 2008, toe Hans Ras verdwyn het, het die Metropolisie van Kaapstad die Gordonsbaai se polisiekantoor in kennis gestel dat sekere Syndicate lede besig is met navorsing in Gordonsbaai."

"O ja, ek onthou nou," sê Jolanda. "Hulle was in die middel van Julie 2008 besig om iets te beplan, maar ons kon nie uitvind wat nie. Ek het gehoor hulle het ŉ aflaaiplek gesoek vir dwelms wat per boot van Mexico sou ingesmokkel word."

"Ja, daar is bespiegel. Dit was presies op daardie tydstip dat Hans Ras verdwyn het. Dit is moontlik dat lede van die Syndicate bende Hans Ras se Mercedes geskaak het en hom vermoor het. Wel, dis nou die hele storie van die Syndicate, die eerste en grootste bende wat ons twee jaar gelede ondersoek het. Afgesien van die Syndicate is daar nog twee ander bendes wat moontlik iets te doen gehad het met Hans Ras se verdwyning – die CFK's en die Jack Knives."

Craig staan op en begin heen-en-weer- loop langs die dak-tot-vloer venster agter sy lessenaar. Hy trek sy vingers deur sy swart kroes hare wat hier en daar ŉ grys haar tussenin het. Hy gaan staan en kyk weer na Zimmer.

"Die tweede bende wat op daardie tydstip bande met Gordonsbaai gehad het, was die Cape Flat Kings," sê hy. "Hulle staan bekend as die CFK's – 'Siefkys' in die volksmond. Hulle leiers is die drie Papadakis broers: Kurt, Quinto en Barney Papadakis. Hulle staan aan die stuur van ŉ multimiljoene rand se perlemoen smokkelary en woon hier in die Strand. Hulle verkoop die perlemoen in die Verre-Ooste waar dit beskou word as ŉ sterk seks stimuleermiddel. Perlemoen smokkelary is ŉ uiters gevaarlike industrie."

"Ja," sê Jolanda. "Ek het gehoor dat Kurt, die oudste broer, ŉ .380 kaliber rewolwer in ŉ uitgeholde Bybel orals saam met hom dra vir self-verdediging."

Zimmer grinnik. Hy kyk Jolanda skepties aan.

"Jy's nie ernstig nie!"

Jolanda glimlag.

"Dis die storie ..."

"Goed, kom ons gaan verder, " sê Craig. "Die CFK's het ŉ hele arsenaal van rewolwers en wapens, en baie bebloede lyke op hulle kerfstok. Doods-dreigemente, turf-oorloë, sluipmoorde en lyke in kattebakke is aan die orde van die dag. Hulle smokkel nie net met perlemoen nie. Hulle smokkel ook met dwelms, omdat baie Chinese klante hulle van Mandrax en tik voorsien in ruil vir perlemoen. Die CFK's se omset is ongeveer vyf miljoen rand per maand."

"Bliksem!" sê Zimmer. "Wat is die prys van perlemoen?"

"In 2008 toe Hans Ras verdwyn het, was die prys vier honderd rand per kilogram. Dit beteken vir tien kilogram perlemoen het ŉ smokkelaar vier duisend rand verdien, en vir honderd kilogram veertig duisend. Dis omtrent soveel as wat een span stropers op ŉ nag uithaal."

"Waar kry hulle die perlemoen?" vra Zimmer.

"Hulle het baie werkers wat snags uitgaan met dosyne rubber-bote, elkeen met ŉ duik-leier en ŉ span duikers. Elke nag duik verskillende spanne perlemoen uit vanaf Valsbaai al langs die kus – Hangklip, Hermanus, Gansbaai, Struisbaai, Waenhuiskrans, en verder. Drie-uur in die oggend sleep hulle sakke vol perlemoen op die sand uit en laai die sakke in land rovers. Die drywers jaag na geheime opslagplekke waar werk-spanne die perlemoen ontskulp, verwerk, verpak en vries. Hulle moet vinnig werk. Perlemoen word gou sleg.

Daarvandaan neem die transport-spanne oor. Hierdie is die gevaarlikste deel van perlemoen stropery. Transport-spanne word gereeld gevang."

"Maar wat het perlemoen met Hans Ras se verdwyning te doen?" vra Zimmer.

"Die polisie dink die CFK bende was dalk betrokke by Hans Ras se verdwyning omdat een van sy fabriekswerkers – Paul Plaatjies – kort vantevore aan Hans Ras gerapporteer het dat hy op 'n smokkel operasie van die CFK's afgekom het. Hans Ras het gesê Plaatjies moet die saak aan die polisie rapporteer. Die volgende dag is Plaatjies se lyk langs die N2 naby Crossroads ontdek. Die punt wat ek wil maak is: moontlik het die CFK's vir Hans Ras vermoor omdat hulle dink hy weet te veel."

Daar is 'n klop aan die deur en Blanche kom in. Sy oorhandig 'n plastiekkaart aan Zimmer met sy naam en foto wat wys dat hy 'n privaatspeurder in diens van die Craig Bantjies Speur Agentskap is.

"Dankie," sê Zimmer.

"Meneer Langa van Robben Eiland is hier," sê Blanche vir Craig.

Craig kyk op sy horlosie.

"Asseblief, gee vir hom tee en sê ek is binne vyf minute by hom," antwoord hy en gaan sit weer agter sy donkerblou lessenaar.

"Ek sal so maak," sê Blanche en loop uit.

"Ons moet gou maak," sê Craig vir die ander twee. "Die derde en laaste bende is die Jack Knives bende. Hulle is in Hanover Park gesetel. Hulle bestaan uit ongeveer 1500 lede en maak geld uit die verkoop van dwelms: tik, dagga, LSD, heroïen. Hulle raak gereeld betrokke in gevegte oor turf, veral in Mitchells Plein, Bishop Lavis, Woodstock en Mowbray.

"Die hoofleier van die Jack Knives is Jack Booysen – 'n agt-en-veertig-jarige man wat saam met sy vrou en vier kinders in 'n groot Kaaps-Hollandse huis in Steenberg woon. Jack Booysen het jare gelede 'n samewerking-ooreenkoms met die Sisiliaanse mafioso Vita Palazzolo aangegaan. Die Sisiliane het die Jack Knives in dwelmhandel opgelei en hulle gewys hoe om dwelms vanaf Indië in te voer. Vandag is die Jack Knives die invloedrykste bende in Hanover Park. Afgesien van dwelms is hulle ook betrokke in onwettige sjebiens en geweldsmisdaad. Die rede waarom die Jack Knives bende op die lys van verdagtes in die vermiste persoon ondersoek na Hans Ras is, is dat die ouers van twee lede van die Jack Knives woonagtig is in Temperance Town."

"Waar en wat is Temperance Town?" vra Zimmer.

"Dis 'n deel van Gordonsbaai waar daar meestal bruin mense woon," antwoord Craig. "Die ouers van twee lede van die Jack Knives – Randall en Bobby Peters – woon daar. Soms

kom besoek die gangster seuns hulle oumense en bring die vrouens en kinders saam. Dit veroorsaak dikwels moeilikheid. Soms word die polisie ingeroep om die vrede in Temperance Town te herstel. In 2004 het die polisie tik ter waarde van twee miljoen rand by ŉ township hier naby gekonfiskeer. Een van die bendelede wat gearresteer en gevonnis was, was Bobby Peters. Maar teen 2007 was Bobby weer op vrye voet.

"Tydens my ondersoek oor Hans Ras se verdwyning het ek ontdek dat Bobby en twee van sy gangster vriende op die nag van 18 tot 19 Julie 2008 in Temperance Town was. Die vraag was – hoekom? Wat het hulle hier kom doen? Ek het probeer uitvind, maar die oumense het niks geweet nie. Miskien het Bobby iets te doen gehad met Hans Ras se verdwyning daardie nag. "

Craig leun vorentoe met sy elmboë op die lessenaar.

"Soos julle sien, my tyd is verstreke. Julle weet nou wat om te doen. Eerstens, Jolanda, jy moet natuurlik voortgaan met jou ondersoek na die persoon in Hans Ras se vriendekring wat in misdaad betrokke is, sowel as na die verklikker wat in Hans Ras se fabriek is of was. Die outjie wat vir Hans Ras vertel het van die misdadiger. Gaan praat weer met Kara Texeira. Miskien het sy intussen nuwe inligting gekry.

"Tweedens – Zimmer. As jy in Gordonsbaai kom, moet jy jouself gaan aanmeld by Landman en daarna by Derek Drummond wat besig is met navorsing op die misdaad-toneel. Skryf alles neer wat hulle daar doen, en reeds gedoen het, wat hulle nou uitvind en reeds uitgevind het. En bly by hulle. Die hele tyd. Jy moet presies weet wat hulle uitvind en dit aan my en Jolanda kom vertel. Eers vanmiddag laat as die forensiese span huis toe gaan, mag jy teruggaan Gordonsbaai toe. Dan gaan rapporteer jy by Jolanda.

"Intussen, Jolanda, moet jy reël om weereens onderhoude te voer met al die verdagtes. Sien jy kans daarvoor?"

Jolanda kyk hom strak aan.

"Ja. Ek wil dit doen. As Landman uitvind ek meng in in die saak, dan moet hy maar doen wat hy wil. Ek sal dit in elke geval probeer stilhou. Soos dit is, het ek reeds Hans Ras se stiefsuster en haar man besoek. Wederregtelik. So, dis reg, ek sal die onderhoude doen met al die ou lede van die musiekgroep."

"Raait. Julle moet gereeld bymekaarkom en mekaar op hoogte hou. Een van julle moet weer gaan praat met die getuie wat twee jaar gelede gesê het dat hy Hans Ras se kar laat daardie nag op die Rooiels-pad gesien het. Zimmer, jy moet vanaand en môreaand deur al hierdie lêers en kassette gaan en Donderdagoggend weer by die forensiese span gaan aansluit indien nodig. Jolanda, probeer meer uitvind oor die jongste verwikkelinge in die drie

verdagte bendes – die Syndicate, CFK’s, Jack Knives. Gaan steek kers op by die polisie-eenheid wat werk met georganiseerde misdaad. Dalk weet hulle van ’n skakel tussen een van die drie bendes en die verdwyning van Hans Ras.

“Maar heel eerste, Jolanda, gaan nou dadelik en kry vir Zimmer kaarte en straat-planne van Gordonsbaai, en van die hele omgewing tot by Rooiels. Vat hom op ’n uitgebreide toer om en deur die dorp. Wys vir hom al die relevante plekke wat ons vandag bespreek het. Belangrikste van alles – neem hom na die misdaadtoneel, stel hom voor aan Derek en vertel vir Derek wat aangaan. Ek sal probeer om môre ’n draai by hulle te maak.”

Craig skakel sy bandopnemer af en gee die band vir Zimmer.

Hy maak sy dagboek toe en staan op.

“Ek sien julle Donderdagmiddag vieruur. Totsiens.”

# HOOFSTUK 9

Jolanda klim terug in Zimmer se motor en vou die straatkaart oop van die Strand-Gordonsbaai omgewing wat sy by Blanche gekry het. Eers beduie sy met haar vinger op die kaart vir Zimmer waar hulle tans is en watter roete hulle moet ry om weer by Gordonsbaai uit te kom, en dan voeg hulle die daad by die woord. So ver as wat hulle ry, spring Jolanda se gedagtes rond tussen die plekke wat sy vir hom uitwys, wat sy moet doen as sy tuis kom en die ontwikkelende vriendskap tussen haar en Zimmer.

Sy is beïndruk met hom. Hy het vanoggend heel bekwaam opgetree tydens die inligting-sessie met Craig Bantjies en sy was trots op die professionele manier waarop hy aantekeninge geneem en vrae gevra het. Hy is vanoggend anders as gisteraand toe hulle by die Holloway Continental Restourant geëet het en hy met haar flankeer het. Vandag is hy ernstig. Sy beskou dit as ʼn persoonlike prestasie dat sy hom oorreed het om nuwe klere te koop ten spyte van sy teensinnigheid om dit te doen.

"Waarheen ry ons?" onderbreek hy haar gedagtes.

Verward kyk sy om haar rond.

"O! Oukei. Ons is nou in Gordonsbaai Weg, en binnekort gaan die pad in twee vurk. Vat dan die regterkantste pad. Die area waardeur ons nou ry is naby die nuwe hawe waar ons gisteraand geëet het. Dis ʼn baie interessante area want dis hier naby waar die middens is."

"Wat is middens?"

"Dis ʼn groot skulphoop – ses meter hoog – wat hier ontdek is. Dit dateer uit die laat Steentydperk toe hierdie hele wêreld gewemel het van wilde diere: luiperds, leeus, bokke, slange, renosters, sebras, olifante, so aan. Die skulphoop was die voedseloorskot van Boesmans wat omtrent tienduisend jaar gelede hier gewoon het. Hulle het baie seekos en ander diere geëet, en altyd die oorskot op dieselfde hoop gegooi. Die middens was ʼn groot argeologiese vonds ...

"Kyk nou, hier split die pad," val sy haarself in die rede. "Hou regs. Goed. Die linkerkantste pad gaan na die boonste deel van Gordonsbaai en hierdie een gaan na die onderste deel van die dorp wat langs die see lê."

Hulle ry met Beach Weg en Jolanda beduie vir Zimmer om by die groot restourant op die strand te stop.

Sy wys na die polisiekantoor oorkant die straat.

“Netnou, nadat jy my afgelaai het, moet jy hierheen terugkom en jouself aanmeld by Majoor Landman. Sê vir hom jy’s ’n privaat speurder wat vir Craig Bantjies werk, maar jy moet glad nie dat hy agterkom dat jy my ken nie, of dat ons saamwerk nie.

“Hier langs die polisiekantoor is ons pragtige antieke poskantoortjie ... Dan die stuk oop grond waar die Van Riebeeck Hotel eers was ... Hier oorkant is die lekker breë strand. Stop. Kom ons klim ’n bietjie uit.”

Zimmer parkeer en hulle loop ’n entjie op die strand waar ’n vrou skulpe optel en ’n man op ’n bank sit en oor die see uit staar. Jolanda wys vir Zimmer die staal gedenkteken van Ingrid Jonker wat in Gordonsbaai grootgeword het. Daar is geen wolke in die lug nie sodat sy ook vir hom al die kusdorpies ver anderkant Valsbaai kan wys: Muizenberg, St. James, Kalkbaai, Vishoek en – uiteindelik, baie dynserig – Shelley Beach en Simonstad.

Terug in die motor ry hulle aan met Beach Weg, verby verskeie geboue en huise – die kerk, vlootbasis, seiljaghawe – totdat sy sê hy moet links draai.

“Hierdie deel ken ek,” sê hy. “Ek sien vir *Sea Music Guest House*.”

“Ja, ry verby dan wys ek jou my huis ...”

’n Minuut later stop hulle voor Jolanda se huis en klim uit. Verstom staar Zimmer na die huisie ver bokant hulle met sy glas skuifdeure en smal balkonnetjie.

“Wat! Moet jy elke dag hierdie honderde trappe opklim tot bo?”

“Ja. ’n Paar keer elke dag. Hou my fiks. Maar ons kan nie nou opgaan nie. Ons het te veel om te doen.”

Hulle klim terug in die motor en sy wys hom verskeie strate en plekke in die onderdorp totdat hulle kom by die R44, die pad wat die onderdorp van die bo-dorp skei.

“Draai hier in Suikerbossie Rylaan,” sê Jolanda.

Hulle ry kruis en dwars deur die spogbuurt aan die voet van Kogelberg terwyl sy vir hom plekke en strate wys. Nadat hulle tien minute rondgery het, sê sy:

“Vir ons ondersoek na Hans Ras se verdwyning is die bo-dorp die heel belangrikste deel. Dis hier waar die musiekgroep altyd bymekaarkom, en dis hier waar Hans Ras vir die laaste keer gesien is. Kom ek gaan wys vir jou die huis van die De la Portes waar die musiekaande gehou word.”

’n Paar minute later stop hulle bokant die woning van die De la Portes in Suikerbossie Rylaan.

Hulle klim uit. Die dubbeldeur motorhuis is op straatvlak maar die huis is onder straatvlak. Dis ’n 1934 Tudor-styl huis wat teen ’n baie steil helling gebou is. Dit het vier

vlakke en op elke vlak is groot vensters sodat die inwoners uit elke vertrek ŉ lieflike uitsig oor Valsbaai het.

"Hoe kom ŉ mens by die huis in?" vra Zimmer.

Jolanda wys vir hom die twee stelle vertikale trappe waarmee ŉ mens vanaf die straat deur die bo-tuin kan afklim tot by die voordeur.

"Daar is ook ŉ klein hysbakkie wat uit die motorhuis afgaan tot in die huis, hoofsaaklik vir Leo met sy rystoel."

Belangstellend bekyk Zimmer die omgewing.

"Op die aand van Hans Ras se verdwyning was daar vier karre hierbo in die straat geparkeer," sê Jolanda.

Die armbande op haar linkerarm klingel soos sy vir Zimmer beduie waar die verskillende karre gestaan het. Terwyl sy praat, voel sy skielik ŉ opwelling van emosie en byt op haar lippe. Elke keer as sy by die De la Portes se huis kom, sien sy in haar verbeelding vir Hans Ras staan.

ŉ Pyngevoel styg op vanaf haar bors tot haar kop. ŉ Wilde wanhoop pak haar beet. Haar oë brand. Verbouereerd vryf sy oor die tatoe op haar hand. Ergerlik byt sy op haar lippe terwyl sy sukkel om die nostalgie van haar af te skud.

Zimmer is onbewus van haar ontsteltenis. Met gevoude arms is hy besig om die omgewing te verken.

"Wel, ek kry die prentjie," sê hy. "Ek moet sê, dit lyk na ŉ baie stil area, veral saans sou ek dink. Afgesonder van die óú dorp daaronder. Hierdie is die hoogste huise, en agter ons is dit net berg." Hy draai om en kyk na Kogelberg. " ŉ Ontsettende hoë berg. Mens kan nie eers die bokant sien nie."

"Ja," sê Jolanda met ŉ flou glimlag. "Hierdie berg is soos ŉ piramiede – as jy reg hieronder staan, kan jy die voet van die berg sien, maar nie die kruin nie. Hans Ras het gereeld die berg uitgeklim tot bo. Gewoonlik was hy alleen. Hy't ŉ eensaamheidsdrang gehad."

Zimmer kyk haar simpatiek aan.

"Kom ons ry," sê sy. "Ek wil vir jou die roete wys wat ons dink wat Hans Ras gery het toe hy vir die laaste keer gesien is."

Net toe Zimmer sy motor aanskakel, lui sy selfoon. Hy kyk op die skermpie wie die inbeller is en skakel die kar af.

"Verskoon my. Ek móét hierdie oproep vat."

"Haai, Rory," sê hy in die spreekbuis en klim uit die kar.

Jolanda wonder wat aangaan. Sy weet darem al dat Rory Zimmer se vriend is wat Zimmer se motor Kaap toe gaan bring. Sy probeer hoor waaroor hulle praat, maar dit klink asof Rory al die praatwerk doen. Zimmer loop op en af en sy gesig lyk al hoe meer bekommerd.

Nadat hulle etlike minute gepraat het, klim Zimmer terug in die kar. Toe Jolanda vra wat verkeerd is, vertel hy haar dat Rory uitgevind het dat die polisie in Johannesburg se afdeling van georganiseerde misdaad probeer het om vir Buster by sy huis te arresteer.

"Wie is Buster?" vra Jolanda.

"Die bliksem in Durban wat my geslaan het. Ek ken hom as Buster maar in Johannesburg staan hy bekend as Jonathan Cohen."

"Het hulle hom gearresteer?"

"Nee. Hulle kon hom nie in die hande kry nie. Sy vrou het gesê hy's nie tuis nie. Sy weet nie waar hy is nie," sê Zimmer fronsend. "Die polisie het sy hele huis deursoek maar kon hom nie vind nie. Hy het verdwyn. Sedertdien hou die polisie sy huis dop, maar daar is geen teken van hom nie. Hulle vermoed dat Buster nog steeds in Durban is. Ek wil hê hulle moet hom vang sodat ek kan ontspan."

"Gevaarlike man."

"Jip," beaam Zimmer.

Sy kyk nadenkend na Zimmer.

Skielik is dit asof hy ontplof.

"Die donderse sadis!" sê hy driftig. "Hierdie bliksem het sy vingers in soveel paais. Hy wag seker vir ŉ groot besending Ecstacy. Of Mandrax. Of kokaïen. Hy's ŉ maniak wat mense afpers – ontvoer – martel en vermoor."

Zimmer het ŉ gedaante verandering ondergaan. Sy gesig is spierwit, lippe op mekaar gepers. Woedend slaan hy met sy vuiste op die stuurwiel.

ŉ Minuut lank sit hy roerloos. Dan sê hy in ŉ skor stem:

"Hy't my pa doodgemaak. Vier jaar gelede. Nou wil hy my ook doodmaak."

ŉ Swaar stilte hang in die lug terwyl Jolanda hierdie inligting verwerk. Sy is verstom. Wie kon droom dat die saggeaarde Zimmer so kwaad kan word? Maar as dit waar is dat hierdie Buster ŉ moordenaar is en dat hy Zimmer se pa doodgemaak het, kan sy hom kwalik neem? Haar eie pa word ook soms woedend as iemand hom verneuk of beledig. Dan moet almal liewer net doodstil bly totdat hy weer kalmeer.

Met ŉ hout gesig staar sy deur die windskerm.

Meteens sê Zimmer:

"Ek is jammer. Ek is jammer. Ek moet glad nie oor hierdie man praat nie. Hy maak my woedend. Kom ons praat oor iets anders."

Toe sy nie op sy voorstel reageer nie, sê hy verskonend:

"Jy't gesê jy gaan vir my die roete wys wat Hans Ras daardie aand sou gery het ..."

Jolanda skrik uit haar verstarring.

"O ja! Jy sal ŉ U-draai moet maak sodat jy kan terugry in Suikerbossie Rylaan soos ons gekom het."

Hulle ry stadig terug na Jolanda se huis. Kalm gee sy hom instruksies en noem die name van strate waarmee Hans Ras huis toe sou ry.

By haar huis aangekom, maak sy die deur oop, maar Zimmer hou haar teë. Hy neem haar hand vol ringe in syne en vra weer eens verskoning vir sy uitbarsting. Die aanval wat Buster in Durban op hom gemaak het, is vir hom ŉ baie emosionele saak, sê hy. In die toekoms sal hy probeer kalm bly.

Nog steeds hou hy haar hand in syne. Sy luister hoe die enjin krakend afkoel en kyk hom ondersoekend aan.

"Dis reg so. Eendag moet jy my die hele storie vertel," sê sy.

Traag trek sy haar hand uit syne en kyk op haar horlosie.

"Gaan meld jouself nou eers by Majoor Landman aan. Ek sal intussen vir jou ŉ kaart van Gordonsbaai en omgewing gaan koop. As jy klaar by Landman was, kom haal jy my weer hier sodat ek jou die plek kan wys waar Hans Ras se motor gevind is, en jou aan Derek Drummond kan voorstel. Van môre af sal jy met hom saamwerk om die Hans Ras saak op te los."

"Goed. Ek sien jou netnou weer."

"Ek is flou van die honger," sê sy en maak die motordeur oop om uit te klim. "Terwyl ek die kaart gaan koop, sal ek sommer ook vir ons iets kry om te eet."

Zimmer vertrek. Jolanda sluit haar garage oop, gaan sit in haar kar en bel vir Ben Goussard by sy werk. Nuwe leidrade oor die Hans Ras saak het opgeduik, sê sy. Sy wil graag met hom en sy gesin praat, verkieslik met elkeen afsonderlik.

"Met plesier," sê Ben Goussard. " Wanneer wil jy dit doen?"

"Vanmiddag nog, as dit julle pas."

Ná ŉ kort stilte sê hy:

"Jy kan sekerlik met my en Lucille kom praat, maar ek weet nie of Otto beskikbaar is nie. Jy weet mos, hy het ŉ lewe van sy eie."

Jolanda weet Otto en Ben sit nie langs dieselfde vuur nie. Lucille se eerste man is sewe jaar gelede dood. Sy en Otto het alleen saamgewoon totdat Lucille drie jaar gelede met Ben Goussard getrou het. Ben en Otto het van meet af aan gebots – 'n probleem wat veroorsaak het dat Otto vir homself 'n tweede huis op Lucille se erf laat bou het waar hy 'n besigheid as klere-ontwerper bedryf.

"Goed," sê Jolanda. "Dan sal ek 'n afspraak met Otto maak om hom môre te sien. Hoe laat sal dit jou en Lucille pas om my te sien?"

"Enige tyd," antwoord Ben. "Jy kan sommer nou gaan. Ek sal bietjie later van die werk af kom, maar jy kan intussen met Lucille praat. Ek sal haar bel en sê jy kom."

Hulle lui af. Jolanda bel dadelik vir Otto en reël om hom die volgende dag te sien. Sy ruil haar skoene om met 'n paar tekkies wat in haar kar is. Daarna ry sy na Gordonsbaai se strand waar sy die kaart vir Zimmer koop sowel as vis en skyfies vir hulle albei. Toe sy terug by haar huis kom, wag Zimmer reeds vir haar.

"Dis al amper vieruur!" roep Jolanda uit terwyl sy in Zimmer se kar klim. "Ons sal moet gou maak as ons nog betyds wil wees om vir Derek Drummond by die misdaadtoneel te kry."

Sy bel vir Drummond om te hoor of hy steeds op die misdaadtoneel is en te sê hulle is op pad.

Die motor word gevul met die geur van vis en skyfies, suurlemoen en sout. Hulle eet die varsgebakte snoek met die krakerige beslag buite en die sagte vis binne. Sy eet nog toe Zimmer sy hande met die servette afvee en sy motor aanskakel. Sy wys hom in watter rigting om te ry.

Die Rooiels pad is effens besiger as gewoonlik, moontlik as gevolg van die berig wat die vorige dag in die koerant verskyn het. Daar is waarskynlik 'n paar nuuskieriges wat die plek wil sien waar Hans Ras se motor gevind is.

Bokant die plek waar Hans Ras se motor gevind is, is daar polisievoertuie geparkeer. Die pad is smal en daar staan 'n verkeersman wat die verkeer dophou. Hy wys vir Zimmer waar om tussen die polisievoertuie te parkeer.

Jolanda klim uit en bekyk die misdaadtoneel. Die plek het 'n metamorfose ondergaan sedert sy laas daar was. Dis duidelik dat Derek Drummond bevel oorgeneem het. 'n Strook van dertig of veertig meter breed is afgebaken met geel polisiebande vanaf die hoofpad tot ver onderkant die bome waar die Mercedes versteek is. Daar staan 'n paar konstabels en waghou.

Buite die skuilplek van die Mercedes is ’n groterige tent opgeslaan om as werkstasie vir forensiese materiaal te dien. Die roete na die skuilplek is meer toeganklik as wat dit was toe Jolanda laas daar was. ’n Meter-breë pad is deur die digbegroeide fynbos oopgekap tot by die skuilplek sodat beamptes makliker op en af teen die skerp, klipperige helling kan beweeg.

Jolanda en Zimmer loop versigtig af teen die steilte tot by die tent en gaan in.

Aan die een kant van die tent is ’n versameling forensiese toerusting bestaande uit kameras, driepote, ’n vingerafdruktas, en ’n paar kartonne vol chirurgiese handskoene, plastiek sakkies, maatbande, pinsette, etikette en proefbuise. Aan die ander kant is opslaanstoele en tafels waarop daar twee skootrekenaars, lêers, apparate en houers is.

’n Konstabel staan wag by die ingang van die beskutting waarbinne Hans Ras se kar is.

Jolanda stel vir Zimmer en Derek Drummond aan mekaar voor.

“Het julle al ’n lyk gevind?” vra Jolanda.

“Nee. Nie kans om te soek nie. Môre se werk.”

“Ja, natuurlik. Julle is seker besig om alles in plek te kry.”

“Presies. Vat baie tyd. Onherbergsaam. Bedonderd gesukkel om ’n pad ondertoe te maak. Fynbos dig, soos riete in ’n moeras. Heluit steil hier af. Moes ’n hele span werkers kry om pad oop te maak dat ons by die plek kan kom. Ander span het hierdie tent opgeslaan. Werkstasie. Ek moes konstabels kry om die gebied af te baken. Te beveilig ...”

Hy hou aan met praat terwyl Jolanda kopknikkend na hom luister. Toe hy klaar verduidelik het, vra Jolanda of hy nou gereed is om met die eintlike ondersoek te begin.

Derek kyk op sy polshorlosie.

“Ons waai nou. Los die wagte hier. Môre deursoek ons die helling duim vir duim. Hoop ons ontdek ’n lyk. ”

“Watter metode gaan julle gebruik?” vra Jolanda. “Liniêr?”

Drummond kyk ingedagte voor hom.

“Ek wou eers die spiraalmetode gebruik maar nou het ek besluit om dit liewer in ’n V-vorm onderkant die bome te doen. As daar ’n lyk hier begrawe is, is dit uiters onwaarskynlik dat die graf bokant die skuilplek sal wees.”

Jolanda knik instemmend. Moordenaars wat ’n slagoffer teen ’n helling begrawe, maak gewoonlik die graf onderkant die plek waar die moord gepleeg is eerder as bokant. Dis makliker om ’n lyk ondertoe te sleep as boontoe.

Hulle gesels nog ’n ruk en Derek beklemtoon die feit dat Zimmer die volgende oggend om nege-uur terug moet wees op hierdie plek en dat hy nie sonder toestemming binne die

beskutting waar die motor is, mag gaan nie aangesien Derek en sy assistent, Sarel, daardie dag sal begin met die versameling van uiters sensitiewe bewysstukke. Derek belowe om hulle doen en late en bevindinge gereeld aan Zimmer te kommunikeer.

* * * *

ʼn Uur later ry Jolanda met haar beige Corsa sedan straat-af en haal ʼn paar keer diep asem om haarself voor te berei vir die onderhoude wat voorlê. Watter vrae gaan sy vra? Sy wens dat sy meer gereeld oefening kan kry om mense te ondervra. Tydens haar kursus in Crime Scene Investigation het sy kruisverhoortegnieke goed onder die knie gehad, maar in ʼn stil omgewing soos Gordonsbaai kry sy min geleenthede om haar speurtegnieke te ontwikkel.

Terwyl sy in Beachweg verby die strandfront en besighede ry, probeer sy ʼn duidelike beeld kry van die scenario op die aand toe Hans Ras saam met die ander groeplede uit die De la Portes se huis gegaan het. Hulle het almal met die trappe opgeklim vanaf die voordeur tot by die straatvlak wat drie of vier meter bokant die voordeur is.

Sy glo as sy presies kan vasstel wat die bewegings van elke lid was in die eerste dertig minute nadat die musiekaand geëindig het, sal sy op die spoor van die moordenaar kom. Iewers is een of meer mense wat ʼn belangrike stuk inligting wegsteek. Hans Ras kon eenvoudig nie in die niet verdwyn het nie. Iemand moes iets gesien of gedoen het. Wie?

In Sir Lowry's Pas draai sy regs, links in Milner en parkeer voor ʼn erf waarop twee huise staan. Dit is die erf van Lucille Goussard. Die groter huis bestaan uit geel sierstene, wit geute en ʼn swart teëldak. Voor die stoep is ʼn goedversorgde grasperk, maar verder is daar geen bome of struike nie.

Jolanda stap met die paadjie op na die voordeur en lui die deurklokkie. Lucille maak die deur oop. Sy is ʼn ouerige vrou van gemiddelde lengte en effens geset. Haar dik blonde-grys hare is mooi gesny en soos gewoonlik dra sy ʼn kleurvolle broekpak wat los om haar lyf hang met ʼn bypassende stola, krale om haar nek en lang oorbelle. In kontras met haar stylvolle kleredrag is haar houding onseker en sy loop effens kreupel. Met ʼn senuweeagtige glimlag nooi sy Jolanda in.

Hulle loop deur die voorportaal na die Goussards se sitkamer. Dis ʼn ruim vertrek met ʼn blou-geblomde mat en ʼn bypassende rusbank waarop vyf koningsblou rug-kussings pryk. Weerskante van die bank is gemakstoele – een van ligblou fluweel en die ander van rooibruin leer. Jolanda neem plaas op die rusbank en Lucille op die blou gemakstoel.

Om vir Lucille op haar gemak te stel, praat Jolanda eers oor alledaagse dinge en daarna oor die koerantberig waarin die ontdekking van Hans Ras se motor bekend gemaak word. Sy verduidelik dat Hans Ras se ma ten alle koste wil weet wat van haar seun geword het. Sy het ŉ privaatspeurder gekry om die ondersoek te hervat. Jolanda het toestemming gekry om te help.

"Wonderlik! Ek het nog altyd gevoel jy behoort in die ondersoek betrokke te wees," sê Lucille.

Jolanda haal haar diktafoon uit haar aktetas en plaas dit op die koffietafel. Sy haal ŉ lêer uit en sê sy wil deur die verklaring gaan wat Lucille twee jaar gelede gemaak het. Sy wil uitvind of Lucille nog met alles saamstem. Lucille sê dis reg. Jolanda skakel die diktafoon aan. Sy gaan stap vir stap deur die verklaring: Hans Ras het heeltemal normaal opgetree op daardie laaste aand by die musiekgroep. Hy was in ŉ goeie bui en het die operavertoning terdeë geniet. Wagner was sy gunsteling opera komponis. Hy het geen melding gemaak daarvan dat hy ná die musiekaand ŉ ander afspraak het nie.

Eindelik sê Jolanda:

"Ek moet jou gelukwens dat jy alles so goed onthou. Ek is amper klaar. Jy sê aan die einde van daardie aand het al die groeplede behalwe Leo die huis verlaat en met die trappe opgeklim. Hoeveel van julle het opgegaan straat toe?"

"Laat ek dink. Daar was Bongi en Asanda, ek en Ben, Otto, Hans Ras en Santa. Sewe. Ons was sewe."

"Wat het julle gedoen toe julle bo kom?"

"Ons het almal mekaar gegroet. Ons was haastig want dit het effens gereën. Ons het in ons karre geklim en gery."

"Waar was die motors geparkeer?" vra Jolanda.

"Reg bokant die De la Portes se huis, al vier in ŉ ry agter mekaar."

"In watter volgorde?"

Lucille dink. Sy knip haar oë ŉ paar keer.

"Ons was heel voor. Agter ons was Otto se kar. Dan Bongi s'n. En laaste Hans Ras s'n."

"Het jy enige ander mense of motors in die straat gesien?"

Lucille skud haar kop.

"Nie so ver as wat ek kon sien nie, maar mens kon nie goed sien nie. Dit was donker en dit het effens gereën. Ons het so gou as moontlik by ons karre probeer uitkom. Santa het in

die straat rondgeloop met ŉ sambreel. Sy het van kar tot kar geloop en almal gegroet. Toe het ons gery."

"Kan jy onthou in watter volgorde al die motors vertrek het? Twee jaar gelede het jy gesê die eerste kar wat vertrek het, was dié van Bongi, toe Otto, daarna Hans Ras, en laaste jy en Ben. Is dit hoe jy dit onthou?"

Lucille sug. Sy staar onseker voor haar uit.

"Dit was die laaste keer dat ons vir Hans Ras gesien het," sê sy.

"Wanneer? Toe hy na sy kar toe geloop het?"

"Ja."

"Het jy hom sien wegtrek?" vra Jolanda.

"Nee. Daar was twee karre geparkeer tussen ons en Hans Ras."

"Ja, die Mngadi's en Otto. Maar nadat hulle vertrek het, was Hans Ras nog daar?"

"Ja. Hy was taamlik ver agter ons."

"Hoe was die sigbaarheid?"

"Nie goed nie. Dit het effens gereën maar sy kar was reg onder die straatlamp en ek kon die kar duidelik sien."

"Het hy by julle verbygery?"

"Ek weet nie."

"Hans Ras sou sy ligte aangehad het. Jy moes hom duidelik by julle sien verby ry het."

Lucille frons en skud haar kop.

"Ek het nie opgelet nie. En Ben het gesukkel om die kar aan die gang te kry. Dit was koud en ek wou by die huis kom."

"Het jy Otto sien vertrek?"

"Ja. Hy was haastig en ek dink hy't eerste gery."

"Bongi en Asanda sê dat húlle eerste vertrek het," sê Jolanda fronsend.

"Wel, dis moontlik. Maar Hans Ras se kar was onder die straatlig en ek verbeel my ... Nee. Ek is deurmekaar."

Jolanda kyk weer na die verslag in haar lêer.

"Volgens jou en Ben se getuienis twee jaar gelede het julle albei gesien dat Hans Ras voor julle vertrek het."

"Nee!" antwoord Lucille in ŉ skril stem. "Ek kon nie onthou nie."

"Met ander woorde, jy was onseker of Hans Ras vóór julle gery het en of hy ná julle gery het?" vra Jolanda onthuts.

Lucille byt op haar lippe. Eindelik sê sy:

"Ja. Ek was onseker."

"Twee jaar gelede was jy seker, maar nou sê jy jy was onseker. Hoe werk dit?"

Lucille gee 'n lang sug.

"Twee jaar gelede was ek nie seker nie. Ben was seker, maar ek was nie seker nie, hoewel ek gesê het ek was seker. Ek wou Ben nie teëstaan nie. Ons was pas getroud. Eers agterna het ek besef dat ekself eintlik glad nie gesien het wanneer Hans Ras vertrek het nie. Moet asseblief nie laat Ben hoor dat ek dit vir jou sê nie, maar ek moet eerlik wees."

Jolanda kyk ondersoekend na Lucille en wonder of hierdie bekentenis belangrik is. Maak dit 'n verskil in die soektog na Hans Ras se moordenaar? Indien Hans Ras op die aand van sy verdwyning die laaste persoon was wat in die straat agtergebly het, is daar 'n groot moontlikheid dat hy deur 'n bende aangeval was. As dít die geval was, sal sy meer pertinent moet fokus op bendes as op indiwidue. Maar so 'n wending is onwaarskynlik. Daar was twee ander getuies wat gesien het dat Hans Ras die voorlaaste gas was wat vertrek het ...

Jolanda leun vorentoe en skakel die diktafoon af.

"Dankie," sê sy vir Lucille. "Ek is bly dat jy my van jou onsekerheid vertel het. Ek sal 'n aantekening daarvan maak. Maar moet jou nie te veel daaroor kwel nie. Die feit bly staan dat daar twee ander persone is wat heeltemal seker is dat Hans Ras vóór julle vertrek het – Ben sowel as Santa. Hulle twee se verklarings sal voldoende wees as die saak weer hof toe gaan. Baie dankie, Lucille, vir jou hulp daarvoor. Ek het geen ander vrae nie."

Lucille se houding verslap dadelik.

Hulle gesels 'n ruk oor klere en juwele. Lucille staan op.

"Ek gaan maak gou vir ons tee. Ben sal nou enige oomblik kom. Verskoon my asseblief. "

Jolanda sit en staar na 'n streep sonlig wat deur 'n skrefie in die gordyne skyn. Sy frons. Waarom is Lucille so senuweeagtig? Weet sy meer as wat sy te kenne wil gee? Dis duidelik dat sy skuldig voel omdat sy twee jaar gelede oneerlik was. Hoekom het sy in die eerste instansie 'n leuen vertel? Is sy bang vir Ben? Waarom? Dit maak nie sin nie.

Jolanda kyk na die deftige meubels om haar. Sy wonder waar Ben die geld kry om sulke mooi meubels te koop en boonop ook 'n seiljag te hê. Hy is maar net 'n kommandant in die vloot en sover Jolanda weet is die salaris van 'n kommandant in die vloot net so laag soos dié van 'n kommandant in die polisie. Dis beslis nie genoeg om 'n seiljag te koop, en dit te onderhou, en aan wedrenne deel te neem, en hoë fooie te betaal vir 'n seiljag-ankerplek in die hawe nie.

Sy hoor ʼn motordeur slaan en kort daarna kom Ben in. Hy is ʼn middelmatig-geboude man in sy middel-vyftigs, ʼn netjiese figuur in ʼn uniform van die Suid-Afrikaanse Vloot. Hy het kortgeknipte hare, ʼn rooierige gesig en ʼn rustelose houding.

Hy en Jolanda groet mekaar hartlik. Die feit dat hulle albei lede is van Suid-Afrikaanse sekuriteitsmagte veroorsaak dat daar ʼn spesiale band tussen hulle bestaan. Hulle gesels ʼn paar minute gemoedelik voordat Jolanda die diktafoon nader trek as ʼn teken dat die onderhoud ʼn aanvang neem.

"Baie dankie, Ben, dat jy weer eens instem om met my te praat. Dis waardevol in ʼn ondersoek soos hierdie as ons ʼn tweede onderhoud met die naasbestaandes van ʼn moordslagoffer het. Ek wil net ʼn paar roetine-vrae vra."

"Ek is bly as ek kan help," antwoord Ben.

Jolanda kyk hom berekenend aan. Sy weet dat hy geneig is om mense te manipuleer.

Sy skakel die diktafoon aan.

"Hoe lank het jy vir Hans Ras geken?"

Ben knip sy oë ʼn paar keer.

"Omtrent drie jaar," antwoord hy. "Vandat ons die musiekgroep begin het in 2005 totdat hy verdwyn het."

"Was julle goeie vriende?"

"Nie juis nie. Ons het mekaar eintlik net by die musiekgroep gesien, en so af en toe as ons in mekaar vasloop in die dorp."

"Was daar ooit onenigheid tussen julle?" vra Jolanda.

"Nee. Glad nie."

Jolanda se oë is ernstig.

"Ek onthou tog dat julle soms meningsverskille gehad het in die groep. Oor komponiste en ..."

"O ja, oor Mahler," val Ben haar in die rede en knik sy kop. "Hans Ras was behep met Mahler. En tog is Dvorak ʼn baie beter komponis as Mahler. Ja, ons het soms ʼn bietjie daaroor vasgesit. Niks ernstigs nie."

"Julle het ook nie saamgestem oor perlemoen nie."

Ben se oë rek verontskuldigend.

"Natuurlik het ons nie saamgestem nie!" sê hy vererg. "Hans Ras het geglo daar moet ʼn algehele verbod op die uithaal van perlemoen wees! Dit maak nie sin nie. Wat van die arme vissers? Hoe moet hulle ʼn bestaan maak? Nou sit ons met ʼn see vol perlemoen terwyl die vissers doodgaan van die honger!"

Jolanda glimlag inskiklik.

"Ek wil nie met jou stry nie. Kom ons praat oor die aand toe Hans Ras verdwyn het. Ek was nie daar nie, maar *jy* was. Kan ons ... ?"

Voordat Jolanda haar vraag kan voltooi, kom Lucille in met 'n skinkbord.

Sy groet haar man en vra of hy ook tee wil hê.

"Whisky, asseblief, my vrou."

Lucille sit die skinkbord neer.

"Ek sal gou gaan haal. Jolanda, skink gerus vir jou tee in. Ek wil julle nie steur nie."

Sy verdwyn weer.

Terwyl Jolanda tee inskink, sê sy:

"Verfris net weer my geheue oor presies wat op die aand van 18 Julie 2008 gebeur het. Ek weet dis lank terug, maar kan jy nog onthou hoe laat die musiekaand geëindig het?"

Ben vou sy hande agter sy kop en leun terug in die gemakstoel.

"Laat ek probeer onthou. Dit was die Vlieënde Hollander van Wagner. Nie 'n baie lang opera nie. Halfpad het ons pouse gehad. Ons is uitmekaar uit omtrent elfuur. Kan nie presies sê nie. Dis te lank gelede."

"Wanneer was die laaste keer dat jy vir Hans Ras gesien het?"

"Aan die einde van daardie aand. Toe ons uitmekaar is."

Jolanda kyk na die notas voor haar.

"Het hy bekommerd gelyk?" vra sy.

"Nee, glad nie."

"Kan jy onthou wat het aan die einde van die aand gebeur? Ek verstaan die hele musiekgroep behalwe Leo het saam uitgegaan buitetoe."

"Ja!" antwoord Ben. "Natuurlik! Ons was haastig want dit het saggies gereën. Party mense het sambrele gehad. Ons het almal boontoe geloop, mekaar vinnig gegroet en gery."

Lucille kom in met Ben se whisky, sit dit voor hom neer en gaan weer uit. Jolanda kyk hoe Ben 'n groot sluk whisky neem en wonder wat Ben se ware gevoelens teenoor Hans Ras was. Is Ben die tipe man wat iemand koelbloedig sal doodmaak? Hy lyk nie so nie, maar mens kan nie volgens voorkoms oordeel nie. Moordenaars lyk nooit soos moordenaars nie. Lyk mense soos die Wit Wolf en Moses Sithole soos moordenaars? Nee. Ook nie Gert van Rooyen nie.

"Kan jy onthou in watter volgorde almal vertrek het?" vra sy.

"Ja. Julle het my al so baie keer daardie vraag gevra dat ek dit in my slaap kan antwoord. Die eerste een wat gery het, was Otto, toe Bongi, toe Hans Ras, en laaste ek."

Jolanda kyk vlugtig na die lêer voordat sy voortgaan.

"Hoekom was jy die laaste een wat gery het? Jou kar was heel voor in die ry en ŉ mens sou verwag dat jy eerste sou vertrek."

"My kar was koud, " sê Ben ongeduldig. "Ek het gesukkel om hom aan die gang te kry."

"Is jy seker dat jy die laaste een was wat vertrek het?"

"Ja! Definitief!"

"Jammer, Ben," sê Jolanda en kyk hom vas in die oë. "Daar is ander mense in die musiekgroep wat van jou verskil. Hulle sê jy het voor Hans Ras vertrek."

Ben frons.

"Wie is dit? Wie sê so?"

"Ek kan nie nou vir jou sê nie," antwoord Jolanda sonder om weg te kyk. "Die feit is, daar is onsekerheid of Hans Ras daardie aand voor jou vertrek het, of daarna, of glad nie."

Ben skuif vererg vorentoe op sy stoel en sê driftig:

"Dis absolute snert! Die enigste persone wat kan beweer dat Hans Ras ná my vertrek het, is Otto, of Asanda, of Bongi. Maar wie ook al dit is, daardie persoon maak ŉ fout. Daar is twee ander mense wat ook gesien het dat Hans Ras voor my vertrek het – Lucille en Santa."

"Dis reg. Toemaar," sê Jolanda kalmerend. "Getuies weerspreek mekaar soms. Moenie jou daaroor kwel nie. Ek wil graag meer inligting kry oor iets anders."

Ben neem ŉ diep teug whisky, sluk dit behaaglik in en laat sy gesig ontspan. Hy leun weer terug in sy stoel.

"Hoe kan ek jou help?" vra hy in sy normale stemtoon.

"In jou vorige getuienis twee jaar gelede het jy gesê toe jy en Lucille daardie aand van die musiekaand af huis toe gery het, het julle by Hans Ras se huis verby gery en julle was verbaas dat Hans Ras nog nie daar was nie."

"Ja," sê Ben. "Dit was baie snaaks dat Hans Ras nog nie by sy huis was nie, aangesien hy voor ons gery het."

"Wat het gebeur?"

"Tot vandag toe het ons nog nie ŉ antwoord gekry op daardie vraag nie. Hy het seker ŉ ent gaan ry voordat hy huis toe is."

Jolanda skud haar kop.

"Nee. Ons het al vantevore daaroor gepraat. Hans Ras sou definitief nie daardie tyd van die nag gaan rondry het nie," sê sy beslis. "Nooit! Hy was ŉ introvert. ŉ Roetine-mens.

Aan die einde van ŉ sosiale aand sou hy totaal uitgeput gewees het. Hy sou direk huis toe gery het en gaan slaap het."

"So – wat het van hom geword?" vra Ben en neem nog ŉ teug whisky.

"Niemand weet nie. Soos jy weet is sy huis slegs een kilometer van die De la Portes af, en julle s'n is twee kilometers verder. Aanvanklik het Craig Bantjies gedink dat Hans Ras alreeds sy kar in sy garage gebêre het en in die huis gegaan het voordat julle daar verby gery het. Maar jy het gesê julle was net een minuut agter Hans Ras."

"Dis reg. Niks meer as ŉ minuut nie."

"So, julle moes hom definitief gesien het toe julle by sy huis verby ry."

Ben skuif rusteloos op sy stoel rond en vee sy hand oor sy kort-gesnyde hare.

"Ja, natuurlik," antwoord hy.

"So? Wat het van hom geword?"

"Dis die vraag waaroor almal nou al twee jaar wroeg en geen antwoord kry nie."

"Presies. Craig het hierdie aspek van die saak deeglik ondersoek en besluit dat dit vir Hans Ras onmoontlik sou wees om so vinnig in sy huis te kom dat julle hom nie sou sien as julle verbyry nie. Sy motorhuis het nie outomaties toegemaak nie. Hy sou moes stop, uitklim, die motorhuis oopsluit, die deur oop maak, die kar intrek, weer uitkom en die deur sluit en dan moes hy nog die vyf stelle trappe opklim tot bo by die huis – ŉ proses wat hom minstens drie minute sou geneem het, waarskynlik vyf. Tog was hy nêrens te sien toe julle een minuut ná hom daar verby gery het nie. Wat het van hom geword?"

"Dis die groot vraag," sê Ben kopskuddend. "Miskien het hy daardie aand ŉ ander pad huis toe gery. Mense doen soms snaakse dinge."

"Ja, dis wat Craig ook op die end besluit het. Maar dit maak nie sin nie."

Jolanda kyk na die lêer op haar skoot. Sy maak die lêer toe, leun vorentoe en skakel die diktafoon af.

"Baie dankie, Ben, vir al jou hulp."

"Dis ŉ groot plesier. Ek dink eintlik die hele musiekgroep moet weer bymekaarkom sodat ons oor die jongste verwikkelinge kan praat."

"Uitstekende idee. Reël dit gerus," sê Jolanda.

Sy pak haar besittings in die aktetas en neem afskeid van die Goussards.

Later, toe sy by die huis is en haar verslae op datum kry, wonder sy hoe Zimmer vorder met die drie dik lêers wat Craig hom gegee het om deur te gaan.

Dis ongelooflik hoe vinnig die vriendskap tussen haar en Zimmer groei. Hulle was feitlik die hele dag bymekaar. Dit voel of hulle ou vriende is, hoewel hulle mekaar net drie

dae ken. Sy hou al hoe meer van hom. Sy voel effens ongemaklik daaroor, amper asof sy ontrou aan Hans Ras is. Maar aan die anderkant – sy loop al vyf-en-twintig maande alleen. Die lewe gaan aan. Sy kan nie vir altyd treur oor iemand wat onherroeplik verdwyn het nie.

Buitendien, Zimmer is ʼn sexy ou. Dit affekteer haar wanneer sy naby hom is.

Sy dink aan die voorval in Somerset Mall toe hy gesê het sy's onweerstaanbaar. ʼn Gloed gaan deur haar liggaam. Die opmerking was onverwags, soos ʼn geurige sjokolade wat ʼn mens in jou mond sit. Sy het nie geweet hoe om te reageer nie. En toe, om haar verleentheid te verberg, het sy soos ʼn ignoramus opgetree! Sal hy ooit weer iets moois vir haar sê, of het sy hom afgeskrik?

Sy was verbaas toe hy so woedend geword het nadat Rory hom gebel het – uiters emosioneel en opstandig, totaal anders as die res van die tyd. Sy hoor ʼn stem sê: *Jy weet so min van hom af. Hoe weet jy dat al die dinge wat hy oor homself vertel die waarheid is? Dis baie eienaardig dat hy geen familie het nie.*

En tog. Hy lyk eerlik en eg. Het hy regtig ʼn klomp geld gewen? Of is hy ʼn bedrieër?

Nee, daardie bruin oë van hom lyk absoluut opreg.

Meteens voel sy vies vir haarself omdat sy sulke negatiewe gedagtes het. Sy skuif hulle weg. Alles wat hy tot nou toe saam met haar gedoen het, was daarop gerig om haar te help. Hy het baie goeie eienskappe. Hy is intelligent, vriendelik, bekwaam. Hy is ʼn opgeleide polisieman. Hy het in Wentworth polisiekantoor gewerk. Hy het ʼn vriend wat ook in die polisie is en aangebied het om Zimmer se motor al die pad van Durban af na die Kaap toe te bring.

Belangrikste van alles: hy is bereid om haar te help om Hans Ras se moordenaar op te spoor. Daar is min mans wat dít sal doen. Boonop is hy uiters goeie geselskap. Sy vertrou hom. Maar dis nie te sê dat sy bereid is om skielik ʼn verhouding met hom te begin nie. Nee, nee. Sy moet hom eers beter leer ken.

Aan die ander kant ... dit word al hoe moeiliker om hom op ʼn afstand te hou. Hy is baie aantreklik: sy bruin bos hare, intense gesig, mooi wenkbroue, warm bruin oë, sagte stem. Bo alles – sy lippe. Verruklik! Hoe lank gaan sy dit regkry om sy toenaderinge te weerstaan?

Haastig stoot sy hierdie gedagtes eenkant en forseer haarself om te dink aan die onderhoude wat sy so pas met die Goussards gehad het. Het sy enige iets nuuts geleer? Die inligting wat sy by hulle gekry het, het haar geensins nader aan die oplossing van die moord gebring nie. Dit het eintlik groter onsekerheid veroorsaak – veral betreffende gebeurtenisse aan die einde van die musiekaand. Wie se motor het heel eerste vertrek?

Volgens Ben en Lucille het Otto eerste vertrek, maar in die ondersoek twee jaar gelede het twee mense – Bongi en Santa – getuig dat Bongi heel eerste vertrek het. Enige iemand wat by die musiekaand was, kon iewers vir Hans Ras gewag, gestop en oorrompel het. Dit klink vergesog, maar nie onmoontlik nie. Soos Craig gesê het: tagtig persent van moorde in die Wes-Kaap word gepleeg deur familie of vriende van die slagoffer.

Die hoofverdagte in die musiekgroep is Ben. Hoekom was hy so kwaad toe Jolanda sê daar is mense wat getuig het dat Ben vóór Hans Ras vertrek het? Probeer hy iets wegsteek? Indien Ben die moordenaar is, sal Lucille beslis daarvan weet. Is dit waarom Lucille so senuweeagtig was?

Later toe Jolanda in die bed onder haar vere-duvet lê, dink sy aan Ben se standpunt oor perlemoen. Dis moeilik om te verstaan waarom hy nou ewe skielik bekommerd is oor vissers wat aan hongersnood ly. Gewoonlik het hy min tyd vir armes. Hy is eintlik ŉ snob wat neerkyk op die laer klasse. Wat het gebeur dat hy nou skielik simpatiek staan teenoor vissers? Dis moeilik om te glo. En waarom is hy dan so begaan oor die verbod op perlemoen? Jolanda weet dat Ben baie daarvan hou om perlemoen te eet. Dit kan dalk die rede wees waarom hy kwaad is dat perlemoen amper onverkrygbaar is. Of dalk ...

Jolanda sit meteens regop in haar bed. Iets tref haar soos ŉ bom. Grote genugtig! Ben is ŉ ervare seeman. Hy besit sy eie seiljag. Hy weet hoe om perlemoen te oes. Hy het baie kontakte met vissermanne. In haar kop hoor sy weer Hans Ras se woorde: "Iemand wat ons ken is dalk betrokke in misdaad."

Is Ben Goussard ŉ perlemoen smokkelaar? Het Hans Ras dit te hore gekom?

# HOOFSTUK 10

Zimmer parkeer sy groen Getz langs die polisievoertuie bokant die misdaadtoneel. Hy kyk op sy polshorlosie. Kwart voor nege. Die lug is koud waar dit afdaal vanaf Kogelberg se pieke tot op die groen fynbos weerskante van die pad. Ver onder hom skitter die panorama van die see.

Hy haal die konferensiesak met notas en skryfbehoeftes uit sy motor, sluit die deure en stap versigtig teen die skerp, klipperige helling af na die SAPDS werkstasie langs die misdaadtoneel. Bokant hom hoor hy hoe motors verbyry.

By die werkstasie word hy verwelkom deur Derek Drummond se assistent, Sarel – ŉ kort, skraal jongman met ŉ borselkop, bakore en ŉ glimlaggende gesig.

Hulle stap versigtig teen die steil afdraande af tot onderkant die Rooiels bome waar Derek – ŉ stewig-geboude, middeljarige man met ŉ kaalkop en ŉ snor – saam met drie konstabels tussen die digte fynbos staan. Waar hy tussen die meter hoë fynbos staan in ŉ blou-geruite hemp en ŉ lang kakiebroek, lyk Derek vir Zimmer meer na ŉ plaasboer as na ŉ forensiese spesialis. Hy verduidelik aan die konstabels hoe om die area te deursoek.

Twee konstabels het elkeen ŉ spies in die hand wat hulle sistematies in die grond steek op soek na sagte grond wat moontlik ŉ graf aandui. ŉ Derde konstabel baken die terrein metodies af in ŉ herhalende V-vorm patroon en wys vir die ander hoe hulle te werk moet gaan.

Toe Derek vir Sarel en Zimmer sien aankom, kom hy nader en groet.

"Bly om jou te sien," sê hy vir Zimmer.

"Het julle al iets gevind?" vra Zimmer.

"Niks. Gaan maar stadig. Twee jaar gelede toe Hans Ras verdwyn het, sou ons die graf maklik gekry het. Nou's dit moeilik. Fynbos het oorgeneem. Bo-grond is sag van al die reën. Hoe dieper dit gaan, hoe harder sal die grond wees. Ek hoop ons kry ŉ lyk vandag."

"Dit sal ŉ deurbraak wees," sê Zimmer.

"Tsha. Kom tent toe. Daar's koffie."

Hulle beur teen die steilte op na die werkstasie toe.

"Hoop ons kry iets vandag. Dan's ons kop deur. ŉ Lyk gee ons baie bewyse. Dan kry ons die moordenaar," sê Derek.

"Selfs in ŉ cold case?"

"Hm. Meestal. Lyk in die grond ontbind stadig. Ek het Hans Ras geken, weet jy. Ek en my vrou het soms saam met hulle gaan eet. Briljante man. Min gepraat, maar as hy praat, maak hy vir jou ŉ wêreld oop."

"Is hy regtig dood?"

"Definitief. Nie ŉ tipe wat sal verdwyn nie. Nee, man! Hy was op pad om multi-miljoenêr te wees. En hy't Jolanda aanbid. Sou haar nooit los nie."

Hulle kom by die tent en gaan sit op plastiekstoele. Sarel skakel ŉ ketel aan, spoel drie blikbekers uit en gooi kitskoffie in.

"Hoe gaan dit julle help om die moordenaar te kry as julle die lyk kry?" vra Zimmer.

"Plek waar hy gevind word sê baie. Waarom word hy hiér begrawe? Daar's makliker plekke. Hoe's hy doodgemaak? Hoe lyk sy X-strale? Sy klere? Miskien is moordenaar se bloed daarop. Dan zap ons hom op sy DNA."

"En as julle nie ŉ lyk kry nie?"

"Dan's dit nag."

Die ketel kook. Sarel maak die koffie aan en gee vir elkeen ŉ beker. Hy neem sy eie beker en gaan sit by hulle.

Derek kyk op sy horlosie.

"Res van die span sal nou kom," sê hy.

Hy kyk na Zimmer.

"Jy mag nie in die beskutting gaan waar die kar is nie. Tot ek toestemming gee. Selfs dán mag jy nie naby die kar kom nie."

Zimmer knik sy kop.

"Ek wil jou ŉ guns vra. Kan jy teken?"

"Kan ek wát teken?" vra Zimmer verbaas.

"ŉ Skets van die misdaadtoneel. Ons tekenaar is siek. Ek soek ŉ skets van hoe dinge nóú lyk. Bewysstuk in die hof. Kan jy dit doen?"

Een oomblik is Zimmer uit die veld geslaan. Hy was goed in Meetkunde op skool en in sy polisie-dae het hy geleer om sketse te maak, maar hy het dit so lanklaas gedoen. Hy wik en weeg. Dit kan interessant wees. Gee hom iets te doen. Jolanda het gesê hy moet aantekeninge maak van als wat op die toneel gebeur maar dit alleen gaan hom nie besig hou nie.

"Jip," sê hy.

Hy bly stil terwyl ŉ swaar voertuig dawerend bokant hulle in die pad verby ry.

"Ek kan probeer."

“Dankie. Ek sal vir jou tekengereedskap gee. Jy begin deur die omgewing en ligging van die misdaadtoneel te skets. Volgens skaal.”

Hy gee vir Zimmer ŉ plat kissie. Binne-in is ŉ tekenboek, meetinstrumente, potlode, uitveër en ander benodighede.

“Maak eers net ŉ rowwe skets,” sê hy. “Sorg dat jy die groottes van dinge en die afstande tussen hulle akkuraat opskryf. Later kan jy die korrekte skets volgens skaal by die huis gaan oordoen.”

“Goed. Ek kan dit op die rekenaar doen,” sê Zimmer.

“Nog beter.”

Terwyl Derek instruksies gee, daag die ander lede van die ondersoekeenheid op. Hulle stel hulleself aan Zimmer voor: Xaba, die fotograaf; Evelyn, die notaris; Gideon, die vinger-afdrukkundige.

Sarel kom in met ŉ arm vol bibs van verskillende kleure. Hy deel die bibs uit aan die polisie-lede volgens elkeen se funksie. Almal maak die bibs met toutjies oor hulle bo-lywe vas sodat hulle kollegas kan sien wie doen wat. Sarel dra ŉ turkoois een met die woorde “Forensic Unit” en Derek ŉ rooie met die etiket “Crime Scene Manager”.

Sarel gee ŉ paar bibs aan ŉ konstabel om onder die konstabels buite die tent te verdeel. Zimmer is die enigste persoon sonder ŉ bib.

Derek roep almal bymekaar en heet hulle welkom. Kortliks verduidelik hy die agtergrond van die saak. Daarna wys hy na sy bib en sê:

“Ek’s bestuurder van die misdaadtoneel. Julle is seker verbaas. Net ŉ tydelike reëling tussen my en Majoor Landman. Hy’t tekort aan speurders. Die kêrel wat dit moet doen is nie opgewasse nie. Een van daai fairyland speurders. Landman gaan self bestuurder wees. Maar eers oor twee dae. Tot dan is ek bestuurder. Vrydag neem hy oor.”

Hy verduidelik die agtergrond van die saak. Vyf dae gelede het mense die Mercedes ontdek. Hulle het merke en spore op die toneel nagelaat, byvoorbeeld skoenspore. Hy noem dat die voordeur van die Mercedes tydens die ontdekking oopgemaak was, en dat die aansitsleutel gebruik is om die kattebak oop te sluit voordat dit in die motor se sleutelgat teruggeplaas is. Almal moet hierdie feite in gedagte hou terwyl hulle werk. Die ondersoekspan stel belang in bewysstukke wat reeds vantevore hier was.

Niemand behalwe Derek en Sarel mag tydens die volgende uur in die beskutting gaan nie. Hulle begin die area rondom die motor fynkam vir bewyse. Die res van die span moet solank die omringende area verken.

Bokant hulle in die pad is daar die aanhoudende geraas van die verkeer.

Zimmer maak die kissie met sketsgereedskap oop. Hy haal ŉ self-aangedrewe maatband uit en knik tevrede toe hy sien dis lekker lank – dertig meter**.** Hy begin opmetings van die tent doen en ŉ vloerplan daarvan te teken.

Minute later voel hy ŉ beweging langs hom. Dis een van die konstabels wat na die graf soek.

"Kaptein!" roep hy die beskutting in. "Ons het iets gekry!"

Derek lig sy kaalkop op.

"Wat? ŉ Graf?"

"Nee, Kaptein. ŉ Sagte kol wat ŉ graf kan wees. Die grond is ingeduik. Kaptein moet kom kyk."

Derek sit sy vergrootglas op sy aktetas, kom na die uitgang en teken sy naam by die wag voordat hy saam met die konstabel verdwyn.

Tien minute later hoor Zimmer hoe Derek twee arbeiders roep wat eenkant sit en wag. Hulle moet pikke en grawe bring, beveel hy. ŉ Gat gaan grawe.

"Lyk dit soos ŉ graf?" vra Zimmer toe Derek sy naam teken om terug in die beskutting te gaan.

"Weet nie. Bietjie klein vir ŉ graf. Sal maar sien."

ŉ Uur lank werk Zimmer aan opmetings en ŉ rowwe skets van die gebied rondom die bome. Af en toe maak hy notas oor wat die ander lede besig is om te doen.

Toe sy rowwe skets klaar is, gaan staan hy bo by die pad en kyk na die see en die wye uitsig oor Valsbaai tot by Hangklip. Twee seemeeue vlieg oor sy kop. Fronsend kyk hy na die helling onder hom, die roete wat die Mercedes teen die afdraande afgery het tot teenaan die Rooiels bome.

Waarom is die motor juis *hier* versteek? wonder hy. Waarom is dit nie verder versteek nie? Jolanda het hom vertel daar is plekke in die Hottentots-Holland berge hier naby waar ŉ kar vir ewig en vir altyd versteek sal kan word. Sy het iets gesê van ŉ viertrek-roete na Nuweberg. Hoekom het die moordenaar nie liewer die kar dáár versteek nie? Jolanda se argument was dat die moordenaar blykbaar nie veel tyd gehad het nie. Hy kon nie of wou nie verder ry nie.

Dan onthou hy ŉ vraag wat Jolanda gevra het oor die moordenaar se bewegings ná die moord: Hoe het hy weggekom? Dit het daardie nag gereën. Was daar meer as een persoon betrokke? Woon die moordenaar hier in die nabyheid? Is die daad dalk gepleeg deur ŉ groep? ŉ Bende?

Alles is verwarrend. Soveel onbeantwoorde vrae. Een ding is duidelik: die moordenaar of moordenaars het hierdie plek baie noukeurig beplan. Dit kon nie op die ingewing van die oomblik gebeur het nie.

Zimmer loop terug met die skoongemaakte paadjie van bo af tot by die werkstasie. Hy gaan staan by die ingang van die beskutting en loer in. Binne loop Sarel gebukkend rond met ŉ flitslig in die een hand en ŉ vergrootglas in die ander. Derek deursoek die buitekant van die Mercedes met ŉ vergrootglas stukkie vir stukkie, sonder om daaraan te raak. Langs hom staan Gideon, die vinger-afdrukkundige – ŉ middeljarige man met ŉ gemoedelike houding, ronde gesig en treffende blou oë.

"Hierdie kar is so vuil. Mens kan niks sien nie," sê Derek. "Dalk iets aan die binnekant. Buite is net handskoen-merke. Jolanda s'n."

Sarel sê vir Derek hy het deur die hele beskutting gegaan en kon niks ongewoon vind nie, behalwe vier soorte skoenspore – twee verskillende stelle groot tekkie spore, ŉ stel klein tekkiespore, en een stel groot skoenspore. Derek bestudeer die spore en sê hulle is waarskynlik spore van die toerleier, Shaakirah, Jolanda en Niewenhuizen. Hy roep vir Xaba, ŉ fris man met ŉ slapband hoed op sy kop en ŉ pienk bib waarop geskryf staan POLICE en daaronder PHOTOGRAPHER. Onder die bib dra Xaba ŉ liggeel hemp en jeans. Derek sê hy moet al die spore volgens skaal fotografeer. Afdrukke van dentale pleister is onnodig; die spore van die misdadigers het lankal weggespoel.

Derek draai na Zimmer.

"Moenie nou in die beskutting gaan nie. Wag tot Xaba klaar foto's geneem het. Dan kan jy en Evelyn ingaan. Doen julle werk, maar bly weg van die kar af."

ŉ Kwartier later is Zimmer in die beskutting saam met Evelyn – ŉ ernstige jong dame met ŉ bril. Sy het Afro-styl hare wat netjies gesny is en onder haar polisiepet uitsteek. Sy begin dadelik notas neem.

Zimmer doen sy afmetings. Op die agtergrond hoor hy die dreuning van die see en die voëls wat hulle verlustig in die fynbos. Intussen maak hy aantekeninge oor wat op die misdaadtoneel aangaan, en maak ŉ rowwe skets.

Op een stadium kom Derek na hom toe.

"Hoe vorder jy?"

Zimmer skud sy skouers. Derek vra of hy die sketse mag sien wat Zimmer tot dusver gemaak het. Zimmer wys hulle vir hom. Derek knik tevrede.

"Goed. Ek sien jy ken jou storie."

"Ek moet erken my kennis van speurwerk is taamlik verroes," sê Zimmer.

Derek gee die sketsboek terug. Hy vryf met sy duim en voorvinger oor sy welige snor. Hy kyk Zimmer in die oë.

"Watse werk doen jy in Durban?"

"Verkoopsman by 'n rekenaar-winkel."

Zimmer wonder waarom Derek hom so 'n persoonlike vraag vra. Die vorige middag toe Zimmer en Jolanda hier was, het hy gesien Derek kyk hom 'n paar keer op en af, asof hy Zimmer takseer. Nou kyk Derek hom weer ondersoekend aan.

Derek se volgende woorde verduidelik wat hy op die hart het:

"Lyk my jou betrokkenheid hier – dit gaan nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie."

Zimmer dink 'n ruk. Hy lag verleë.

"Is dit so ooglopend?"

"Dis my werk. Ek sien dinge wat ander mense nie sien nie. Neem jou nie kwalik nie. Sy's baie oulik."

"Baie oulik, ja. Ek weet net nie hoe sy oor *my* voel nie."

Derek se gesig word ernstig. Sy kaalkop blink effens in die skemer beskutting. Hy staan nader aan Zimmer.

"Sy't iemand nodig," sê hy saggies. "Sy't deur hel gegaan met Hans Ras se verdwyning. Ek's bekommerd oor haar. Ek wil net sê: vrouens is anders as mans. Asseblief. Moenie met haar speel nie."

Hy kyk Zimmer 'n paar sekondes vas in die oë voordat hy omdraai en terug na die sportmotor loop.

Die woorde tref Zimmer soos 'n hou in die maag. Is dít wat hy, Zimmer, besig is om met Jolanda te doen? Met haar te "speel"? Te manipuleer? Dis nie soos hy dit sien nie. Inteendeel, hy is verlief op haar. En elke keer as hy haar sien word dit erger.

Fronsend staar hy na die sketse voor hom. Hy draai om, teken homself uit by die wag en gaan staan buite. Met diep teue asem hy die seelug in. Rondom hom kwetter 'n sonvoël en laer af vlieg 'n protea saadeter soekend oor die fynbos.

"Kaptein!" hoor hy een van die grafsoekers by die ingang van die tent roep. "Ons kan niks kry nie. Die grond word net harder."

Derek vra hoe diep die werkers al gegrawe het en die konstabel sê omtrent 'n meter diep.

"Ek kom," roep Derek.

'n Minuut later loop hy saam met die konstabel in die rigting van die soekgebied.

Zimmer kyk verward na die wit branders ver onder op die see. Wat bedoel Derek met "Moenie met haar speel nie"? As die opmerking van enige iemand anders gekom het, sou Zimmer hom vererg het, maar vir Derek het hy baie respek gekry in die kort tydjie wat hulle saamwerk.

ŉ Vakansie-romanse met Jolanda. Wat is verkeerd daarmee? Die gedagte laat sy hart wild aan die klop gaan. Dis opwindend om by haar te wees, selfs al gesels hulle net. Soms wanneer hulle bymekaar kom, voel hy asof hy sweef, lig soos ŉ wolk. En wanneer hulle uitmekaar is, kom haar beeld gedurig in sy kop – haar postuur, haar gesig, haar oë, haar stem Die drang om haar te bel of te sien is amper onweerstaanbaar.

Boonop lyk dit asof sy, wonder bo wonder, ook van hom hou. Hulle moet mekaar net ŉ bietjie beter leer ken. Saam kan hulle wonderlike ervarings hê. Aan die einde van sy vakansie kan hulle uitmekaar gaan met heerlike herinneringe.

Natuurlik moet hy terug huis toe gaan. Durban is sy hele lewe – sy tuiste, sy werk, sy vriende, sy poker, sy wortels. Dis sy moederstad. Buitendien, woorde soos *verhouding* en *verbintenis* laat hom in ŉ koue sweet uitslaan. Hy sien homself as ewig onafhanklik. Pokerspeler. Lewenslange vrygesel. Durbaniet.

Aan die einde van sy vakansie gaan hy terug Durban toe. Dit is juis wat ŉ vakansie romanse so opwindend maak! Geen verpligting of nadraai nie. Net pret.

Nou kom Derek en laat hom uit ŉ ander oogpunt na die situasie kyk. "Moenie met haar speel nie. Vrouens is anders as mans."

Kan dit wees dat ...?

Skielik val die skille van Zimmer se oë af.

Derek het ŉ punt. Hy byt op sy lippe. Hoe kan hy so blind wees? Jolanda het reeds genoeg seergekry. Om nou ŉ affair met haar te begin sal onsensitief en oneties wees. Selfsugtig. Hy moet die hele idee van ŉ romanse laat vaar. Dit sal nie reg wees teenoor haar nie. Hy moet haar geselskap geniet en sy drange onderdruk. Dis al. Daar is geen manier dat hy hom in ŉ langtermyn-verhouding gaan begeef nie. Hy wil haar ook nie in die steek laat nie. Hy sal moet wal gooi. Die laaste ding wat hy wil doen, is om haar weer in pyn te dompel.

Die onus rus op hom om te keer dat die verhouding tussen hulle bloot vriendskaplik bly. Hulle mag nie intiem raak nie. Niks ernstig nie.

Hy sug.

Dit gaan nie maklik wees nie.

*   *   *   *

ʼn Halfuur later hou die grafgrawers op met grawe. Hulle kan nie ʼn lyk kry nie. Dit was ʼn vals alarm. Derek sê hulle moet voortgaan om die res van die afgebakende gebied te deursoek.

Dis etenstyd. ʼn Konstabel pak ʼn half-dosyn gesnyde brode op die tafels sowel as margarine, Weense worsies, kaas, nartjies en plastiese eetgerei. Al die lede van die ondersoekspan maak vir hulleself toebroodjies en kitskoffie. Hulle sit en staan rond terwyl hulle eet en gesels totdat Derek bevel gee dat almal weer hulle werk moet hervat.

Almal wat in die beskutting werk, teken hulleself by die wag in en keer terug na hulle onderskeie pligte. Zimmer gaan voort met sy beskrywing van alles wat besig is om te gebeur. Hy onthou dat Jolanda nog nie vir hom ʼn bandopnemer gegee het nie sodat hy die bedrywighede verbaal kan beskryf eerder as op papier. Dit sou soveel vinniger gegaan het.

Derek trek sy handskoene aan.

"Goed, Sarel," sê hy. "Ons begin binne."

Hy, Sarel en Xaba stap na die sportmotor. Versigtig maak Derek die deur aan die bestuurder se kant wyd oop. Hulle tuur na binne. Zimmer plaas sy tekengereedskap op die grond neer, vee die sweet van sy voorkop af en gaan staan agter hulle. Nuuskierig loer hy tussen hulle deur. Die enigste ongewone ding wat hy sien, is die program van die musiekaand wat op die paneelbord lê.

Sonder om aan die voertuig te raak, buk al drie die mans af en tuur in die sportmotor met sy besonder lae dak. Derek kyk vlugtig met sy vergrootglas en sy flits na die binnekant van die Mercedes – die kragstuur met sy bekende driepuntster in die middel, die okkerneut-afwerking van die instrumentpaneel, die outomatiese ratkas met sewe ratte. Die binnekant van die deur wat met dieselfde ligbruin kalfsleer oorgetrek is as die luukse sitplekke. Die leer-bedekte stuurwiel.

Dis koel en halfdonker onder die bome. Derek mompel iets vir Sarel wat Zimmer nie verstaan nie. Sarel trek sy handskoene uit, verlaat die beskutting en kom terug met twee koplampe. Hy en Derek gespe die koplampe aan hulle koppe en skakel die lampe aan. Soos soekligte skyn die strale teen die takke bokant hulle.

"Goed. Ons begin. Doen die rugleunings. Moet aan niks raak nie," sê Derek en beveel vir Xaba om naby die motor te bly ingeval hulle hom nodig het.

Sarel trek sy handskoene aan, vat sy vergrootglas en stap na die passasierskant van die Mercedes sportmotor met sy besondere lae dak. Hy maak die deur oop. Met sy vergrootglas begin hy die rugleuning ondersoek. Derek doen dieselfde met die rugleuning aan die bestuurder se kant. Kort-kort staan hulle regop om die stremming op hulle rûe te verminder.

Tien minute later het hulle nog niks op die rugleunings ontdek nie.

Hulle begin die kop ruste inspekteer. Enkele sekondes later roep Derek uit dat hy ŉ kort blonde haar gevind het. Dit lyk of dit ŉ haar van Hans Ras kan wees. Nadat Xaba foto's daarvan in posisie geneem het, plaas Derek die haar met ŉ pinset in ŉ plastiese sakkie en verseël dit. Evelyn vul ŉ etiket in, heg dit aan die sakkie en plaas dit in ŉ spesiale houer.

Kort daarna ontdek Sarel ook ŉ haar – donkerbruin, vyf sentimeter lank.

"Seker Jolanda s'n," sê Derek nadat hy daarna gekyk het. "Maklik om vas te stel. Hans Ras s'n is moeiliker."

Xaba neem foto's van die bruin haar en dit word ook gemerk en gestoor. Derek gaan voort om die koprus aan die bestuurder se kant te inspekteer. Hy kry nog twee blonde hare. Albei word afgeneem en versigtig gestoor.

Belangstellend kyk Zimmer hoe Derek die res van die koprus deursoek. Terselfdertyd gaan sy gedagtes terug na Derek se gesprek met hom oor Jolanda. Wat gaan hy aan die saak doen? Daar is geen twyfel nie – hy is totaal versot op Jolanda. Hy wil haar hê. Sy is die rede waarom hy hier by ŉ groep vreemdelinge staan en werk terwyl hy veronderstel is om vakansie te hou.

Hoe gaan hy dit regkry om sy hande tuis te hou?

Miskien moet hy maar net sommer skielik oornag verdwyn.

Nee, dis buite die kwessie. Sy het ŉ bedwelmde effek op hom. Hy sal homself nooit vergewe as hy nou weggaan nie. Selfs al mag hy nie aan haar raak nie, wil hy by haar wees. Die beste is om nog ŉ rukkie langer hier te bly, sy afstand te hou en haar geselskap te geniet.

Toe Derek klaar is, laat gly hy sy vergrootglas stadig oor die skouer van die rugleuning waarop die koprus gemonteer is.

Skielik verstyf hy. Hy laat sak sy kop en staar stip na ŉ spesifieke plek.

"Het jy iets gekry?" wil Zimmer weet.

Derek hoor hom nie.

"Sarel!" roep Derek. "Hier's ŉ vreemde haar!"

Sarel draai sy kop sodat sy koplig op Derek se gesig skyn.

"Regtig, Kaptein?" vra hy opgewonde. "Kan ek kom kyk?"

"Hm."

Sarel loop om die kar om die vreemde haar te bekyk. Zimmer luister hoe die twee ondersoekers die vonds bespreek. Dis ŉ bruin haar met ŉ roeskleurige skynsel. Effens krullerig. Verskillend van die twee soorte hare wat hulle vantevore ontdek het. Onder ŉ

mikroskoop sal hulle die eienskappe kan bepaal. Hulle praat van pigment, dikte, patroon, medulla . Vir Zimmer is alles Grieks.

Xaba neem foto's. Derek plaas die vreemde haar met sy pinset in ŉ sakkie en gee dit vir Evelyn.

Alles wat plaasvind, is vir Zimmer ŉ openbaring. Hy het geen ervaring van forensiese ondersoeke nie. Jare gelede, tydens sy drie jaar as ŉ polisiekonstabel in Wentworth, was hulle die hele tyd slegs besig om bendegeweld hok te slaan en inwoners te beskerm. Forensics was ŉ teoretiese begrip sonder praktiese waarde. Vandag het hy tot ander insigte gekom. Hy is beïndruk met die erns waarmee Derek en Sarel elke haartjie wat hulle ontdek, bejeën.

Die hele konsep van om ŉ moordenaar op te spoor op grond van assosiatiewe bewyse fassineer hom. Dis amper so interessant soos poker. Sy kop draai van vrae. Kan ŉ mens ŉ haar gebruik om iemand se DNA vas te stel? Waar is die eienaar van die vreemde haar? Kom dit van die moordenaar af? En boweal: Kan hulle uitvind wie s'n dit is?

Hy besluit om hierdie vrae vir homself te hou. Hy wil nie sy onkunde ten toon stel nie.

Sarel begin om die passasierssitplek te bestudeer, maar voordat Derek met die bestuurder se sitplek kan begin, word hy onderbreek. Die leier van die soekspan kom rapporteer dat hulle die hele area van twintig by dertig meter onderkant die skuilplek van die Mercedes klaar deursoek het. Die groot soektog na die lyk was vrugteloos. Moet hulle met die soektog voortgaan? Derek sê hulle kan voorlopig ophou met soek. Hulle moet toue met vlaggies span wat duidelik aantoon watter area deursoek is. Ook moet hulle die honde-eenheid bel en vra dat ŉ kadawerhond en sy geleier hierheen gestuur moet word om die omgewing te kom fynkam.

Derek skyn sy koplig vlugtig heen-en-weer oor die bestuurder se sitplek. Hy hou die lig stil op die middeldeel en staar daarna.

"Sien jy iets?" vra Zimmer.

"Snaaks," antwoord Derek en bekyk die sitplek met sy vergrootglas. "Sarel, het jy muf op die sitplek aan jou kant?"

Daar is stilte terwyl Sarel ondersoek instel.

"Nee, Kaptein. Bietjie stof. Amper niks," sê hy en draai sy koplig na Derek se kant toe.

Derek wys na ŉ kol op die sitplek.

"Lyk soos muf, " sê hy. "Baie effens. Net in die middel van die sitplek. Nêrens anders nie."

Daar is ŉ minuut lank stilte.

"Amper soos water. Maar dis onmoontlik. Mercedesse is waterdig."

Zimmer kyk ondersoekend na Derek met sy kaalkop en snor. Dit lyk asof hy iets eienaardig ontdek het. Wat kan dit wees? Stip staar hy na die ligkol wat Derek op die sitplek skyn maar hy sien niks snaaks nie.

Derek buig af en ruik aan die sitplek.

"Dis urine!" roep hy uit.

Sarel kyk hom skerp aan.

"Kan dit waar wees, Kaptein?"

"Ja, dit kan!" sê Derek beslis. "Ek ken die reuk van urine. Al is dit oud."

Sarel staar na Derek met vraagtekens in sy oë.

"Hans Ras moes ŉ moerse skok gehad het," sê Derek.

Zimmer sê niks. Hy skud sy kop verward. Nog nooit het hy gehoor van ŉ gesonde man in die fleur van sy lewe wat beheer oor sy blaas verloor nie. Nie eers as hy met ŉ vuurwapen gekonfronteer word nie. Of in ŉ tromp-op botsing is nie. Selfs die aand toe Buster vir hom, Zimmer, geslaan het – hy was heeltemal disnis, maar hy het beslis nie beheer oor sy blaas verloor nie. Dis waar wat Derek sê: Iets baie eienaardig moes met Hans Ras gebeur het.

Hy vra vir Derek of die forensiese eenheid sal kan vasstel wie se urine dit is. Derek sê hy weet nie. Die urine op hierdie spesifieke sitplek is baie oud en verdamp. Hy weet nie of dit moontlik sal wees om die urine te toets nie. Dis waarskynlikheid Hans Ras se urine. Die groot vraag is nie wie se urine dit is nie, maar: Wat het met Hans Ras gebeur?

Zimmer maak ŉ aantekening van die nuwe ontdekking.

"Kom ons kyk na die vloer," sê Derek.

Sarel gaan sit op sy hurke en skyn sy flits op die vloer aan die passasierskant en Derek doen dieselfde aan die bestuurder se kant. Aan elke kant is daar twee matte op mekaar. Een is ŉ dik swart mat waarmee die hele vloer van die motor uitgevoer is. Die tweede is ŉ los swart mat met ŉ wit omboorsel en ingesnyde kontoere.

Vasgenael staar Derek na die boonste mat.

"My magtig!" skree hy skielik verbaas.

Hy kyk na Zimmer, sy oë blink van triomf.

"Wat?" wil Zimmer weet.

"Grond!" roep Derek verheug uit.

Opgewonde swaai hy sy flitslig heen-en-weer oor die vloer.

"Kyk!" roep hy uit. "Fantasties! Grond! En kompos!"

"Is grond belangrik?" vra Zimmer verward.

Derek kyk hom gesteurd aan en kom orent.

"Jy verstaan nie ... " sê hy kopskuddend. "Sarel! Kom kyk! Groot ontdekking!"

Sarel staak sy besigtiging van die vloer aan sy kant en loop om na Derek se kant. Sonder ŉ woord staan Derek terug sodat Sarel die vloer kan bekyk.

"Haai Kaptein! Dis ongelooflik!"

"Kan jy sien? En baie daarvan! Ook op die pedale! Kan dit nie glo nie! Wat ŉ fees!"

Nadat Sarel die vloer besigtig het, gee hy die flits vir Zimmer.

Zimmer bekyk die mat. Daar is omtrent ŉ hand vol droë grond ingetrap – rooibruin grond met swart kolle in. Dis al. Niks meer nie.

Kopskuddend handig hy die flits terug aan Derek. Vir die eerste keer besef hy dat hy ŉ mal perd opgesaal het deur in hierdie ondersoek betrokke te raak. Hy voel verlore. Een of ander tyd sal hy met Derek moet praat en vertel dat hy niks van forensics af weet nie. Hy haat dit om voor te gee.

Weer eens skyn Derek sy koplig op die pedale en bestudeer die grond in stilte.

"Hierdie grond kom van elders," sê eindelik. "Beslis nie van hier af nie. As ons daai plek vind ... Blou bliksem! Dan kry ons die moordenaar!"

Skielik gaan daar vir Zimmer ŉ lig op.

"Twee kleure," gaan Derek voort. "Bruin en swart."

Hy kyk deur sy vergrootglas.

"Weet julle wat? Dis nie gewone grond nie. Daar's kompos by. Pikswart. Nie van hier nie. Boeties! Dit gaan reguit laboratorium toe. Die moordenaar het hier *uit*geklim, maar waar het hy *in*geklim? Ons moet uitvind. Gaan moeilik wees. Dis al twee jaar oud."

Hy roep vir Xaba om te kom foto's neem en wys hom ŉ paar merke wat moontlik dowwe tekkiespore is.

"Neem eers al die spore saam af. Dan een vir een. Neem foto's van die grond en kompos. Close-up. Deur vergrootglas. Ek wil die tekstuur sien."

Hy vra vir Sarel om ŉ paar proefbuise te gaan haal sodat hulle monsters van die grond en kompos kan neem nadat Xaba die foto's geneem het.

Zimmer se selfoon lui. Dis Jolanda wat wil weet hoe dit daar gaan. Hy teken homself by die beskutting uit en gaan staan ŉ entjie weg sodat hy buite hoorafstand van die ander ondersoekers is. Zimmer vra haar of sy weer die aand saam met hom by die Holloway Continental Restaurant sal gaan eet. Dan kan hulle mekaar op datum bring oor die dag se gebeurtenisse en ontdekkings. Sy aanvaar die uitnodiging.

Toe Zimmer terug by die misdaadtoneel kom, het Xaba klaar foto's van die grond geneem. Sarel is doenig op die vloer aan die passasierskant van die Mercedes. Derek deponeer drie monsters grond in botteltjies: een van die rooibruin grond, een van die kompos en een waarin die twee vermeng is. Toe Derek die monsters aan Evelyn oorhandig, arriveer die leier van die soekspan met terugvoering oor die kadawerhond. Die hond en sy geleier sal die volgende dag op die toneel wees om die area te fynkam.

Derek bedank hom en gaan voort om die vloer aan die bestuurder se kant van die sportmotor met sy vergrootglas te besigtig.

Zimmer skryf al die bedrywighede neer.

Meer as ŉ minuut lank bestudeer Derek ŉ spesifieke gedeelte van die vloer. Dis by die deuropening.

"Voilà!" roep hy skielik uit. "Het dit."

"Wat, Kaptein?" vra Sarel.

Derek kniel langs die kar, tuur steeds deur sy vergrootglas na die deur se drumpel.

"Hier onder. Op die deurkosyn," sê hy. "Vesels van grys stof. Kom kyk," sê hy vir Sarel en staan terug.

Meer as ŉ minuut lank bekyk Sarel die lysie tussen die motor se vloer en die deur opening met sy vergrootglas.

"Sien jy dit?" vra Derek.

"Waar's die flits?"

Derek gee die flits aan.

"Ja, nou sien ek hulle, Kaptein. Lyk soos draadjies."

Ná ŉ minuut staan Sarel regop en gee die flits terug.

"Ek kan nie die kleur sien nie," sê hy.

Derek gaan sit weer op sy hurke langs die deur opening en bekyk die deurkosyn.

"Dis nie swart nie. Ook nie wit nie. Iets tussenin."

Stadig beweeg hy die vergrootglas al langs die aluminium aan die onderkant van die deuropening.

"Hier is heelwat spoorelemente wat nie met die blote oog gesien word nie," sê hy asof hy met homself praat. "Lyk soos ... Weet nie. Dis nie wol nie. Ook nie katoen nie."

Hy skyn met sy koplamp sowel as die flitslig op ŉ bepaalde kolletjie.

"O! Nou weet ek!"

"Wat, Kaptein?"

"Poliëster."

“Wat beteken dit? Is dit iets anders as klere?”

Derek antwoord nie. Stadig bekyk hy die deur se drumpel van links na regs.

Eindelik staan hy stadig op en vee met sy hand oor sy kaalkop.

“Hier is meer as vesels. Ook rafels.”

Fronsend staar hy na die area.

“Swaar voorwerp oor die drumpel gesleep,” mompel hy soos een wat met homself praat.

Skielik sê hy in sy normale stemtoon**:**

“Ons moet uitvind watter klere Hans Ras gedra het. Hierdie vesels kom van sy klere af. Hy’s hier uitgesleep.”

Zimmer verwerk die idee. Hy dink aan die foto’s van Hans Ras wat hy in Craig se lêers gesien het – ’n man met yl-blonde hare, intelligente oë, teruggetrokke houding. Hy sien in sy verbeelding hoe ’n groot rampokker die blonde man agter die stuurwiel uitruk en hom buitetoe sleep. Waarheen? Waarom?

Miskien het Hans Ras geheime gehad het waarvan Jolanda niks weet nie.

“As hulle hom uitgesleep het, moes hy bewusteloos gewees het, Kaptein. Of dood,” sê Sarel.

“Presies. Nadat hy vertrek het. Drie getuies het hom sien wegry van die De la Portes se huis af.”

Zimmer bekyk die binnekant van die motor met die hoop om een of ander leidraad raak te sien. Hy sien niks.

“Dis baie snaaks,” sê Sarel. “Hierdie kar het soveel veiligheidskenmerke. Hoe kon iemand die man sommer aanval? In sy kar? Wel, miskien ontdek ons nog iets, maar – Hoekom sou iemand hom wou dood hê, Kaptein? En dan vat hulle nie sy kar nie?”

“Ons praat nie nou oor motief nie,” antwoord Derek. “Ons kyk na forensiese feite. Locard-beginsel.”

“Ja, Kaptein.”

“My hipotese is: Hans Ras is gestop op pad huis toe, of iemand het by sy huis gewag. Hy’t die persoon geken. Hy’t gestop. Sy venster of deur oopgemaak. Maar voor hy kon uitklim, is hy aangeval. Harde hou teen die kop. So-iets.”

“Dit moes ’n helse harde hou gewees het, Kaptein. Dis nie maklik om iemand op so ’n kort afstand lights-out te slaan nie.”

Derek knik instemmend.

“Jy’s reg. Tot dusver – geen tekens van bloed in die motor nie. Dalk was hy bewusteloos geslaan. Liggaam gesleep. Doodgemaak. Iewers begrawe. Dis my hipotese. Ons moet uitvind watter klere hy gedra het. Is daar ŉ assosiasie tussen sy klere en die poliëster draadjies? Dan’s my hipotese dalk waar.”

Zimmer kyk met nuwe ontsag na Derek.

Derek vra vir Gideon om te kyk of daar vinger-afdrukke op die motor se stuurwiel is. Gideon open sy houtkissie vol houers met poeiers, chemikalieë, kwassies en ander items. Met ŉ spesiale bril bekyk hy die Mercedes se stuurwiel. Ná vyf minute kyk hy op sy horlosie en skud sy kop. Dis te laat, sê hy. Dis tyd om huis toe te gaan.

Daar is ŉ kort gesprek oor die volgende dag se program. Zimmer kondig aan dat hy huis toe gaan. Hy moet rekenaarwerk doen. Hiermee maak hy sy gereedskap bymekaar, groet almal en klim met die styl helling op na die pad toe.

Die laaste wat hy hoor is die dringende stem van Derek wat sê:

“Ons móét ŉ graf kry. Sonder ŉ graf is ons hande afgekap!”

# HOOFSTUK 11

Jolanda sit in die sitkamer van Bongi Mngadi, die bekende opera-bas wat in Gordonsbaai woon. Bongi se vrou, Asanda, het Jolanda na die sitkamer gebring en gevra sy moet haarself tuis maak terwyl Asanda vir Bongi gaan roep sodat Jolanda ŉ onderhoud met hom kan voer.

Daar heers ŉ atmosfeer van kalmte in die stylvolle sitkamer wat toegerus is met ligbruin Franse gemakstoele, ŉ bypassende sofa en ŉ Victoriaanse kaggel van wit marmer.

Jolanda het gereël om afsonderlike onderhoude te hê – eers met Bongi en daarna met sy vrou, Asanda. Die drie van hulle ken mekaar goed want hulle behoort al vir vier jaar aan dieselfde musiekgroep.

Bongi kom die vertrek binne. Hy is ŉ besondere groot man – lank en fris gebou. Onder sy verslete pak klere dra hy ŉ hemp sonder ŉ boordjie. Sy kop is amper kaal. Al wat oor is, is ŉ klossie hare bo-op sy kop en ŉ gordyntjie teen die agterkop.

Jolanda praat altyd in Engels met die Mngadi's. Hulle kan Afrikaans goed verstaan maar dit nie praat nie.

Jolanda gee vir Bongi ŉ afskrif van die verklaring wat hy twee jaar vantevore gemaak het toe Craig hom ondervra het oor Hans Ras se verdwyning. Hy lees die verklaring vlugtig, sê alles is korrek en gee dit vir haar terug. Sy merk op hy is nie sy gewone joviale self nie. Hy lyk onrustig en verander kort-kort van posisie op die sofa.

Hulle gesels ŉ paar minute oor die nuutste verwikkelinge in die soektog na Hans Ras totdat Bongi keel skoonmaak en in sy diep basstem vra:

"Nou ja, Jolanda, wat kan ek ... ŉ ... vir jou doen?"

Jolanda leun vorentoe en skakel die bandopnemer aan.

"Wel, daar het nou nuwe leidrade opgeduik wat ons kan help om die moordenaar van Hans Ras op te spoor."

Bongi vee met die agterkant van sy hand teen sy voorkop.

"Ja, ek moet sê ... Eienaardig ... Baie ... Waarom doen iemand so-iets? Is julle seker hy's vermoor? Wag, kan ek jou ŉ drankie aanbied? Wyn? Port? Sjerrie?"

"Nee dankie, Bongi. Ek drink nie wanneer ek werk nie."

"Natuurlik! Jammer, my maniere ... Hierdie ding met Hans Ras is so grusaam ... Absoluut grusaam ... Hoe sal ek sê? ... Ontstellend! Ja ... Baie ontstellend..."

Jolanda wonder waarom Bongi so ontstig is. Hoewel hy van nature geneig is om in frases in plaas van sinne te praat, is hy vandag besonder onsamehangend. Sy wil hom vra of iets verkeerd is, maar is bang dit ontsenu hom nog meer. Hy is ŉ gevoelsmens. Hoe gouer sy die onderhoud afhandel, hoe beter.

"Ek wil net ŉ paar dingetjies bespreek wat nie in jou verklaring was nie. Op die aand van Hans Ras se verdwyning. Kan jy onthou in watter volgorde die karre geparkeer was bokant die De la Portes se huis?"

"Ek kan nie mooi onthou nie. Ek dink ... Otto was voor my geparkeer. Dis wat ek weet. En ... O ja ... Hans Ras was agter my."

"Kan jy onthou in watter volgorde die mense in die musiekgroep vertrek het? Wie was eerste?"

Bongi staar voor hom. Hy skud sy kop.

"Ek dink ... ek het eerste vertrek ... maar ek is nie meer seker nie. Laat ek dink ..."

In sy vorige verklaring het Bongi gesê hy het heel eerste vertrek, maar Asanda het gesê hulle het tweede vertrek. Blykbaar het Bongi en Asanda intussen die saak bespreek want Bongi is nou onseker wie eerste vertrek het.

"Ja, en verder ...?"

"Hans Ras was nog daar toe ek vertrek het ... Ben het direk agter my gery. Dis al wat ek weet. Ben was baie haastig. Hy het kort agter my gery tot aan die einde van Suikerbossie-straat ... by die stopstraat ..."

Jolanda frons. Ben Goussard het agter Bongi aangery? Hierdie inligting bots reëlreg met Ben se getuienis! Trouens, tot dusver het ál die getuies volgehou dat Ben heel lááste vertrek het. As dit waar is dat Ben direk agter die Mngadi's gery het, was Hans Ras die een wat laaste vertrek het. Dus sou niemand gesien het as Hans Ras op pad huis toe onderskep was nie. Dis van kardinale belang dat sy moet vasstel wat die ware toedrag van sake was.

Sy leun vorentoe en en kyk Bongi stip in die oë.

"Is jy seker Ben het agter jou aan gery?"

"Doodseker. By die stopstraat het hy langs my gestop, aan die linkerkant, want hy het links gedraai en ek het regs gedraai. Ek het hom duidelik gesien. Asanda ook."

"Het julle hierdie inligting vantevore vir die polisie gegee?"

Bongi kyk verward om hom rond.

"Ek dink so ... Ek weet nie ... Jammer, ek kan nie onthou nie. Heel moontlik ..." Hy skud sy kop. "Kan nie sê nie .... Is dit belangrik? ... So lank terug ... "

Jolanda staar na die handgemaakte eikehoutvloer waarop haar voete rus. Sy het tyd nodig om die situasie te verwerk. Dis duidelik dat een of twee lede van die musiekgroep lieg. Die feit dat Otto eerste vertrek het, is nie in dispuut nie want vyf van die ses ooggetuies stem daaroor saam. Dis oor die persoon wat laaste vertrek het dat daar teenstrydighede is. Ben en Santa sê dat Ben laaste vertrek het, terwyl Bongi – en blykbaar Asanda ook – sê Hans Ras was laaste. As Hans Ras laaste vertrek het, kon ŉ bende hom maklik aangeval het op pad na sy huis toe sonder dat iemand dit sien.

Craig het in sy aanvanklike ondersoek hierdie aspek oor die hoof gesien. Vir hom was die volgorde waarin die musiek lede vertrek het, onbelangrik. Nou sit sy met ŉ dilemma. Hoe gaan sy uitvind wat die waarheid is? Miskien met ŉ leuenverklikkertoets?

Almal weet dat Bongi en Hans Ras nie langs dieselfde vuur gesit het nie. Aan die ander kant – sover sy weet het hulle nooit ŉ openlike konfrontasie gehad nie.

"Hoe goed het jy vir Hans Ras geken?"

"Wel ... twee jaar .... so iets ... Vandat die musiekgroep begin het. Ja, Hans Ras was ŉ baie slim man, natuurlik ... Fantastiese kennis van opera gehad, né? Dikwels die presiese woorde van arias geken ... Hy ... Hoe sal ek sê? ... Ons het nie baie gepraat nie ..."

"Het jy Hans Ras daardie aand gesien nadat julle vertrek het?" vra sy.

"Nee, ons het gegroet en dit was ... die laaste keer wat ek hom ... hu ... gesien het. Dis eintlik baie ironies ... dat ons daardie aand na die Vlieënde Hollander gekyk het, weet jy? ... Ek bedoel, in die opera sterf die heldin aan die einde van die verhaal. Een van die min operas wat ... waar ... die held nie dood is nie ... Snaaks, nè?"

Jolanda knik haar kop aanmoedigend. Sy besef Bongi is besig om van die onderwerp af te dwaal, maar sy laat hom praat. Spontane inligting van getuies kan soms interessante wendings neem.

"Die Vlieënde Hollander word gedoem ... eindeloos alleen ... swerf op die see rond. Geen kontak met mense...," gaan Bongi voort. "Baie ironies ... Dis wat met Hans Ras gebeur het ... né? Swerf ook rond ... dood of lewendig, nes die Hollander ... vir ewig." Hy gee ŉ diep sug. "Opera is ŉ nabootsing van die lewe ... Of dalk ... is die lewe ŉ nabootsing van opera?"

Bongi staar voor hom uit. Daar is ŉ ongemaklike stilte.

"Was jy en Hans Ras goeie vriende?" vra Jolanda.

"Wel ..." Bongi skud sy kop. "Ek sal nie so ver gaan nie. Eintlik het ek hom nie goed geken nie ... Daar was net altyd ... Hy't nogal ŉ snaakse houding gehad. Weet jy van iets wat hy gesê het ... ŉ aantyging teen iemand? Voordat hy verdwyn het?"

“Nie eintlik nie. Hy het wel ŉ eienaardige ding gesê, die laaste keer toe ek met hom op die foon gepraat het.”

“Wat?”

“Hy’t gesê iemand wat ons ken is betrokke in misdaad.”

Bongi trek sy wenkbroue op.

“Iemand wat julle ken is betrokke in misdaad! Wie?” vra hy onthuts.

Jolanda skud haar kop. Sy probeer Bongi se gesig lees. Hy lyk opreg, maar sy besef sy gesels met ŉ ervare toneelspeler. Kan ŉ mens toneelspelers vertrou? Hoe weet jy wanneer hulle spontaan is en wanneer hulle toneel speel?

“Ek weet nie. Hy wou nie sê nie. Weet jy van iemand in die musiekgroep wat in misdaad betrokke is?”

“Goeie hemel, nee! Nee! ... Nee! ... Dis die laaste plek waar jy ŉ misdadiger sal vind! ... Almal sensitiewe wetsgehoorsame mense ... Liefde vir klassieke musiek ... Wat? Het Hans Ras gesê daar’s ŉ misdadiger in die musiekgroep?”

“Nee. Hy’t gesê iemand wat ons ken is ŉ misdadiger. Ek vra maar net. Die lede van die musiekgroep was die laaste mense wat hom gesien het,” antwoord Jolanda.

Bongi kyk haar ŉ ruk lank vas in die oë. Skielik knyp hy sy oë styf toe. Jolanda kry hom jammer. Hy is baie sensitief.

Sy glimlag gerusstellend.

“Moenie so bekommerd lyk nie, Bongi. Ek weet jy’s nie ŉ misdadiger nie. Ek ken jou te goed, my vriend.” Sy skakel die band-opnemer af. “Ek is klaar. Baie, baie dankie dat ek met jou kon praat.”

“Sjoe!” sê Bongi verlig en leun moeg teen die rugleuning van die bank.

“ŉ Paar oomblikke was ek in dieselfde dramatiese situasie as ... as my karakters op die verhoog ... Groot drama ... ”

Hy haal ŉ sakdoek uit en vee die sweet van sy gesig en sy kaalkop af.

“Nooit gedink ... Amper soos opera ... behalwe ... in operas gaan die hoofkarakter gewoonlik dood aan die einde van die verhaal ... maar hier ... Hans Ras is dood in die begin van die verhaal ... Verskoon my, Jolanda ... ”

Hy staan op en hou sy hand uit om haar te groet.

“Ek moet nou gaan ...”

Terwyl Jolanda vir Asanda wag, spekuleer sy oor die moontlikheid dat Bongi betrokke was in Hans Ras se verdwyning. Die verhouding tussen Hans Ras en Bongi was beslis problematies. Hans Ras het swart mense wantrou en hy het Bongi meestal geïgnoreer.

Boonop het dit Hans Ras geïrriteer dat Bongi meer van opera af geweet het as hyself. En tog, sy kan haar glad nie voorstel dat Bongi iemand sou vermoor nie. Hy is soos ŉ groot sagmoedige beer – opreg, meelewend, gevoelvol. Ten spyte van sy roemryke loopbaan as ŉ operasanger is hy altyd nederig. Sy hou van hom. Hulle kom goed klaar.

Maar in haar werk is sy verplig om objektief na alle verdagtes te kyk.

Dis baie eienaardig dat Bongi wou weet of Hans Ras ŉ aantyging teen iemand gemaak het. Waarom is hy vandag so ontsettend gespanne? Gewoonlik is hy gesellig en op sy gemak.

Sy wag vir Asanda wat ŉ maatskaplike werkster was voor haar troue. Deesdae maak Asanda haar twee kinders groot en werk aan ŉ Meestersgraad.

Jolanda glimlag breed toe Asanda die vertrek inkom. Sy lyk soos ŉ model met haar goedversorgde bruin vel en ligblou oorbelletjies. Haar blink, kroes hare is kort maar keurig op haar kop gesny en sy dra ŉ ligblou rok.

Sy gaan sit op die plek waar Bongi vantevore gesit het en kyk goedkeurend na Jolanda.

"Ek sien jy het weer begin om jou armbande en ringe te dra. Ek is bly," sê sy.

Jolanda glimlag gemoedelik.

"Ja. Ek is uiteindelik besig om oor my groot tragedie te kom."

Hulle gesels ŉ paar minute oor mekaar se doen en late totdat Jolanda die bandopnemer aanskakel. Op dieselfde manier as wat sy vir Bongi ondervra het, gaan hulle deur Asanda se vorige verklaring, die posisie waarin die motors geparkeer was op die aand van Hans Ras se verdwyning en die volgorde waarin die motors vertrek het.

Asanda stem saam met die musiek-lede oor die parkeerposisies van die motors – eers Ben Goussard, dan Otto, dan die Mngadi's en Hans Ras laaste. In teenstelling met Bongi, is Asanda adamant dat Otto, en nie Bongi nie, daardie aand eerste vertrek het. Sy en Bongi het tweede vertrek. Ben Goussard het direk agter hulle gery. Hy was besonder haastig en het by die stopstraat aan die linkerkant by hulle verbygery.

"Laaste vraag," sê Jolanda. "Die laaste keer toe ek met Hans Ras op die foon gepraat het – net voordat hy na die musiekaand toe is – het hy gesê hy het uitgevind iemand wat ons ken, is ŉ misdadiger. Weet jy iets daarvan?"

"Iemand wat ons ken? In die musiekgroep?"

"Hy't nie gesê nie."

"Ek ken geen misdadiger wat hier woon nie."

Jolanda knik en skakel die bandopnemer af.

"Dankie, Asanda. Dis al wat ek wil weet. Vertel vir my hoe dit met jou gaan. Hoe ver is jy met jou Meesters?"

"Uiteindelik klaar met die veldwerk."

"Dit gaan mos oor bendes. Wat is jou titel nou weer?"

"Gemeenskapsgerigte maatreëls om bendebetrokkenheid onder seuns in puberteit te voorkom."

Jolanda se gesig helder op.

"O ja! Jy doen dit in Manenberg, né?"

"Ja. Dis die voorstad waar die hoogste persentasie seuns en mans aan bendes behoort."

"Watter bendes?"

"Daar is 'n paar bendes, maar ek werk net met een – die Syndicate. Hulle hoofkantoor is in Manenberg. Hulle het twee bendes daar. Weet jy hulle teiken seuns so jonk soos nege en tien jaar oud?"

"Wat!" roep Jolanda geskok uit. "Om by hulle aan te sluit?"

Asanda knik haar kop.

"Dis om van siek te word. Hulle vertel vir die laities hoe lekker dit is om aan die Syndicate te behoort. Dis nie 'n bende nie, sê hulle, dis 'n klub. As jy by hulle aansluit, het jy altyd baie vriende en baie geld. Almal bewonder jou. Jou pelle beskerm jou. Hulle laat dit lekker klink. Soort vakansie kamp. Help mekaar. Beskerm mekaar. Almal een groot gelukkige familie. Alles natuurlik leuens. Die meeste laities val daarvoor. En as al die mooi praatjies nie werk nie, gebruik die bende fisiese geweld. Hulle stuur 'n boelie om die outjie op te foeter. Dan kom 'n tweede een om die outjie kamstig te red. Voor die kind homself kry, is hy lid van die Syndicate. Dis om van siek te word."

"Hoe aaklig. Waar's die polisie?"

"Hulle is daar. Hulle doen hulle bes."

"Die gangsters gaan mos uitvind dat jy teen hulle werk. Is jy nie bang hulle val jou aan nie?"

"As ek daar rondry, ry ek saam met die polisie in hulle vangwa. Maar dit gebeur selde. Ek doen meeste van my werk by twee skole met opgeleide mense wat in die area werk – onderwysers, sosiale werkers, godsdiensleiers, so aan. Gelukkig is my navorsing nou afgehandel. Ons het 'n program uitgewerk en dis nou die gemeenskap se werk om die program in werking te stel. Al wat ek nog moet doen, is om die verhandeling te skryf. Maar wag! Laat ek jou vertel! Raai wie het ek ontmoet?"

"Nee. Wie?"

"Donker."

"Jy lieg!" roep Jolanda uit.

Sy staar verstom na Asanda.

"Donker? Die highflyer van die Syndicate?"

"Ja. Onthou, jy het my mos van hom vertel."

Jolanda druk haar hande aan weerskante van haar kop.

"Ek glo jou nie."

"Dis waar. Ek het die grootman self ontmoet," sê Asanda opgewonde.

"Wat het hy in Manenberg gemaak?"

"Ons was nie in Manenberg nie."

"Wie's 'ons'?"

"Ek en Bongi."

"Waar het julle hom ontmoet?"

"In Seepunt. By ŉ fondsinsameling van die Vaskulêre Distrofie Stigting."

Jolanda sit verstar. Sy skud haar kop.

"Dit voel of ek op ŉ ander planeet is. Ly Donker nou aan vaskulêre distrofie?" vra sy skepties.

"Nee. Hy's ŉ skenker, nes ons. Die Stigting het ŉ groot onthaal gehad by ŉ posh hotel vir al hulle skenkers. ŉ Fonds-insameling projek. Donker en sy vrou het oorkant ons aan die tafel gesit."

"Hoe't jy geweet dis hy?"

"Watse vraag is dit? Jy't my dan self gesê Donker gebruik die skuilnaam Ivor Stephenson. Buitendien, hy praat Engels met ŉ plat aksent nes ŉ gangster en hy weet niks van opera af nie. Hy weet nie eers wie Bongi is nie. Moet sê, sy vrou het baie duur klere en juwele gedra."

"Hy hét nie ŉ vrou nie. Hy het net drie mistresses."

"Wel, hy't haar aan ons voorgestel as sy vrou. Haar naam is Theresa, soos in Moeder Theresa. Pragtige vrou. Praat met ŉ Britse aksent."

Jolanda staan op. Sy kyk by die venster uit en skud haar kop.

"Nou't ek als gehoor. Het Ivor Stephenson gesê wat hy doen vir ŉ lewe?"

"Ja. Hy's hoof van ŉ groot maatskappy wat spekuleer met eiendomme en aandele."

“Inderdaad!” roep Jolanda uit. Sy bal haar vuiste. “Dit maak my woedend. As ek dink hoeveel duisende lewens Donker en sy bendes al vernietig het deur dwelms en hulle turf oorloë. Strate vol lyke ...”

Asanda staan op en vat Jolanda sag aan die arm.

“Kalmeer! As ek geweet het dit sal jou só ontstel, het ek liewer stilgebly. Vergeet nou daarvan ...”

* * * *

Op pad terug huis toe lui Jolanda se selfoon. Dit is Adam van die polisiestasie.

“Stel jy belang in gangsters?” vra hy.

Jolanda sug.

“Op hierdie stadium is ek so keelvol vir gangsters dat ek kan ontplof. Hoekom vra jy?”

“Een van die konstabels sê my daar sit ŉ ou by die stalletjies op die strand wat vir hom na ŉ gangster lyk. Ek het gaan kyk. Hy lyk suspisieus.”

“Hoe lyk hy?” vra sy.

“Groot ou. Bruin man in blou jeans met ŉ wit frok. Moerse spiere. Tatoes op sy bo-arms. Swart kroeshare. Dra ŉ snor en ŉ bokbaard. Lyk hoogs bedonderd.”

“Wat doen hy?”

“Niks. Sit op die grond langs die serpestalletjie. Kyk na die passing scene.”

Jolanda sug. Sy verander die rigting waarin sy ry sodat sy strand se kant toe gaan.

“Oukei, pêl. Ek gaan kyk. Dankie hoor.”

By die strand ry sy stadig verby die drie stalletjies met klerasie en soeweniers. Sy sien die rampokker met die wit uitgeholde T-hemp, blou jeans, ballende spiere en tatoes. Hy sit op die relings langs die strand en rondkyk asof hy op iemand wag. Jolanda parkeer haar motor in die restourant se parkeerplek. Versigtig loop sy langs die restourant verby en loer om die hoek na die stalletjies.

Die rampokker het opgestaan. Hy maak sy naels met ŉ knipmes skoon terwyl hy die omgewing dophou. Sy skrik. Daar is ŉ groen vierkant op die voorkant van sy frok. Lede van die Syndicate dra gewoonlik iets groen aan hulle klere wanneer hulle op ŉ sending is sodat lede van verskillende takke mekaar kan herken.

Sy gaan staan agter ŉ boom en hou hom dop. Daar is ŉ ontevrede trek op sy gesig. Hy staan agter die reling wat die parkeerarea skei van die strand, met sy voet op die reling,

elmboog op die knie. Sy haal haar selfoon uit om ’n foto te neem maar dit neem ’n rukkie om by die regte funksie uit te kom en toe sy weer kyk, het hy verdwyn. Sy kyk om haar rond.

’n Minuut later sien sy hy staan ’n entjie verder en leun teen ’n donkergrys Porché Boxster. Hy praat op sy selfoon.

Jolanda gaan staan botstil. Sy vou haar arms. Wat! Hierdie is nie sommer enige rampokker nie. Hy moet hoog op in die Syndicate wees. Miskien ’n direkteur? Nee. Direkteure dra pakke klere en dasse. Hierdie gangster moet *of* die lyfwag van ’n direkteur wees, *of* ’n bendeleier. Sy dink ’n rukkie en besluit hy is waarskynlik ’n bendeleier.

Sy stap oor die straat sonder om in sy rigting te kyk en draai regs. Haastig stap sy in die Porsche se rigting maar kyk anderpad. Die rampokker praat steeds op sy selfoon. Sy rug is teen die kar deur, sy gesig weggedraai. In die verbygaan kyk Jolanda na die nommerplaat. Sy loop verder en bel vir Adam.

“Die ou se motor nommer is CA 34001. Grys Porsche Boxster met mag wiele. Vra vir iemand in die kantoor om uit te vind aan wie dit behoort. Dalk ’n gesteelde motor. Verder ... ek het back-up nodig. Kan jy met ’n ongemerkte kar na die stalletjies toe kom? My kar is hier naby. Moenie kontak maak nie.”

“Ek kom,” sê hy haastig en breek die verbinding.

Die gangster druk sy selfoon in sy jeans, loop om die Porsche en klim in.

Jolanda hardloop na haar beige Corsa. Sy skakel dit aan en sukkel om uit die parkeerplek te kom. Sy verwens haarself omdat sy tyd mors. As sy net vroeër in die straat parkeer het! Dan kon sy kort op die hakke van die Porsche gebly het. Nou gaan sy die ou dalk verloor.

Eindelik kom sy uit die parkeerplek. Sy draai links in Beachweg en sien hoe die grys Porsche twee blokke verder in Sir Lowry Weg draai. Sy wil hom volg maar word vertraag deur ’n bejaarde vakansieganger wat oor die straat loop. Ongeduldig swenk sy agter die vakansieganger verby, ry vinnig tot by Sir Lowry Weg waar sy indraai en na die stopstraat toe jaag. Watter kant toe? Links of regs?

Sy draai links. Gelukkig is daar min verkeer. Die pad maak ’n draai en sluit dan aan by die pad wat Strand toe gaan. In die verte sien sy die Porsche ry. Haar selfoon lui. Dis Adam. Waar is sy? Sy verduidelik. Hy sê hy volg haar.

Die bendeleier ry baie vinnig. Jolanda trap die pedaal diep in en slaag daarin om die afstand tussen hulle te verminder. ’n Kilometer verder sien sy Adam se rooi motor in haar truspieël. Sy bel hom en vra dat hy verby haar moet ry, direk agter die gangster. Sy is bang hy

besef dat sy hom agtervolg. Toe hulle die Broadlands-verkeerslig nader, steek Adam by haar verby en stop agter die man.

Terwyl hulle by die robot wag, bel Adam haar en sê die kantoorpersoneel het uitgevind wie die eienaar is van CA 34001. Dis die registrasie nommer van ŉ 2010 Porsche wat behoort aan ŉ man met die naam Charles Solomons.

"Solomons!" roep sy uit. "Bliksem. Familie van Donker. Is dit toeval of wat?"

Die lig word groen. Charles Solomons draai regs in Broadlands weg in. Adam volg die Porsche op ŉ veilige afstand en Jolanda kom ŉ hele ent agter hom aan. Per foon besluit hulle dat Adam vir drie minute sal aanhou om Charles te agtervolg en dan sal Jolanda weer oorneem.

Agter die stuurwiel dink Jolanda daaraan dat sy waarskynlik op ŉ dwaalspoor is. Wat op aarde laat haar dink dat Charles Solomons iets te doen het met Hans Ras se verdwyning? Sy het geen bewyse nie. Elke dag is daar dosyne bendebedrywighede in die Valsbaai-omgewing waarvan nie een iets met haar of Hans Ras se verdwyning te doen het nie. Hoekom sou hierdie bepaalde gangster enigsins daarby betrokke wees?

Dit is nogal buitengewoon dat ŉ bendebaas soos Charles skielik in Gordonsbaai te sien is direk na die koerantberig dat Hans Ras se motor ontdek is. Boonop behoort hy aan die Syndicate – ŉ bende wat in die Hans Ras-saak onder verdenking is. Die moordenaar of moordenaars van Hans Ras is moontlik bekommerd. Het die Syndicate een van sy senior lede hierheen gestuur om spore uit te wis?

Aan die ander kant, miskien is sy op ŉ dwaalspoor. Uit ŉ wetenskaplike oogpunt is daar geen bewyse dat Charles Solomons iets met Hans Ras se verdwyning te doen het nie. As ŉ mens kyk na die gemiddelde hoeveelheid misdade wat elke dag in die Helderberg-omgewing plaasvind, is dit te verwagte dat daar soms ŉ Syndicate-lid hier te sien sal wees. Hulle het hulle hande in soveel verskillende komplotte. Dalk moet sy hierdie agtervolging so gou as moontlik aflas.

Die Porsche draai regs in Broadlands Industriële gebied in. Adam volg op ŉ redelike afstand en Jolanda ŉ ent agter hom. Sy verstyf toe Adam skielik stadiger ry. Wat gaan aan? Die Porsche is nêrens te sien nie.

Adam parkeer sy motor en Jolanda parkeer agter hom. Hulle klim uit.

"Waar's hy?" vra sy.

Adam wys na ŉ oop motor-ingang in ŉ heining.

"Hy't hier ingedraai."

Die omgewing is vir Jolanda vaagweg bekend. Hulle kan nie die binnekant van die perseel sien nie. ŉ Hoë betonmuur omring die plek. Hulle hoor hoe iemand ŉ motordeur hard toeslaan.

Versigtig loer hulle by die hek in – net betyds om te sien hoe die bendeleier aan hulle regterkant wegloop en ingaan by die deur van ŉ kantoorblok.

Reg voor hulle is ŉ rooi baksteengebou van drie verdiepings wat soos ŉ skool of koshuis lyk. Op elke verdieping is daar ŉ lang ry deure wat op stoepe uitloop. Daar is tralie-heinings voor die stoepe van die boonste twee verdiepings. Hier en daar op die stoepe staan vrouens wat kyk hoe kinders op ŉ oop stuk grond voor die gebou met ŉ bal speel. Bokant die onderste stoep hang ŉ bord waarop geskryf staan:

**Gesinsgeweld Herstel-oord**

**Shelter for Abused Families**

Jolanda het gehoor dat daar so ŉ skuiling in Broadlands is maar sy het nie geweet presies waar nie.

Aan weerskante van die ingang is twee kleiner geboue. Aan die linkerkant is twee borde. Op die een staan KLINIEK en op die ander EETSAAL. Aan die regterkant is ŉ gebou wat soos ŉ huis lyk en waarop geskryf staan KANTOOR. Daar is ŉ parkeerplek met drie motors.

Jolanda en Adam is net betyds om te sien hoe Charles Solomons twee-twee die trappe opklim en by die deur van die kantoor ingaan.

"Wat de duiwel …?" sê-vra Adam gedemp.

Jolanda beduie hulle moet stilbly en terug na hulle motors gaan.

"Dit gaan aandag trek as ons albei ingaan," sê sy toe hulle daar kom. "Gaan parkeer jy binne en soek skuiling. Kyk wat hy doen as hy uitkom. Moenie hom volg nie. Eers as hy weg is, kan jy uitry. Ek kry jou by die petrolstasie in Broadlands Weg."

Hulle skakel hulle motors aan en ry na hulle onderskeie bestemmings. Terwyl Jolanda by die petrolstasie wag, bel sy vir Otto Harmse, die vyfde lid van die musiekgroep, en bevestig dat sy hom om drie-uur by sy huis sal ontmoet. Tien minute later sluit Adam by haar aan met die nuus dat Charles nie lank by die herstel-oord was nie. Skaars drie minute nadat hy ingegaan het, het hy uitgekom met ŉ pakkie in sy hand en daarmee weggery.

"Hoe lyk die pakkie?" vra Jolanda.

"So ŉ groot leesboek. In bruinpapier toegedraai."

"Wás dit ŉ boek?"

Adam sug.

"Weet nie. 'n Boksie of iets. Definitief in bruinpapier toegedraai."

'n Frons verskyn op Jolanda se gesig.

"Wat kan dit wees?" vra sy peinsend.

Adam trek sy skouers op.

* * * *

Jolanda parkeer haar beige Corsa weer eens voor die erf in Milner Straat waar die Goussards en Otto Harmse in twee aparte huise woon. Sy klop aan die deur van die kleiner huis.

Otto maak die deur oop.

"Jolanda!" roep hy en gee haar 'n drukkie. "Wat 'n vreugde om jou te sien!"

Hy is 'n aantreklike man van een-en-dertig, ietwat oorgewig, met ligbruin hare wat hy in 'n Beatle-styl dra. Aan sy bolyf is 'n grys-groen T-hemp met die motief van twee arendsvlerke waaronder geskryf staan *North Stradbroke Island*.

Sy stap in 'n enorme vertrek in – 'n voorkamer wat hy omskep het in 'n werkkamer. Teen die mure hang verskeie rokke, half-gemaaktes en klaar-gemaaktes. In die een hoek is 'n koffietafeltjie en drie gemakstoele waar konsultasies met kliënte plaasvind. Voor die venster is verskillende naaimasjiene. Die res van die vertrek is gevul met rolle materiale, rye tolletjies garing van verskillende kleure, maatbande, rokpatrone en modeboeke met prente van modelle wat allerhande klere ten toon stel.

"Kom sit!" sê hy opgewonde.

Hulle gaan sit op die gemakstoele,

"My ma het my vertel dat jy rondgaan en met almal praat oor Hans Ras se verdwyning," sê hy met 'n houding asof hulle deel is van 'n komplot. "Ek hoor jy het my mislike stiefpa hoog die moer in gemaak met jou ondervraery. Mooi so. Weet jy dat hy besig is om al die erfgeld wat my pa vir my ma nagelaat het, te blaas op nuwe karre en 'n seiljag? My ma is nie opgewasse teen hom nie. Sy woord is wet. Elke dag van my lewe dank ek die Here dat ek en hy nie meer onder dieselfde dak woon nie. Maar wag, kyk hier!"

Met baie gebare en omhaal van woorde vertel hy vir Jolanda van die aandrok wat hy vir 'n hospitaalmatrone maak en hoe puntenerig sy is. Ná drie minute val Jolanda hom in die rede en verduidelik dat sy nie lank kan bly nie. Sy wil hom net 'n paar vrae oor Hans Ras se verdwyning vra.

"O ja, my darling. Goed. Vra my enigiets wat jy wil weet."

Jolanda neem haar diktafoon uit haar aktetas en skakel dit aan. Net soos sy met die ander musiekgroeplede gedoen het, gaan sy stelselmatig deur die verklaring wat Otto vantevore aan Craig gemaak het. Otto beaam alles in die verklaring. Tien minute later kom sy by die einde van die musiekaand toe Hans Ras verdwyn het.

"In jou vorige verklaring het jy getuig dat daar op die aand toe Hans Ras verdwyn het, vier karre in die straat geparkeer was – korrek?"

Otto knik.

"Die Goussards se kar was heel voor?"

"Korrek."

"Jou kar was tweede?"

"Ja."

"Derde in die ry was die wit Audi van die Mngadi's?"

"Ja."

"Hans Ras se silwer Mercedes was laaste in die ry?"

Otto knik sy kop.

"Mooi. Oor hierdie volgorde stem al die lede van die musiekgroep saam. Dis die volgorde waarin die karre vertrek het waaroor daar verwarring bestaan. En dis natuurlik die belangrikste want dit was die heel laaste keer wat enigiemand vir Hans Ras gesien het."

"Wat is die probleem?"

"Ben sê hyself het laaste vertrek. Bongi het aanvanklik gesê hyself het eerste vertrek maar Asanda sê sy is doodseker *jy* het eerste vertrek."

"Asanda is reg. Ek het eerste vertrek."

"Volgens haar het sy en Bongi tweede vertrek. Goed. Kom ons neem aan dis korrek … Wie het derde vertrek? Ben sê dit was Hans Ras. Die Mngadi's sê dit was Ben. Beide Bongi en Asanda is seker dat Ben direk agter hulle aan gery het. Tot by die stopstraat. Lucille, Ben se vrou is onseker. In haar eerste getuienis twee jaar gelede het sy gesê Ben het laaste vertrek, ná Hans Ras. Toe ek haar nou ondervra het, het sy eers gesê Hans Ras het laaste vertrek, maar later in die onderhoud het sy gesê sy's onseker."

"Geen wonder julle kan nie die moordenaar kry nie. Hierdie verskillende stories plaas al die lede van die musiekgroep in 'n slegte lig. Dit laat dit lyk asof een van ons vir Hans Ras vermoor het. Dis belaglik!" roep Otto uit.

Jolanda skud haar kop.

"Dis nie belaglik nie, Otto. Dis realisties. Vier-en-tagtig persent van moorde in die Kaap word gepleeg deur iemand wat die slagoffer ken. Die polisie werk op die

veronderstelling dat Hans Ras vermoor is – óf deur ŉ lid van die musiekgroep, óf deur lede van ŉ bende."

"Wel, ek dink hulle gryp na grashalms. Lyk ek vir jou soos ŉ moordenaar?"

Jolanda skud haar kop.

"Glad nie."

"Dankie vir jou vertroue, my darling."

"Maar ons moet uitvind wie die skuldige is. Wat dink jy het gebeur?"

Otto gooi sy hande in die lug.

"O kraikie! Hoe moet ek nou weet? Ek lewe in ŉ kunswêreld. Jy ken my mos. ŉ sensitiewe siel. Die blote gedagte aan moord en geweld gee my die horries."

Jolanda kyk hom geamuseerd aan. Sonder om iets te sê, leun sy vorentoe en skakel die diktafoon af.

"My beste raad aan jou," gaan Otto voort, "is om hierdie ondersoek te staak. Craig Bantjies het hom ŉ jaar lank besimpeld gesoek na die moordenaar. Wat het hy gevind? Zilch. Nou loop jy dieselfde paadjie. Wake up to the real world, darling Julle gaan nooit uitvind wie vir Hans Ras vermoor het nie. Aanvaar dit. Dis verby. Los dit."

Hy kyk op sy polshorlosie en spring op

"O my hemel. Dis amper tyd vir my volgende passing. Mevrou Smal. Kyk. Hier hang haar rok." Hy wys na ŉ goudkleurige aandrok wat teen die muur hang. "Oor twee weke is dit die jaarlikse bal van die seiljagklub."

Jolanda pak haar diktafoon en notaboek in haar aktetas en staan op.

"Goed, dan los ek jou nou dat jy kan gereed maak vir die passing. Dankie dat ek met jou kon praat, Otto. Ons sien mekaar binnekort weer. Ek verstaan jou stiefpa wil ŉ samekoms van die musiekgroep reël sodat ons almal weer ŉ slag kan praat oor Hans Ras se verdwyning, noudat nuwe bewyse gevind is."

Nadat hulle gegroet het, ry Jolanda terug na haar huis toe. Haar onderhoud met Otto was blote roetine. Sover sy weet was daar nog nooit enige suspisie dat hy in die moord betrokke kon wees nie. Al wat haar pla is dat Otto so gekant daarteen is dat die ondersoek hervat word. Waarom? Weet hy iets wat sy nie weet nie?

* * * *

Jolanda doen moeite doen met haar voorkoms. Sy was haar bruin-swart hare sodat hulle krullerig rondom haar kop staan, en maak haar sproete minder opvallend met ligte grimering.

Sy trek ŉ rooi en wit gestreepte bloes aan by ŉ styfpassende rooi romp wat net-net bokant haar knieë sit. Sy dra hoë-hak sandale, ŉ pêrelhalsnoer en twee pêrels aan haar ore.

Toe Zimmer haar voor haar huis oplaai, staar hy haar bewonderend aan en roep uit: "Wow!"

Hy maak die deur agter haar toe. Sy eie kleredrag is presies die teenoorgestelde as hare. Hy is terug in sy skolliedrag – stukkende jeans, uitgewaste bruin T-hemp en plakkies. Dis ŉ stelling wat sê: *Wanneer ek by die werk is, sal ek mooi klere dra as ek moet, maar buite werksure dra ek wat ek wil.*

Die oomblik toe hy agter die stuurwiel inskuif, sê Jolanda:

"Moenie stil bly nie. Vertel! Het julle ŉ lyk ontdek?"

Zimmer skakel die motor aan, trek weg met ŉ ruk en ry met die straat af.

"Nee," antwoord hy kortaf sonder om na haar te kyk.

Ondersoekend kyk Jolanda na hom. Wat het oor sy lewer geloop? Sy houding is styf en formeel, asof hulle vreemdelinge vir mekaar is. Hy het ŉ gedaanteverwisseling ondergaan. Afgesien van die vleiende uitroep toe hy haar gesien het, is sy hele houding afsydig.

"Wat het van die lyk geword?"

"Geen teken nie," antwoord hy. "Derek het met die honde-eenheid gereël om môre ŉ kadawer hond te bring om die area te deursoek, maar ... hy lyk nie hoopvol nie."

"Het jy vir my jou aantekeninge gebring oor alles wat die forensiese span op die toneel gedoen en gevind het?" vra Jolanda.

"Ja," sê Zimmer.

Hy haal ŉ koevert uit sy broeksak en gee dit vir haar. Jolanda sit die notas in haar handsak.

"Baie dankie."

"Wat het *jy* vandag uitgevind?" vra Zimmer.

Sy vertel hom van die onderhoude wat sy met die Mngadi's en Otto gehad het sowel as die identifisering en agtervolging van die bendeleier, Charles Solomons. Zimmer luister na die inligting en vra ŉ paar vrae totdat hulle die Holloway Continental Restaurant bereik en uitklim.

Hulle klim met die trappe op wat na die glasdeure van die deftige restourant lei. Terwyl hulle by die toonbank wag en na die agtergrondmusiek luister, roep Jolanda skielik uit:

"Daar's Santa en Leo!"

Santa de la Porte is besig om die rystoel waarop haar pa sit behendig tussen die tafels deur te stoot. Dis duidelik dat hulle klaar geëet het en nou op pad huis toe is.

Met uitgespreide arms loop Jolanda hulle tegemoet.

"Jolanda!" roep Santa verheug uit.

Santa los die rystoel sodat sy en Jolanda drukkies kan uitruil.

Santa troon bokant Jolanda uit. Sy is ŉ groot, sterk vrou in haar vroeë dertigs en ŉ opgeleide verpleegster – ŉ kursus wat sy hoofsaaklik gedoen het sodat sy haar pa, wat aan hartversaking ly, kan versorg. Sy vrou is agt jare gelede in ŉ motorongeluk oorlede. Leo de la Porte is ŉ groot, gesette man en uiters welaf. In sy jonger dae was hy ŉ argitek wat in Frankryk werksaam was. Later het hy na Suid-Afrika teruggekeer waar hy eers ŉ dorpsontwikkelaar en later ŉ direkteur van maatskappye geword het. Weens te veel stres in sy werk en te min oefening het hy in sy sestigerjare aan hartversaking begin ly totdat hy verplig was om al sy sakebedrywighede te staak.

Dit was vir Leo ŉ groot skok en verlies toe Hans Ras verdwyn het. Hulle was hegte vriende en het gereeld bymekaar gekom om tendense in die aandelemark te bespreek.

Jolanda roep vir Zimmer nader en stel hom en die De la Portes aan mekaar bekend.

"Ek dog julle is nog by Caledon se bron," sê Jolanda.

"Ag, cherié, Pappá was ongemaklik. En hy was só upset toe hy hoor Hans Ras se kar is ontdek. Hy wou sommer net huis toe kom. Boonop het Ben hom gebel en gesê die musiekgroep moet bymekaar kom om dinge te discuss. En nou's ons hier."

Jolanda buig af na Leo.

"En toe, Leo! Het jy die warm water geniet?"

"Wonderlik!" antwoord Leo. "Dit doen wondere! Maar ek kan nie langer as twee dae daar bly nie. Dan word ek verveeld. En toe kom hierdie ding van Hans Ras op…"

Santa draai na Jolanda toe.

"Ja! Is dit nie skokkend nie? Pappá wil hê dat die groep so gou as moontlik bymekaar moet kom. Bientôt! Ons is vol hoop dat hulle nou uiteindelik gaan uitvind wat van Hans Ras geword het, né Pappá?"

"Ja! Ja! Ons moet hoor wat aangaan," sê Leo en knik sy kop heftig.

"Wanneer gaan die groep bymekaar kom?" vra Santa. "Dit moet natuurlik by ons huis wees."

"Ja, julle huis. Ek weet nie wanneer nie," antwoord Jolanda. "Ek dink Ben is besig om dit vir Vrydagaand te reël."

"Goed. Merveilleux! … Jammer, ek moet vir Pappá in die bed kry. Geniet julle ete!"

Die De la Portes neem afskeid en ŉ kelner lei vir Jolanda en Zimmer na ŉ tafel by ŉ venster. Terwyl hulle oor die see sit en uitkyk, plaas die kelner ŉ wynlys en spyskaart voor elkeen. Jolanda bestel ŉ glas Cabernet Sauvignon en Zimmer ŉ coke.

Daar volg ŉ ongemaklike stilte. Weer besef Jolanda dat Zimmer besonder stil is. Wat is verkeerd? wonder sy. Nie alleen het hy geen woord gesê terwyl hulle by Santa en Leo gestaan het nie, maar selfs hier waar hulle nou alleen bymekaar is, wend hy geen poging aan om te gesels nie. Hy lyk heeltemal afwesig. Was sy dag by die misdaadtoneel vir hom te veel? Verlang hy na sy vriende in Durban? Is hy oorwerk? Het hy besluit om homself te onttrek van die soektog na die moordenaar?

Haar grootste teleurstelling is dat hy niks oor haar voorkoms sê nie. Vanaand het sy vir die eerste keer baie moeite gedoen om te wys hoeveel sy van hom hou. Nou lyk dit skielik asof die bordjies verhang is: sy is die een wat *hom* wil beïndruk, nie hy vir haar nie. Wat is verkeerd? Dit lyk asof hy alle belangstelling in haar verloor het. Hy stel nou net in speurwerk belang. Miskien was dit ŉ fout dat sy soveel moeite met haar voorkoms gemaak het. Dalk voel hy geïntimideer. Een ding is seker: die lig in sy oë het verdwyn. Heeltemal. Hy kyk nie eers na haar nie. Hy staar by die venster uit oor die donker see. Sy kan nie glo dat hy dieselfde man is wat die vorige dag so passievol uitgeroep het dat sy onweerstaanbaar is nie.

"Wat gaan aan?" vra sy fronsend. "Hoekom is jy so stil?"

Hy antwoord nie. Sy oë dwaal rusteloos deur die restourant.

Hy sug. ŉ Koppige uitdrukking verskyn op sy gesig.

Eindelik sê hy:

"Nee, ek is …"

Hy kyk stilswyend na haar, sy bruin oë terselfdertyd hartseer en kwaad.

"Wat pla jou?" por sy. "Vertel my."

Hy kyk by die venster uit asof sy nie bestaan nie.

Sy wag op sy antwoord, en toe hy niks sê nie, voel sy hoe die woede in haar opstoot. As haar eie motor hier was, het sy nou onmiddellik uitgeloop. Sy is op die punt om iets bitsig te sê, toe hy praat.

"Dis net dat ek onseker is."

"Waaroor?"

"Oor jou en my. Ek – Ek hou baie van jou – maar dis ingewikkeld."

"Wat is ingewikkeld?"

"Een of ander tyd moet ek teruggaan Durban toe. My hele lewe is daar. Ek wil nie hier iets begin …"

Hy haal diep asem, en blaas dit weer uit.

"Ek wil jou nie seermaak nie..."

Sy stem raak weg. Jolanda weet nie of sy vriendelik of kwaad moet wees nie. Sy leun terug in haar stoel.

"Jy bedoel ons moet net vriende bly? Niks meer as vriende nie?" vra sy gemaak ongeërg.

Hy knik sy kop.

"Wonderlik!" sê sy glimlaggend. "Dis presies hoe ek ook voel. En dis hoe dit gaan bly."

Hy pers sy lippe op mekaar.

"Dis hoe dit *moet* bly!" sê hy driftig sonder om na haar te kyk.

"Presies!" beaam Jolanda en glimlag breed. "Dit laat my ook sommer beter voel. Ek was weer bang *jy* word te ernstig."

Zimmer kyk haar strak aan.

"Goed, dan verstaan ons mekaar," sê hy saaklik.

Sy staar na hom en besef skielik dis te laat. Sy is dolverlief op hom.

# HOOFSTUK 12

Terwyl Zimmer en Jolanda vir hulle drankies wag, sien Zimmer daar brand nie vanaand soos vantevore ŉ kaggelvuur in die Holloway Continental Restaurant nie. Die atmosfeer is egter net so elegant soos voorheen. Op die agtergrond speel ŉ vrou in ŉ aandrok strelende melodieë op ŉ klavier en die geure van eksklusiewe cuisine hang in die lug.

Hy vind dit moeilik om nié na Jolanda te kyk nie. Sy het nog nooit vantevore so mooi gelyk nie. Hy worstel om sy gevoelens vir haar te onderdruk. Die waarheid, so onverteerbaar as wat dit kan wees, is dat hy moet probeer om haar so min moontlik te sien sodat hy sy afstand behou. Hy moet ŉ masker van vriendskap dra en niks meer nie. Derek se woorde – "Moenie met haar speel nie" – weerklink gedurig in sy kop.

Nadat die kelner hulle bestellings geneem het, leun Jolanda vorentoe oor die tafel. Sy kyk afwagtend na Zimmer.

"Toe. Vertel," sê sy opgewonde. "Ek brand om te weet wat by die misdaadtoneel gebeur het."

Zimmer kyk in haar blink groen oë en voel hoe sy wilskrag verswak. Die begeerte om haar teen hom te druk en te soen is oorweldigend. Haastig kyk hy weg. Senuagtig leun hy terug in sy stoel en haal ŉ opgevoude vel papier uit sy broeksak. Hy vou dit oop en sê bruusk:

"Ek het vir jou ŉ verkleinde kopie van die skets van die misdaadtoneel gebring. Op die rekenaar gemaak. Shaakirah was gaaf genoeg om dit vir my uit te druk. Môre gaan ek die groter weergawe vir Derek vat. Hy het my vanoggend aangestel om die skets te maak aangesien hulle tekenaar siek is."

Hy gee die skets vir Jolanda. Sy bekyk die skets twee minute lank.

"Deksels goed, sover ek kan sien. Als volgens skaal en die afstande aangedui. Mens kan sien jy weet van rekenaars. Kan ek dit maar hou? Dankie. Het julle enigiets anders by Hans Ras se kar ontdek?"

"Ja, wel. ŉ Paar goed ontdek..."

"Soos wat?" sê sy en leun weer vorentoe.

In die hals van haar rok sien hy die boonste kurwe van haar bors. Hy kyk vinnig weg en dan weer terug na haar gesig. ŉ Paar oomblikke kyk hulle mekaar vas in die oë. Sy hart gaan onstuimig aan die klop en ŉ vreemde magteloosheid neem besit van hom. Met moeite kyk hy weg, byt op sy tande en forseer homself om op soliede voorwerpe in die omgewing te fokus.

Nonchalant sê hy:

“Hulle het hare op die sitplekke van die Mercedes ontdek.”

Jolanda tuit haar mond skepties.

“Seker hare van Hans Ras en van my.”

Zimmer skud sy kop.

“Daar was drie verskillende mense se hare.”

“Drie? Dan is een van hulle dalk dié van die moordenaar. Is dit wat Derek dink?”

Zimmer knik sy kop.

“Hy dink dis moontlik. Hulle het ál drie soorte hare na die laboratorium gestuur, maar blykbaar sal dit ŉ paar dae vat om die resultate te kry.”

Die kelner arriveer met hulle drankies en die spyskaarte. Hulle plaas hulle bestellings.

Toe die kelner weg is, proe Jolanda aan die wyn.

“Hm. Heerlik.”

Sy neem nog ŉ slukkie.

“Wat het Derek-hulle nog ontdek?”

“Urine. Op die bestuurder se sitplek.”

“Urine!” roep Jolanda verstom uit. “Dis onmoontlik. Kan hulle so-iets ná twee jaar nog sien?”

“Blykbaar. ŉ Mercedes se binnekant is glo baie dig.”

“Hoe’t hulle die urine ontdek?”

“Daar was ŉ gekleurde kol op die bestuurder se sitplek. Derek het daaraan geruik. Hy reken dis urine.”

Jolanda kyk hom verstom aan. Sy skud haar kop heftig.

“Dis belaglik. Hans Ras was nie inkontinent nie.”

“Wel, iets het met hom gebeur.”

“Hy moes ŉ helse skok gehad het,” sê sy fronsend. “Tensy dit iemand anders se urine is.”

Hulle eet ŉ rukkie in stilte.

“Dis nog niks.” sê Zimmer skielik.

“Wat?”

“Derek het ŉ baie groter ontdekking as dit gemaak.”

“Wat?”

“Grond op die pedale. En op die mat.”

“Watse grond?”

"Nie Rooiels se grond nie."

Jolanda sit haar eetgerei neer. Sy staar na Zimmer.

"Jy bedoel hulle kan vasstel ..?"

"Presies."

Hulle kyk in mekaar se oë.

Zimmer skrik toe hy besef dat hy weer besig is om sy waaksame houding teenoor haar te verloor en haar bewonderend aan te staar. Verbouereerd kyk hy af na sy eetgerei.

"Jip. Derek is baie opgewonde oor die ontdekking," sê hy stug. "Boonop is die grond gemeng met kompos. Pikswart kompos."

Jolanda leun entoesiasties vorentoe.

"Kompos? Fantasties. Dalk kan hulle uitvind waar dit vandaan kom."

Zimmer se blik dwaal deur die restourant.

"Ja. Derek het monsters gevat. Laboratorium toe gestuur."

Jolanda glimlag breed en klap haar hande.

"Wat ŉ deurbraak."

Die kelner bring hul bestellings. Jolanda kry ŉ voorgereg bestaande uit bloukaas met avokado, vars peer en okkerneute saam met baba-slaaiblare en olyfolie. Zimmer begin soos gewoonlik met sy nagereg – ŉ tiramisu bestaande uit lae mascarpone kaas en vinger-beskuitjies geweek in espresso en Kahlua likeur.

Daar heers ŉ kort stilte terwyl hulle wegval aan hulle geregte.

Zimmer voel al hoe meer geïrriteerd met homself. Dis moeilik om Jolanda se oë te vermy. Hy is dolverlief op ŉ vrou wat hy skaars ken en hy mag nie met haar daaroor praat nie. ŉ Paar oomblikke lank oorweeg hy dit om haar openlik te vertel van Derek se versoek dat Zimmer sy afstand moet hou teenoor haar, maar hy sien nie kans om die onderwerp aan te roer nie. Dit sal die indruk skep dat hy nie sy man kan staan nie. Hy sal gedwonge voel om te beken dat hy versot is op haar maar nie kans sien om sy sorgvrye lewe in Durban te ontwrig en te verruil vir ŉ koue, nat lewe in die Kaap sonder vriende of familie nie. Hy wil ook nie vir Jolanda seermaak nie. Dit is alles net te ingewikkeld.

"En jy?" vra hy en kyk ondersoekend na haar. "Wat het jy die hele dag gedoen? Iets nuuts uitgevind?"

"Nie juis veel nie. Wel ŉ bietjie drama gehad ..."

Sy vertel hom van haar en Adam se ontdekking en die agtervolging van Charles Solomons.

“Dit klink vir my na ŉ gejaag na wind,” sê Zimmer. “Jy sê self dit lyk nie asof daar enige verband tussen hierdie gangster-boss en Hans Ras is nie.”

“Ek weet. Dis net so seldsaam om ŉ gangster – enige gangster – in Gordons te sien. Veral op die strand. Hy het omtrent reg voor die polisiekantoor parkeer. En tog, dalk is die grootkoppe van die Syndicate bekommerd oor die ontdekking van Hans Ras se motor? Is dit toeval dat ons ŉ gangsterbaas het wat nou ewe skielik hier kom rondhang? Direk na die koerantberig oor Hans Ras se motor wat ontdek is? En selfs al is die Syndicate nie daarin betrokke nie, wat kom doen Charles Solomons hier? Wat is die verband tussen hom en die Gesinsgeweld Herstel-oord?”

“Moenie jou kop daaroor breek nie,” sê Zimmer nonchalant. “Dis ŉ ander saak. ŉ Totaal ander misdaad wat niks met ons te doen het nie. Skakel af. Zoom in op die soektog na Hans Ras se moordenaar.”

Jolanda kyk seergemaak na hom.

“Jammer, dat ek vir jou voorsê wat om te doen,” sê hy vriendeliker. “Ek vergeet jy’s eintlik die onderwyser en ek die leerling. Jy moet my sommer ŉ klap gee as ek so baasspelerig word.”

Sy kyk hom gesteurd aan.

“Ja, ek weet nie wat gaan vanaand met jou aan nie. Jy het ŉ gedaanteverwisseling ondergaan. Wat het gebeur? Wil jy nie meer saam met my werk nie?”

Zimmer vat die laaste happie van sy tiramisu en sluk dit stadig in.

“Ekskuus. Ek is jammer. Ek is jammer. Ek het nogal ŉ strawwe dag gehad. Maar ek wil baie graag hoor watter ander dinge jy vandag gedoen het. As jy my wil vertel.”

Sy kyk hom uitdrukkingloos aan.

Hy gee vir haar sy sonskyn glimlag.

“Asseblief.”

Steeds staar sy na hom met ŉ blik soos ŉ gespanne snaar. Eindelik verander haar gelaatstrekke in ŉ skewe glimlag.

“Lyk my jy’t vandag te hard gewerk. Jy lyk gestres.”

ŉ Paar oomblikke lank ontmoet hulle oë direk en intiem. Zimmer is op die punt om iets vleiend vir haar te sê toe die kelner opdaag om hulle leë borde te verwyder. Doelbewus kyk Zimmer weg. Hy laat sy blik deur die restourant gaan. Op die klavier speel die pianiste ŉ rustige weergawe van “Catch a falling star” vol rollende toonlere en improvisasies. Die atmosfeer is meesleurend.

“Wat het jy die hele tyd gister en vandag gedoen?” vra hy.

“Ek het onderhoude gevoer met verdagtes. Gister het ek gepraat met Hans Ras se stiefsuster, Veronica Webster, en haar man. Chris is ŉ bankbestuurder by ŉ kleinerige tak in Somerset Wes. Hy en Veronica is verdagtes omdat Veronica se erfporsie van haar pa heelwat groter gaan wees noudat Hans Ras verdwyn het. En boonop het Chris geldelike probleme.”

“Hoekom het hy geldelike probleme? Goeie hemel. Hy’s ŉ bankbestuurder. Hy behoort te weet hoe om met geld te werk.”

“Hans Ras het altyd gesê Chris is ŉ swak bankbestuurder. Chris het ŉ paar jaar gelede ŉ groot hoeveelheid geld op die aandelemark verloor.”

“Nogtans. Hy kry seker ŉ goeie salaris?”

“Hy kan enige dag op verpligte vroeë aftrede gesit word.”

Zimmer gooi sy oë plafon toe.

“Sy base het agtergekom hy kan nie met geld werk nie,” sê hy lakonies.

“Veronica sê dis ter wille van swart ekonomiese bemagtiging. Sy sê Chris is uiters bekommerd oor hulle finansies. Hy dwaal soos ŉ gees in die huis rond.”

“Hoe was die verhouding tussen Chris en Hans Ras?”

“Swak.”

“Het jy gister ŉ onderhoud met Chris gehad?”

“Ja.”

“Wat het hy gesê?”

“Hy was baie ontwykend.”

“Het jy tot ŉ slotsom gekom?”

Jolanda dink ŉ bietjie.

“My gevoel is dat alles nie pluis is met Chris nie, dis al.”

Die kelner bring hul hoofgeregte. Vir Jolanda is daar pangebraaide salmforel, botter-geposjeerde garnale, broccoli jogurt en rooipeper-sous. Zimmer kry ŉ groot geroosterde beesfilet met gebakte aartappels, risotto en gemarineerde sampioene.

Terwyl hulle eet vra Zimmer:

“Met watter verdagtes het jy onderhoude gevoer?”

“Lede van die musiekgroep. Ons moet die feit in die oë staar dat dit heel waarskynlik een van hulle was wat vir Hans Ras vermoor het.”

“Is dit? Wie?”

“Ben Goussard is ŉ sterk moontlikheid,” antwoord Jolanda.

"Dink jy so? Ek ken hulle natuurlik glad nie, maar Craig het oor hulle gepraat. Ben Goussard? O ja. Die ouer egpaar. Vlootoffisier. Vrou se seun by eerste man baklei met tweede man."

"Korrek. Ek kom goed met Ben klaar maar hy's ŉ moeilike man. Kort van draad. Vaste beskouings oor sekere sake, soos dat ŉ man die baas van die huis is, dat perlemoen nie beskerm moet word nie, ensovoorts. Hy't ook bietjie van ŉ drankprobleem. By die musiekaande vat hy altyd ŉ paar kappe te veel."

"Dis nie te sê dat hy ŉ moordenaar is nie," sê Zimmer.

"Nee, natuurlik nie. Maar hy't moontlik ŉ motief gehad. Hy het nie van Hans Ras gehou nie. Hulle het gedurig vasgesit. Mense pleeg soms moord omdat hulle iemand haat. Miskien is Ben so. ŉ Ander ding wat my pla, is dat hy kwaad word as mense van hom verskil. Hy is adamant dat hy op die aand van die misdaad die heel laaste persoon was wat vertrek het. Gister het hy amper my kop afgebyt toe ek sê dat daar getuies is wat sê Hans Ras, en nie Ben nie, is die persoon wat heel laaste vertrek het. Ben was briesend oor hierdie bewering."

"Jip," sê Zimmer en knik sy kop. "Ek sien jou punt. Sê nou Ben het vir Hans Ras doodgemaak nadat almal weg was, dan sal hy natuurlik sê dat Hans Ras vóór hom vertrek het. Maar wat van Ben se vrou? Wat's haar naam?"

"Lucille."

"Goed. As Ben die moordenaar is, sal Lucille dit weet. Hulle was saam in een kar."

Jolanda maak ŉ ongeduldige gebaar. Ligstraaltjies weerkaats op haar armbande en ringe.

"Presies. Lucille sal weet. Maar miskien beskerm sy hom. Sy het nogal senuweeagtig gelyk tydens my onderhoud met haar."

Zimmer trek sy skouers op.

"Ek wens ek kon help, maar al hierdie mense is totale vreemdelinge vir my. As ek hulle kon ontmoet ..."

"Jy gáán hulle ontmoet. Vrydagaand. Ben is besig om ŉ byeenkoms van die musiekgroep te reël. Gelukkig het jy nou darem al vir Santa en Leo ontmoet."

"Wat van die ander lede van die musiekgroep?" vra Zimmer. "Kon een van hulle dalk die moord gepleeg het?"

"Dit klink absurd, maar ja, enige een kon. Daar was ook spanning tussen Bongi en Hans Ras."

"Wie's Bongi?"

“Bongi Mngadi, die operasanger. Ek’t vandag ’n onderhoud met hom gehad. Hy was verskriklik senuweeagtig, arme man. Hans Ras het nie van swartes gehou nie en Bongi het dit aangevoel. Teoreties kon hy vir Hans Ras vermoor het, maar ek weet nie. Hy’s ’n baie gawe man. Ek kan dit nie glo nie. Tog – mens weet nie. Meeste moordenaars is gawe mense. Dink maar aan die Boston Strangler en Charles Manson. Bedrog en misdaad gaan hand aan hand. Suid-Afrika se beroemdste bankrower was ’n kaptein in die polisie, verdomp.”

“Wie?”

“André Stander. ’n Mens kan nie volgens uiterlike oordeel nie. In elk geval, Bongi was vandag verskriklik opgewerk. Hy’t deurmekaar gepraat. Dit was nie toneel speel nie. Dit was sy senuwees. Dis snaaks vir ’n man wat gereeld op groot verhoë optree, maar verhoog-kunstenaars is soms so. Sy vrou, Asanda, het baie bedaard en duidelik vertel wat sy gesien het op die aand toe Hans Ras verdwyn het. Sy is seker Otto was die persoon wat eerste vertrek het. Daarna het sy en Bongi vertrek, en daarna Ben Goussard. Sy sê Ben het direk agter hulle gery. Hy was so haastig dat hy by die stopstraat aan die linkerkant by hulle verbygery het.”

Zimmer frons en skud sy kop.

“Kan ’n mens hulle glo? Elke verdagte het ’n storie wat geloofwaardig is. Het jy nou al met almal gepraat?”

“Ek wil nog met Leo en Santa praat. Met Otto het ek reeds gepraat.”

“O ja, nou onthou ek. Hy’s Lucille Goussard se seun by haar eerste man. Vertel my van hom.”

Jolanda verduidelik dat Otto ’n gay man is wat klere ontwerp. Sy gee vir Zimmer ’n oorsig van haar onderhoud met Otto. Otto was definitief die een wat eerste vertrek het aan die einde van die musiekaand. Dus is Asanda en Bongi se getuienis korrek. As die speurders Ben Goussard se getuienis ignoreer, beteken dit dat Hans Ras die laaste persoon was wat in die straat agtergebly het nadat al die groeplede van mekaar afskeid geneem het. Wat daarna gebeur het, weet niemand nie. Die een moontlikheid is dat ’n bende vir Hans Ras aangeval het voordat hy kon vertrek. Of terwyl hy op pad huis toe was. ’n Ander moontlikheid is dat een van die musiekgroeplede rondom die blok gery het, teruggekeer het na die De la Portes se huis en vir Hans Ras vermoor het – óf voordat hy vertrek het, óf terwyl hy op pad huis toe was. In hierdie scenario is Otto ’n sterk verdagte want hy was die enigste ander lid in die musiekgroep wat alleen huis toe gery het. Ben en Bongi se vrouens was saam met hulle in die motor – ’n faktor wat die saak kompliseer indien een van hulle mans die moord gepleeg het.”

“So, dis dan al die verdagtes met wie jy onderhoude gehad het. Wat van die bendes? Het jy enige iets meer oor hulle uitgevind?”

Jolanda herinner hom aan die ervaring wat sy en Adam vroeër die dag met Charles Solomons gehad het.

“Ek werk op die hipotese dat daar ŉ verband is tussen Charles se verskyning in Gordonsbaai en die ontdekking van Hans Ras se kar by Rooiels. Dis uiters selde dat daar ŉ gangster in Gordonsbaai te sien is, veral so ŉ grootkop soos Charles. Boonop is hy blykbaar verwant aan Donker. Verbeel jou. Hulle het dieselfde van – Solomons. Ek het met Craig daaroor gepraat en hy stem saam. Hy sê ons moet kyk of daar nie dalk ŉ verband is tussen een van die verdagtes en een van die bendes nie. Dit beteken ons sal moet ingaan op die agtergrond van elkeen van die verdagtes en soek na moontlike skakels.”

Zimmer knik sy kop.

“Vat byvoorbeeld vir Veronica en Chris,” sê Jolanda. “Hans Ras se stiefsuster en haar man.”

“Kan daar is ŉ skakel wees tussen hulle en ŉ bende?”

“Nie Veronica nie. Oor Chris se agtergrond weet ek min. Ek weet hy kom uit ŉ baie arm agtergrond. Goed. Kom ons sê Chris kan moontlik ŉ skakel hê met die Syndicate of een van die ander twee bendes.”

“Wat van die ander verdagtes?”

“Ben en Lucille Goussard,” antwoord Jolanda. “Ek vermoed dat Ben in perlemoen smokkelary betrokke kan wees. Moontlik het hy ŉ skakel met die CFK’s. In die verlede kon ons niks teen hom kry nie, maar ek gaan vir Adam vra om meer intensiewe navorsing oor Ben te doen.”

“Dan is daar die swart egpaar, nê?”

“Ja. Die Mngadi’s, maar ons het reeds oor hulle gepraat. Ek en Asanda is goeie vriende. Ek is seker sy het niks met Hans Ras se moord te doen nie. Bongi? Ek’s bietjie onseker. Hy is per slot van sake ŉ professionele akteur. Dalk steek hy iets weg.”

Jolanda drink die laaste slukkie wyn uit haar glas en wink die kelner nader. Terwyl hy die gebruikte eetgerei bymekaarmaak, bestel sy ŉ glas water om die brand van die rooipeper sous in haar mond te blus.

“En dan is daar Otto,” sê Zimmer. “Jy’t my reeds oor hom vertel. Is dit nou al die verdagtes?”

“Ja. En ek dink minstens een van hulle lieg.”

“Wie?”

“Ek weet nie.”

Zimmer kyk hoe Jolanda die laaste happie salmforel in haar mond sit. Weereens besef hy hoe aanloklik sy lyk in haar rooi en wit gestreepte bloes. Hy voel so gemoedelik ná sy smaaklike ete dat hy in die versoeking is om sy hand bo-op hare te plaas. Net toe hy op die punt is om aan die versoeking toe te gee, eggo Derek se woorde weer in sy ore: “Moenie met haar speel nie.”

Hy skuif ongemaklik rond op sy stoel en kyk weg. Hy moet eenvoudig die idee laat vaar. Dis al.

“Net jy sal kan uitvind wie die skuldige is. Maar daar’s ŉ paar dinge wat my pla,” sê hy.

“Wat?” vra sy.

Hy trek sy wenkbroue op.

“Ek is natuurlik ŉ totale amateur. Van speurwerk weet ek min, en ...”

Hy bly stil.

“Ja?” por sy hom aan.

“En van moord weet ek nog minder. Nogtans voel ek daar is belangrike aspekte van die ondersoek wat nie oorweeg word nie.”

“Soos wat?”

“Soos byvoorbeeld – waarom is Hans Ras vermoor? Wat was die motief? Dis tog die kern van die saak. Daar word baie gepraat oor en gesoek na sy moordenaar of moordenaars. Verdagtes en bendes word uitmekaar getrek. Maar niemand probeer vasstel wat die motief vir die moord was nie.”

“Ons werk daaraan. Een motief waaraan ons werk is dat Hans Ras ontdek het dat iemand wat hy ken ŉ misdadiger is. Dit kan wees waarom hy vermoor is,” sê Jolanda.

“Dit klink vir my na ŉ flou motief. Is daar nie ander motiewe nie? Miskien is daar ŉ maatskappy wat in kompetisie met hom is en van hom ontslae wou raak. Of ander familielede behalwe Veronica wat sy erfporsie wil hê. Dit is ook nie net die motief wat my pla nie. Dalk het daar iets anders met hom gebeur. Miskien lê hy iewers bewusteloos in ŉ hospitaal of ŉ gestig. Solank as wat ons nie ŉ lyk van hom kry nie, weet ons nie of hy werklik dood is nie.”

Jolanda kyk by die venster uit. Sy knik haar kop nadenkend.

“Ja, dis waar,” gee sy toe. “Hierdie is belangrike punte.”

“Daar is nog soveel onverklaarbare dinge,” sê Zimmer gefrustreerd. “As hy dood is, hoe het hy gesterf? Waar is sy lyk? Waarom het die moordenaar of moordenaars die motor

weggesteek? Nie liewer verkoop of verbrand nie? En waarom is die motor so naby aan Gordonsbaai versteek? Ons weet eintlik baie min van die saak."

Jolanda skud haar skouers ongeduldig.

"Goeie hemel, Zimmer. Dis maklik vir jou om hier te sit en te kritiseer. Die polisie werk al twee jaar lank aan die saak. En ek was nie toegelaat om saam te werk nie. Selfs nou waar ek hier besig is om die ondersoek te doen, doen ek dit sonder die toestemming van my base. As Landman agterkom dat ek hierby betrokke is, verloor ek my werk."

In stilte sit Zimmer en deurboor haar met 'n brandende blik. Hy voel geïrriteerd. Sy sit hier voor hom en sy is mooi en sy is naby. Hy wil haar gryp – na sy grot toe dra soos 'n Neandertal man. Inplaas daarvan is hy uit pure frustrasie besig om duiwelsadvokaat te speel. Hy is kwaad vir homself, kwaad vir die wêreld. Hy wens hy het nooit sy voet in Gordonsbaai gesit nie, nooit vir Jolanda ontmoet nie, nooit in hierdie ondersoek betrokke geraak nie. As dit nie was dat hy sy woord aan haar en Craig gegee het om te help nie, het hy nou onmiddellik die stof van Gordonsbaai van hom afgeskud en elders gaan vakansie hou.

Sy wag dat hy moet antwoord. Daar is pyn in haar oë. Hy sit sy hande op die tafel en bal sy vuiste.

"Goed. Ekskuus," sê hy fronsend. "Ek blameer jou nie. Ek blameer jou base. Die harde feite is dat vandat Craig uit die polisie is, het niemand iets aan die saak gedoen nie. Vandat ons nou die saak ondersoek, het ons 'n paar dinge ontdek. Maar wat ons tot dusver uitgevind het, is min. Baie, baie min. Definitief te min om die moordenaar te identifiseer."

Sy plaas haar hand op syne.

"Ek verstaan hoe jy voel, Zimmer. Maar dinge is nie so hopeloos soos jy dink nie. Ek is seker Derek en sy span gaan ontdekkings maak wat ons na die moordenaars gaan lei. En selfs hierdie onderhoude wat ek met verdagtes het – ek glo daar is een of twee mense wat bekommerd is. Erg bekommerd. Ons moet net aanhou met krap. Iewers gaan iemand paniekerig word."

"En hoe lank gaan dit vat?" reageer Zimmer gesteurd. "Een of ander tyd wil ek teruggaan Durban toe."

* * * *

Hulle kom buite. In hulle ore is die dreuning van die see. Die sout geur van die lug is koud en vogtig. Jolanda bewe. Sy kruis haar arms en hou haar bo-arms vas terwyl sy versigtig op die los grond in die parkeerterrein trap sodat sy nie met haar hoëhakskoene swik nie. Zimmer

onderdruk die drang om sy arm om haar skouer te sit. Ferm vat hy haar aan die bo-arm sodat sy nie struikel nie, sluit die motor deur oop en help haar in die motor. Hy is vies vir homself omdat hy slegs ŉ uitgewaste swart T-hemp en stukkende donkerblou jeans dra. As hy sy nuwe baadjie saamgebring het, kon hy dit nou om Jolanda se skouers gevou het.

Toe hy omloop na die bestuurder se deur, sien hy een van die motors wat in die parkeer area staan, is ŉ swart BMW met die nommerplaat NST372GP. Zimmer gaan staan botstil.

Dit voel of daar ŉ blokkie ys stadig teen sy rug afgly. ŉ Gautengse kar. ŉ Swart BMW. Dis die presiese tipe kar waarmee Buster altyd ry.

Buster. Hier? In Gordonsbaai?

Dis belaglik. Dis buite die kwessie dat Buster kon uitvind waar Zimmer hom bevind. Totaal buite die kwessie. Daar is honderde swart BMW's in Suid-Afrika. Hierdie BMW behoort aan iemand anders. Buster is in Durban of Johannesburg. Hy kom nooit Kaap toe nie.

Zimmer klim in sy groen Getz en maak die kar deur toe. Versigtig laat hy sy venster afgly, tuur in die rigting van die BMW en maak die venster weer toe. Dis te donker in die parkeerterrein om te sien of daar mense in die BMW is.

"Wat is verkeerd?" vra Jolanda.

Zimmer skakel sy kar en sy kopligte aan.

"Dis seker maar net my senuwees, maar daar's ŉ Gauteng kar hier wat lyk soos die een waarmee Buster ry," sê hy.

Hulle kyk na mekaar. Hulle oë sê iets vir mekaar.

Jolanda kyk weer in die rigting van die BMW en skud haar kop.

Zimmer draai die aansluit sleutel en voel verlig toe hy hoor hoe al die deure outomaties sluit. Haastig trek hy uit die parkeerplek en ry by die uitgang uit.

"Dit kan onmoontlik nie Buster wees nie," sê Jolanda sussend. "Niemand weet dat jy hier is nie. Is daar iemand in Durban wat vir hom kon sê waar jy is?"

"Nee. Net Rory en Ou Lam weet."

"Het iemand miskien ŉ tracker aan jou kar vasgesit?"

"Nee. Dis onmoontlik. Dis ŉ gehuurde kar wat ekself hier in Kaapstad uitgekies het."

"Wat van jou selfoon?"

Zimmer frons.

"Wat bedoel jy?"

"Moenie vir my sê jy nie weet dat selfoon maatskappye deesdae kan vasstel waar mense met selfone is wanneer ..."

“Is dit? O ja, nou onthou ek vaagweg so iets. Die donders. Dink jy regtig – ? Kon Buster uitgevind het waar ek is deur middel van my selfoon?”

“Natuurlik.”

“Hoekom het jy my nie lankal gesê nie?”

Jolanda sug.

“Ek het nie daaraan gedink nie. Dis ŉ nuwe ding. En sovêr ek weet is dit net die polisie wat toegang tot hierdie inligting het.”

“Jy ken nie vir Buster nie. Hy is god almagtig. Hy kan enige ding uitvind.”

Zimmer draai regs in Faure Marine Rylaan in. Hulle is nog drie kilometer van Jolanda se huis af. Zimmer ry in die linkerkantste baan van die breë dubbelpad. Hy kyk aanhoudend in sy truspieëltjie. Jolanda hou haar oë op die kar se agtervenster om te sien of hulle agtervolg word.

Eers is daar geen karre nie. Toe sien hulle iets. ŉ Kar met skerp ligte kom vinnig van agter af nader.

Jolanda kyk om. Sy trek haar asem in.

“Hoekom ry die kar agter ons so vinnig?” roep sy benoud.

Zimmer byt verbouereerd op sy lippe. Hy trap die versneller dieper in. In die straatligte sien Zimmer die aankomende motor. Dit lyk soos ŉ swart BMW. Dit ry skielik stadiger. ŉ Paar sekondes ry die kar direk agter Zimmer. In die straatligte lyk dit asof daar twee mense voor in die BMW sit.

Zimmer voel paniekbevange.

Die BMW beweeg skielik na die regterbaan om verby te steek. Vir enkele sekondes ry die twee karre parallel langs mekaar.

Zimmer kyk vinnig na regs – vas in Buster se gesig.

Goeie hemel! Dit kan nie wees nie!

Buster sit met ŉ oop venster in die voorste passasier sitplek van die BMW, langs die bestuurder. Daar’s ŉ grynslag op sy gesig. In sy hande hou hy ŉ outomatiese geweer wat op Zimmer gerig is. Hy lig die geweer op na sy oë toe.

ŉ Klomp dinge gebeur gelyk.

“Buk!” skree Jolanda.

Sy gryp Zimmer aan die nek, ruk sy kop na haar kant en ondertoe terwyl ŉ deurdringende kreet uit haar mond kom. Sy druk hulle koppe so laag af as moontlik, onder die paneelbord in. Vervaard lig Zimmer sy voet van die petrol af. Daar is die oorverdowende

geluid van ŉ masjiengeweer wat afgevuur word. Die vensters breek in honderde stukkies en spat in alle rigtings.

Eindelik hou Jolanda op met skree. Die Hyundai loop ŉ ent en kom rukkerig tot stilstand. Zimmer en Jolanda lê ŉ minuut lank doodstil voordat sy uitloer. Die BMW het verdwyn.

Daar is ŉ kort, intense stilte. Zimmer voel hoe die een rilling ná die ander deur sy lyf sidder. Hy begin onbedaarlik bewe. Hy byt op sy tande. Wat hy nooit wou glo nie, het gebeur.

Stadig kom hy orent. Sy mond hang oop.

"Dit was Buster," sê hy in ŉ hees stem.

Jolanda kom ook regop. Hulle is vol glasstukkies, maar hulle is ongedeerd.

ŉ Koue nagwind waai deur die openinge waar die kar se voorvensters was.

"Is jy seker dit was Buster?"

"Absoluut. Dis ŉ gesig wat ek nooit sal vergeet nie."

Hulle kyk na mekaar.

Zimmer bewe nog steeds. Hy byt op sy tande. Eindelik kry hy sy stem terug.

"Jy het my lewe gered," sê hy maar kan nie ophou bewe nie.

"Ek was nog nooit so naby aan die dood nie," antwoord sy.

"Ek ook nie. As jy nie ons koppe afgedruk het nie -"

Skielik verberg Zimmer sy kop in sy hande. Hy bars in droë snikke uit. Sy skouers skud soos hy geluidloos huil. Jolanda slaan haar arms om hom en begin self ook huil. Hulle klou aan mekaar.

Ná ŉ paar oomblikke kry Zimmer sy emosies onder beheer. Hy byt op sy lippe. Met die agterkant van sy hand vee hy oor sy oë.

"Ek is jammer ek is so ŉ sissie." stotter hy. "Hierdie man is ŉ maniak. Ek het jou gesê. Hy gaan my nie los voor ek dood is nie. Ek is jammer. Baie jammer dat ek dit oor jou laat kom het. Als my skuld. Ek moes nooit Gordonsbaai toe gekom het nie. Maar ek was so doodseker dat Buster my nooit hier sou kry nie. Hoe moes ek weet hy kan my opspoor met my selfoon? As ek dit geweet het ..."

"Stop, Zimmer, stop," maak Jolanda hom stil en stoot hom van haar af weg. "Ons moet wegkom. Voor Buster terugkom. Ek bel die polisie. Kyk of jy die kar aan die gang kan kry."

Sy soek na haar handsak.

Verward sit Zimmer regop en kyk rond. Die sleutel? Waar? O – natuurlik.

Dis in die sleutelgat. Haastig draai hy dit. Die enjin vat oombliklik. Verbouereerd trap hy die koppelaar in, druk die hefboom in eerste rat en vertrek rukkerig. Die wind blaas van weerskante soos waaiers in hulle gesigte.

Jolanda het haar handsak en selfoon gekry. Sy bel die polisiekantoor en vertel vir die nag bevelvoerder, Luitenant Cloete, kortliks wat gebeur het. Sy stel voor dat hy reëlings moet tref vir ŉ moontlike padblokkade naby Somerset Mall indien die highflyer van die Syndicate ontsnap en Kaapstad toe jaag. Cloete stem saam. Hy sê Jolanda en Zimmer moet dadelik polisiestasie toe kom sodat hulle saam met die polisie na die aanvaller kan soek en hom identifiseer as hulle hom kry. Hy sê twee patrollielede het pas gerapporteer dat ŉ swart BMW met ŉ Gautengse nommerplaat ingedraai het by die Spar koopsentrum. Hy het hulle beveel om te gaan uitvind wie se kar dit is en terug te rapporteer. Die kar het ŉ Gautengse nommer.

Zimmer-hulle kom by die polisiekantoor aan. Jolanda spring uit en skud die laaste glasstukke uit haar klere. Sy lyk onordelik in haar deftige bloes, nou romp en kaal voete. Sy hardloop die trappe op, hoë-hak sandale in die hand, en verdwyn in die polisiekantoor. Zimmer volg haar. In die kantoor stel sy hom en Cloete haastig aan mekaar bekend.

"Het julle al vir Somerset-Wes gebel?" vra sy uitasem.

"Ja, hulle stel twee blokkades op."

Cloete sê hy het intussen gehoor dat die BMW weggery het uit die koopsentrum net toe die patrolliemotor daar aankom. Die patrollielede volg nou die BMW op ŉ veilige afstand. Hulle ry in die rigting van die seiljagklub.

Cloete deel links en regs bevele uit. Hy stuur ŉ konstabel om twee voertuie gereed te kry sodat Cloete en ander polisielede die BMW kan agtervolg. Hy stuur ŉ tweede konstabel na die wapenmagasyn om vir hom ŉ R4 te bring en roep die polisielede wat hom gaan vergesel – sersant Valerie Galant en twee konstabels.

Zimmer staan soos ŉ zombie. Hy voel heeltemal uit dit uit, soos iemand wat deur ŉ kragdraad geskok is.

"Het julle Brownings by julle, plus ammunisie?" vra Cloete aan die polisielede wat saamgaan.

"Ja, Luitenant."

"Kry koeëlvrye onderbaadjies."

Cloete se selfoon lui.

Dis die patrollielede wat sê die Gautengse BMW het verdwyn. Hulle vermoed die rampokkers het in die rigting van Sir Lowry's Pas Weg gejaag.

Haastig druk Cloete die selfoon dood.

“Die gangsters het weggery. Kom! Ons moet hulle volg. Jolanda, jy en Zimmer moet saamkom om die BMW en die gangsters te identifiseer. Jy ry saam met my. Zimmer, jy ry saam met Valerie. Gou!”

Haastig trek almal wat saamgaan hulle koeëlvrye onderbaadjies aan.

Cloete gryp twee bosse voertuigsleutels van hulle hakies af en gooi een na Valerie.

“Jy bestuur die Corsa. Ek vat die Ford Ranger.”

Hulle haas hulle na die parkeer area waar ŉ dosyn polisievoertuie geparkeer is. Cloete gaan staan by die Ford Ranger vangwa se deur en skree:

“Goed, Valerie! Ry of die hel los is. Somerset-Wes.”

Valerie, Zimmer en ŉ konstabel hardloop na die geel polisie Corsa. Cloete spring in die vangwa, draai die aansitsleutel en vertrek met tollende wiele. Valerie volg sy voorbeeld. Hulle jaag deur die stil strate van Gordonsbaai met blou draailigte op die voertuie se dakke. Met skreeuende remme draai Cloete in Sir Lowry’s Pas Weg en Valerie volg hom. Sy trap die versneller diep in om die vier kilometer lange pad na die N2 snelweg so gou as moontlik af te lê. Sy skakel die twee-rigting radio aan en kom in verbinding met die Somerset-Wes polisie. Hulle sê hulle is besig om die twee padblokkades op te stel. Die eerste blokkade is by die groot robot in Somerset-Wes en die tweede by Somerset Mall.

Zimmer sit voor langs Valerie. Sy gesig is slap en wit soos ŉ gebleikte stuk lap. Hy is dankbaar dat hy nie hoef te bestuur nie.

Valerie vra hom uit oor hoe hy in Gordonsbaai beland het. Hy vertel haar kortliks wie en wat Buster is, die jarelange konflik tussen hom en Zimmer, die gewelddadige manier waarop Zimmer se pa gesterf het en Buster se uitmergelende vete teen Zimmer sedert hy die pokertoernooi gewen het. Hy vertel haar hoe Buster ŉ kwartier gelede vir hom en Jolanda amper vermoor het. Hy eindig deur te sê:

“Buster geniet dit om mense te vermoor. Hy’s ŉ kannibaal.”

Valerie luister kopknikkend na die verhaal. Sy bly op die hakke van die vangwa. Af en toe wanneer hulle ŉ ander voertuig van agter af inhaal, skakel sy en Cloete hulle sirenes aan, maar nie lank nie want die sirenes druis in op die twee-rigting radioverbinding wat hulle met die Somerset-Wes se polisie het.

Toe hulle amper by die N2 is, kom daar ŉ noodkreet oor die twee-rigting radio:

“Mayday. Mayday. Die Gautengse BMW het deur die eerste blokkade gejaag. Deur al die robots. En versperrings. Ons het op hulle geskiet maar die kar is koeëlvas. Mayday. Mayday. John. Hoor julle ons? Hulle is op pad na julle toe. Hulle ry teen ŉ moerse spoed. Doen iets drasties. Keer hulle. Ons kom julle help.”

“Bliksem,” sê Valerie geskok.

Sy bly ʼn rukkie stil en voeg dan by:

“Gelukkig is Kaptein John by die tweede blokkade. Die bevelvoerder van Somerset-Wes polisie. Uiters bekwame man.”

Hulle arriveer by die T-aansluiting by die N2. Toe Cloete sien daar is geen ander verkeer nie, ry hy deur die rooi verkeerslig en draai links in die N2 met Valerie kort op sy hakke. Op die radio laat weet die polisie by die mislukte blokkade dat hulle agter die BMW aanjaag om ondersteuning te gee aan die polisie by die tweede versperring. Hulle hoop die span by die tweede versperring sal die BMW meer doeltreffend kan stop want hulle het meer tyd om voor te berei. Gelukkig is daar min verkeer op die snelweg.

Zimmer is steeds in ʼn toestand van skok. Tevergeefs probeer hy om die absurde dinge wat gebeur te verwerk. Jarelank was hy nooit in ʼn gevaarlike situasie nie en nou is hy al vir die derde keer in een week in doodsgevaar. In sy keel stik ʼn kreet waarmee hy van sy verskriklike verwarring ontslae wil raak. Die gevoel is erger, baie erger as die keer toe Buster hom in Krishna se woonstel te lyf gegaan het. Sy brein is soos ʼn robot wat nie kan dink of besluite neem nie. Hy weet nou tot watter uiterstes Buster bereid is om te gaan. Die man is van die duiwel besete.

Zimmer se aandag is op die vangwa voor hulle waarin Jolanda ry. As dit nie vir haar was nie, was hy nou bokveld toe. Haar refleksies was tien maal vinniger as syne. Dis in elk geval ʼn wonderwerk dat hulle albei ongedeerd daarvan afgekom het.

En nou? Wat gaan nou gebeur? Gaan Buster weereens die polisie ontglip? Heel waarskynlik. Hy voel ʼn paniekerigheid wat van hom besit neem. Dis feitlik onmoontlik om iemand in ʼn koeëlvrye motor tot stilstand te dwing. Hy begin weer bewe. Hy weet. Buster gaan hierdie keer weer wegkom. Soos dosyne kere vantevore.

Hy druk sy handpalms weerskante teen sy slape. Hy het ʼn barstende hoofpyn. ʼn kakofonie van negatiewe gedagtes maal deur sy kop. Hy gaan nooit van Buster wegkom nie. Vir die res van sy lewe gaan hy ʼn vlugteling wees. En waarskynlik – heel waarskynlik – gaan Buster hom op die ou end kry.

Hy trek sy tong senuweeagtig oor sy lippe.

“Ruk jouself reg.” sê hy vir homself.

Hy haal ʼn paar keer diep asem.

Stadigaan bedaar die paniek.

Hulle ry verby Broadlands, Lwandle-uitdraai, ʼn oop stuk veld en ʼn BP vulstasie. Toe hulle die plek nader waar die eerste blokkade was, verminder Cloete spoed om te kyk wat

aangaan. By die gewese blokkade is daar ŉ paar konstabels wat stukkende planke en veselborde bymekaarmaak. Nadat hulle verby is, versnel Cloete weer spoed.

In Somerset-Wes skakel hulle die sirenes van hulle voertuie ŉ ruk lank aan terwyl hulle deur die een rooi robot na die ander ry. Toe hulle aan die einde van die dorp die sirenes afskakel, maak die radio ŉ paar kraakgeluide. Hulle hoor die stem van Theunissen, ŉ polisielid van Somerset-Wes:

"Ons kom nou nader aan die tweede versperring ... Die snelweg na Kaapstad is geblok met karre wat nie kan deurkom nie. Albei bane wat na Kaapstad toe gaan, is geblok ... Ons draai links, ry op die skouer verby die stilstaande karre ... Die toerusting en aanwysings by hierdie blokkade is baie beter as by die eerste blokkade. Hulle het voor ons vertrek en was beter georganiseerd en ... Wag! Ons het skote gehoor. Wonder wat gaan aan? ... Ons is nou omtrent tweehonderd meter voor die versperring. Hier staan ŉ polisieman met ŉ blou lig en ŉ kennisgewing waarop geskryf staan: POLICE. SLOW DOWN. Ons ry verder ... Nou omtrent honderd meter van die versperring ... Hier is ŉ tweede polisieman met ŉ rooi lig en ŉ groot kennisgewing wat sê: STOP – POLICE. Ons ry verder ... Hier staan baie karre. Ons ry op die skouer. Kan nie verder nie. Daar is polisievoertuie dwars oor die snelweg getrek. Dis hoekom die verkeer nie kan verbykom nie. ...... O – O – O! ..... Donner!"

Deur die radio hoor Zimmer-hulle hoe skote afgevuur word. Dan skree Theunissen paniekerig:

"Die fokken hel is los hier! Kan nie verder praat nie."

Die radio gaan dood.

"Daar is moeilikheid, boys!" skree Valerie. "Groot moeilikheid. Solank niemand van ons geskiet word nie."

Zimmer word meegesleur deur die drama. Wat gaan aan? Theunissen klink desperaat. Is daar ŉ skietgeveg? Nee – dan sou hulle skote gehoor het. Wat wag daar op hulle? Was daar ŉ botsing? Het een van die vangwaens gerol? Het Buster iemand geskiet? Is daar ŉ bloedbad?

In stilte ry hulle agter Cloete aan tot hulle die rooi ligte van die opeengehoopte verkeer bereik. Zimmer rek sy nek en sukkel om te sien wat gebeur. Flitsende ligte plus fluoressent polisiebande langs die pad toon dat daar ŉ polisie-operasie aan die gang is.

Tweehonderd meter verder bereik Zimmer-hulle die plek waar die padblokkade is. Cloete draai van die pad af en ry stadig op die skouer verby. Valerie volg hom. Polisie met flitsende blou en rooi ligte is besig om die voertuie wat die snelweg geblok het, uit die pad te trek. Die opgehoopte verkeer begin stadig vorentoe beweeg.

Eindelik stop Valerie. Haastig parkeer sy die Corsa. Die drie insittendes klim uit en hardloop vorentoe om te sien wat aangaan.

Zimmer staar na die toneel. Hy is stomgeslaan. Hy probeer uitmaak wat aangaan en is bly toe hy sien Jolanda staan naby hom met haar hande in haar sye. Hy loop na haar toe.

Hy sien dat daar heelwat polisiemanne is wat almal in dieselfde rigting na iets staar.

"Wat gaan aan?" vra hy.

Sy wys met haar vinger na ŉ polisieman wat ŉ paar meter van hulle af gekniel staan.

"Dis Kaptein John," fluister sy.

Sy beduie vir Zimmer om stil te bly en wys met haar vinger na die toneel voor hulle op ŉ stuk veld langs die snelweg.

In die middel van ŉ kollig staan Buster se BMW. Die kar het blykbaar op sy wiele getol want sy voorkant kyk agtertoe in die rigting van Somerset-Wes. Langs die BMW staan ŉ man met sy gesig na die motor. Hy dra die klere van ŉ chauffeur. Omtrent sewe meter van hom af staan Kaptein John in die klassieke knielposisie van ŉ skutter – linkerbeen in ŉ reghoek met voetsool plat op die grond, sitvlak op die regter-hakskeen, sy arms voor hom uitgestrek en ŉ R4 geweer in sy hande. Sy voorvinger is op die sneller en hy hou die chauffeur in sy visier.

"Moenie omdraai nie!" skree Kaptein John vir die man. "Kyk na die kar! Staan wydsbeen! Moenie tricks try nie. Ek skiet jou morsdood, jou bliksem. Hande in die lug!"

Die chauffeur steek sy hande in die lug.

"Mohammed!" roep die kaptein.

"Ja, Kaptein?"

"Check die man."

Konstabel Mohammed loop verby die knielende offisier en deursoek die chauffeur van kop tot tone met sy hande.

"Als reg, Kaptein." roep Mohammed.

"Sit vir hom boeie aan. Vat hom vangwa toe. Jakes? Help vir Mohammed."

Toe die chauffeur weggelei word, kom John stadig orent en laat sak sy wapen.

Jolanda loop opgewonde na hom toe en slaan hom op die skouer.

"Fantasties, John!" skree sy uitgelate. "Veels geluk. Jy verdien ŉ goue ster."

John gee ŉ kort knikkie met sy kop.

"Operasie nog nie klaar nie," sê hy deur stywe lippe. "Kom kyk in die kar."

Hy loop na die BMW toe. Jolanda, Zimmer en die ander polisielede volg hom. John maak die deur van die BMW oop en skyn sy flitslig na binne. Jolanda loer in en deins terug.

"Zimmer!" roep sy. "Kom kyk of dit hy is."

Zimmer byt sy kakebene op mekaar. Hy loop behoedsaam nader en kyk in die motor.

Buster lê in ŉ groteske posisie. Sy skouers hang skeef na die bestuurder se kant toe en sy bene leweloos uitmekaar. Sy gesig hang koponderstebo op sy bors. Onder sy blink-geskeerde kop is slegs die linkerkant van sy gesig effens sigbaar. Sy bolyf is een dik rooi pappery bloed en longe waar die R4 koeëls hom getref het.

Zimmer staar na Buster se lyk. Daar is ŉ bitter smaak in sy mond. ŉ Reeks pynlike beelde flits deur sy kop. Beelde van sy pa, Lenhard Zimmer: rekenmeester – wewenaar – swerwer – alkoholis – bende-boekhouer – lewelose liggaam – hopie as.

Die herinneringe is so folterend dat Zimmer vrees hy gaan braak. Vinnig kom hy orent. Hy trap ŉ tree agtertoe.

"Ja, " sê hy kortaf. "Dis Buster Cohen."

"Een van die gevaarlikste misdadigers in die land," sê John.

Zimmer kyk na John.

"Misdadiger?" sê hy wrang. "Nee. Sadis. Monster."

"Is jy seker dis die lyk van Buster Cohen, die highflyer van die Twenty-fours bende in Johannesburg en Durban?"

"Honderd persent seker."

# HOOFSTUK 13

Agtuur die volgende oggend lui Jolanda se selfoon. Deur die slaap soek sy na die foon en vind dit in haar handsak langs die bed. Dit is Nannie wat sê sy is by Jolanda se sekuriteitshek en wil inkom.

Jolanda gee ŉ groot gaap en kyk op haar horlosie. Sy het net ses ure slaap gehad. Verdwaas strompel sy deur die vertrek en druk die meganisme wat die sekuriteitshek oopsluit. Sy gaan met die trap af om die agterdeur vir Nannie oop te sluit.

"Ek kom kyk net wat van jou geword het," sê Nannie verontwaardig. "Jy's tjoepstil. Ek dog jy's siek. Wat gaan aan? Hoekom hoor ek niks van jou nie?"

Slaperig nooi Jolanda haar in en maak vir hulle Chai tee. Sy vertel vir Nannie wat gebeur het sedert hulle mekaar laas gesien het – die fondse wat Oscar Pocock beskikbaar gestel het vir die soektog na Hans Ras, haar ontmoeting met Zimmer, die rede waarom Zimmer uit Durban is en die nuwe veldtog wat van stapel gestuur word om vas te stel wat van Hans Ras geword het.

Nannie skud haar kop.

"Ek kan dit nie glo nie – dat jy nou skielik in twee sake betrokke is in plaas van een. Die Hans Ras-saak *plus* die Zimmer-saak. Hoe gebeur dit? Jy's tot oor jou ore gedompel in jou soektog na Hans Ras se moordenaar en dan ontmoet jy ŉ man wat vlug vir sy lewe. Verregaande. Heeltemal verregaande."

"Ja, Nannie. Sulke dinge gebeur. It never rains but it pours."

Sy neem ŉ slukkie tee.

"Maar wag dat ek jou vertel wat gisteraand gebeur het."

"Wat?"

"Ek en Zimmer het by die Holloway gaan eet."

Sy beskryf vir Nannie die dramatiese gebeure van die vorige aand, van die oomblik af toe sy en Zimmer in Faure Marine Rylaan deur Buster aangeval is totdat sy en Cloete by die ongelukstoneel op die N2 aangekom het. Sy bly onverwags stil.

Nannie sit vasgenael en luister.

"En toe? Wat van Buster? Het julle hom gevang?"

Jolanda drink die laaste slukkie tee uit haar koppie.

"Nee. Hy's dood."

"Hoe?"

“John het hom doodgeskiet.”

“Wie’s John?”

“Die bevelvoerder van Somerset-Wes se polisie.”

“Hoe kon hy vir Buster geskiet het? Ek dog jy sê Buster was in ’n koeëlvaste BMW.”

“Ek was nie daar toe die skietery plaasgevind het nie. Ons was nog op pad, maar Mohammed het my vertel wat gebeur het.”

Nannie sit orent van nuuskierigheid.

“Wat?”

“Daar was ’n blokkade van vier polisievoertuie dwars oor die N2 geparkeer. Waarskuwingstekens langs die pad. Die gangsters het gedog hulle kon deur die blokkade ry. Hulle weet nie daar’s voertuie wat die pad blok nie. Toe hulle die voertuie sien, slaan die drywer briek aan. Te laat. Hulle tref die een vangwa reg in die middel. Die BMW tol op sy wiele. Gaan staan met sy gesig na Somerset-Wes.”

“Wat? En die gangsters albei dood?”

“Polisie kon nie sien nie. Baie stof. John het nader gesluip met die R4 in sy hand. Die BMW se vensters is koeëlvry. John kon húlle nie skiet nie, maar hulle kon hóm ook nie skiet nie.”

“En toe? Wat gebeur?”

“Die gangsters vat ’n kans. Buster maak sy venster ’n entjie oop. Hy lig sy geweer om vir John deur die opening te skiet. En wragtig! Dis ongelooflik.”

“Wat?”

“Weet jy wat doen John?”

“Nee.”

“Hy hardloop nader, die mal man. Druk sy R4 deur die venster en skiet Buster se bors aan’t vodde.”

Nannie se mond val oop. Sy staar met ongeloof na Jolanda. Ná ’n stilte skud sy haar kop.

“En toe’s Buster dood?” vra sy met ’n flou stem.

Jolanda knik haar kop: “Morsdood.”

Hulle sit en kyk vir mekaar.

Eindelik sê Nannie:

“Dis ’n baie dapper man daai.”

“Ja,” antwoord Jolanda. “Een in ’n duisend. Hy waag baie, maar dikwels ... Sulke manne lewe nie lank nie. Hy kon dood gewees het. Aan die ander kant – hy het ons land ’n

groot guns bewys. ’n Heldedaad. Ons verlos van ’n kranksinnige misdadiger. Een van die gevaarlikste skurke in Afrika.”

Hulle gesels nog ’n ruk totdat Jolanda op haar horlosie kyk.

“Jammer, Nannie. Ek moet nou aantrek en gaan.”

Nannie staan op en neem afskeid.

Terwyl Jolanda besig is om ontbyt te eet, lui haar selfoon. Dis Majoor Landman. Hy sê hy hoor sy het die vorige aand deelgeneem aan ’n kriminele ondersoek saam met Luitenant Cloete en die polisie van Somerset-Wes.

“Ek het nie daaraan deelgeneem nie, Majoor. Ek was ’n getuie.”

“Ek wil jou sien. So gou as moontlik. Kan jy binne ’n halfuur hier wees?”

“Ja, Majoor.”

Hy verbreek die verbinding.

Jolanda eet haar graanvlokkies en gaan stort. Naarstiglik probeer sy dink wat sy vir Landman gaan sê. Van die oomblik toe hulle die vorige aand by Gordonsbaai se polisiestasie aangekom het, het sy besef vandag gaan die gort gaar wees. Cloete sou vanoggend aan Landman verslag lewer oor die nag se gebeure. Sy is diep in die moeilikheid. Offisieel is sy op siekteverlof. Sy is veronderstel om tuis te bly en aan te sterk ná die skok-ontdekking van Hans Ras se kar. Pleks daarvan jaag sy snags rond saam met Cloete in ’n polisievangwa op die spoor van ’n berugte misdadiger.

Landman sal nou ongetwyfeld reël dat ’n tugverhoor teen haar aanhangig gemaak word.

Sy bekyk die klere in haar kas. Wat moet sy aantrek? In netelige situasies soos hierdie is kleredrag belangrik. Sy wil ’n beeld uitstraal van bekwaamheid en opregtheid maar ook beskeidenheid, want per slot van sake hét sy ’n fout begaan. Sy wás ongehoorsaam. Die rooi romp en bloes van die vorige aand is buite die kwessie. Te uitspattig. Haar polisie-uniform is onvanpas. Amptelik is sy nie op diens nie. Haar deftige beige baadjiepak sal vir Landman kwaad maak; hy sal besef sy manipuleer hom. Jeans en ’n bont bloes laat haar traak-my-nie-agtig lyk .

Swart en wit. Dis die antwoord. Dit stuur ’n boodskap uit van amptelikheid, erns, nederigheid. Haastig trek sy haar netjiese swart langbroek aan, ’n wit poliëster-bloes met die hemp-kraag, en ’n sagte swart fluweelbaadjie bo-oor. Teensinnig skuif sy haar stapel armbande eenkant. Geen juwele nie. Ook geen grimering nie. Haar toekoms is op die spel.

Met haar aktetas onder die arm klim sy die vyf stelle trappe af vanaf haar huis tot by die motorhuis op straatvlak en trek haar beige Corsa uit en ry polisiestasie toe.

Angssweet slaan op haar gladde voorkop uit. Sy voel ŉ kramp van spanning op die krop van haar maag en die volgende oomblik is sy woedend vir Hans Ras. Hoekom het hy gaan staan en verdwyn? Hoekom was hy nie versigtiger daardie aand op pad huis toe nie? Hy moes geweet het dis gevaarlik om laat in die nag rond te ry. En waarom het hy haar nie vertel wie die sogenaamde misdadiger was nie? As hy dit gedoen het, het hulle al lankal sy moordenaar gevang. Nou is sy diep in die moeilikheid net omdat sy reg en geregtigheid wil laat geskied.

"Maar Gordonsbaai is so ŉ vreedsame plek," hoor sy ŉ stem in haar kop sê. "Dis die laaste plek op aarde waar iemand goedsmoeds vermoor sou word."

Dit bring haar weer tot haar sinne, wat haar diep ontstel en skaam maak.

ŉ Paar minute later sit sy oorkant Majoor Landman in sy kantoor.

Hy kyk haar strak aan.

"Hoe gaan dit met jou gesondheid?" vra hy.

"Ek is baie beter, Majoor. Reg om terug te kom werk toe."

'Is jy ernstig? Jy's afgeboek tot Maandag."

"Dit is wat die dokter gesê het, maar ek het gouer herstel as wat die dokter verwag het, Majoor."

"Bly om dit te hoor. Volgens Cloete se verslag oor gisteraand se operasie, is jy fiks en paraat."

"Ja, Majoor."

"Goed. Jy kan sommer vandag begin werk. Ek het jou dringend nodig om te help met die ondersoek na Hans Ras se verdwyning."

Verstom staar Jolanda na hom.

"Ekskuus, Majoor?"

"Jy het reg gehoor. Jy mag nou met die ondersoek help."

"Hoe het dit gebeur?"

"Eerstens, Craig Bantjies. Hy is deur die familie van Hans Ras aangestel om die saak te ondersoek. Hy't my gister gebel en gevra dat jy by die ondersoek betrek word. Hy het goeie redes gegee. Jy was nie eers in Gordonsbaai toe Hans Ras verdwyn het nie, ensovoorts. Ek het die saak met Kolonel Van Wyk van hoofkwartier bespreek. Hy het dit goedgekeur. Hans Ras se verdwyning is nou ŉ koue geval, sê hy. En daar is ŉ tekort aan gekwalifiseerde speurders in Gordonsbaai. Toe gee hy toestemming dat jy met die ondersoek mag help."

Jolanda bekyk hom. Sy maak haar oë toe en hou hulle toe. Eindelik maak sy hulle weer oop en skud haar kop soos iemand wat sonder ŉ skrapie uit ŉ motorwrak klim.

“Nee. Ek kan dit nie glo nie.”

“Dis die waarheid. Jy’s my bekwaamste speurder.”

“Maar wat van Niewenhuizen?”

Sy vra die vraag om tyd te wen, om die skielike geluk wat haar getref het te verwerk.

“Niewenhuizen het nie die vaagste benul wat om te doen nie. Gister het ek hom ingeroep en gevra wat hy tot dusver uitgerig het. Hy het deurmekaar gepraat. Uiteindelik het hy erken dat hy nie weet wat om te doen nie. Van moordondersoeke weet hy niks. Ek wou tugstappe teen hom neem, maar Kolonel Van Wyk sê die gehalte van die polisie-opleiding is deesdae so swak dat mens die beginner-speurders nie kwalik kan neem nie.”

“Wat gaan nou van Niewenhuizen word?”

“Hy’t belowe om onmiddellik in te skryf vir ’n kursus in *General Investigation in Policing*. As hy pluk, word hy uitgeskop. Tot dan mag hy geen ernstige misdade ondersoek nie. Vergeet dit nou maar. Vertel my wat gisteraand gebeur het. Cloete het my die storie vertel, maar ek wil dit graag uit jou oogpunt hoor.”

Jolanda haal ’n slag diep asem. Daarna vertel sy vir Landman in grafiese besonderhede die agtergrond van Zimmer en Buster, die ontwikkelende vriendskap tussen haar en Zimmer, hulle aandete by die Holloway Restourant, die swart BMW wat hulle op pad huis toe gevolg het, die wrede aanval wat Buster op hulle geloods het, die polisiejaagtog na Somerset-Wes onder aanvoering van Cloete, en – uiteindelik – die grusame teregstelling van Buster deur Kaptein John.

Toe sy klaar is, neem Landman die gesprek oor. Wat die Hans Ras-saak betref, sê hy, is hyself nou in bevel van die ondersoek. Jolanda werk direk onder hom. Ongelukkig kan hy eers van die volgende dag af sy volle aandag aan die saak gee aangesien hy ’n dringende jaarverslag moet klaar skryf, maar van die volgende dag af sal hy by Derek oorneem as bestuurder van die misdaadtoneel. Terwyl hy by die misdaadtoneel is, moet Jolanda tydelik bevel oorneem van Gordonsbaai Polisiestasie.

“Jy mag al van vandag af aan die Hans Ras saak werk. Het jy enige idees?”

“Ja, Majoor. Daar’s baie te doen. Zimmer gaan vanmiddag vir Craig in die Strand sien en ek wil teenwoordig wees sodat ek kan weet wat aangaan. Ek voel ons moet almal saam werk. Ek wil na Hans Ras se fabriek gaan en ’n onderhoud voer met Kara Texeira. ’n Paar vrae vra. Daarna wil ek die De la Portes besoek. Hulle wil môreaand ’n vergadering van die musiekgroep by hulle huis hê, juis oor hierdie saak.”

“Uitstekend. Ek wil op die vergadering wees. Sorg dat ek ’n uitnodiging kry.”

“Ja, Majoor.”

“Dink jy steeds een van die lede van die musiekgroep is betrokke in die moord?”

“Ja, Majoor.”

“Hoekom?”

“Die laaste keer toe ek met Hans Ras op die foon gepraat het, het hy gesê iemand wat ons ken is betrokke by misdaad. Wie was dit? Wie is hierdie persoon? Hans Ras was ŉ introvert. Hy het min mense in Gordonsbaai geken. Ek glo nie dat hy *toevallig* vermoor is nie. Teoreties kon ŉ bende hom vermoor het laat die aand toe hy op pad huis toe was. Dis moontlik, maar onwaarskynlik. Bendes dump nie ŉ splinternuwe CLK Mercedes onder bome teen ŉ afgrond op ŉ onherbergsame plek nie. Hulle verkoop dit. Dis ŉ miljoen rand werd. Nee, ek dink daar was ŉ ander rede waarom Hans Ras vermoor is. Ek glo dis gedoen deur iemand wat hy ken. Iemand wat betrokke is in misdaad. Dis óf iemand in die musiekgroep, óf iemand in Hans Ras se familie. Hulle was die enigste mense wat geweet het waar hy daardie aand was. Die lede van die musiekgroep het geweet presies hoe laat hy aan die einde van die aand vertrek het. Hulle was die laaste mense wat hom gesien het. Hulle en sy familie in Gordonsbaai is en bly die vernaamste verdagtes.”

“Wel, dis *jou* teorie. Ek is nie so seker nie. Goed, jy kan nou maar gaan.”

“Dankie Majoor,” sê Jolanda en staan op.

“Sorg dat jy gereeld aan my rapporteer. Hou my op hoogte.”

“Definitief. Baie, baie dankie vir alles, Majoor. Ek voel soos ŉ nuwe mens.”

Landman tel sy pen op en begin skryf.

“Ja, ja,” sê hy ongeduldig. “Maak lat jy wegkom.”

Jolanda stap besadig by Landman se kantoor uit, maar sy voel of sy dans. Hoewel haar brein sukkel om die skielike omwenteling in haar lewe te prosesseer, voel dit of sy sweef. Sy glimlag en hou aan met glimlag terwyl sy woordeloos verby Nazli en die ander administratiewe personeel stap. Dis eenvoudig te goed om te glo. Die een oomblik moes sy koes en wegkruip terwyl sy haar navorsing en speurwerk oor Hans Ras in die geheim doen, en die volgende oomblik word sy aangestel as die ondersoekende speurder. Kan dit waar wees? Haar hart klop vinnig, die serotonien vloei.

Toe sy by haar kantoor verbyloop, wys sy ŉ duim-op teken vir Adam wat besig is om op die telefoon te praat. Sy loop by die polisiestasie uit, kar toe. Daarvandaan bel sy vir Craig en bedank hom vir sy aandeel om Landman te oorreed dat sy deel van die ondersoekspan mag wees. Craig sê hy het pas by Zimmer gehoor van die dramatiese gebeurtenisse van die vorige aand in Somerset-Wes. Hy sê Zimmer sal eers twaalfuur by Derek kan aanmeld omdat hy die

skade aan sy gehuurde motor moet rapporteer en ŉ ander motor huur. Derek bevestig dat hulle al drie vieruur die middag bymekaar sal kom.

Jolanda maak ŉ afspraak om vir Kara Texeira oor ŉ halfuur te ontmoet.

Sy brand om by Shaakirah se gastehuis in te loer om Zimmer te sien, maar besluit daarteen. Hy het dit die vorige aand duidelik gemaak dat hy meer afstand tussen hulle wil hê en hoewel sy presies die teenoorgestelde voel, wil sy ten alle koste die skyn bewaar en voorgee dat sy ook meer afstand wil hê.

Sy druk ŉ nommer op haar selfoon en voel hoe haar hartklop versnel toe sy Zimmer se diep stem hoor. Hulle gesels. Hy klink kalmer as toe sy hom laas gesien het. Hy sê hy is nog by die gastehuis, besig met ontbyt. Jolanda het gehoop dat sy stemtoon en woorde meer intiem sou wees as die vorige aand, maar dit gebeur nie. Hulle gesels ŉ paar minute oor die gebeure van die vorige aand. Hy klink koel en afsydig. Sy wens sy kan hom beetkry. Sy wil hom aan die skouers pluk en vra:

"Wat is verkeerd met jou? Word weer soos jy voorheen was toe jy dolverlief op my was. Ons het gisteraand ŉ hele sak sout saam opgeëet. Vandag is ons nie meer dieselfde mense as wat ons gister was nie. Ek wil hê is jy moet dadelik hierheen kom en my styf vashou. Maar jy praat met my asof ek ŉ vreemdeling is. Om een of ander onverklaarbare rede het jy alle belangstelling in my verloor. Wat op aarde gaan aan?"

Sy stoot hierdie gedagte eenkant.

Eers toe sy hom die nuus vertel dat sy nou openlik aan die ondersoek kan deelneem, verander sy stemtoon. Hy is so verheug daaroor dat hy ŉ paar minute lank sy afsydigheid opsy stoot en weer klink soos die verliefde jongman van vroeër. Geesdriftig wens hy haar geluk en vra haar uit oor die besonderhede van die gesprek wat tussen haar en Landman plaasgevind het.

Sy gemoedelike houding duur egter nie lank nie. Skielik word hy weer formeel. Hulle praat oor die vervanging van die gehuurde kar en oor hulle onderskeie bewegings vir die dag. Zimmer sê hy het nog nie kans gehad om te praat met die getuie wat Hans Ras se motor by Rooiels sien ry het nie, en Jolanda bied aan om dit namens hom te doen. Hy sê hy sal haar om half-vier by haar huis oplaai sodat hulle saam kan ry na die vergadering met Craig in die Strand.

* * * *

Jolanda ry na Broadlands Industriële Park. Sy parkeer in die gronde van *Cape Pre-cast Construction*, die betonmuur fabriek wat Hans Ras van die grond af opgebou het tot ŉ winsgewende besigheid. Voordat sy die gebou binnegaan, skakel sy vir George Filmer, die getuie wat Hans Ras se motor by Rooiels sien ry het laat die nag toe Hans Ras verdwyn het. Sy maak ŉ afspraak om hom om een-uur te ontmoet.

ŉ Paar minute later sit sy in die kantoor van Kara Texeira, ŉ effens gesette vrou in haar vyftigerjare. Jare lank was sy die persoonlike assistent van Hans Ras, en nou werk sy in dieselfde kapasiteit met die huidige hoof uitvoerende beampte. Sy het ŉ sterk, vierkantige gesig met wakker swart oë en ŉ selfversekerde houding.

Hulle gesels ŉ paar minute oor mekaar se doen en late totdat Jolanda aandui dat sy vir Kara ŉ paar vrae wil vra. Kara stem dadelik in.

"Onthou jy dat Hans Ras kort voor sy verdwyning vir jou gesê het iemand wat hy ken is by misdaad betrokke?" vra sy.

"Ja. Ek sal dit nooit vergeet nie."

"Dink jy hierdie persoon het iets met sy verdwyning te doen gehad?"

"Miskien."

"Dink jy die sogenaamde misdadiger was iemand by die werk?" vra Jolanda.

"Nee. Hans Ras het gesê die werker *ken* die misdadiger. Ek het die indruk gekry dat die misdadiger self nie hier werk nie. Hy is ŉ vriend van Hans Ras wat die werker goed ken."

"Weet jy wie die werker was?"

"Nee. Nadat Hans Ras verdwyn het, het ek hoog en laag gesoek na hierdie jongman. Ek het baie werkers ondervra, maar ek kon nie uitvind wie dit was nie," antwoord Kara.

"Weet jy wie die misdadiger is na wie die werker verwys het?"

"Nee."

"Dink jy die misdadiger is die persoon wat vir Hans Ras vermoor het?"

Kara staar by die venster uit.

"Dis moontlik. Maak sin, nie waar nie? Hans Ras was ŉ wonderlike man. Hy het geen vyande gehad nie."

Jolanda staan op.

"Kara, soos jy weet het Hans Ras verdwyn op die aand nadat hy ŉ samekoms van ons musiekgroep bygewoon het. Die lede van hierdie musiekgroep wil graag uitvind wat die polisie tot dusver ontdek het in hulle soektog na Hans Ras. Dus reël die groep ŉ vergadering van al die lede vir Vrydagaand, plus die speurders wat die saak ondersoek. Wil jy ook die vergadering bywoon?"

"Definitief," antwoord Kara dadelik.

"Goed. Ek sal sorg dat jy ook uitgenooi word."

* * * *

Jolanda, Leo en Santa sit op die De la Portes se agterstoep agter groot vensters en kyk oor Valsbaai. Die voordeur van die huis kyk na Kogelberg. Die erf gaan af teen ŉ skerp helling sodat die agterkant van die huis op dik pilare staan. Onderkant die stoep is die De la Portes se goed-versorgde tuin vol inheemse bome en struike, en verder ondertoe is die panorama van die see.

Hulle drink tee en kyk uit oor Valsbaai. Hoewel die son skyn, is dit winderig buite. Die see is vol wit vlekkies. Oorkant die baai, vyf-en-dertig kilometer ver, kan hulle net-net die Tafelberg-reeks bokant Simonstad sien oprys. Daar is ŉ paar grys wolke in die lug. Twee seemeeue vlieg oor die water.

Santa plaas haar hand op Leo se arm.

"Is jy oukei, Pappá? Kan ek vir jou ŉ kombers bring?"

"Nee, ek is doodreg, Santjie. Haai, Jolanda, ek is bly om jou te sien. Jy herinner my altyd aan my dierbare vriend, Hans Ras. O, ek verlang na hom. Ons het altyd so lekker gesels, ek en hy. Baie slim man. Goed met geld. Strewe na moraliteit. Wat ŉ verlies!"

Hy neem ŉ diep teug lug deur sy mond om suurstof in sy longe te kry en blaas dit weer uit.

"Voor Hans Ras verdwyn het, het ons ŉ afspraak gehad. Ek en hy. Hy sou nog die Sondagaand kom kuier. Hy het iets belangrik gehad om my te vertel. So tragies. Nooit weer gesien nie. Nou sal ek nooit weet wat hy my wou vertel nie."

Hy skud sy kop droewig.

"Moenie jouself nou weer upset nie, Pappá," sê Santa en plaas haar hand oor haar pa s'n.

"Ek sê maar net."

"Nee, cher père. Praat oor iets anders. Asseblief."

Sy draai na Jolanda en sê:

"Ek is bang hy word kortasem, dan's dit weer oxygen en als. Ons sit nou so lekker hier."

"Toemaar, Santjie, ek hoor wat jy sê," antwoord Leo en sug.

Hy draai na Jolanda.

“Hoe vorder jou kollegas met die ondersoek? Jy mag mos nie aan die ondersoek deelneem nie.”

“Goeie nuus! Daar het ’n groot verandering gekom. Ek mág nou aan die ondersoek deelneem,” kondig Jolanda opgewonde aan.

“Hoe’t dit gebeur?” vra Santa verbaas.

“Ek het toestemming gekry. Dis nou ’n cold case. Dan’s die reëls nie meer so streng nie.”

“Ag, ek is baie bly,” sê Leo. “Hulle moes dit lankal gedoen het.”

“Wonderlik. Fantastic!” roep Santa uit. “Het julle al ’n verdagte?”

Jolanda skud haar kop.

“Ek wens. Dis ’n baie moeilike geval.”

Jolanda sit haar koppie neer en draai na Santa.

“Een van die redes waarom ek hier is, is om jou ’n vraag te vra.”

“Ag, cherié, my kop is soos ’n sif. Maar vra gerus. Ek sal my bes probeer.”

Jolanda kyk ernstig na Santa.

“Hans Ras het mos verdwyn nadat hy by ’n musiekaand was hier by julle. Kan jy onthou in watter volgorde die gaste vertrek het aan die einde van die aand?”

“Ek kan nie meer presies onthou nie. Al wat ek baie goed onthou is dat Ben Goussard die laaste vertrek het. Certainement.”

“Dis interessant want daar is ander lede van die musiekgroep wat sê . . .”

“Haai julle, kyk,” val Leo hulle fluisterend in die rede. “Daar’s ’n suikervoël in die proteaboom. Nogal ’n mannetjie.”

Geïnteresseerd staan Jolanda en Santa op en kyk deur die venster in die rigting waarin hy wys. Leo is ’n voëlkenner en weet interessante dinge van voëls. Die suikervoël steek herhaaldelik sy lang bekkie in ’n koning protea en suig die nektar uit.

“Kyk net,” sê Leo saggies. “Sy stert is langer as sy lyf.”

Onverwags vlieg die voël weg. Leo volg hom met sy oë.

“Is hy nie pragtig nie? Daai pragtige geel kol onder die stert. Ja-nee, suikervoëls sit nie lank stil in ’n beboude omgewing nie.”

Jolanda kyk na die tuin.

“Jou protea het mooi gegroei, Santa. Eers het hy sleg gelyk. Hoe oud is hy nou?” vra sy en kyk op na Santa wat langs haar staan. Sy voel altyd soos ’n kind langs Santa se fris postuur.

Santa dink ’n bietjie.

"Dis geplant twee weke voordat Hans Ras verdwyn het. Ag, shame. Hans Ras het nog gereël dat ŉ bakkie van sy fabriek dit hier aflewer."

Hulle gaan sit weer.

"Is alles nou gereël vir die groep om môreaand te ontmoet?" vra Jolanda.

"Ja. Ek het almal laat weet. Môreaand om half-agt. Hoe lyk dit, Pappá? Nog ŉ bietjie tee vir jou?"

"Asseblief, Santjie."

Santa tel haar pa se koppie op.

"Sal jy omgee as ek drie van my kollegas saambring?" vra Jolanda.

"Natuurlik nie. Wie's hulle?"

"My baas, Majoor Landman. Craig Bantjies, wat jy ken, en Zimmer, die privaat-speurder wat nou Hans Ras se verdwyning ondersoek."

Santa laat val per ongeluk ŉ koppie op die teëlvloer.

Sy vertrek haar gesig en tel die stukke op.

"Verskoon my," prewel sy en verdwyn kombuis toe.

Leo leun na Jolanda toe en sê met ŉ gedempte stem:

"Ek wil baie graag ook môreaand hier wees, maar Santa wil nie dat ek die vergadering bywoon nie. Sy sê dit sal my ontstel. Sit asseblief vir my ŉ goeie woordjie in, Jolanda."

"Goed, Leo," antwoord Jolanda haastig. "Ek sal probeer."

Santa keer terug met ŉ ander koppie.

Hulle gesels ŉ ruk lank oor ditjies en datjies totdat Jolanda opstaan en aanstaltes maak om hulle te verlaat.

"En nou, darling?" vra Santa teleurgesteld. "Moet jy al weer gaan?"

"Ag, ja," sug Jolanda. "Ek is op diens, onthou. Dankie, vir die heerlike tee en koek, Santa. Ek wou net kom seker maak oor môreaand. Het jy een of ander agenda in gedagte?"

"Ja, wel. Ek sal bly wees as jy eers almal op hoogte kan bring. ŉ Speech of report. Iets in daai lyn, cherié. Dinge wat die polisie uitgevind het en so. You know what I mean. Dan weet ons darem almal wat julle aan die saak doen. Chat ŉ bietjie. Dalk vind ons nog die moordenaar."

Sy gooi haar kop agteroor en lag. Jolanda glimlag gemoedelik.

"Dit gaan nie só maklik wees nie," sê sy.

Sy loop na Leo toe en sit haar arm om sy skouers.

"Ek hoop jy sal ook by ons wees, Leo."

"Sê dit vir Santjie. Sy wil my daar weghou."

“Ja, ek is bang,” sê Santa. “Pappá se hart is nie sterk nie .”

“Ag nee, Santa,” sê Jolanda geskok. “Jy kan nie dít sê nie. Dis dan jou pa se huis en alles. Hy móét hier wees.”

Bekommerd kyk Santa vir Leo op en af. Sy knip haar oë ’n paar keer.

“Oukei. Oukei. Maar as hy net ’n bietjie siek lyk, vat ek hom kamer toe. Mon pauvre père.”

Nadat Jolanda afskeid geneem het van die De la Portes, ry sy na die Gordonsbaai Primêre Skool om die getuie, George Filmer, te ondervra.

Hulle ontmoet mekaar in die personeelkamer. Sy kry sy persoonlike besonderhede en vra hom uit oor die motor met die nommerplaat MAHLER WP wat hy meer as twee jaar gelede gesien het. Hy beskryf presies waar hy Hans Ras se kar gesien het, hoe laat dit was en onder watter omstandighede. Jolanda neem aantekeninge terwyl hy praat. Twintig minute minute nadat sy daar aangekom het, bedank sy hom, groet en vertrek.

Hoewel dit nog etenstyd is, gaan sy dadelik na haar kantoor in die polisiekantoor en skryf ’n verslag oor die onderhoud wat sy met Filmer gehad het.

* * * *

Jolanda en Zimmer sit op die beige draaistoele in Craig se kantoor en wag vir hom.

Ons kom nêrens, dink Jolanda. Ons is nog nie ’n aks verder as ses dae gelede nie.

Haar onderhoude met verdagtes het niks opgelewer nie. Sy het soos ’n mal ding agter Charles Solomons aangery – niks gevind nie. Die besoek aan Kara Texeira het meer raaisels geskep as opgelos. Hans Ras het vir Kara gesê daar is ’n werker in die fabriek wat vertel het iemand in Hans Ras se vriendekring is ’n misdadiger. Maar wie’s die werker? Wie’s die misdadiger? “Iemand wat ons ken,” het Hans Ras gesê en toe verdwyn hy. Uiters verwarrend.

Craig kom die kantoor binne, skud hulle hande en gaan sit agter sy donkerblou lessenaar. Hy begin vir Jolanda uitvra oor die vordering wat sy gemaak het met die ondervraging van die verdagtes. Jolanda gee vir albei haar kollegas ’n lys van die nege verdagtes en kort geskrewe verslae oor elkeen.

Craig bekyk die lys.

“Het jy nou al ’n idee wie die moordenaar is?” vra hy vir Jolanda.

“Nie die vaagste benul nie. Ek sweet bloed. Die een oomblik dink ek almal is onskuldig. Die volgende oomblik dink ek almal is skuldig. Wel, môreaand gaan ons almal bymekaarkom. Die lede van die musiekgroep wil hoor hoe ons vorder. Maar ons, die

speurders, het mos ’n ander agenda. Ons wil die lede van die musiekgroep bestudeer. Veral die interaksie. Majoor Landman gaan ook daar wees.”

Craig knik sy kop nadenkend. Hy kyk weer na die lys.

“Maar wat van die twee laaste mense op die lys?” vra hy. “Veronica en Chris Webster. Hulle is nie in die musiekgroep nie.”

“Dis iets waaroor ons moet praat,” antwoord Jolanda. “Moet ons hulle apart besoek? Of moet ons hulle uitnooi na die vergadering? Ons moet natuurlik toestemming kry van Leo en Santa. Die samekoms is by hulle huis.”

“Hoe groot is Santa-hulle se huis?” vra Zimmer. “Sewe lede van die groep, plus die vrou van Hans Ras se fabriek, plus vier speurders. En nou nog twee besoekers daarby. Sal almal in een vertrek kan kom?”

“Maklik. Leo het ’n enorme sitkamer. Op musiekaande plaas ons drie rye stoele agter mekaar sodat almal die skerm goed kan sien. Daar’s baie spasie.”

Craig knik sy kop ’n paar keer.

“Gaaf. Jolanda, vra asseblief vir Santa of die Websters môreaand by ons kan aansluit. En moenie vergeet om Hans Ras se ma en vir Oscar Pocock uit te nooi nie. Onthou Oscar betaal vir hierdie ondersoek.”

“Sekerlik.”

Craig blaai deur die verslae oor die verdagtes.

“Goed. Wat kan jy vir ons vertel van jou ondersoek tot dusver?”

Jolanda sug.

“Hierdie misdaad was uiters goed beplan. Die perfekte moord.”

“Ja, dis hoe ek twee jaar gelede gevoel het. Geen antwoorde nie. Net vrae. Maar niemand is volmaak nie. Selfs die slimste moordenaar maak foute. Het jy nuwe leidrade gekry?”

“Bitter min.”

“Vertel.”

“Ek het sewe verdagtes hierdie week ondervra. Leo en Santa de la Porte was weg. Eers gistermiddag teruggekom. Kom ons gaan deur die lys. Eerste is Lucille Goussard. Haar storie het verander. Twee jaar terug het sy gesê Hans Ras was die eerste persoon wat vertrek het aan die einde van die musiekaand. Nou sê sy dit was nie waar nie. In werklikheid weet sy nie of Hans Ras vóór hulle of ná hulle vertrek het nie.”

“Dus hou Ben nog steeds vol dat Hans Ras daardie aand eerste vertrek het,” sê Craig.

"Presies. Ben het óf gelieg óf te veel whisky gedrink," antwoord Jolanda. "Onthou ook voordat Lucille met Ben getrou het, het Hans Ras altyd vir Lucille gehelp om haar geld winsgewend te belê. Ná die troue het Ben baie van hierdie beleggings gestaak en die geld gebruik. Seiljag gekoop. Nuwe kar. So aan. Hans Ras was woedend."

"Ek onthou."

"Dis ook moontlik dat Ben met perlemoen smokkel."

"Ben is beslis ŉ belangrike verdagte," sê Craig. "Wat van Otto? Het jy hom ook ondervra?"

"Ja. Ek het nie veel wys geword nie. Hy was nogal ontwykend. Ergste van als – Otto sê ons moet die ondersoek staak. Ons gaan nooit die moordenaar vang nie, sê hy. Ek weet nie wat hy bedoel nie."

Craig skud sy kop.

"Daardie kêrel. Hy's op ŉ ander planeet. Jy weet seker dat hy gereeld Australië toe gaan."

"Ja. Wat gaan doen hy daar?"

"Hy het baie gay vriende daar. Hulle het partytjie seisoene wanneer almal lekker uithaak. Hulle trek saam op sekere eilande – hou fancy dress parties – drank en dwelms vloei vryelik. Lucille het my vertel. Dit ontstel haar."

Jolanda staar hom geskok aan.

"Dis die eerste woord wat ék daarvan hoor. Otto lyk altyd so bedees en op sy plek."

"In elk geval," sê Craig. "Hierdie dinge het niks te doen met Hans Ras se verdwyning nie – of dalk het dit? Wie weet? Toemaar. Wat van die ander lede van die musiekgroep? Met wie het jy nog gepraat?"

"Bongi en Asanda."

"Iets nuuts uitgevind?"

"Bongi was ontsettend senuweeagtig."

"Hoekom?"

"Ek weet nie of hy net sensitief is en of hy iets wegsteek nie."

"Wat sal hy nou wil wegsteek?" vra Craig verbaas. "Hy's die onskuldigste van al die verdagtes."

"Ek het ook so gedink, maar ŉ snaakse ding het gebeur. Bongi en Asanda het vir Iqshaan Solomons ontmoet."

"Die highflyer van die Syndicate?"

"Ja. Alias Donker."

"Dis bisar. Ken hulle mekaar?"

"Blykbaar nie," antwoord Jolanda. "Mekaar by ŉ fondsinsameling ontmoet. Volgens Asanda het Bongi en Donker toevallig bymekaar uitgekom."

"Dis vreemd. In elk geval, wat sê Bongi en Asanda oor die volgorde waarin die lede van die musiekgroep vertrek het op die aand van Hans Ras se verdwyning?"

"Asanda is doodseker: Otto het eerste vertrek en Bongi-hulle tweede. Ben was direk agter hulle, en by die stopstraat het Ben by Bongi en Asanda verbygery. Dus was Hans Ras laaste."

"Deksels. Elkeen het ŉ ander storie," sê Craig gefrustreerd.

Hy kyk na die lys verdagtes.

"Dan is daar Leo en Santa," sê hy. "Ek het hulle in die verlede baie goed ondervra, juis omdat hulle die gashere van die musiekaand was. Dit was baie moeilik om met hulle oor Hans Ras te praat. Albei was in ŉ toestand. Santa blameer haarself die hele tyd omdat sy nie vir Hans Ras daardie aand behoorlik gegroet het nie. Sy sê sy het met al die ander gaste gepraat en totsiens gesê behalwe vir Hans Ras. Hy was haastig. Dit het saggies gereën. Sy het net vir hom gewaai. Toe vertrek hy. Dis die laaste wat sy hom gesien het. Sy sal haarself nooit vergewe nie."

"Ja, ek weet. Sy het my ook daarvan vertel. En Leo. Dit was vir hom ŉ verskriklike skok. Hans Ras was sy beste vriend. Leo word nou nog ontsteld as ons oor Hans Ras praat."

"Goed, ons is nou amper deur die lys," sê Craig. "Die twee laaste verdagtes is Hans Ras se familie – Veronica en Chris. Jolanda, jy het hulle mos gaan sien. Wat het hulle te sê gehad?"

Jolanda skud haar kop.

"Moeilike mense. Ek kon nie vat aan hulle kry nie. Die harde feit is dat Hans Ras se dood vir hulle twee miljoen rand in die sak bring – twee miljoen rand wat hulle broodnodig het, want Chris kan enige oomblik sy werk verloor. Verpligte vroeë aftrede. Vreemde man. Ek sal nie verbaas wees as hy Hans Ras vermoor het nie."

"Snaakse man," sê Craig kopknikkend. "Dis nog ŉ lang tyd voordat hulle daai twee miljoen rand gaan kry. Dis erfgeld. Die pa moet eers doodgaan."

"Boonop het Chris geleentheid gehad om Hans Ras te vermoor. Hy was nie tuis op die aand van Hans Ras se verdwyning nie. Waar was hy? Ek vertrou hom nie."

"Ek ook nie. Chris en Ben is die belangrikste verdagtes."

Craig trek sirkels rondom die twee name.

“Goed,” sê hy. “Kom ons praat oor die bendes. In ons laaste vergadering het ons gesê die Syndicate lede was besig met navorsing in Gordonsbaai op dieselfde tyd as toe Hans Ras verdwyn het. Ek het weer deur my 2008 dagboek geblaai en afgekom op hierdie foto wat ek destyds geneem het van ŉ ou wat soos ŉ gangster lyk.”

Craig maak ŉ lêer oop en wys vir hulle die foto.

Jolanda bekyk die foto. Sy trek haar asem vinnig in.

“Hierdie is presies dieselfde gangster as wat ek en Adam gister in Gordonsbaai gesien het,” sê sy geskok. “Sy naam is Charles Solomons.”

“Hoe weet jy dit?”

Sy vertel hoe sy en Adam die bendeleier se identiteit vasgestel het en wat gebeur het toe hulle hom agtervolg het.

“Kan dit toeval wees?” vra Zimmer fronsend. “Craig, ek is seker in die lêer wat jy my gegee het oor die Syndicate staan daar die leier van die Syndicate se naam is Iqshaan Solomons, alias Donker. En nou het ons hier vir Charles Solomons. Is hulle familie?”

Craig trek sy vingers deur sy swart kroeshare.

“Miskien,” sê hy. “Wag, laat ek kyk.”

Hy blaai deur die lêer.

“Ek sal nie verbaas wees as hulle familie is nie,” sê Jolanda. “Die Charles Solomons wat ons gister gesien het is hoog op in die Syndicate. Ry ŉ Porsche Boxster.”

“Wat maak hy in Gordons?” vra Zimmer.

“Weet nie.”

Craig hou op om deur die lêer te blaai.

“Wag. Hier is dit.” sê hy en sit terug in sy stoel met die lêer in sy hande. “Die agtergrond van Iqshaan Solomons. Gebore in Manenberg in 1960. Toe hy sewentien jaar oud was, het hy ŉ skoolmeisie swanger gemaak. Galima. Op aandrang van haar ouers het hulle getrou, maar nie saam gewoon nie. Galima en Solomons was albei werkloos. Galima het die lewe geskenk aan ŉ kind met die naam Max Solomons. Die huwelik was ŉ mislukking. Solomons het baie meisies gehad. Hy was lid van die Syndicate. Twee jaar later is hy en Galima geskei. Solomons was twee keer in die tronk voordat hy twintig was. Nooit weer daarna nie. Hy het ŉ paar onegte kinders. Een van hulle is Charles, die leier van die Syndicate in Grassy Park. Op ŉ stadium het Iqshaan Solomons die persoonlike lyfwag geword van Mujait Williams, grootbaas van die Syndicate. Van toe af staan Solomons bekend as Donker. Later was hy ŉ direkteur. Toe Mujait in 1995 dood is, het Donker oorgeneem as hoofleier van die Syndicate. Hy’s nou nog die grootbaas.”

“So,” sê Jolanda. “Dan is die gangster wat ek en Adam op Gordonsbaai se strand gesien het die seun van Donker. Charles Solomons. Wonder wat hy vandag in Gordons kom doen het.”

Craig plaas die lêer op sy lessenaar en kyk op sy horlosie.

“Ongelukkig kan ons nie nou lank daaroor praat nie. Julle moet al hierdie leidrade opvolg. Wat van die ander bendes? Weet julle iets nuuts van die CFK’s?”

Jolanda skuif ongemaklik rond op haar stoel.

“Ek het gister in die koerant gelees dat die polisie van Somerset-Wes Maandagnag weer eens beslag gelê het op ’n onwettige vrag perlemoen van die CFK’s. ’n Baie gevaarlike bende. Onthou, hulle het Hans Ras se werker – Paul Plaatjies – koelbloedig vermoor. Sal my nie verbaas as hulle dieselfde met Hans Ras gedoen het nie. Miskien het hy hulle daai aand op pad huis toe met ’n vrag perlemoen betrap.”

“Dis moontlik. En die ander bende – die Jack Knives?”

“Niks nuuts van hulle gehoor nie.”

“Woon Bobby Peters se ouers nog in Temperance Town?”

“Weet nie,” sê Jolanda.

“Julle moet vasstel.”

“Hoekom?”

“Kry Bobby se adres. Hy moet ondervra word. Twee jaar gelede kon ek hom nie in die hande kry nie.”

“Ek sal navraag doen,” sê Jolanda en maak ’n aantekening in haar boek. “Wie weet? Sê nou hy’s die moordenaar?”

Craig staan op. Hy loop heen-en-weer agter sy lessenaar.

“Wat het geword van die getuie wat Hans Ras se kar sien ry het op die Rooiels-pad laat op die aand van die moord?” vra hy. “Het julle dit opgevolg?”

“Ja,” antwoord Jolanda. “Sy naam is George Filmer. Hy is onderhoof van Gordonsbaai Primêre Skool. Drie-en-veertig jaar oud. Woon in Pringlebaai. Op die aand van 18 Julie 2008 het sy ma ’n niersteen aanval gehad, en Filmer het haar Somerset Hospitaal toe gevat. Dit het gereën. Op pad terug om eenuur die nag het Filmer Hans Ras se kar gesien. Een kilometer buite Gordonsbaai. Hy onthou die snaakse nommerplaat – MAHLER WP. Die Mercedes het besonder stadig gery, omtrent dertig kilometer per uur. Filmer het ’n kort entjie agter die Mercedes gery en dit toe verbygesteek. ’n Paar dae later het hy in die koerant gelees van Hans Ras se verdwyning en hoe sy kar lyk. Filmer het die Gordonsbaai se polisiekantoor

in kennis gestel dat hy die kar gesien het op die aand van Hans Ras se verdwyning maar nooit weer iets van hulle gehoor nie."

"Ja, ek onthou die geval," sê Craig. "Ek wou dit opvolg maar was net te besig. In elk geval, hierdie getuienis sal handig te pas kom as ŉ hofsaak plaasvind."

Hy gaan sit weer, vou sy arms, leun oor sy lessenaar en kyk afwagtend na Zimmer.

"Oukei Zimmer. Nou vir die groot nuus. Vertel ons. Wat gebeur by die misdaadtoneel?"

Jolanda kyk na Zimmer. Hy het wonderbaarlik herstel van die chaotiese gebeure die vorige aand. ŉ Halfuur gelede het hy haar by die huis opgelaai en die hele pad vertel van sy groot verligting dat Buster uiteindelik uit die weg geruim is nadat hy meer as twintig jaar lank vriend en vyand geterroriseer en vermoor het. So verheug is Zimmer dat Buster dood is, dat hy die hele pad weer sy ou normale self was in plaas van die koue, afsydige persoon van die vorige aand in die restourant. Eers toe hulle naby Craig se kantoor gekom het, het sy stugheid teruggekeer.

Zimmer lyk weer eens goed in sy nuwe klere, dink sy. Bruin leerbaadjie, roomkleurige hemp en langbroek van koordfluweel. Sy kyk na sy treffende mooi gesig – gladde vel, warm bruin oë, fatsoen van sy mond. Hy is wonderlik – taai, slim en seker. Intelligent en opreg. Sy vermoed hy is net so verlief op haar as sy op hom. Wat het oor sy lewer geloop dat hy skielik so afsydig is? Wat het gister by Rooiels gebeur? Iewers in sy emosiewêreld het daar vir hom ŉ rooi vlag opgegaan. Wat?

Sy skuif hierdie gedagtes eenkant en fokus op hulle gesprek oor ontdekkings by die misdaadtoneel. Zimmer vertel hulle van die vrugtelose soektog na ŉ graf, die drie haar-tipes wat in die motor gevind is, sowel as die urine. Ook die groot vonds: die grond wat gevind is op en onder die pedale.

"Grondmonsters vanaf die moordenaar se tuis grond. Dis uitstekend." sê Craig opgewonde. "Besef julle wat dit beteken? ŉ Beskrywing van die kleur, digtheid, pH en minerale-inhoud kan aantoon presies waar die moord gepleeg is. Veral as daar plantmateriaal van ŉ spesifieke erf in die monster is."

"Wel, Derek het monsters van alles wat hulle gevind het na die laboratorium gestuur," sê Zimmer.

"Die laboratorium? Ag nee!" roep Craig uit.

"Wat is verkeerd?"

"Dit gaan maande vat voor ons die uitslag kry."

"Derek het gesê hy kan dit self ontleed," sê Zimmer.

"Dis 'n ander saak. Nou ja, is dit ál wat die forensiese span gister ontdek het?"

Zimmer kyk na sy notas.

"Nee," sê hy. "Derek het ook vreemde vesels op die deurkosyn van Hans Ras se kar ontdek. Vesels en rafels. Slegs sigbaar onder 'n vergrootglas. Derek vermoed dis spoorelemente van die klere wat Hans Ras gedra het toe hy verdwyn het."

Zimmer draai na Jolanda toe.

"Weet jy watter klere Hans Ras gedra het toe hy verdwyn het?"

"Ja. Grys poliëster-langbroek, geruite hemp en 'n donkerblou blazer. Al die lede van die musiekgroep het daaroor saamgestem."

"Volgens Derek is die vesels wat hulle gekry het grys van kleur," sê Zimmer.

"So," sê Craig. "Dan het ons uiteindelik konkrete leidrade. Lyk asof Hans Ras uit sy kar uitgesleep is. Lewendig of dood. Dis 'n deurbraak."

Hy kyk verheug na Zimmer.

"Dankie, vir hierdie goeie nuus, Zimmer. Vertel ons verder. Wat het die forensiese span nog ontdek?"

"Vandag was ek slegs van twaalfuur tot drie-uur by die misdaadtoneel, maar Derek het my ingelig oor wat hulle vandag ontdek het," sê hy en kyk op sy notas. "Eerstens het die kadawer-hond en sy geleier die hele gebied deursoek maar geen lyk gekry nie. Dit beteken, volgens Derek, dat Hans Ras se lyk elders uit die kar gehaal is. Moontlik langs die see. Miskien het sy aanvallers 'n swaar gewig aan sy lyf vasgemaak en hom in Valsbaai gesmyt."

"Ja," sê Craig. "Die haaie sou hom verslind. Maar waarom het die moordenaars nie sommer sy lyk in die kar gelos nie? Dit sou tog baie makliker wees as om in die middel van die nag uit te gaan met 'n boot in die see."

"Jip. Om 'n graf daai tyd van die nag te grawe sou net so moeilik wees," sê Jolanda.

Zimmer leun vorentoe en sê:

"Derek dink die moordenaar het homself probeer beskerm selfs al word hy gevang. Geen persoon kan aangekla word as daar geen lyk is nie. Dis 'n wet van Mede en Perse: geen lyk, geen moordenaar. Dalk kry ons nooit die lyk nie."

Daar is 'n stilte terwyl almal die idee verwerk.

"Wat het hulle nog vandag ontdek?" vra Craig.

"Daar is slym of braaksel op die passasier se sitplek."

"Slym? Wáár op die sitplek? Bo? Onder?"

"Onder. Direk op die sitplek. Derek het my die merk gewys."

"Hoe lyk dit?"

“Hulle weet nie,” antwoord Zimmer. “Dis ŉ kol so groot soos ŉ hoendereier. Derek sê dit lyk asof Hans Ras van die kant af aangeval is. Hy’t ŉ harde hou teen sy kop gekry, sodat sy kop op die passasiersitplek beland het. Toe loop daar braaksel of iets by sy mond uit.”

“Dis fantasties dat hulle dit ontdek het,” sê Jolanda.

“Ja,” beaam Craig. “Uiteindelik het ons leidrade. Is daar vingerafdrukke?”

“Nee, maar wel handskoenafdrukke.”

Craig lig sy wenkbroue.

“Handskoenafdrukke?”

“Jip.”

“Waar?”

“Op die stuurwiel is dowwe handskoenafdrukke van ŉ onbekende persoon, baie oud. Middelmatige grootte. Hulle is dieselfde as die afdrukke op die binnekantste handvatsel van die deur. Aan die buitekantste handvatsel is drie verskillende soorte handskoenafdrukke – Derek s’n en Jolanda s’n, albei nog vars. Die derde soort is dowwe handskoenafdrukke van dieselfde onbekende persoon as dié op die stuurwiel.”

“Die moordenaar s’n?”

Zimmer knik bevestigend.

Hy maak sy notaboek toe, vou sy arms en staar na sy kollegas.

“Die groot nuus is . . .” sê hy en bly stil.

“Wat?”

“Die kadawer-hond het iets ontdek.”

“Waar?”

“Tussen die fynbos, skuins bokant die Mercedes se skuilplek, aan die Gordonsbaai se kant waar niemand vantevore gesoek het nie .”

“Komaan! Wat het hy gekry?” vra Craig ongeduldig.

“ŉ Leerhandskoen. Derek sê dit lê al minstens twee jaar daar.”

“Hoe weet hy dit?”

“Die ding is kliphard van die son, wind, reën. Soos ŉ plank.”

“Kan enige iemand se handskoen wees. Hoe groot?”

“Middelmatige grootte. Manshandskoen,” antwoord Zimmer.

“En Derek dink dis betekenisvol?”

“Definitief. Hy het die handskoen met pinsette inspekteer en deur ŉ vergrootglas bekyk sonder om daaraan te raak. Toe vergelyk hy die patrone op die handskoen met die patrone op die binnekantse handvatsel van die Mercedes en die stuurwiel. Hy sê daar’s sekere

ooreenkomste. Hy en Gideon is baie opgewonde daaroor. Hulle het dit in ŉ kartondoos gesit. Môre gaan hulle die vingerafdrukdeskundiges raadpleeg."

Craig dink ŉ ruk en skud sy kop stadig.

"Waarom is Derek so opgewonde? Hulle het vyf bewyse gevind: ŉ onbekende haar, ŉ urine merk, ŉ slym kol, ŉ paar grys vesels en ŉ verweerde handskoen. Maar nie een van hierdie ontdekkings verbind ŉ spesifieke persoon met die moord nie. Ons dwaal steeds in die duister en het nie die vaagste benul wie vir Hans Ras vermoor het nie."

# HOOFSTUK 14

Zimmer kyk na die geurige ontbyt wat Shaakirah voor hom plaas – twee geposjeerde eiers op ŉ Engelse muffin, salm forel met Hollandaise sous, sauté sampioene en geroosterde tamatie-ringe. Hy smeer botter op sy roosterbrood, neem ŉ sluk pynappelSAPD en val weg aan sy kos.

Daar is heelwat dinge wat hy vandag moet doen. Hy het reeds die aanval op die motor aangemeld by die maatskappy waarby hy dit gehuur het. Hulle het belowe om die beskadigde kar te kom haal en ŉ ander Getz vir hom te bring. Sodra hy die kar het, moet hy vir Kara Texeira gaan ondervra, die Gesinsgeweld Herstel-oord besoek en onderhoude met Leo en Santa voer.

Sy gedagtes verskuif na Jolanda Loots. Hulle het mekaar nie die vorige aand gesien nie. Die hele aand aand het hy geworstel teen die versoeking om haar te bel of te sien. Hy kon nie op die televisieprogramme konsentreer nie. Aanhoudend het hy gewonder wat sy doen en of sy ook aan hom dink. Hy het denkbeeldige gesprekke met haar gehad. Toe tienuur aanbreek en dit te laat was om haar te bel, het hy homself gelukgewens dat hy die versoeking weerstaan het.

Voor ontbyt het sy hom gebel met die nuus dat sy vandag verplig is om in die polisiekantoor aan diens te wees aangesien Landman by die misdaadtoneel werk. Sy moet tydelik instaan as stasiebevelvoerder.

Zimmer se gedagtes word onderbreek deur Shaakirah wat sê dat werknemers van die huurmaatskappy opgedaag het met ŉ wit Getz. Dadelik verlaat Zimmer die ontbyttafel en handel die nodige formaliteite af met die omruil van die motors.

ŉ Ruk later keer Zimmer terug en eet sy ontbyt klaar. Terwyl hy sy koffie drink bel hy vir Kara Texeira en maak ŉ afspraak met haar. Kort daarna klim hy in die wit Getz en stel die GPS wat Jolanda vir hom geleen het om die pad aan te dui.

Zimmer voel moedeloos. Hoe gaan hulle ooit uitvind wat met Hans Ras gebeur het? Hoe meer navorsing hulle doen, hoe meer lyk dit na ŉ binne-misdaad. Dit lyk of Hans Ras sy moordenaar geken het. Die moordenaar het geweet dat Hans Ras daardie aand by die musiekaand sou wees. Toe die moordenaar nader stap om Hans Ras te vermoor, het Hans Ras nie alarm gemaak nie. Hy moes die persoon geken het. Nêrens was daar tekens van ŉ struweling of van bloed nie. Wie was hierdie persoon? Hoekom het Hans Ras geen teenstand gebied nie?

Een van die basiese vraagstukke waarmee Zimmer worstel is die manier waarop Hans Ras aangeval is. Hans Ras se motor toon geen tekens van ŉ struweling nie. Daar is ook geen tekens van bloed of koeëls aan die binnekant van die kar nie. Geen stukkende vensters nie. Daar is feitlik geen tekens van geweld nie. Een van die min bewyse dat Hans Ras aangeval was, is dat daar urine op sy sitplek gevind is. Maar wat help dit? Dit verklaar nog niks. Die twee groot vrae bly steeds: Hoe is Hans Ras vermoor? En wie het hom vermoor?

Daar is te veel onbeantwoorde vrae.

Hy parkeer voor die fabriek *Cape Pre-cast Construction* in Broadlands en klim uit. Voordat hy die gebou ingaan, loer hy nuuskierig by die groot agterplaas in. *Cape Pre-cast Construction* beslaan amper die hele blok. Daar is dosyne stapels voorafvervaardigde betonpanele. Hoog bokant hom hang ŉ paneel aan die punt van ŉ enorme hyskraan. Die kraan se arm beweeg stadig deur die lug en deponeer die paneel versigtig op een van die stapels. Zimmer is beïndruk. Vir die eerste keer besef hy hoe geniaal Hans Ras moes gewees het om so ŉ groot fabriek vol ingewikkelde masjinerie en gespesialiseerde vakmanne stoksielalleen te laat bou en winsgewend te bedryf.

Zimmer gaan die gebou binne. Hy doen navrae en die ontvangsklerk neem hom na Kara se kantoor toe. Sy werk op haar rekenaar maar toe Zimmer inkom, staan sy onmiddellik op. Hulle ruil formaliteite uit en hy wys haar sy privaatspeurder-identifikasiekaart wat wys hy is in diens van Craig Bantjies Speuragentskap.

"Waarmee kan ek help?" vra Kara.

"Ek verstaan Jolanda was gister hier om te probeer uitvind wie die werker was wat vir Hans Ras gesê het dat een van Hans Ras se vriende ŉ misdadiger is."

"Dis korrek. Het julle nou uitgevind wie die misdadiger is?"

"Nee. Soek nog steeds. Jolanda kan ongelukkig nie vandag hierheen kom nie. Sy het my gestuur om vir u te vra of u . . ."

"Moenie vir my u sê nie."

"Of jy nog die dagboek het wat Hans Ras gebruik het voordat hy verdwyn het."

"Die dagboek is by Hans Ras se kantoorinhoud in ŉ kluis toegesluit," sê Kara.

"Jolanda wil hê ons moet kyk watter afsprake Hans Ras gehad het op die laaste paar dae voor hy verdwyn het."

"Waarom?"

"Ons moet kyk of daar ŉ leidraad in sy dagboek is oor die persoon – die outjie – wat vir Hans Ras gesê het iemand in hulle vriendekring is ŉ misdadiger," antwoord Zimmer.

Kara knik haar kop en staan op.

"Goed."

Sy haal ŉ bos sleutels uit haar laai. "Kom ons gaan kyk."

Zimmer volg haar met ŉ lang gang af totdat sy by ŉ deur stop, dit oopsluit en by die vertrek ingaan. Binne is ŉ pakkamer vol rakke met stapels boeke, papiere en kartondose. Kara loop na ŉ kluis in die een hoek en gebruik twee verskillende sleutels om dit oop te sluit. Stelselmatig maak sy verskeie laaie oop en soek deur die inhoud. Eindelik sê sy met ŉ sug van verligting:

"Ditsem! Hier's dit!"

Sy wys vir hom ŉ dik boek met ŉ donkergroen omslag waarop in goud geskryf staan:

**2008 DIARY**
**H. RAS**
**Chief Executive Officer**
**Cape Pre-cast Construction**

Sy gee die boek vir Zimmer en begin weer alles bêre. Zimmer blaai deur die dagboek. Die vyf laaste maande is feitlik leeg, maar die eerste sewe maande is vol geskryf in ŉ ongewone handskrif wat amper onleesbaar is.

Hy soek rond en maak die dagboek oop op Vrydag, 18 Julie 2008. Voordat hy kan lees wat daar staan, sê Kara:

"Kom ons gaan kantoor toe. Daar kan ons beter sien."

Hulle stap terug kantoor toe. Kara gaan sit agter haar lessenaar en Zimmer oorkant haar. Kara blaai na die bladsy van Vrydag, 18 Julie. Stadig trek sy haar vinger vanaf die boonste inskrywing tot by die onderste. Sy skud haar kop.

"Niks hier van ŉ gesprek met enige werker nie. Net met die voorman van Section 23. Als tegnies."

Op 17 Julie is daar minder inskrywings. Sy gaan deur die lys. Haar vinger stop op ŉ item.

"Hier is die naam van ŉ werker. Bashier. Nou onthou ek. Kêrel het kort rukkie hier gewerk."

"Jy bedoel hy werk nie meer hier nie?"

"Nee. Hy's lankal weg."

Sy wys na ŉ reël waarop geskryf staan: *Bashier bring bewys. R200.*

"Wat beteken dit?" vra Zimmer.

Kara trek haar skouers op.

“Ek weet nie. Bashier het blykbaar vir Hans Ras kom sien. Dis so lank terug. Ek kan nie onthou nie.”

“Miskien was hy die werker wat vir Hans Ras gesê het iemand wat Hans Ras goed ken, is ŉ misdadiger,” sê Zimmer.

Kara blaai terug in die dagboek na Woensdag, 16 Julie. Sy druk haar vinger op ŉ inskrywing – “*Kara siekverlof*”.

“O ja,” sê sy. “Nou onthou ek. Ek was die Woensdag afwesig. Moes X-strale laat neem.”

“Volgens Craig Bantjies se verslag van twee jaar gelede het Hans Ras se sekretaresse gesê daar was ŉ bakleiery tussen twee werkers op daardie Woensdag,” sê Zimmer.

Kara se vinger gaan stadig deur die items in Hans Ras se handskrif op Woensdag, 16 Julie. Haar vinger stop by drie-uur namiddag op die woorde: *Bashier en Vic baklei. Volg môre op.*

“Hier is Bashier se naam weer!” roep sy uit. “Een van die bakleiers.”

Sy kyk weer na die inskrywing op die volgende dag, 17 Julie: *Bashier bring bewys. R200.*

“Werk Vic nog hier?” vra Zimmer.

“Ek glo nie,” sê Kara.

“Ons moet hierdie twee kêrels in die hande kry. Wat was Bashier se adres?”

“Ek sal by die personeelafdeling uitvind.”

Kara skakel ŉ nommer. Terwyl sy navrae by die personeel klerk doen, kyk Zimmer weer na die inskrywing*:* ‘Bashier bring bewys. R200’. Dit was op 17 Julie 2008, die dag toe Hans Ras vir Kara gesê het een van sy vriende is ŉ misdadiger. Is daar ŉ verband tussen hierdie opmerking van Hans Ras en die inskrywing dat Bashier ŉ bewys gebring het van R200? Miskien was dit twee uiteenlopende sake. Maar wat beteken die inskrywing? Watse bewys het Bashier gebring? Bewys van wat? ŉ Rybewys waarvoor Bashier R200 benodig? Bewys van Bashier se kwalifikasies? Of beteken die woorde ‘Bashier bring bewys. R200’ iets meer sinister?

Die enigste manier om antwoorde op hierdie vrae te kry is om vir Bashier te ondervra. Dit kan moeilik wees om hom op te spoor. Tog moet hulle alles in hulle vermoë doen. Hy kan heel moontlik lig werp op Hans Ras se verdwyning.

Kara plaas die telefoon neer en skryf iets op ŉ strokie.

“Die laaste dag wat Bashier hier gewerk het was op 18 Julie 2008,” kondig sy aan.

Zimmer knip sy oë ŉ paar keer.

“Dis die dag toe Hans Ras verdwyn het. Is dit toeval?”

Kara trek haar skouers op.

Sy gee die strokie vir Zimmer.

“Hierdie is die laaste adres en selfoonnommer wat ons personeel van Bashier Simon het.”

Zimmer neem die strokie en lees: Oliver Tambo Laan 36, Manenberg. Sel: 0824860047. Kara kyk hom afwagtend aan. Hy haal sy selfoon uit, tik Bashier se foonnommer daarop uit en hou die gehoorbuis teen sy oor. ʼn Stem sê: “The number you have called is no longer on the network.”

Zimmer breek die verbinding.

“Morsdood. Ek moet Manenberg toe gaan. Wat van Vic?”

Kara kyk weer na haar notaboek.

“Vic het hier gewerk tot 24 September 2008. Hier is sy adres en foonnommer,” sê sy en skryf iets op ʼn tweede strokie.

Zimmer vat die tweede strokie en bel daardie selfoon nommer ook. Geen antwoord nie.

“Wat maak hierdie outjies?” sê hy gesteurd. “Verander heeltyd nommers.”

Hy kyk na Vic se adres.

“Hy ook woon in Manenberg. Miskien was hulle lede van die Syndicate. Sê asseblief weer vir my presies wat Hans Ras vir jou gesê het oor ʼn misdadiger.”

“Hans Ras het gesê een van die outjies wat hier werk beweer dat ʼn sekere persoon wat Hans Ras goed ken ʼn misdadiger is. Hans Ras was geskok. Hy wou nie vir my sê wie die sogenaamde misdadiger was nie. Hy wou ook nie sê wie hom daarvan vertel het nie. Hy wou eers seker maak.”

“Wanneer het Hans Ras dit vir jou gesê?”

“Die dag voor hy verdwyn het. Donderdag,” antwoord Kara.

“Was dit voor of nadat hy vir Bashier gesien het?”

“Ek weet nie. Ek het nie eers geweet hy’t vir Bashier gesien nie. Ek is nie ʼn sekretaresse nie. Ek is produksiebestuurder.”

Zimmer staan op en druk die strokies in sy sak.

“Kara, baie dankie vir jou hulp. Uiteindelik voel ek of ons ʼn paar goeie leidrade het om op te volg.”

Hulle neem afskeid van mekaar en Zimmer klim in sy motor. Hy tik ʼn adres op die GPS en volg die aanwysings tot by die Gesinsgeweld Herstel-oord. Daar parkeer hy, klim

met die trappe op en gaan by die kantoor in. Binne is daar ʼn toonbank en verder weg ʼn ontvangsdame wat op ʼn rekenaar werk.

Sy kom nader om hom te help. Zimmer wys vir haar sy privaat speurder identifikasie kaart en vra haar uit oor die pakkie wat Charles Solomons die vorige dag daar kom haal het. Die dame lyk eers onwillig om die inligting te verskaf, maar nadat Zimmer verduidelik het dat hulle ondersoek instel oor ʼn diefstal in die omgewing, word sy meer inskiklik. Sy sê dit is ʼn pakkie Boswellia kapsules wat elke maand by die Herstel-oord afgelewer word deur die bode van ʼn homeopaat – dokter De Winter van die Strand. Die kapsules help vir artritis. Charles kom haal dit altyd vir sy ma wat in Manenberg woon. Elke maand wanneer die tablette arriveer, bel die ontvangsdame vir Charles en dan kom haal hy dit. Zimmer vra of hy die selfoonnommer van Charles mag kry. Die dame knip haar oë verbouereerd en skud haar kop. Nee. Jammer. Sy mag nie nommers uitgee nie.

Zimmer klim terug in sy wit Getz maar vertrek nie dadelik nie. Hy sit en dink aan al die leidrade wat Derek die vorige dag gevind het en bel vir Derek. Nadat hulle formaliteite uitgeruil het, vra hy hoe die ontleding van die forensiese bewyse vorder.

"Gister het ek die grondmonsters wat in Hans Ras se motor was, ontleed," antwoord Derek. "Intussen het Sarel die adresse gekry van almal in Gordonsbaai wat verdink word van Hans Ras se moord. Toe het hy na al hierdie mense se wonings gegaan en op elkeen se erf grondmonsters geneem. Vandag gaan ek die grond wat ons in Hans Ras se kar gekry het vergelyk met die monsters op die erwe. Hopelik kan ons dan uitvind of dit een van die verdagtes was wat die kar onder die bome versteek het, en indien wel, wie daardie persoon is."

"Hoe lank gaan dit neem om vas te stel?"

"Hopelik vandag nog. Sodra ek iets uitvind, laat weet ek vir Jolanda."

Hulle groet en lui af.

Zimmer ry in die rigting van die polisiekantoor om al die nuwe inligting aan Jolanda oor te dra. Dit sal natuurlik vinniger gaan om haar per telefoon in te lig, maar hy wil haar sien. Die begeerte is oorweldigend. Veral ná die skokkende ervaring met Buster. Wanneer hy aan daardie aanval dink, wissel sy gevoelens van koud na warm. Hulle noue ontkoming het iets gedoen aan sy selfbeeld en sy siening van die lewe. Ook oor Jolanda. Hulle kon nou albei in ʼn lykshuis gelê het. Styf, koud, dood. Hy dink oor dinge soos geloof en liefde, predestinasie en verganklikheid, lewe en dood. Dit was só amper. Dis asof hy en Jolanda binne ʼn paar sekondes ʼn hele sak sout saam opgeëet het. Hulle is nie meer dieselfde mense as wat hulle voor die tyd was nie.

Hy kan dit nie langer ontken nie: Jolanda is onweerstaanbaar. Uiterlik slaag hy daarin om onpersoonlik teenoor haar op te tree, maar innerlik spring sy gedagtes die hele tyd op ŉ glybaan na haar toe. Hy het selfs vannag van haar gedroom. Dit is glad nie hoe dinge veronderstel is om te wees nie. Hy het homself plegtig voorgeneem om haar soos ŉ blote kollega te behandel, maar hy word gedurig geteister met ŉ drang om by haar wees.

Terwyl hy vanaf Broadlands na Gordonsbaai toe ry, voel hy opgewonde.

Hou jouself in*,* maan hy homself. Sy gaan dink jy's van jou trollie af.

Toe hy voor die polisiestasie parkeer versnel sy hartklop. Binne-in hom is ŉ gevoel van iets goeds, iets positiefs. Diep asem hy die sout geur van die see in en loop by die polisie-stasie in. Hy vra om Jolanda te sien, en ŉ konstabel neem hom na waar sy tydelik in Majoor Landman se kantoor sit.

Jolanda sit agter die groot lessenaar en skryf. Gesteurd kyk sy op toe hy inkom. Hy gaan sit oorkant haar en bekyk haar. Volgens polisie reëls vir kleredrag op Vrydae dra sy haar seremoniële polisie-uniform – formele donkerblou baadjie met die goudkleurige polisie-wapen en twee sterre op elke epoulet, wit hemp met ŉ strik dassie, blou romp en die deftige hoed wat deel is van die formele drag van vroue polisie-lede.

"Jy lyk mooi," sê hy.

Sy maak of sy nie hoor nie.

"Wat het jy uitgevind by die Gesinsoord?" vra sy fronsend.

Hy vertel haar die nuus dat die vrou by die Gesinsgeweld Herstel-oord sê die pakkie wat Charles gaan haal het, bevat homeopatiese kapsules wat hy elke maand vir sy ma kom haal.

"Dis ŉ wolhaarstorie," sê Jolanda beslis. "Ek het uitgevind Charles Solomons is die leier van die Syndicate bende in Grassy Park. As sy ma pille benodig wat slegs hier verkrygbaar is, sal hy nie self kom nie. Hy sal een van sy bendelede stuur om dit te kom haal."

"Wat sou in die pakkie wees?"

"Dalk dwelms?" sê-vra sy.

"Ek twyfel. Groot bendes soos die Syndicate voer dwelms op groot skaal in per skip van die buiteland af, of vervaardig hulle self op groot maat. Hierdie storie is suspisieus."

"Ja. Maak nie sin nie."

"Miskien het dit niks te doen met Hans Ras se verdwyning nie," sê Zimmer.

Hy wonder waarom sy so koud en kortaf is.

"Het jy iets nuuts uitgevind by Kara?" vra sy.

“Jip.”

Hy vertel haar van die inskrywings in Hans Ras se dagboek – eers oor die bakleiery tussen Bashier en Vic, en die raaiselagtige nota op die dag daarna: “Bashier bring bewys. R200.”

“Jy sê daar was ŉ bakleiery tussen die twee outjies. Waaroor het hulle baklei?”

“Kara weet nie,” antwoord Zimmer gefrustreerd en staan op van sy stoel en beweeg rusteloos venster toe. “Op die dag van die bakleiery was sy afwesig. Sy het ook nie insae in Hans Ras se dagboek gehad toe Hans Ras nog gelewe het nie. Ná sy verdwyning was sy kantoor lank toegesluit. Kara sê Craig het deur Hans Ras se persoonlike besittings in die kantoor gegaan maar niks van belang gekry nie. Daarna het sy Hans Ras se besittings toegesluit ingeval die polisie dit benodig.”

“Dus is jy die eerste persoon in twee jaar wat daarna kyk?”

“Blykbaar.”

“Hoe kon Craig dit mis kyk?” vra Jolanda vererg.

“Ek neem hom nie kwalik nie. Hans Ras se handskrif is onleesbaar. Net Kara kan dit lees.”

Daar is ŉ kort stilte voordat Jolanda sug en sê:

“O ja, nou onthou ek. Sy handskrif wás onleesbaar.”

Zimmer hoor skaars. Met brandende oë staar hy na haar.

“Wel!” gaan sy ernstig voort. “Dalk het ons hier ŉ deurbraak. Blykbaar het een van die bakleiende outjies vir Hans Ras vertel ŉ vriend van hom is ŉ misdadiger. Moontlik is hierdie persoon die moordenaar. Ons móét hom vind.”

“Ja. Ek het lus om dadelik in Manenberg na hierdie ouens te gaan soek.”

“Nie nodig nie. Gee my hulle adresse. Ek sal die Manenberg polisie vra om die ouens by hulle huise te gaan soek. As hulle gevind word, kan ons reël dat hulle hierheen gebring word vir ondervraging.”

Zimmer gee die adresse vir Jolanda.

“Hoe laat verwag Leo en Santa jou?” vra Jolanda.

Zimmer kyk op sy horlosie: tien oor elf.

“Om en by twee-uur,” sê hy.

“Sê asseblief vir Santa daar gaan nog twee ekstra persone vanaand wees – Hans Ras se stiefsuster en haar man – Veronica en Chris Webster. Ek het hulle ook genooi om vanaand daar te wees.”

“Waarom?”

"Hulle is verdagtes, " antwoord Jolanda.

Sy maak haar oë toe en leun agtertoe in Landman se groot draaistoel. Sy kyk uitdagend na hom. Dis ŉ oomblik van waarheid. Hulle staar diep in mekaar oë. Zimmer se hart gaan wild aan die klop. ŉ Onweerstaanbare drang om haar te omhels neem besit van hom.

Hy byt op sy lippe. Driftig staan hy op en druk sy hande in sy sakke. Soos ŉ vasgekeerde dier begin hy heen en weer voor haar haar lessenaar loop terwyl hy alles in sy vermoë doen om sy emosies onder beheer te kry. Haar oë volg hom.

Rusteloos gaan sit hy weer. Sonder om na Jolanda te kyk, vra hy:

"Behoort hierdie mense ook aan die musiekgroep?"

"Nee, maar hulle is hoof-verdagtes. Ek dink hulle het die sterkste motief van almal. Geld. As Hans Ras dood is, erf Veronica twee miljoen rand ekstra wanneer haar pa doodgaan. En hulle het geld dringend nodig. Chris gaan binnekort sy werk verloor. Dan sit hulle op straat. Hy's ŉ snaakse man. Het ŉ wrok teen die wêreld. Ergste van alles is: op die aand toe Hans Ras verdwyn het, was Chris nie tuis nie."

Zimmer kyk hoe Jolanda deur die lêer blaai, haar mond effens oop. Haastig kyk hy weg. Hy forseer homself om op die onderwerp van die gesprek te konsentreer.

"Waar was hy?" vra hy.

"Hy sê hy was by ŉ vergadering van die Vrymesselaars, maar ons kon geen bevestiging kry nie," antwoord sy sonder om op te kyk.

Zimmer se voorneme om sy afstand te hou is besig om te verkrummel. Nog nooit het hy haar so begeer soos op hierdie oomblik nie. Hy byt op sy tande.

"Goed. Ek sal vir Santa sê daar kom nog twee mense, maar ek kan nie verstaan waarom *ek* met Leo en Santa moet gaan praat nie, " sê hy skerp.

Jolanda kyk hom verbaas aan.

"Hulle is die enigste lede van die groep wat nog nie ondervra is nie. As die ander mense agterkom dat almal behalwe Leo en Santa ondervra is, kan hulle kapsie maak. Moenie so bekommerd lyk nie," sê sy geamuseerd. "Dis ŉ blote formaliteit! Vra vir Leo uit oor sy lewe. Hy praat graag daaroor. Vra vir hulle wat die aand van Hans Ras se verdwyning gebeur het. Dalk weet hulle iets wat ons nie weet nie."

Zimmer frons en skud sy kop.

"Moenie so bekommerd wees nie," sê Jolanda en begin lag. "Dis net ŉ formaliteit."

Skielik vererg Zimmer hom bloedig. Dis asof daar ŉ sirene in sy kop afgaan. Hy loop vinnig terug lessenaar toe, gaan staan oorkant haar en druk sy handpalms plat op die lessenaar. Hy leun vorentoe sodat hulle gesigte naby mekaar is.

"Wat jy nie verstaan nie, Jolanda, is dat ek hierdie twee mense van geen kant af ken nie," sê hy driftig. "Ek weet nie wat om te sê nie. Ek weet nie wat om te vra nie. Dis sewe jaar sedert ek polisiewerk gedoen het. Ja! Ek hét hulle ontmoet, maar dit was kort. Nou moet ek met hulle ŉ helse lang onderhoud gaan voer. Hoe doen ek dit? Ek weet nie. En as ek jou vra, dan sit jy en lag."

Jolanda kyk geskok op in sy gesig. Twee rooi kolle verskyn op haar wange.

"Zimmer? Wat gaan aan met jou?"

Hy staan ŉ paar sekondes in stilte en staar na haar voordat hy sy hande van die lessenaar af lig en regop staan.

"Nog ŉ ding wat jy nie verstaan nie is dat al hierdie mense vir my totaal onbekend is," gaan hy halsstarrig voort. "Jy en Craig praat oor hierdie verdagte en daardie verdagte terwyl ek nie die vaagste benul het hoe enige van hulle lyk nie. Wie's hulle? Julle kon my ten minste aan hulle voorgestel het. Vir my is hulle net name. Vanaand gaan ek hulle vir die eerste keer ontmoet. Ek gaan ŉ totale gek van myself maak want ek weet nie wie is wie nie!"

Stadig staan Jolanda op sodat hulle gesigte nader aan mekaar is. Daar is ŉ mengelmoes van emosies op haar gesig – aan die een kant kalmte, konsiderasie en erns, en aan die ander kant skok en verbasing.

Sy kyk hom vas in die oë.

"Ek is jammer," sê sy fronsend. "Ek moes jou al lankal aan al die verdagtes voorgestel het. Ek het nie besef hoe frustrerend dit vir jou is as ons oor al hierdie mense praat en jy ken hulle nie. Maar, aan die ander kant – wat maak dit saak? Jou hart is duidelik nie meer in hierdie ondersoek nie."

"Hoe kan jy so sê?"

"Dis nie wat *ek* sê nie. Dis wat *jy* sê. Jy wil terug Durban toe."

"As die moord opgelos is. Nie nou nie," sê Zimmer.

"So? Dit gaan als oor die moord."

"Dit gaan oor my erewoord."

"Erewoord? Moenie my laat lag nie," sê sy.

"Wat bedoel jy?"

"Jy hét nie ŉ erewoord nie."

"Hoe kan jy só sê?" vra hy gebelgd.

“Een oomblik is ek onweerstaanbaar. Die volgende oomblik wil jy net van my af wegkom.”

“Jolanda, jy verstaan nie!”

Sy hart klop onstuimig.

“Ek verstaan maar net al te goed. Jy’s ’n opportunis wat nie kans sien vir ’n vaste verhouding nie en net orals rondloop op soek na ’n los gelukkie. En noudat jy dit nie by my kry nie, nou -- ”

Zimmer voel of daar ’n dam iewers in hom breek. ’n Vloedgolf van gevoelens oorweldig hom. Hy gee drie lang treë tot agter die lessenaar, neem haar in sy arms en plant sy lippe op haar mond.

Eers is daar geen reaksie van haar kant nie. Sy probeer hom wegdruk, maar hy hou haar styf vas totdat sy ophou om weerstand te bied. Haar arms kruip om sy lyf en sy begin hom terug soen. Die soen hou aan en aan. Dit voel asof hulle die enigste twee mense op aarde is. Hy voel hoe haar liggaamshitte in hom insypel, die tippie van haar tong teen sy lippe roer.

Met ’n dowwe plof val haar hoed van haar kop af op die vloer. Hulle hou nie op met soen nie. Eindelik stoot sy hom weg. Hulle kyk in mekaar se oë en begin lag. Laggend staan hulle in ’n omhelsing totdat sy met gloeiende wange van hom af wegbeweeg.

’n Paar oomblikke staar sy hom aan in hulpelose verbystering.

Sy trek haar asem in om te praat, maar voordat sy iets kan sê, lui die telefoon.

Half uitasem tel sy die gehoorbuis op. Hy luister hoe sy met moeite praat oor ’n verslag wat ingedien moet word. Roerloos staan hy in ’n euforiese toestand. Toe sien hy die hoed op die vloer lê. Glimlaggend tel hy dit op, plaas dit terug op haar kop en gaan staan by die venster.

Toe sy klaar gepraat het, sit sy die gehoorbuis terug op die mikkie. Met twee lang treë is Zimmer by haar.

“Jy verstaan nie,” sê hy koorsagtig. “Ek is nie ’n opportunis nie. Ek is mal oor jou. Maak nie saak wat ek doen om dit te keer nie, dit word net erger en erger. Elke dag word ek meer verlief op jou. En toe jy netnou sê – ”

“Stop! Stop! Stop!” sê Jolanda paniekerig en kyk na die deur. Sy hou haar hande in die lug. “Hierdie is die verkeerde tyd en die verkeerde plek. Iemand kan enige oomblik hier inkom. Ek is op diens. Jammer! Ek het my kop verloor! Ons kan later daaroor praat.”

Verbouereerd gaan sit sy agter die lessenaar. Hy gaan sit op die stoel oorkant haar en staar stip na haar.

Sy neem ’n vel papier, skryf ’n paar frases daarop en gee dit vir hom.

"Hier is ŉ paar vrae wat jy vir Leo en Santa kan vra."

Hy neem die papier by haar.

"Dankie."

Hy probeer oogkontak met haar maak, maar sy kyk weg. Sy open haar aktetas en haal die diktafoon uit. Sy vervang die gebruikte klankband in die diktafoon met ŉ nuwe een.

Zimmer staar na haar. Sy gedagtes is in ŉ warboel. Hy is kwaad – kwaad vir haar, kwaad vir homself. Alles loop verkeerd. Wat het hom besiel om haar op hierdie onmoontlike plek te soen? Was hy van sy kop af? Romantiese dinge soos hierdie doen ŉ mens in ŉ omgewing van maanskyn en rose, musiek op die agtergrond. Verdomp. Hy het hom soos ŉ barbaar gedra. Haar sommer gegryp. Hy kan homself skop.

En tog, as hy terug dink – die herinnering. Dit was salig. Aardskuddend.

Jammer dit was so kort.

Sy oorhandig die diktafoon sonder om na hom te kyk.

"Weet jy hoe om dit gebruik?" vra sy.

Zimmer druk ŉ paar knoppies op die diktafoon.

"Jip."

"Gaaf. Neem jou gesprek met Leo en Santa daarmee op. Dan luister ons later saam daarna."

"Wanneer?"

Steeds kyk sy weg. Hy voel kwaad. Sy behandel hom soos ŉ bode van die hof. En dit nadat ...

"Vanmiddag," antwoord sy. "Ek sal jou laat weet. Ek het baie voorbereiding om te doen vir vanaand."

Hy weet hy moet iets sê maar hy sukkel om woorde te vind.

"Asseblief, Jolanda. Prááť met my."

Uiteindelik kyk sy na hom. Haar mond is styf, haar oë koud.

"Ek weet nie wat om vir jou te sê nie," sê sy kortaf.

"Is jy kwaad vir my?"

Sy sug en maak haar oë toe.

"Ek wil nie nou daaroor praat nie."

Hy kan die gedoef-doef van sy hart in sy ribbekas hoor.

"Hoekom? Wat is verkeerd?" vra hy.

Sy maak haar oë weer oop, kyk hom ondersoekend aan en sug.

"Ons het nie nou tyd nie. Môre is nog ŉ dag."

“Wat pla jou?” vra hy.

Vir etlike sekondes staar sy na hom sonder om te praat.

“*Jy* pla my,” sê sy skielik kwaad. “Jou aand en môrepraatjies kom nie ooreen nie.”

“Wat bedoel jy?”

“Eers kon jy jou oë nie van my afhou nie. Kastig rasend verlief,” sê sy sarkasties.

“Ek is nog steeds!”

“Toe ondergaan jy ’n metamorfose. Onverwags is jy haastig huis toe. Kan nie wag om van my af weg te kom nie. Wil terug Durban toe so gou moontlik. En nou? Nou wil jy skielik in my bed klim. Wat gaan aan met jou, Zimmer?”

“Ek is nie veronderstel om vir jou te sê nie, maar ek gaan. Derek het my gewaarsku dat ek nie ’n verhouding met jou moet begin nie. ‘Moenie met haar speel nie’ het hy gesê. Hy sê jy’t genoeg swaar gekry as gevolg van Hans Ras se verdwyning. Hy sê ek moet my afstand hou. Maar ek kán nie. Ek het hard probeer, maar ek kán nie. Ek het selfs vir jou gesê ek wil teruggaan Durban toe, maar dit werk nie. Elke dag word ek net meer en meer verlief op jou. Dit maak my stapelgek. Alles omdat jou kollegas bekommerd is oor jou.”

Hulle kyk in mekaar se oë – vier sekondes, ses sekondes, agt sekondes. . .

Zimmer sê vir homself om kalm te bly. Hy kan dit nie bekostig om haar weer kwaad te maak nie.

Jolanda breek eerste oogkontak. Sy kyk na die papiere voor haar op die lessenaar.

“Dankie dat jy my gesê het,” sê sy skor. “Ek het tyd nodig om dit verwerk. Gee my kans tot môre toe. Dan praat ons weer hieroor.”

“Ek is jammer as ek iets verkeerd gedoen het,” sê Zimmer pleitend. “Ek is lief vir jou, Jolanda. Jy glo my nie. Ek weet. Ek het ’n moerse flop gemaak van die hele ding. Toe Derek vir my gesê het ek moet – ”

Jolanda staan op. Sy kyk hom vas in die oë.

“Asseblief. Ons praat later. Ek móét nou werk. Kom half-vier terug dan vertel jy my van jou onderhoud met die De la Portes. Ek het ontsettend baie werk om te doen.”

Zimmer staan op.

“Goed. Ek sien jou drie uur,” sê hy styf.

Hy loop na die deur, gaan uit, maak die deur saggies agter hom toe, stap by die polisiekantoor uit en gaan sit in sy motor. Hy kyk op sy horlosie: tien oor twaalf. Nog amper twee ure voordat hy by die De la Portes moet wees. Intussen moet hy wat doen? Iets kry om hom besig te hou tot tyd en wyl hy haar weer kan sien. Anders word hy gek. Oor en oor

herleef hy die verruklike ervaring toe Jolanda in sy arms was – haar warmte teen sy lyf, haar gretige lippe op syne.

Met mening stoot hy die herinnering uit sy kop. Hy kan en sal aan iets anders moet dink. Iets doen wat haar sal beïndruk. Soos Middeleeuse ridders moes doen – ŉ reeks moeilike en gevaarlike dade suksesvol uitvoer voordat hulle die guns van ŉ beeldskone dame kon wen.

Maar wat?

Stadig vorm daar ŉ idee in sy kop.

"Fokus op die ondersoek. Dalk beïndruk jy haar."

Hy sug. In hierdie ondersoek is daar baie cul-de-sacs.

Hy weet van minstens twee raaisels wat hy kan probeer oplos. Met sy skootrekenaar onder sy arm klim hy uit die motor en loop na ŉ teekamer in die nabyheid. Nadat hy homself by ŉ tafel tuisgemaak en koffie bestel het, skakel hy die rekenaar aan. By Google tik hy in "Cape Town Telephone numbers", en toe die skerm van die telefoongids verskyn, tik hy in: "De Winter". ŉ Lang lys De Wets kom op, en daaronder ŉ soortgelyke lys De Wits, maar daar is geen enkele De Winter nie. Van daar gaan hy na die Geelbladsye en tik in: "*homeopaths – Cape Town*". Op die skerm verskyn ŉ hele lys van homeopate en natuurlike genesers in Kaapstad. Hy gaan deur die lys. Geeneen van hulle is in Gordonsbaai of die Strand nie. Daar is ook nie ŉ De Winter nie.

Die pakkie wat Charles Solomons elke maand by die Gesinsgeweld Herstel-oord gaan haal, kom dus nie van ŉ homeopaat af nie.

Waarvandaan kom dit? dink hy. Dis blykbaar iets waardevols. Wat is in die pakkie? ŉ Vername bendebaas soos Charles Solomons sal nie eenmaal per maand al die pad van Manenberg na Gordonsbaai toe kom om ŉ pakkie te kom haal nie, tensy dit iets belangriks is. Boonop het Jolanda gesê dat Charles eers ŉ ruk by Gordonsbaai se strand gewag het voordat hy na Broadlands gery het. Vir wie het hy gewag? Wat was so belangrik? Met wie het Charles op sy selfoon gepraat voordat hy die pakkie gaan haal het?

Op al hierdie vrae aan homself kry hy geen antwoorde nie.

Hy besluit om die tweede raaisel te ondersoek. Weer eens gaan hy na Google en tik in: *gun shops in Cape Town*. Binne ŉ minuut verskyn ŉ lys van ses-en-twintig wapenwinkels. Hy gaan deur die lys totdat hy een kry wat in die Strand is. Hy maak nog ŉ webwerf oop en kry pad-aanwysings wat aantoon hoe hy vanaf Gordonsbaai by die wapenwinkel in die Strand kan uitkom.

Tevrede drink hy sy laaste slukkie koffie, betaal sy rekening en loop haastig terug na die wit Getz. Voordat hy vertrek, bel hy gou vir Rory om te hoor hoe laat hy die volgende dag met Zimmer se kar in Gordonsbaai sal wees. Rory sê hy hoop om oor drie ure te vertrek, op Oos-Londen te oornag en die volgende dag teen sonsondergang in Gordonsbaai te wees.

Zimmer lui af. Hy wens Rory kon vanaand al hier wees. Hy sou die samekoms by die De la Portes geniet het.

ʼn Paar minute later is hy op pad na die Strand om die wapenwinkel te besoek. Hy vind die plek en parkeer die motor. Die deur van die winkel is toe. Hy druk die deurklokkie. Die deur se slot spring oop en hy stap in. Nuuskierig bekyk hy die plek. Hy was jare laas in ʼn wapenwinkel. Daar is geen wapens te sien behalwe een pistool in ʼn kartondoos op die toonbank plus twee ander pistole in die hande van twee kliënte wat besig is om die pistole van alle kante te besigtig onder die wakende oë van drie verkoopsmanne. Teen die mure is daar groot foto's van vuurwapens te sien. Verder bestaan die hele winkel feitlik net uit ʼn lang, hoë toonbank waaragter die verkoopsmanne met kliënte kan gesels.

Een verkoopsman kom na Zimmer en vra of hy hom kan help.

Zimmer wys vir die man sy speurder-identifikasiekaart en verduidelik dat hy inligting soek. Hy beskryf die toestand waarin die forensiese span die binnekant van Hans Ras se kar gevind het: geen tekens dat ʼn vuurwapen gebruik is nie en geen tekens van bloed nie. Daar is egter tekens dat die motor se eienaar uit die motor uitgesleep is terwyl hy dood of bewusteloos was aangesien poliëster-draadjies en die vesels van ʼn grys langbroek op die deur se drumpel gevind is. So iets kan gebeur wanneer ʼn lyk uit die kar oor die drumpel gesleep is.

"So – waarmee kan ek help?" vra die verkoopsman.

"My vraag is: watse wapen kon die moordenaar gebruik het om die bestuurder van die kar te vermoor sonder om enige teken van koeëls of bloed in die kar agter te laat?"

"As dit ʼn hoë kar was en die bestuurder se venster was oop kon ʼn sterk man die bestuurder met een hou bewusteloos geslaan het."

"Dis nie ʼn hoë kar nie. Dis ʼn sportmotor. Lae dak."

Die verkoopsman skud sy kop.

"Is julle seker hy was dood toe hy uitgesleep is?" vra hy.

"Nee, maar die slagoffer was ʼn sterk, gesonde jongman. Hy sou definitief weerstand gebied het as iemand hom aangeval het."

"Ek vra of hy dóód was, want die enigste wapen wat ek ken wat geen koeëlmerk of bloed los nie, is ʼn Tazer."

Zimmer knik sy kop.

"Presies wat ek gedink het."

"Ja, maar onthou ŉ Tazer maak nie ŉ mens dood nie, net bewusteloos," sê die verkoopsman.

"Vir hoe lank?"

"Twee of drie minute. Hang af hoe sterk die Tazer se stroom is. Party van hulle kan iemand uitsit vir ses of sewe minute."

"Ek het van die toestel gehoor, maar nog nie gesien nie," sê Zimmer.

"Wag, ek wys jou. Daar's verskeie soorte."

Die man buk agter die toonbank weg. Hy kom te voorskyn met ŉ apparaat wat soos ŉ kort sambok lyk.

Zimmer tel dit op en bestudeer dit. Dis ŉ dik, swart staaf wat omtrent vyf-en-twintig sentimeter lank is. Op die een punt steek twee silwerkleurige puntjies uit en op die handvatsel is ŉ rooi skakelaar. Zimmer druk die skakelaar. Vuurvonke spat by die silwer punte uit.

Hy besigtig die Tazer en eksperimenteer nog ŉ paar keer.

Die verkoopsman buk weer agter die toonbank in en plaas ŉ selfoon op die toonbank.

"Hier is nog een," sê hy. "In die vorm van ŉ selfoon. Baie populêr. Sy stroom is nie so sterk soos hierdie ander een nie, maar as jy dit aanskakel en die voorpunt teen ŉ aanvaller druk, sal die ou sy bewussyn verloor vir minstens drie of vier minute."

Zimmer neem die apparaat en bekyk dit van alle kante. Dit lyk beslis soos ŉ selfoon. Die omhulsel is swart en die voorkant silwerkleurig. In die venstertjie is ŉ verligte foto van ŉ natuurtoneel en die toetsbord is silwer. Slegs as ŉ mens die letters en kontrole probeer gebruik, kom jy agter dis ŉ namaaksel. ŉ Mens moet baie noukeurig na die onderste rand van die toestel kyk om die twee klein kragpuntjies te sien.

Die verkoopsman wys vir Zimmer hoe om die skakelaar aan die kant van die selfoon te druk. Zimmer vat die apparaat, skakel dit aan en kyk gefassineerd hoe die vonke spat en raas.

"Dankie," sê hy en gee die apparaat terug. "Ek koop dit."

# HOOFSTUK 15

Jolanda sit op Landman se groot draaistoel en staar na die plafon. Dis goed dat Zimmer uit haar kantoor is. In haar geestesoog is daar ŉ helder beeld van sy gesig – half-kwaad, half verleë. Sy besef nou dat daar ŉ hewige stryd in sy binneste is tussen sy verliefdheid op haar en sy sorgelose jongmansbestaan in Durban. Sy verstaan nou sy wisselvallige optrede teenoor haar. Agter sy fassade van manlike daadwerklikheid is hy lomp en kwesbaar. Tog, basies – opreg.

Sy wens haar pa was hier. Hy weet hoe om die optrede van mans te verklaar wanneer die magnetiese magte van vroue hulle verwar. Haar pa is nie self ŉ chauvinis nie, maar hy sou vir haar kon verduidelik waarom Zimmer, wat in alle ander opsigte ŉ rasionele en betroubare man is, die kluts kwyt geraak het toe Derek hom gewaarsku het om sy afstand teenoor Jolanda te bewaar. Derek wou Jolanda beskerm teen verdere pyn, hartseer en verdriet, maar sy optrede was verkeerd. Dit was manipulasie. Hoekom het Derek nie liewer met haar, Jolanda, kom praat nie? Dit wys hoe swak hy haar ken. Dit is nou absoluut tipies van die meeste mans. Volgens hulle kan vrouens nie na hulleself kyk nie. Hulle het ŉ man nodig om hulle op die regte spoor te hou en te "beskerm". Hierdie chauvinistiese optrede van Derek het so ŉ fel tweestryd in Zimmer laat ontketen dat hy ŉ ruk lank totaal irrasioneel was.

Nou het hy tot sy sinne gekom. Of het hy? Die passievolle omhelsing en soen het haar onkant gevang. Dit was ŉ growwe oortreding van die reëls van die Suid-Afrikaanse Polisie en sy moes dit nie toegelaat het nie. Dit was ŉ fout. Sy moes nie saamgespeel het nie. Waarom het sy?

Oomblik van swakheid.

Haar kop draai steeds. Wat het haar besiel?

Sy was van haar sinne af. Natuurlik wou sy dit hê. Natuurlik droom sy al dae lank dat hy dit sal doen. Nogtans moes sy dit nie gedoen het nie. Hy het haar onkant betrap. Veral nadat hulle albei so plegtig besluit het om dinge vriendskaplik te hou. Die ergste van alles was dat sy op diens was toe die *faux pas* plaasgevind het. Reg in die middel van die polisiestasie. En dit op die eerste dag wat sy in bevel van die stasie is. Nee. Nee. Dit moes nie gebeur het nie.

Die herinnering laat haar hart vinniger klop. Haar borste pyn. Wat ŉ ruimtereis.

Sy bal haar vuiste en stamp hulle vererg op die lessenaar.

Stop. Stop die bus.

Sy moet konsentreer op haar werk. Daar is dosyne dinge om te doen: statistieke, hofsake, diensroosters, ensovoorts.

Sy sal voorbereiding moet doen vir vanaand se vergadering by die De la Portes. Dis ingewikkeld. Watse voorbereiding kan sy doen as sy nie ŉ benul het watter mens of mense vir Hans Ras vermoor het nie? Ten spyte van al die soektogte, onderhoude, bespiegelings en vergaderings het sy geen duidelike bewyse wat sy kan verbind aan ŉ spesifieke persoon nie. Wat gaan sy sê?

Die belangrikste leidraad wat die polisie van die begin af gehad het, en nog steeds het, is Hans Ras se woorde: “Iemand wat ons ken is betrokke in misdaad”. Sy sal nooit vergeet hoe verslae hy geklink het toe hy hierdie woorde per telefoon gesê het nie. Hy was baie seker van sy saak. Dit moes beslis iemand gewees het wat hy en sy albei goed ken. Wie? Blykbaar een van die lede van die musiekgroep, want dit is waar Hans Ras die laaste keer lewendig gesien is.

Skielik byt sy op haar lippe. Sy dink aan die laaste keer toe sy vir Hans Ras gesien het – twee jaar gelede toe sy van die huis af vertrek het om na haar ouers se plaas te gaan. Hy wou baie graag saamgaan. Het hy maar! Ongelukkig kon hy nie wegkom nie. Sy onthou hoe hy in die straat gestaan en waai het totdat sy om die draai was. Hy het hartseer gelyk. Het hy ŉ voorgevoel gehad?

Soms voel sy asof sy heeltemal van haar verlies herstel het, maar dan kom daar oomblikke soos hierdie wanneer sy besef: die pyn is nog daar.

Sy onderdruk die gevoel. Forseer haarself om aan iets anders te dink.

Die twee verdagtes bo aan haar lys van moontlike moordenaars is Ben en Chris. Sy het geen definitiewe bewyse dat een van hulle die moord gepleeg het nie, maar albei van hulle het ŉ aggressiewe streep. Albei kan waarskynlik moord pleeg as hulle uitgelok word, maar dis ŉ suiwer subjektiewe oordeel van haar kant af. Onwetenskaplik. Die feit dat sy nie van Ben en Chris hou nie, maak nie moordenaars van hulle nie.

Wat van die ander verdagtes? Dis algemene kennis dat mense hulle swak, immorele eienskappe verbloem en hulle goeie eienskappe tentoonstel. Dus kon enige verdagte vir Hans Ras vermoor het.

Dink byvoorbeeld aan Otto. Sy was verbaas toe Craig hulle vertel het dat Otto ŉ losbandige streep het waarvan die meeste van sy familie en vriende niks weet nie. Dalk het Hans Ras te hore gekom van ŉ skandaal in Otto se verlede wat, indien dit rugbaar word, kon veroorsaak dat Otto se kleremaker-besigheid ten gronde gaan. Toe vermoor hy vir Hans Ras.

Net so kon Bongi die moord gepleeg het uit woede oor Hans Ras se neerhalende houding teenoor hom en ander swart mense. Bongi is ŉ bekende man maar baie beroemde mense het al onder die druk van hulle emosies moord gepleeg – Ben Jonson, Ted Kennedy, Sid Vicious, O. J. Simpson en ander. Dis nie onmoontlik dat Bongi dit kon doen nie.

Die enigste man in die musiekgroep wat definitief *nie* vir Hans Ras kon vermoor het nie, is Leo de la Porte. Hy het beslis nie die liggaamskrag en mobiliteit om so ŉ ingewikkelde moord te pleeg nie.

Wat van die vroulike verdagtes? Teoreties kon enigeen van hulle vir Hans Ras vermoor het, maar met almal van hulle het hy baie goed klaargekom, selfs met Asanda. Hy het soms so lekker met Lucille en Santa gesels dat Jolanda jaloers was. Nietemin, mens moet realisties wees. Dit *is* moontlik dat een van die vrouens hom vermoor het. Santa het beslis die regte postuur om ŉ middelmatig-geboude man soos Hans Ras te oorweldig. Maar wat kon haar motief wees? Niks. Sy en Leo was jarelank hegte vriende van Hans Ras. Hulle is steeds in skok oor sy verdwyning.

Dan is daar Lucille. Kon sy dalk vir Hans Ras vermoor het? Nee. Te saggeaard. Die enigste manier waarop Lucille betrokke kon wees in die moord is indien Ben haar gedwing het om hom te help, maar selfs dít is vergesog.

Verder is daar Asanda – ŉ vrou met ŉ natuurlike empatie vir alle mense wat sy teëkom en besig is met haar Meestersgraad in Maatskaplike Werk. Sy en Jolanda is hegte vriendinne. Asanda het beslis nie vir Hans Ras vermoor nie.

Dan is daar Veronica Webster, Hans Ras se stiefsuster. Veronica is die enigste vroulike verdagte wat ŉ sterk motief gehad het om Hans Ras te vermoor: twee miljoen rand. Sou sy? Nie onmoontlik nie, maar die idee is makaber. Sy het per slot van sake vir Hans Ras help grootmaak.

Die enigste ander vrou wat die moord kon gepleeg het – teoreties gesproke – is Kara Texeira, maar dit is uiters onwaarskynlik. Kara het die grond aanbid waarop Hans Ras geloop het, en daar is nie ŉ sweempie wreedheid in haar nie.

Ingedagte loop Jolanda in die kantoor rond. Sy gaan staan by die venster en kyk uit.

Dit maak nie saak uit watter hoek sy na Hans Ras se verdwyning kyk nie, dis ingewikkeld. Die feit is – Hans Ras is dood. Sy gaan hom nooit weer sien nie. Nie alleen sukkel sy steeds om haar verlies te verwerk nie, maar boonop is daar die nimmereindigende soektog na wie en wat vir sy verdwyning verantwoordelik is. Gaan daar ooit ŉ einde aan kom? Sy het gedink hulle sou teen hierdie tyd lankal die moordenaar gevind het, sodat sy weer met haar lewe kan aangaan, maar dit gebeur nie.

Die moontlikheid bestaan dat Hans Ras se dood ŉ lukrake moord was. Miskien is hy per ongeluk dood omdat hy getref is deur ŉ verdwaalde koeël of deur ŉ verbygaande motor. Dalk is hy geskiet deur ŉ jeugmisdadiger wat moes bewys dat hy iemand kan doodmaak voordat hy lid van ŉ bepaalde bende kon word. Sulke dinge gebeur. In scenario's soos hierdie kon die skuldige persoon bang gewees het vir reperkussies. Paniekbevange kon hy die lyk sowel as die motor iewers gaan versteek het – waarskynlik in ŉ motorhuis – totdat hy ŉ geskikte plek kon vind om van die lyk sowel as die motor ontslae te raak.

Maar as Hans Ras op een van hierdie maniere vermoor is, dan ontstaan daar ŉ hele klomp nuwe vrae: Waarom is die lyk nie naby die kar nie? Hoe het dit gebeur dat George Filmer die kar om eenuur die nag van Hans Ras se verdwyning op die Rooiels-pad gesien het? Hoekom is die kar op so ŉ goed-uitgesoekte plek versteek? Waarom is daar geen vingerafdrukke op die stuurwiel nie? Wat doen die urine op die kar se sitplek?

Hoe meer Jolanda oor die saak dink, hoe meer lyk dit of die moordenaar van Hans Ras ŉ uitgeslape toneelspeler is – iemand wat onbeskroomd in die gemeenskap rondbeweeg en openlik met Gordonsbaai se mense sosialiseer. Hierdie misdaad is beplan. Deeglik beplan. Dit was nie ŉ passie-van-die-oomblik moord nie. Dis gepleeg deur ŉ baie slim en geslepe persoon.

Haar telefoon lui. Dis Sersant Nxesi van Manenberg Polisiestasie.

"Ons kan nou terugrapporteer oor julle navraag oor die twee eks-werkers van *Cape Pre-cast Construction."*

"Dankie, Sersant. Het julle iets uitgevind?"

"Ja. Vic Salie se ouers woon nog by dieselfde adres as wat julle ons gegee het. Ons het met sy pa gepraat."

"Wat sê die pa?"

"Vic is twee jaar gelede doodgeskiet."

"Deur wie?" vra Jolanda.

"Lede van die Jack Knives. Vic se pa sê hulle het nie eers geweet Vic was lid van die Syndicate nie. Hulle het maar net een aand tyding gekry daar was ŉ skietery en Vic lê dood in die straat."

"Shame."

"Ja. Toe die pa by die plek kom, kry hy die polisie daar wat vir hom sê die Jack Knives het vir Vic doodgeskiet want Vic is ŉ lid van die Syndicate en die gangsters het baklei oor turf," sê Nxesi.

"En Bashier Vahed? Het julle iets van hom uitgevind?"

"Ja. Hy bly nie meer hier nie. Hulle het weggetrek. Sy ma bly by mense in Bishop Lavis. Bashier is nou 'n polisiekonstabel."

"Wat! Hoe weet julle dit?" vra Jolanda verbaas.

"Hulle eks-bure het ons vertel. Toe ek dit hoor, het ek met een van ons jong konstabels hier gepraat. Hy sê hy ken vir Bashier Vahed. Hulle was saam op polisiekollege."

"Sowaar! Weet hy waar Bashier gestasioneer is?"

"Hy werk glo in die polisiestasie in Somerset-Wes," antwoord Nxesi.

"Ek kan dit nie glo nie. Só naby aan ons. Wonderlik. Dan kan ek hom daar gaan sien."

"Hoekom wil julle hom sien? Is hy in die moeilikheid?"

"Nee. Ons soek inligting oor 'n ander saak. Baie dankie dat jy ons laat weet het, Sersant."

"Plesier."

Hulle groet en lui af.

Jolanda sit en staar voor haar uit. Sy moet so gou as moontlik vir Bashier Vahed in die hande kry. Sy wil hom uitvra oor die woorde in Hans Ras se dagboek: *Bashier bring bewys R200*, en waaroor hy en Vic baklei het, en waarom hy op dieselfde dag as Hans Ras verdwyn het. Sy wens sy kon nou dadelik na Somerset-Wes ry en met Bashier praat, maar sy mag nie die polisiestasie verlaat nie.

Sy bel die Somerset-Wes Polisie en vra om met Konstabel Vahed te praat. Die ontvangsdame sê hy is uit op patrollie. Jolanda stel haarself bekend. Sy verduidelik dat sy vanaf Gordonsbaai se polisiestasie bel en dat sy 'n dringende saak het wat sy met Vahed moet bespreek. Die telefoniste gee vir Jolanda Bashier se selfoonnommer en Jolanda bel hom. Sy vertel hom wie en waar sy is. Sy sê dat sy graag met hom persoonlik wil praat oor die redes waarom hy twee jaar gelede weg is by *Cape Pre-cast Construction*. Bashier klink huiwerig, maar toe sy hom 'n bietjie meer inligting oor die saak gee, stem hy in. Hulle reël om mekaar om vyf-uur by die Somerset-Wes Polisiestasie te ontmoet.

Toe hulle klaar gepraat het, voel Jolanda skielik onseker of sy die regte ding doen. Dit voel of sy na grashalmpies gryp. Sal Bashier 'n onbenullige voorval onthou wat meer as twee jaar gelede gebeur het? Waarskynlik nie, maar dis wat gebeur in moeilike ondersoeke soos hierdie een. Tagtig persent van die opvolgwerk lewer niks op nie, maar dis noodsaaklik. Dis die enigste manier waarop die skuldige gevang kan word.

Sy sal maar gaan hoor wat Bashier te sê het. Intussen sal sy weer deur die bande gaan van al die onderhoude wat sy met die verdagtes gehad het. Miskien ontdek sy iets wat sy voorheen gemis het.

*    *    *    *

Dis amper drie-uur. Jolanda staan by die venster in Landman se kantoor en wag vir Zimmer om op te daag. Buite is dit winderig maar nie koud nie.

Sy oorweeg die opsies wat sy later die aand by die vergadering kan neem wanneer sy, die lede van die musiekgroep en haar kollegas bymekaar kom om die Hans Ras ondersoek te bespreek.

Landman het gesê sy moet die leiding neem omdat sy die meeste van die saak af weet, maar hoe moet sy te werk gaan? Moet sy ŉ oorsig gee van al die ontdekkings wat in die laaste twee jaar gemaak is? Of moet sy slegs die mense inlig oor die jongste ontdekkings? Of moet sy ŉ probleem-oplossingsbenadering volg waarin sy ŉ paar leidrade bekend maak vir die groep om te bespreek?

Daar is ŉ klop aan haar deur. Sy gaan sit agter die lessenaar.

"Kom binne."

Zimmer kom in. Die oomblik toe sy hom sien, versnel haar hartklop. Hy lyk besonder aantreklik in ŉ beige langbroek met ŉ geel hemp en ŉ bruin trui. Sy hare is deurmekaar van die wind en sy oë straal. Hy is bly om haar te sien.

Hy gaan sit op die stoel oorkant haar, plaas die diktafoon op die lessenaar en gee vir haar sy sonstraal-glimlag.

"Hallo. Jy lyk so belangrik waar jy hier sit. Ek voel soos ŉ skoolseun in die prinsipaal se kantoor."

Jolanda hou haar gesig ernstig. Sy moet ten alle koste keer dat daar nie ŉ herhaling plaasvind van die vorige keer toe hy daar was nie.

"Solank jy jou net gedra," sê sy.

Zimmer frons.

"Hoekom word ek skielik soos ŉ stout skoolseun behandel?"

"Zimmer, asseblief," sê Jolanda. "Ons is hier besig met ŉ baie moeilike geval en ek is glad nie gelukkig oor wat vanoggend gebeur het nie."

"ŉ Mens sal sweer alles het van my kant af gekom."

Jolanda gee hom ŉ vyandige blik.

"Niks sou gebeur het as jy nie begin het nie."

Zimmer leun vorentoe en glimlag.

"Jy't dit net soveel geniet as ek."

Jolanda vermy sy oë. Sy tel ’n dokument van die lessenaar op en kyk daarna.

“Kom ons praat oor iets anders. Het jy toe die onderhoud met die De la Portes gedoen?”

“Ja. Ek het gesê ek sal die onderhoud doen en ek het.”

“Hoe’t dit gegaan?”

“Goed. Agterna het ek en Leo ’n bietjie gesels.”

“Waaroor?”

“Ag, oor die swaard in hulle sitkamer en oor môre se rugby. Maar kom ons luister eers na die onderhoud.”

Zimmer leun vorentoe, druk ’n knoppie op die diktafoon en laat die band terugwen.

“Ek dink dit het goed gegaan hoewel ek niks nuuts by hulle gehoor het nie. Luister maar self.”

Die band is klaar teruggewen. Zimmer druk die speel-knoppie en draai die klank harder. Hulle leun terug in hulle stoele en luister na die opname:

*Zimmer*: Wanneer was die laaste keer toe julle vir Hans Ras gesien het?

*Leo:* Aan die einde van die musiekaand op agtien Julie twee-duisend-en-agt.

*Zimmer*: Was julle binne of buite die huis?

*Leo:* Ek was binne die huis.

*Santa*: Pappá was reeds in die bed. Dit was mos laat in die aand. ’n Rukkie voor die einde van die opera het ek hom bed toe geneem. Mon pauvre pére. Hy was vreeslik moeg.

*Leo*: Ja, dit was die laaste keer dat ek vir Hans Ras gesien het. Min het ek geweet...

*Zimmer*: En wat was die laaste keer dat jy vir Hans Ras gesien het, Santa?

*Santa*: Bo in die straat, monsieur. I feel bad. Ek het hom nie properly gegroet nie. Dit het gereën, jy weet. Ek het almal met my sambreel probeer help. Toe ek weer sien was Hans Ras weg met sy Mercedes. But tell me, het julle al iets uitgevind? Waarmee is die polisie nou besig?

*Zimmer*: Jammer, ek mag nie daaroor praat nie. Jolanda sal vanaand met almal praat. Sê my – wie het op die aand van Hans Ras se verdwyning die laaste van julle huis af vertrek?

*Santa*: Ben.

*Zimmer*: Is jy seker?

*Santa*: So seker soos ek hier sit. Ben en Lucille het laaste vertrek. Ek het nog met hulle gepraat toe sien ek daar ry Hans Ras. I feel so sorry want ek het vir Hans Ras nie properly ...

*Leo*: Toemaar, Santjie. Dit was nie jou skuld nie. Dinge was deurmekaar.

*Zimmer*: Leo, jy het Hans Ras goed geken. Hoe het hy daardie aand opgetree? Normaal?

*Leo*: Heeltemal normaal.

*Zimmer*: Het Hans Ras gesê of hy elders heen wou gaan ná die tyd?

*Leo*: Nee.

*Zimmer*: Wat dink jy het met hom gebeur?

*Leo*: Dis die groot vraag. Ek wens ek kon jou antwoord. Al wat ek kan dink is ŉ misdadiger – ontsnapte bandiet of iets. Mal mens.

*Santa*: Miskien was dit ŉ car hijacking wat verkeerd geloop het. Il est possible. Op pad huis toe kon ŉ hijacker hom voorgekeer het. Toe Hans Ras hom resist, toe maak die skaker hom dood. Daar is deesdae so baie misdade.

*Zimmer*: Dis moontlik.

*Leo*: Of dalk het iemand hom ingewag by sy huis. Daar is baie bossies teen die helling. Daar waar die trappies opgaan na sy huis toe. ŉ Rower kon in die bossies weggekruip het en uitgespring het toe Hans Ras uitklim om die motorhuis se deur oop te maak. Toe oorrompel hy vir Hans Ras.

*Santa*: Dis waar, Pappá. Un criminel kon vir hom by sy huis gewag het. Of miskien was daar drie of vier gangsters. Wat ŉ aaklige gedagte! Oe! Gee my die creeps.

*Zimmer*: Dink julle dat Hans Ras ontvoer is? Dat hy dalk nog lewe?

Vir omtrent tien sekondes is daar ŉ stilte op die band. Zimmer en Jolanda kyk afwagtend na die bandopnemer.

*Leo*: Nee, ek glo nie. Ontvoerders soek altyd ŉ losprys. Anders, waarom doen hulle dit?

*Santa*: Dat Hans Ras nog lewe? I wish! Dink hoe wonderlik dit sal wees, Pappá? As hy sommer eendag weer hier inloop. Miskien is dit hoekom sy lyk nie naby die kar is nie.

*Zimmer*: Enige iets is moontlik.

*Santa*: Maar sê my, het julle iets uitgevind? Anything new?

*Zimmer*: Hier en daar iets. Nie veel nie.

*Leo*: Ons sal seker vanaand meer hoor. Al die speurders wat die saak ondersoek gaan mos daar wees. Hulle sal ons darem iets kan vertel.

*Zimmer*: Wel, baie dankie dat ek met julle kon praat. Julle was die enigste mense in die musiekgroep met wie ons nog nie gepraat het nie. Dit was ʼn blote formaliteit. Ons móés dit voor vanaand doen. Anders sal die ander lede van die groep kla dat . . .

*Leo*: Natuurlik moes julle met ons ook kom praat. Ons verstaan volkome.

*Santa*: Exactly. We feel flattered. Okay, monsieur. Dan sien ons jou vanaand? Intéressant! Ek sien vreeslik uit daarna!

*Leo*: Ja. Selfs al vind ons nie uit wat van Hans Ras geword het nie, gaan dit lekker wees dat ons almal bymekaar kom. Ons kan gesels oor die groot verlies van ons vriend wat weg is. ʼn Soort vaarwel. Jy het hom nie geken nie, Zimmer, maar ek moet jou sê – Hans Ras was ʼn man uit een stuk.

*Zimmer*: Dankie dat ek met julle kon praat.

Zimmer leun vorentoe en skakel die diktafoon af.

"Hoekom praat Santa drie tale tegelyk?" vra hy.

"Sy en haar ouers het ʼn paar jaar in Frankryk gewoon. Dis maar net haar manier van praat. In die Kaap is daar baie mense wat hulle taal meng."

Zimmer kyk haar ondersoekend aan en glimlag.

"Jy lyk mooi in jou uniform."

"Zimmer, asseblief!" sê Jolanda skerp.

Zimmer hou sy hande op:

"Ekskuus, ekskuus! Jip. Kom ons praat. Wat dink jy van die gesprek? Het hulle iets nuuts gesê?"

"Nie eintlik nie. Santa klink baie seker daarvan dat Ben die laaste persoon was wat vertrek het. Dit is presies die teenoorgestelde as wat Asanda en Bongi sê. Volgens hulle het Hans Ras laaste vertrek," sê Jolanda en trek haar skouers nonchalant op.

"Wie is reg, dink jy?"

"Ek weet nie. Ek dink Santa. Sy was in ʼn beter posisie om te sien hoe almal vertrek. Santa het ook miskien ʼn punt beet wanneer sy sê dat Hans Ras se verdwyning moontlik ʼn skaking was. Dit bring ons terug na die ou vraag: Waarom sou iemand ʼn splinternuwe Mercedes skaak en dit dan versteek?"

“Die Mercedes is nie versteek nie,” sê Zimmer beslis. “Dis gedump. As ’n mens ’n kar versteek, doen jy dit op ’n plek waar jy weet dat jy dit later weer kan gaan haal. Maar Hans Ras se kar is op ’n totale onherbergsame plek gedump. Mens sal ’n hyskraan nodig hê om dit daaruit te haal. Só sê Derek, en ek stem saam.”

“Ek wens ek kon nog ’n slag na hierdie band luister. Daar was iets – Nee, ek het nie tyd nie. Zimmer, baie dankie, dat jy hierdie onderhoud vir ons gaan doen het.”

“Plesier.”

Jolanda kyk op haar polshorlosie.

“Ongelukkig moet ek jou vra om nou te gaan. Ek het ’n honderd-en-een dinge om te doen. Sal jy asseblief reëlings tref dat Landman vanaand saam met jou na die De la Portes se huis toe ry? Ek glo nie hy weet waar hulle woon nie en hulle straat is ook baie smal. Nie genoeg plek vir al die karre nie.”

Zimmer belowe om dit te doen.

“Dankie, Zimmer. Ons sien mekaar vanaand by die vergadering.”

* * * *

Nadat Jolanda die polisiestasie se bevel aan Luitenant Cloete oorhandig het, ry sy twintig kilometer en parkeer voor die Somerset-Wes polisiestasie. In die aanklagtekantoor vra sy om Konstabel Vahed te sien. ’n Minuut later kom ’n bruin polisie-man te voorskyn en stel homself aan haar bekend. Hy is ’n atleties-geboude jongman met ’n prominente neus, borselkop en wakker bruin oë. Jolanda hou dadelik van hom. Sy stel voor dat hulle by ’n nabygeleë kafee gaan eet.

By die kafee bestel hulle kos en gaan sit oorkant mekaar by ’n tafeltjie terwyl hulle vir die bestelling wag. Jolanda leun vorentoe, kyk Bashier in die oë en vra hom uit. Aan die begin praat hy huiwerig, maar namate hy aangaan, wen hy selfvertroue.

Hulle kos arriveer. Bashier val lustig weg aan sy dubbel biefburger-kombinasie en skyfies. Sy vertel hom van Hans Ras se verdwyning. Geskok staar hy haar aan. Hy weet niks daarvan af nie. Hy lees nie koerante nie en was op polisiekollege toe Hans Ras verdwyn het. Hy vra haar uit. Jolanda gee vir hom verdere besonderhede. Sy eet skaars aan haar soetrissie hoender-wrap. Sy leun vooroor in die stoel, stut haar elmboë op die tafel, vra vrae en luister na Bashier se antwoorde.

Hy vertel haar wat twee jaar gelede met hom gebeur het en waarom hy so skielik by *Cape Pre-cast Construction* weg is. Sy oorweeg dit om hom stil te maak maar doen dit nie.

Sy luister aandagtig. Hy praat en praat. Elke brokkie inligting tref haar soos ŉ hou teen die kop. Ontsteld skud sy haar kop. Sy argumenteer met hom. Hy verduidelik.

Uiteindelik sit sy net verstom en luister na sy storie. Een *v*ir een val die stukke van die legkaart in mekaar en die prentjie kom te voorskyn.

Sy voel siek.

Dis ŉ klassieke geval van siende blind wees.

# HOOFSTUK 16

Die sitkamer van die De la Portes is groot en smaakvol. Die koedoe-kleur mure en gordyne kontrasteer met die spierwit plafon en die twee roomkleurige sofas waarop ŉ dosyn stoelkussings pryk in skakerings van pers, room en beige. Teen die een muur is ŉ antieke-styl muurhorlosie en teen die ander muur hang die goue seremoniële swaard waarop Leo so trots is. Op die kiaatvloer is ŉ groot handgeknoopte mat met swart, wit en pers strepies. Bokant hulle in die middel van die plafon hang ŉ kristalkandelaar met vier-en-twintig liggies.

Vir die vergadering het Santa ekstra sitplekke gemaak deur drie rye stoele agter die een sofa te plaas sodat al die gaste sitplekke het. In die heel agterste ry sit Kolonel Van Wyk, Majoor Landman, Craig en Zimmer.

Craig draai sy kop na Landman, sit sy hand oor sy mond en sê iets in Landman se oor. Landman knik sy kop bevestigend.

Nadat almal hulle plekke op die vier rye sitplekke ingeneem het, gaan staan Jolanda met ŉ notaboek in haar hand voor die groep waar almal haar kan sien. Sy dra steeds haar seremoniële uniform en hoed.

Sy wag vir die groep om stil te word voor sy begin praat.

"Dames en here, ek is bly dat ons almal hier bymekaar kan kom. Die hoofdoel waarom ons hier is, is dat ons julle op datum wil bring van die soektog na Hans Ras, die man wat meer as twee jaar gelede verdwyn het. Welkom aan almal wat hier is om terugvoering te ontvang van die ondersoek na Hans Ras."

Hoewel Jolanda uiterlik kalm lyk, is haar hele wese soos ŉ snaar gespan. Haar hart klop oorverdowend in haar borskas. Dit is baie lanklaas dat sy in so ŉ gewigtige situasie was. Gelukkig weet niemand anders in die vertrek wat alles op die spel is nie.

Sy beduie na die agterste ry waar die geregsdienaars en speurders sit.

"Ons is veral dankbaar dat twee hooggeplaaste offisiere van die polisie ook vanaand hier is: Majoor Landman en Kolonel Van Wyk van Hoofkwartier. Ek wil hulle bedank dat hulle toestemming gegee het dat ék nou ook aan die ondersoek mag deelneem. Voorheen kon ek dit nie doen nie, omdat ek ŉ naasbestaande van Hans Ras was. Nou, ná twee jaar, word die saak as ŉ koue geval geklassifiseer, en die regulasies is meer toegeeflik. Baie dankie, Majoor en Kolonel."

ŉ Paar mense in die voorste rye kyk om en groet die offisiere vriendelik met kopknikke.

"Ook wil ek in die besonder welkom sê vir meneer en mevrou Pocock."

Sy wys na die Pococks wat in die voorste ry sit.

“Louise is Hans Ras se moeder, en Oscar is sy stiefpa. Sonder Oscar se finansiële ondersteuning sou die huidige ondersoek nie moontlik gewees het nie. Baie dankie, Oscar.”

Sy glimlag vir die Pococks wat op die sofa langs die gasvrou, Santa de la Porte, sit. Langs Santa sit Leo de la Porte in ’n rystoel.

Tegemoetkomend kyk Jolanda na die groep mense.

“Ek is gevra om julle op datum te bring oor die Hans Ras-saak,” sê sy. “Dis nie nodig dat ek die hele geskiedenis vertel van sy verdwyning en die uitgebreide soektog na hom en sy moordenaar nie. Almal weet die ondersoek wentel om die feit dat Hans Ras twee jaar gelede spoorloos verdwyn het.”

’n Beeld van Hans Ras flits deur Jolanda se kop. ’n Vreemde rilling gaan teen haar rugstring af. Sy byt op haar lippe. Verbete sukkel sy om die beeld van haar af te skud. Sy kyk na Zimmer wat vir haar sy sonstraal-glimlag gee. Dadelik voel sy beter.

Haar oë gaan oor die mense.

“Die laaste plek waar Hans Ras gesien is, was in hierdie huis op die aand van 18 Julie 2008. Een van die min leidrade wat ons het, is dat hy voor sy verdwyning vir my en een ander persoon gesê het dat hy uitgevind het een van sy vriende is ’n misdadiger. Hy’t gesê dis iemand wat ons goed ken, iemand wat ’n dubbele lewe lei. Ongelukkig wou hy nie sê wie die persoon was nie. Hy wou eers seker maak. Daardie selfde aand het hy verdwyn. Ek glo hy is vermoor. Hoewel ’n uitgebreide ondersoek van stapel gestuur is, kon die moordenaar van Hans Ras tot vandag toe nie gevind word nie.”

Jolanda bly stil. Sy moet haar woorde tel anders kan dinge lelik skeef loop. Sy dink aan ’n gesegde van haar pa: *Plastiese mense kraak maklik*. Hy bedoel ’n mens moet nie op vals en bedrieglike persone staatmaak nie want hulle kan chaos veroorsaak. Sy is seker Hans Ras se moordenaar is ’n plastiese mens – iemand wat amok kan maak wanneer die waarheid uitkom.

Sy kyk vlugtig na die notaboekie in haar hand en dan weer na die groep.

“Agt dae gelede is die kar van Hans Ras uiteindelik ná twee jaar ontdek tussen bosse onderkant die pad wat loop tussen Gordonsbaai en Rooiels. Dit is goed weggesteek. Gordonsbaai se polisie het dadelik die soektog na Hans Ras hervat. Ongelukkig was Hans Ras se lyk nie in of naby sy kar nie. Tot vandag toe kan ons sy lyk nie vind nie. Hierdie feit kompliseer die ondersoek baie want sonder ’n lyk kan ons nie bewys dat Hans Ras vermoor is nie. Ons moet die hele tyd in gedagte hou dat hy miskien nog lewe.”

Jolanda bly ’n rukkie stil. Sy kyk na Veronica en Chris Webster wat in die tweede ry sit, direk agter die Pococks. Chris staar fronsend voor hom uit. Veronica leun vorentoe en sê iets vir haar pa, Oscar Pocock, wat voor haar sit. Oscar kyk om na sy dogter en knik sy kop. Langs die Websters sit Ben Goussard met sy kort-gesnyde hare en rooierige gesig. Aan sy linkerkant sit Lucille met ’n los, kleurvolle broekpak, krale en lang oorbelle.

“Toe die ondersoek ’n week gelede hervat is,” gaan Jolanda voort, “is twee spanne aangestel om dit te doen. Hulle sit hier by ons. Een span werk by die Gordonsbaai-polisie onder leiding van Majoor Landman, en die tweede span is privaatspeurders wat deur Hans Ras se familie betaal word – Craig Bantjies en Elmo Zimmer.

“Ons moet natuurlik in gedagte hou dat die misdaad meer as twee jaar gelede plaasgevind het. Mense vind dit moeilik om presies te onthou wat so lank gelede gebeur het. Ons moet ook in gedagte hou aan die einde van daardie musiekaand was dit al baie laat. Die groep was moeg. Boonop het hulle heelwat alkohol ingehad. Daar is byvoorbeeld getuig dat Ben aan die einde van die aand taamlik luidrugtig en aggressief was. Daar is gesê dat hy te veel whisky gedrink het. Dis moontlik dat ...”

“Dis ’n leuen! ’n Infame leuen!” roep Ben woedend uit. “Ek was by my volle positiewe en glad nie aggressief nie. Absoluut nie.” Hy draai na sy vrou toe. “Lucille, jy was by my. Hoe was ek daardie aand? Was ek dronk? Vertel vir die mense.”

Verbouereerd lig Lucille haar hande in die lug op en skud haar kop heftig.

“Ben was glad nie dronk nie,” sê sy ontsteld. “Wie lieg so? Ek was by Ben en hy was die hele aand sy normale self. Net so nugter soos nou.”

“Jolanda, pasop wat jy sê,” sê Ben kwaad. “Ek kan jou aankla vir naamskending. Jy maak valse aantygings teen my! Jy impliseer ek is ’n moordenaar!”

Jolanda hou haar hand op, glimlag gerusstellend en skud haar kop.

“Ek het nie gesê jy’s ’n moordenaar nie, Ben. Gee my ’n kans om klaar te praat. Ek was nie daardie aand hier nie. So ek weet nie of jy te veel gedrink het nie. Maar twee van die ander getuies het gesê jy het te veel gedrink. As dit die geval was, moontlik het jy jou misgis oor die volgorde waarin die karre daardie aand vertrek het. Ek het bewyse gevind dat Hans Ras se kar die lááste kar was wat vertrek het, nie die tweede-laaste een soos jy sê nie. Dit is al. Daar was geen aantyging dat jy moord gepleeg het nie. Inteendeel. Ek het gedink die persoon wat die aantyging teen jou gemaak het, is moontlik sélf die moordenaar.”

Ben leun tevrede terug in sy stoel.

“Dit maak meer sin,” sê hy.

Jolanda gaan voort.

“Soos ek gesê het, een groot rede waarom Hans Ras se moordenaar nie gevind word nie, is dat sy lyk nog nie gevind is nie. Daar is mense wat dink hy lewe nog.

“Nadat Hans Ras se Mercedes Benz verlede week ontdek is tussen bome onderkant die Rooiels-pad, het die polisie se Forensiese Afdeling die motor ondersoek. Hulle het belangrike leidrade ontdek, maar nie genoeg om die moordenaar te identifiseer nie.”

Jolanda bly stil. Sy voel bang dat sy besig is om haar greep te verloor op wat sy van plan is om te doen. Een of ander tyd sal sy met die waarheid moet uitkom. Dis asof ŉ koue hand oor haar vat. Sy moet haarself regruk.

Sy kyk na haar notaboekie en glimlag. Die volgende onderwerp is heelwat makliker.

“Ons het ŉ studie gemaak van drie gevaarlike bendes wat af en toe in die Gordonsbaai omgewing bedrywig is: die Syndicate, die Cape Flat Kings en die Jack Knives. Ons kon geen bewyse vind dat een van hierdie bendes vir Hans Ras vermoor het nie. Al wat ons hierdie week gevind het, was dat Charles Solomons – een van die leiers van die Syndicate – in Gordonsbaai opgemerk is. Ons vermoed hy was op een of ander sending.

“Daar is getuig dat Hans Ras aan die einde van die musiekaand in sy kar geklim en weggery het. Dit was die laaste wat enige iemand hom gesien het.”

Jolanda se selfoon lui. Sy haal die foon uit haar sak en kyk na die naam van die inbeller.

“Verskoon my,” sê sy.

Sy draai haar rug na die gehoor en beantwoord die foon. Sy luister tien sekondes. Toe glimlag sy en sê vir die inbeller:

“Goed. Jy weet wat om te doen.”

Sy druk die foon dood, plaas dit terug in haar sak en gaan voort met haar toespraak.

“Wel, wat het dan van Hans Ras geword? Die laaste keer toe ek met Hans Ras op die telefoon gepraat het, het hy gesê hy’t uitgevind dat iemand wat ons ken ŉ misdadiger is. Ek het afgelei dat die sogenaamde misdadiger iemand is met ŉ skokkende geheim. Dit het my met nuwe oë laat kyk na die nege verdagtes. Een van hulle loop rond met ŉ geheim. Een van hulle is ŉ bedrieër wat ŉ dubbellewe lei. Wie?

“Natuurlik – ons speel almal verskillende rolle,” sê Jolanda. “Een persoon aan wie ek dink is – ”

Haar oë dwaal stadig oor die groep. Die mense volg die rigting van haar oë wat tot stilstand kom op Otto, die aantreklike kleremaker met die Beatle-styl hare. Hy sit langs Asanda. Vroeër het hy en Asanda heerlik gesels, maar noudat almal na hom kyk, lyk hy skielik verbouereerd. Hy skuif ongemaklik rond op sy stoel. Sy mond gaan oop.

"Ek verstaan nie. Ek het nog nooit ..."

"Nee, Otto. Jy verstaan baie goed. Jy ook, lei 'n dubbellewe, nie waar nie? Ek verneem jy gaan gereeld twee of drie keer per jaar na Australië toe. Wat doen jy daar? Ek verstaan jy ondergaan 'n metamorfose. Jy sosialiseer met 'n eksklusiewe groep mense wie se lewenstyl vir baie mense onaanvaarbaar is."

Otto staan van sy stoel af op. Hy trek sy oë op skrefies. Toe hy praat, stotter hy effens asof die verontwaardiging wat hy ervaar net eenvoudig te erg is.

"Ek ... Ek kan nie glo wat ek hoor nie. Jy praat nou oor dinge wat niks te doen het met ... met die rede waarom ons hier is nie. Hier kom jy uit met 'n aantyging teen my wat ..."

Skielik bars hy uit in 'n woedebui.

"Jou klein onderduimse – " sê hy en storm op Jolanda af, hande in die lug.

Jolanda trap vinnig agtertoe.

Voordat enige iemand besef wat aangaan, glip Landman tussen Jolanda en Otto.

"Stop, Otto. Kom nou, kom nou! Bedaar. Vat dit kalm. "

Met stywe lippe staar Otto na Landman voordat hy sy hande laat sak.

"Ekskuus," sê hy. "Ek is jammer. My fout. Niks met die moord te doen nie. Ek't verkeerd verstaan ..."

Verward trek hy sy vingers deur sy hare en gaan sit weer.

"Ja, jy't beslis verkeerd verstaan," sê Jolanda. "Ek sê nie jy's die moordenaar nie, Otto. Ek sê net elke mens het verskillende rolle en ek gebruik vir jou as voorbeeld. Die mense in Gordonsbaai ken jou as 'n uitstekende kleremaker, maar jy het ook ander rolle. Jy is lid van 'n eksklusiewe groep in Australië. Jy is Lucille se seun. Jy is 'n liefhebber van klassieke musiek. Jy's lid van die N.G. kerk. Ensovoorts. Netso het elkeen van ons verskillende rolle.

"Die probleem is dat daar 'n sekere persoon onder ons is wat normale, aanvaarbare rolle uitleef. Maar in werklikheid speel hy of sy ook die rol van misdadiger. Wie is hierdie persoon? Dis die vraag."

Jolanda stap heen-en-weer soos 'n onderwyser. Haar stem is verbasend beheers, egalig, maar koel en kalm. Terwyl sy praat, bekyk sy die mans en vrouens wat voor haar sit. Sover sy kan, probeer sy oogkontak maak met almal. Sy verwag dat hulle haar in die rede sal val, maar dit gebeur nie.

" 'n Ander faktor waarmee ons sukkel is die geslag van die moordenaar. Is die moordenaar 'n man of 'n vrou? Die kanse is natuurlik goed dat dit 'n man is. Verreweg die meeste moordenaars is mans. Ons het juis een bewysstuk wat ons laat dink die moordenaar is 'n man – 'n handskoen wat naby Hans Ras se kar ontdek is. Dit lyk soos die handskoen van 'n

man. Ongelukkig is hierdie handskoen die enigste leidraad wat wys dat die moordenaar moontlik ʼn man is. Maar ons het baie ander bewyse het wat toon dat die moordenaar dalk ʼn vrou is."

"Die ondersoekspan het hierdie week weer eens onderhoude gevoer met die nege mense in Gordonsbaai wat Craig Bantjies as verdagtes geïdentifiseer het – sewe musiekgroeplede plus twee familielede van Hans Ras. Die vrouens wat ons ondervra het, was Asanda, Veronica, Lucille en Santa. Die mans wat ons ondervra het was Bongi, Leo, Ben, Otto en Chris. Een wat ons onmiddellik uitgeskakel het was Leo. Hy ly aan sy hart en is die meeste van die tyd in ʼn rolstoel. Hy is te sieklik om moord te pleeg. Dus het ons slegs gekonsentreer op Bongi, Ben, Otto en Chris. Ongelukkig was die verklarings van hierdie vier mans uiteenlopend. Byvoorbeeld, party van hulle sê aan die einde van die musiekaand was Hans Ras se kar die derde een wat vertrek het, terwyl ander getuies sweer dat Hans Ras laaste vertrek het. Wie is reg? Wat is die waarheid?"

Jolanda bly stil. Sy is nie seker wanneer en hoe sy die moordenaar moet konfronteer nie. In haar geestesoog probeer sy sien hoe die persoon sal reageer op ʼn konfrontasie, maar die beeld ontwyk haar. Dis moeilik. Sy moet voorbereid wees op enige iets. Gelukkig is daar etlike sterk mans wat haar te hulp kan snel.

"ʼn Ander probleem waarmee ons sukkel is: Hoe het die moordenaar vir Hans Ras so maklik oorweldig? Daar is geen tekens van bloed in sy motor nie. Hans Ras was ʼn normale sterk man. Hy sou homself goed kon verdedig as hy aangeval word, selfs as die aanvaller iemand is wat hy ken. Hoe is hy doodgemaak? Wat het gebeur?

"Sy kar is ʼn sportmotor met ʼn lae dak. Dit sou baie moeilik gewees het om hom van die kant af aan te val met ʼn swaar voorwerp sonder dat daar tekens van bloed in die kar agter gebly het. Dis ook onmoontlik dat hy geskiet is terwyl hy in die kar gesit het, want soos ek reeds gesê het, kon die forensiese span geen teken vind dat ʼn vuurwapen gebruik is nie.

"Een van die speurders in ons span – Zimmer – het ʼn goeie idee oor hoe Hans Ras aangeval is sonder die gebruik van ʼn vuurwapen of mes of ander wapen wat tekens sou agterlaat. Zimmer reken die moordenaar het ʼn Tazer gebruik. Die meeste van julle weet seker hoe ʼn Tazer werk, maar vir diegene wat nie weet nie – dis ʼn skokapparaat wat ʼn mens bewusteloos maak wanneer dit teen jou vel gedruk word."

Daar is die sagte geluide van skoene wat oor die vloer skuif, mense wat rondskuif, ingehoue spanning.

Jolanda draai na Zimmer toe.

"Sal jy asseblief vir almal wys hoe ʼn Tazer werk?"

Zimmer loop vorentoe en gaan staan langs Jolanda.

"'n Tazer is 'n skokpistool wat sonder ammunisie werk. Dit maak die slagoffer nie dood nie, slegs bewusteloos. 'n Tazer kom in verskillende vorms maar die een wat ek het lyk só ..."

Hy hou sy nagemaakte selfoon in die lug. Hy loop heen en weer. Hy draai dit in die rondte sodat die mense dit van alle kante kan sien. Hy druk die skakelaar aan die kant van die selfoon. Die vonke spat en raas.

Asems word ingetrek. Daar is 'n paar gedempte uitroepe.

"Wanneer 'n mens hierdie lewendige kragpunte teen 'n inbreker druk, verloor hy sy bewussyn vir vier tot sewe minute, " sê Zimmer.

'n Paar oomblikke sê niemand iets nie.

"Ek het al van so-iets gehoor," sê Ben Goussard.

Jolanda loop na Zimmer toe.

"Kan ek probeer?" vra sy en steek haar hand uit.

Zimmer gee die Tazer vir haar. Sy hou dit voor haar in die lug en gaan staan voor die groep. Sy druk die skakelaar. Almal kyk hoe die vuurvonke daaruit skiet.

Nadat Jolanda 'n minuut lank rond beweeg het en die Tazer vir individuele mense gedemonstreer het, skakel sy dit af en hou dit in haar hand. Haar oë dwaal stadig oor die mense wat voor haar sit.

"Vandag het ek ontdek wie die moordenaar van Hans Ras is. Die moordenaar is nie 'n man nie, maar 'n vrou. 'n Vrou wat ons goed ken. 'n Vrou hier in ons midde. Dit was 'n goed-beplande moord. Die motief was geld. 'n Paar dae voor Hans Ras vermoor is, het hy 'n geheim ontdek. 'n Groot geheim. Hy het ontdek dat iemand in hierdie musiekgroep 'n dubbele lewe lei. Iemand met 'n misdaad-agtergrond."

Sy bly stil. Stadig stap sy na waar Leo in sy rolstoel sit met Santa langs hom. Sy kyk hulle ondersoekend aan.

Onverwags konfronteer sy vir Santa met die Tazer.

"Jou naam is nie Santa de la Porte nie. Jou naam is Max Solomons, né?"

Santa se gesig vertrek van woede.

"Dis nie waar nie!" skree sy en staan op. "Dis nie waar nie! Jy's van jou kop af!"

Jolanda hou die Tazer op en druk die knoppie. Die vuurvonke skiet in Santa se rigting. Santa val terug in haar stoel.

"As daar iemand is wat van haar kop af is, is dit jy, Max Solomons. Jy't gedink jy gaan daarmee wegkom, nie waar nie? Jy het vir Hans Ras vermoor omdat hy uitgevind het jy is 'n bedrieër. Jy het vir Leo bedrieg deur voor te gee jy kom uit 'n goeie familie. Maar dis alles leuens. Jy kom uit 'n misdaadfamilie.

"Jy is die dogter van Donker, alias Ivor Stephenson," sê Jolanda.

Sy oorhandig die Tazer aan Zimmer maar hou 'n wakende oog oor Santa. Sy wink vir haar bevelvoerder.

Landman kom vorentoe met boeie in sy hand. Hy gaan staan voor Santa en kyk haar in die oë.

"Santa de la Porte, jy is onder arres. Jy het die reg om stil te bly. Enige iets wat jy sê, kan in die hof as bewys teen jou gebruik word. Jy het die reg om 'n prokureur te kry. Indien jy nie een kry nie, sal die hof vir jou een aanstel."

Santa sit versteen. Haar gesig is doodsbleek.

Met 'n half-oop mond staar sy na Landman.

Hande in haar sye gaan staan Jolanda langs Landman. Sy kyk na Santa.

"Jy's 'n gewetenlose misdadiger. Jy het vir Hans Ras vermoor omdat hy uitgevind het jy is 'n bedrieër en 'n leuenaar. Agt jaar gelede toe Leo siek en kinderloos was, het jy hom oorreed om jou as sy dogter aan te neem het. Jy sou hom versorg tot sy dood, mits hy al sy geld en besittings aan jou nalaat."

"Jy lieg!" skree Santa woedend.

"Dit was jou bose plan. Leo sou jou nooit aangeneem het as hy geweet het jy kom uit 'n misdaadfamilie nie. Die meeste mense in die musiekgroep het aangeneem julle is vader en dogter. Totdat Bashier met die waarheid voor die dag gekom het."

"Wie's Bashier?" vra Landman.

"Bashier se ma-hulle was jarelank die Solomons se bure in Manenberg," antwoord Jolanda.

Sy draai weer na Santa.

"Bashier het geweet jy is die dogter van Donker, die highflyer van die Syndicate bende. Twee jaar gelede toe jy papiere by Hans Ras se fabriek gaan aflewer het, het Bashier jou herken as Max Solomons. Hy het vir sy vriend wat ook van Manenberg af kom, daarvan vertel. Vic wou hom nie glo nie. 'n Bakleiery het tussen Bashier en Vic ontstaan. Hans Ras het hulle ingeroep om uit te vind wat aangaan, en so het Hans Ras van jou ware agtergrond uitgevind. Eers wou hy dit nie glo nie. Hy't gesê Bashier moet vir hom 'n bewys bring.

"Bashier het die volgende dag vir Hans Ras die I.D. van Max Solomons gebring. Jy, Santa, het twaalf jaar gelede jou ou I.D. vir Bashier se ma gegee. Dit was toe jy uit Manenberg weg is om te *try for white*. Hans Ras het die I.D. gevat. Hy het vir Bashier met twee honderd rand beloon. Die volgende aand het Hans Ras verdwyn."

"Hoe het jy uitgevind?" vra Landman.

"Speurwerk. Zimmer en ek het vir Bashier opgespoor. Bashier het my die storie vertel. Hy is bereid om dit in die hof te herhaal."

Santa spring skielik op. Sy storm verby al die gaste na die gang toe. Zimmer gryp haar aan haar baadjie. Sy ruk haarself los uit Zimmer hande en hardloop na die voordeur. Voor sy die deur kan bereik is Jolanda, Zimmer en Landman op haar. Hulle gryp haar vas.

Daar is 'n hartstollende gil.

Woedend skop en slaan sy.

"Hou vas!" skree Zimmer.

Hy skakel die Tazer aan en druk dit styf teen Santa. Haar lyf sidder. Jolanda stut Santa se kop net betyds voor sy bewusteloos op die vloer val.

Jolanda tel die boeie op wat Landman laat val het.

"Bel die stasie dat hulle haar kom haal."

Met 'n klik-geluid sluit Jolanda die boeie om Santa se polse.

# HOOFSTUK 17

Die mense in die sitkamer sit stom van skrik. Hulle kyk na mekaar.

Kolonel Van Wyk spring vervaard op. Hy haal sy selfoon uit en stap kombuis toe. Almal in die sitkamer hoor hoe hy die Gordonsbaai se polisiestasie bel, sê wie hy is en beveel dat twee polisielede onmiddellik ŉ vangwa moet bring. Hy kom terug in die vertrek en vra wat die adres is. Otto roep die adres uit, die Kolonel herhaal dit vir polisie om te hoor.

Die Kolonel beëindig die oproep en loop saam met Craig na die voorportaal waar Landman, Jolanda en Zimmer oor Santa waak.

Die res van die mense kyk met groot oë na die gang waarin Craig en die Kolonel verdwyn het.

“Wat gaan nou aan? Hoekom is dit so stil?” vra Oscar.

Kara, wat die naaste aan die gang sit, staan op, loer met die gang af en sê:

“Lyk my Santa het flou geval. Sy lê op die vloer en die polisiemanne staan om haar.”

Skielik kom daar ŉ onaardse geluid uit Leo de la Porte se mond. Hy val skeef oor die armleuning van sy rolstoel. Lucille, wat agter hom sit, gryp hom vas.

“Help!” roep sy.

Ben, Louise en Oscar snel haar te hulp. Hulle hou vir Leo styf vas om te keer dat hy nie uit die rolstoel val nie.

“Dis die skok! Gou!” roep Ben. “Hy moet in die bed kom.”

Alles is in beroering. Leo is half bewusteloos. Daar kom ŉ geroggel uit sy keel. Sukkel-sukkel slaag Ben, Otto en Lucille daarin om hom in sy rystoel uit die sitkamer na sy slaapkamer te stoot. Half-pad sluit Asanda en Louise by hulle aan.

Leo is bewusteloos. Hy is ŉ groot man. Met moeite kry sy helpers dit reg om hom in sy bed te sit. Sy gesig is doodsbleek. Hy haal swaar asem. Ben bel die hospitaal en reël dat ŉ ambulans so gou as moontlik vir Leo sal kom haal. Asanda bied aan om by die siek man te bly totdat die ambulans opdaag.

Intussen herwin Santa haar bewussyn. Met ŉ wit gesig lê sy op die vloer en gluur woedend na Jolanda. Sy skree en vloek en kap met haar geboeide hande na Zimmer. Sy gaan lê op die vloer en begin huil.

“Help! Help! Iemand help my!”

Met moeite help Jolanda en Zimmer haar om regop te sit met haar rug teen die muur. Hulle hou haar bene in ŉ greep. Haar gesig vertrek terwyl sy briesend skree.

Uiteindelik daag die konstabels op. Hulle neem haar na die vangwa.

Toe die polisie weg is, roep Jolanda stilletjies vir Zimmer en neem hom na Santa se kamer toe.

“Sal jy omgee om deur Santa se kaste te gaan en te kyk of sy ŉ Tazer besit?” vra sy.

“Glad nie. Ek doen dit met graagte. Behoort ons nie ŉ soekbewys te hê nie?”

Jolanda glimlag.

“As mens in die polisie is, ja. Maar privaatspeurders doen vreemde dinge. Moenie die hele kamer omdolwe nie. Soek net bo-langs. As jy ŉ Tazer kry, moenie daaraan vat nie. Daar moet geen vingerafdrukke daarop kom nie. Los dit hier. Dan kom jy terug na die sitkamer en wys vir my ŉ duim-op teken. As jy niks kry nie, wys jy ŉ duim-af teken.”

“Jip. Ek sal dit doen.”

Jolanda verlaat die vertrek en gaan na Leo se kamer. Sy gesels ŉ rukkie met Asanda. Toe sy terug in die gang kom, haal sy haar selfoon uit en maak ŉ oproep. Sy praat kortliks en luister na ŉ lang antwoord van die anderkant af. Hoe langer die persoon praat, hoe meer ontsteld word sy.

Sy skakel die selfoon af. Haar keel is seer van ingehoue spanning. Sy het ŉ erge hoofpyn. Moeg leun sy ŉ minuut lank teen die gangmuur met toe oë. Eindelik maak sy haar oë oop.

Sy staan regop, byt op haar tande en loop sitkamer toe.

Die groep mense sit weer op hulle sitplekke en gesels in gedempte stemme met mekaar.

Jolanda gaan staan weer voor almal. Sy lig hulle in oor die stand van sake met Leo en Santa. Toe sy klaar is, asem sy ŉ diep teug lug in. Sy kyk na haar notaboekie. Haar gesig is stroef terwyl haar blik oor die groep gesigte gaan.

“Ek moes lankal besef het dat Santa vir Hans Ras vermoor het,” sê sy. “Ongelukkig het ek nie. Dit was ŉ uiters ongewone geval – die eerste keer in my lewe dat iemand wat verwant is aan my, vermoor is. In my opleiding het ons dosente dit by ons ingedril dat ŉ speurder altyd objektief moes wees, maar in hierdie geval was dit vir my onmoontlik. Nie alleen was die slagoffer my verloofde nie, maar al die verdagtes was persoonlike vriende van my.

“Julle sal onthou Hans Ras het verdwyn terwyl ek by my ouers in die Vrystaat was om finale reëlings te tref vir my troue. Hans Ras het my gebel voordat hy na die musiekaand toe is. Die laaste woorde wat ek onthou dat hy gesê het, was dat hy ontdek het iemand wat ons ken is by misdaad betrokke. Een van die werkers in sy fabriek het hom vertel.

“Dit was die laaste keer dat ek met Hans Ras gepraat het.”

Haar arms word skielik hoendervleis. Sy dink aan daardie laaste gesprek met Hans Ras. Hulle was albei so opgewonde. Haastig onderdruk sy die herinnering.

“Toe ek laat die volgende middag in Gordonsbaai terugkom, was hy weg. En tot vandag toe is hy weg. Die laaste plek waar hy gesien is, was by die musiekaand. Vir die ondersoekspan was dit ŉ teken dat iemand in die musiekgroep moontlik by die verdwyning betrokke was. Nagte lank het ek wakker gelê en wonder of hy nog lewe en, indien hy vermoor is, wie in die musiekgroep so-iets sou doen. Was dit Otto? Of Bongi? Of Asanda of Lucille of Ben? Selde of ooit het dit by my opgekom dat Leo of Santa moontlik skuldig was. Hulle was in ŉ ander klas as die res van die groep. Hulle was die groep se gashere. Buitendien, Leo en Hans Ras was boesemvriende.”

Onverwags sien sy hoe Zimmer saggies inkom. Hy wys ŉ duim-op teken vir haar en gaan sit in die agterste ry. Jolanda glimlag tevrede.

Sy kyk na haar notaboekie.

“Alle feite het getoon dat Hans Ras verdwyn het óf by die huis van die De la Portes, óf op sy pad huis toe. Tydens onderhoude met al die verdagtes het die meeste van hulle getuig dat Hans Ras daardie aand die *laaste* persoon was wat vertrek het. Dit was ŉ netelige saak. Tydens speurderopleiding word dit by ons ingedril dat ooggetuies onbetroubaar is. Slegs twee getuies het gesê Hans Ras het *tweede* laaste vertrek: Ben en Santa. My suspisie het eerste op Ben geval, maar nie vir lank nie. Volgens verskeie getuies het Ben heelwat te drinke gehad daardie aand. Hy sou nie ŉ ingewikkelde moord kon pleeg in so ŉ toestand nie. Toe dink ek aan Santa. Is sy moontlik die moordenaar? Soos julle almal weet drink Santa geen alkohol nie.”

“Vandag besef ek dat die rede waarom Santa gesweer het dat Hans Ras derde vertrek het en nie laaste nie, was om suspisie van háár af weg te neem.”

Sy bly ŉ rukkie stil. Niemand sê ŉ woord nie.

“Laat vanmiddag het ek nuwe inligting ontvang. Die polisie se forensiese spesialis, Derek Drummond, het my gebel en vir my resultate gegee van ondersoeke wat hy by Hans Ras se motor gedoen het. Hy het verskeie ontdekkings gemaak.” Jolanda lees van haar notaboekie af. “Urinemerke. Menshare. Grondmonsters. Poliëster-draadjies, en ŉ manshandskoen.

“Eerstens, die urinemerke was op Hans Ras se sitplek en dui daarop dat hy met iets geskok was, waarskynlik ŉ Tazer. Ek het vasgestel dat Santa de la Porte wel ŉ Tazer besit.

“Tweedens, ŉ onbekende menshaar is in die kar ontdek. Ontleding wys die haar is moontlik Santa s’n. Eers as ons ŉ monster van haar hare kry, sal Derek kan vasstel of dit wel van haar af kom. Ek dink die kanse is goed. Dit plaas haar op die toneel van die moord.”

Jolanda bekyk die mense voor haar. Sy is bang hulle raak verveeld, maar almal lyk geïnteresseerd.

“Derdens, grondmonsters is gevind op die pedale van Hans Ras se kar. Derek se assistent het gister na die huise van al die verdagtes toe gegaan – meeste van julle wat hier sit se huise – en monsters versamel van die grond op julle erwe. In die laboratorium het Derek die versamelde monsters vergelyk met die grondmonsters op die pedale van die Mercedes en gevind dit kom waarskynlik van hierdie erf, hier waar ons nou sit, die erf van die De la Portes. Dit is een van die sterkste bewyse wat die polisie teen Santa het.”

Veronica leun vorentoe en sê weer iets vir haar pa in sy oor. Hy kyk effens om en knik.

“Vierdens, daar is poliëster-draadjies gevind op die drumpel van die bestuurder se deur wat wys dat ŉ dooie of bewustelose persoon uit die kar gesleep is. Ons vermoed hierdie draadjies kom ooreen met die grys langbroek wat Hans Ras gedra het toe hy vermoor is.

“Laastens is daar ŉ manshandskoen opgetel in die omgewing van Hans Ras se kar. Hoewel ons dit nog nie kan bewys nie, vermoed ek dit kan ŉ handskoen van Santa wees. Sy het besondere groot hande vir ŉ vrou.”

Jolanda loop ŉ stappie vorentoe.

“Kan almal van julle my hoor?”

Die mense knik hulle koppe en Jolanda lyk tevrede.

“Goed, dan gaan ek voort. Ek het navorsing gedoen oor Leo. Leo en sy vrou was kinderloos. Hy was ŉ makelaar en hulle het vir dertien jaar in Frankryk gewoon voordat hulle teruggekom het na Suid-Afrika toe. Sy vrou is tien jaar gelede oorlede. Leo ly aan hartversaking. Santa is ŉ opgeleide suster. Sy en Leo het mekaar in Groote Schuur Hospitaal ontmoet. Hulle het ’n vriendskap begin. Toe Leo uit die hospitaal ontslaan is, het hy haar oorreed om hom voltyds tuis te versorg in ruil vir ŉ goeie salaris. Santa het Franse klasse by Alliance Francaise geneem, natuurlik om Leo te beïndruk. Sy het hom vertel haar ouers is dood toe sy ŉ baba was en dat sy in ŉ weeshuis grootgeword het. Alles leuens. In elk geval, agt jaar gelede het Leo vir Santa as sy dogter aangeneem. Hy het ŉ nuwe testament opgestel waarin hy al sy geld en besittings aan haar nalaat mits sy hom tot sy dood toe oppas. Dit was ...”

Jolanda word onderbreek deur Asanda wat haastig in die vertrek kom en aankondig:

"Leo is dood."

Daar is ŉ geskokte stilte.

"Is jy seker?" vra Jolanda.

"Doodseker. Sy hart het gaan staan."

Jolanda sluk. ŉ Paar sekondes lank ervaar sy ŉ gevoel van *déjà vu*, asof sy terug is in die aaklige tyd toe Hans Ras verdwyn het. Daar is ŉ pyn aan die bokant van haar maag wat opstoot van haar bors na haar kop. Met moeite onderdruk sy die gevoel. Nou is ŉ tyd om sterk wees. Sy kan later oor Leo treur.

"Dis vreeslik," sê Lucille met ŉ hees stem.

Die groep mense kyk verslae na mekaar en skud hulle koppe.

Jolanda byt op haar tande. Verbete skud sy die hartseer van haar af en sê in haar normale stem:

"Dankie, Asanda, dat jy hom bygestaan het en nou die nuus vir ons oordra. Ek is jammer om te hoor dat hy dood is, maar miskien is dit vir die beste. Wat sou van arme Leo geword het sonder Santa? Nogtans, dis vreeslik tragies. ŉ Bietjie later kan almal wat wil na hom gaan kyk."

"Goeie idee," sê Landman. "Laat ons net eers hoor wat jy te sê het."

Jolanda loop ŉ paar keer heen en weer om haar gedagtes bymekaar te kry. Sy gaan staan voor die groep.

"Een van die groot vrae waarop ek eers geen antwoord kon kry nie, was: *Hoe het Santa besef Hans Ras het uitgevind dat sy vir Leo bedrieg?* Vanmiddag het ek ŉ antwoord daarop gekry: Bashier se medewerker, Vic, was ŉ lid van die Syndicate. Hy het vir Santa se broer, Charles Solomons, vertel dat Bashier ontdek het dat Max Solomons onder ŉ vals naam saam met ŉ ryk man in Gordonsbaai woon en dat sy vir Hans Ras bedrieg. Charles het dadelik twee en twee bymekaar getel. Hy het onmiddellik vir Santa, sy halfsuster, gebel en haar gewaarsku dat Hans Ras vir Leo die waarheid oor haar gaan vertel.

"Santa het die skok van haar lewe gekry. Leo sou uitvind sy het vir hom gelieg oor haar verlede. Hy sou uitvind dat sy uit ŉ misdaadfamilie kom. Daar was geen twyfel by Santa oor wat Leo se reaksie op hierdie nuus sou wees nie. Hy het oneerlikheid gehaat. Hy sou onmiddellik vir Santa onterf. Santa sou haar erfporsie van veertig miljoen rand verloor. Sy moes ten alle koste keer dat Leo die waarheid oor haar uitvind."

Jolanda is moeg. Sy voel terneergedruk van die skokkende feite wat sy bekend moet maak. Haar skoene met die effense hoë hakke maak haar voete seer. Haar seremoniële uniform is styf en ongemaklik. Nogtans moet sy voortgaan.

“Die vet was in die vuur. Santa het haastig planne gemaak. Sy moes so gou moontlik van Hans Ras ontslae raak. Sy het twee dae gehad om alles te reël. Sy moes ten alle koste keer dat Hans Ras vir Leo van haar bedrog vertel. Sy moes Hans Ras oorweldig en hom vermoor. Sy moes besluit waar sy hom gaan begrawe. Sy moes ’n wegsteekplek vir die motor kry – ’n plek naby Gordonsbaai wat nie maklik gevind kon word nie.”

Sy bly meteens stil. Sy het haar draad verloor. Sy kyk na haar notas.

“Ek vermoed Santa het ’n handlanger gehad. Om die Mercedes in die bosse te parkeer was ingewikkeld. Die bestuurder sou dwars oor die pad moes ry teen die afdraande af, eers met die wiele weerskante van die stormwatervoor, later moes dit deur die digte fynbos ploeg en met ’n harde slag die Rooiels-boom tref. Sy’t ’n man nodig gehad om dit te doen. Buitendien – hoe sou sy terug by die huis kom? Sy was ses kilometers van die dorp af. Dit was laat in die nag. Dit was pikdonker. En dit het gereën.

“Sy móés hulp gehad het. Waarskynlik haar broer, Charles Solomons. Ons het uitgevind dat hy vir die laaste twee jaar elke maand hierheen gekom het om ’n geheimsinnige pakkie by ’n tehuis in Broadlands te kom haal. Ek het uitgevind een van Santa se halfsusters werk by daardie tehuis. Moontlik is dit geld van Santa wat hom betaal, in paaiemente, vir sy hulp tydens die moord. Charles was seker nie toegelaat om na haar huis toe te gaan nie, ingeval Leo hom sou sien.”

Jolanda kyk ’n rukkie na die skuifdeure wat op die agterstoep uitgaan. Sy tel ’n soeklig van ’n sytafel af op.

Sy gaan staan voor die groep en sê plegtig:

“Ek wil julle graag iets wys. Kom asseblief saam met my na die stoep toe.”

Sy loop na die skuifdeure, stoot hulle wyd oop en gaan uit op die De la Portes se groot agterstoep. Die mense kyk onseker na mekaar, dan staan hulle stadig op en loop agter Jolanda aan na die agterstoep met die wye glasvensters wat oor Valsbaai uitkyk.

Jolanda wink hulle nader.

“Kom staan hier by die vensters en kyk na die tuin,” sê sy.

Toe almal in posisie is, skyn sy die soeklig ondertoe na die agterkant van die tuin.

Sy beweeg die ligkol oor die toneel.

“Kyk,” sê sy. “Hans Ras se graf.”

Daar is die geluid van asems wat ingetrek word.

Verstom staar die groep na die toneel.

Vier meter onderkant hulle is die De la Portes se tuin. Dis bedek met inheemse struike en loop met ’n helling na die onderkant van die erf. Eenkant lê ’n protea-bos op sy kant met sy

wortels ontbloot. In die middel van die tuin verlig twee lanterns ŉ spesifieke deel van die tuin waar drie arbeiders met grawe in hulle hande sit. Langs hulle is ŉ groot gat en ŉ hoop grond.

Jolanda skyn die soeklig op ŉ polisieman wat eenkant op ŉ klip sit met sy arm om ŉ Duitse skaaphond.

"Voor die vergadering vanaand het ek die honde-eenheid gebel," sê Jolanda. "Ek het hulle gevra of dit moontlik is om vanaand ŉ kadawer-hond hierheen te bring om die De la Portes se erf te deursoek vir ŉ lyk. Die hoof van die eenheid het ingestem. Hy het vir Luitenant Visser met sy hond, Caesar, hierheen gestuur. Plus ŉ paar grafgrawers.

"Julle sal onthou dat ek vroeër vanaand ŉ paar keer besig was op my selfoon. Dit was toe ek met Luitenant Visser gepraat het. Hy het my laat weet dat Caesar met mening begin grawe het naby die stam van hierdie protea-bos."

Jolanda skyn met haar flits op die ontwortelde bos.

"Santa het hierdie bos geplant op presies dieselfde tyd as wat Hans verdwyn het. Ek het natuurlik nooit vantevore die verband gesien nie," sê Jolanda wrang. "In elk geval, die manne het die bos uitgegrawe en ŉ entjie dieper afgekom op ŉ groot voorwerp."

Jolanda se flitslig gly oor die grusame toneel daarbuite. Langs die gat lê ŉ voorwerp wat lyk soos ŉ dik opgerolde mat toegedraai in plastiek en met grond besmeer. Dis omtrent twee meter lank.

"Luitenant Visser het die plastiekomhulsel van hierdie voorwerp oopgerol en die inhoud bekyk," sê sy skor. "Binne is die ontbinde lyk van ŉ man in bloedbesmeerde klere – ŉ grys langbroek en blou blazer. Dis – " Haar stem breek. "Dis Hans Ras."

Met oop monde en verstarde oë staar die mense na die toneel.

Jolanda hou op met praat. Sy knyp haar oë toe. Sy voel heeltemal oorstelp. Dis verskriklik om vir Hans Ras só te sien – die man wat sy liefgehad het, die man met wie sy sou trou, die man wie se kinders sy sou hê, met wie sy lank en gelukkig sou saamlewe. Haar gedagtes spring na Santa en meteens vlam daar ŉ verblindende woede in haar op, ŉ drang om Santa aan te rand, die lewe uit haar te wurg soos wat sy met Hans Ras gemaak het. Jolanda voel hoe ŉ dolle disoriëntasie van haar besit neem. In haar keel stik ŉ kreet waarmee sy van haar verskriklike woede ontslae wil raak. Met moeite bedwing sy haarself. Twintig, dertig sekondes staan sy roerloos. Toe voel sy ŉ groot moegheid deur haar trek.

Sy laat sak haar gesig in haar hande en druk met haar vingerpunte teen haar voorkop. Verby, dink sy. Ek het dit te bowe gekom. Dit maak nie meer saak nie. Die lewe moet voortgaan.

Sy voel ŉ arm om haar skouers en hoor Zimmer sê:

"Toemaar, Jolanda – Dis als verby – Dis als verby."

"Poor Jolanda," kom Bongi se basstem. "She's been very brave. "

Die mense kyk na mekaar. Daar heers ŉ stemming van verslaentheid.

Landman kry skielik lewe.

"Kom ons gaan almal terug sitkamer toe," sê hy gesaghebbend. "Craig, gaan sê vir die manne in die tuin hulle kan maar huis toe gaan. Ek sal vir Cloete sê hy moet dadelik ŉ konstabel stuur om vannag hier te kom wagstaan. Kom ons gaan terug sitkamer toe. Zimmer, help vir Jolanda. Iemand – bring vir Jolanda ŉ glas wyn."

"Dit sal lekker wees," sê Jolanda en skakel die soeklig af. "Kry vir julle verversings. Ons kan net-nou verder praat."

"Ja," sê Craig. "Miskien kan iemand vir ons ook wyn bring."

Lucille bied aan om dit te doen en verdwyn in die kombuis. Zimmer trek vir Jolanda ŉ stoel reg en sy gaan sit daarop. Ben gee vir haar ŉ glas wyn en sy neem ŉ diep teug daaruit.

Landman, Craig en Zimmer trek stoele nader aan Jolanda en begin oor die gebeurtenisse van die aand praat en die omstandighede rondom Hans Ras se moord. Verskeie lede van die groep loop in die gang na Leo se kamer om vir Leo vaarwel te sê.

Toe almal klaar geëet en gedrink het, staan Landman op en kondig aan dat Jolanda nog ŉ paar woorde oor die moord wil sê.

Nadat almal hulle sitplekke ingeneem het, gaan staan Jolanda weer voor die groep.

**"**Ek het ŉ rowwe idee van wat met Hans Ras gebeur het. ŉ Rukkie voor die einde van die opera het Santa vir Leo ŉ sterk dosis morfien gegee en hom in die bed gesit. Aan die einde van die opera het die musiekgroep in die reën uitgeloop na hulle motors toe. Santa het vir Hans Ras iets gesê soos *Moenie dadelik ry nie, ek wil met jou praat.* Toe die ander karre weg is, klop sy aan Hans Ras se venster. Hans Ras druk die knoppie wat sy ruit laat afskuif. Soos blits druk Santa die Tazer teen sy gesig en hou dit daar. Hans Ras verloor sy bewussyn."

Jolanda bly stil. Haar keel is seer van ingehoue spanning. Wat haar gedagtes gevange hou, is die koelbloedigheid waarmee Santa alles beplan en uitgevoer het. Santa is ŉ uitstekende toneelspeelster.

"Santa maak Hans Ras se deur oop, trek hom uit die kar uit en sleep hom met die skerp helling af deur die tuin tot onderkant die huis. Elke keer as Hans Ras begin bykom, skok sy hom weer. Toe sy by die onderste tuin kom, steek sy hom herhaaldelik tot hy dood is, miskien met die seremoniële swaard wat dáár hang," sê sy en wys na die swaard teen die muur in die vertrek waar hulle sit.

Jolanda voel ontsenu. Sy maak haar oë toe en dink aan Hans Ras se lyk. Baie onstellend. Baie, baie ontstellend. Sy byt op haar lippe.

Die groep staar na die swaard teen die muur. Almal is stom van die skok. Dit lyk of hulle vir ’n wyle hulle stemme verloor het.

Jolanda ruk haarself reg met die gedagte: *Dis amper verby*.

Haar oë rus op elke gesig in die groep.

“Die moord was geruisloos. Daar was baie bloed – op Hans Ras se klere, sy hare, sy skoene. Natuurlik op Santa se hande en klere. Waarskynlik het sy haar besmeerde klere naby die voordeur uitgetrek, die ergste bloed aan haar lyf afgevee voor sy in die huis gaan, en toe gaan bad. Daarna, dink ek, het sy bergklim-klere en handskoene aangetrek, uit die huis geloop en op met die trappe tot by Hans Ras se kar. Die sleutel was steeds in die motor. Sy het geweet hoe die motor werk want Leo het ’n soortgelyke Mercedes. Toe ry sy in Rooiels se rigting.

“Ons het ’n getuie wat Hans Ras se motor net buitekant Gordonsbaai sien ry het, omtrent eenuur op die nag van die moord. Hy het gesê die motor het besonder stadig gery. Ek dink dit was Santa wat toe op pad was na die wegsteekplek naby die Steenbras-rivier waar Charles vir haar gewag het. Dit was moeilik om Hans Ras se Mercedes in die bosse te versteek, soos ek voorheen gesê het. Dit moes hulle ’n ruk gevat het, meer as ’n halfuur. Daarna het Charles vir Santa by haar huis gaan aflaai.”

Jolanda bly ’n rukkie stil om haar ekwilibrium te behou.

“Toe Santa by die huis kom, het daar baie werk vir haar gewag. Opruimwerk. Sy moes teruggaan na waar Hans Ras se lyk steeds in die agtertuin lê. Sy het die lyk in bubble wrap toegedraai en dit verseël. Sy het die lyk in die gat gerol, die gat wat die werkers die vorige dag vir die protea-boompie gegrawe het. Toe het sy tien of meer sakke kompos in die gat gegooi, om die lyk onsigbaar te maak. Daarna het sy huis toe gegaan, haarself gewas, asook die moordwapen. Sy het alle spore van die moord uitgewis. Vieruur gaan slaap. Agtuur die volgende oggend opgestaan en Leo versorg. Die hele oggend het sy die tuinwerkers goed dopgehou terwyl hulle die boompie plant om te keer dat hulle die lyk ontdek.”

Daar kom ’n vreemde gevoel oor Jolanda. Iets binne-in haar pyn. Hoe moes Hans gevoel het toe Santa hom aanval? Die wreedheid van die lewe. Die onregverdigheid.

“Vanaand het ons Santa se donker kant ontdek. Sy is nie Santa de la Porte nie, maar Max Solomons. Jarelank het sy ons bedrieg. Haar groot fout was dat sy die motor naby aan Gordonsbaai versteek het, en boonop langs ’n pad wat bekend is vir sy mooi uitsig en populêre avontuurroetes. As sy die motor in ’n onherbergsame gebied versteek het – sê maar

in die Kogelberg Reservaat – sou sy waarskynlik daarmee weggekom het. Gelukkig het sy nie. Sy het ŉ paar fatale foute gemaak, soos byvoorbeeld dat mense van Manenberg haar donker verlede ken.

"Ek weet nie of ek haar ooit sal vergewe omdat sy vir Hans Ras vermoor het nie ..."

Jolanda bly stil. Haar blik gaan oor die gesigte van haar vriende en kollegas wat voor haar sit.

Skielik spoel daar ŉ groot kalmte oor haar.

"Maar aan die ander kant – ek aanvaar nou dat Hans Ras dood is. Dat hy nooit weer gaan terugkom nie. En dat sy moordenares agter tralies sit, hopelik vir die res van haar lewe. Die saak is opgelos."

Jolanda kyk na die gesigte voor haar. Hulle het ŉ lang pad saamgekom. Sy voel asof nuwe energie van haar besit neem.

Met helder oë en ŉ sterk stem sê sy:

"En ek ook het uiteindelik afsluiting gevind."

# HOOFSTUK 18

Toe die gaste van mekaar begin afskeid neem, vra Zimmer vir Jolanda of hy by haar kan gaan koffie drink. Sy kyk hom tergend aan – sy warm bruin oë, sensuele mond en gladgeskeerde ken.

“Hmm, ja. Dit sal lekker wees om ʼn bietjie geselskap te hê ná al hierdie drama. Jy weet mos waar ek bly. Het jy vervoer?”

“Nee. Ek het saam met Landman en Craig hierheen gekom.”

“Goed, dan ry jy saam met my. Sien jou netnou. Ek groet net eers almal,” sê sy en verdwyn tussen die gaste.

ʼn Kwartier later ry sy en Zimmer in haar beige Corsa na haar huis toe. Sy parkeer die motor in die garage. Buite is dit besonder koud. Hulle klim op met die vyf stelle steil trappe wat zig-zag boontoe na haar huis toe gaan, omring deur die reuk van rotsplante en die sout kelpgeur van die see. Toe sy die sekuriteitshek oopsluit, beweeg Zimmer nader. Sy voel die warmte van sy lyf teen haar rug.

Hulle klim die laaste stel trappe op. Sy sluit die kombuisdeur oop, skakel die ligte aan en stap deur na die groot vertrek wat dien as haar eetkamer, sitkamer en slaapkamer. Zimmer gaan staan in die middel van die vertrek en kyk nuuskierig om hom rond.

“So,” sê hy verheug. “Haar hoogheid se kasteel. Ek moes geweet het alles sal so skoon en presies wees.”

“Ja. My persoonlike spasie. Min mense kom hier. Jy’s bevoorreg,” sê sy en sit haar hoed op die tafel.

Hulle kyk na mekaar. Hy omhels haar. Sy laat sak haar kop op sy skouer en maak haar oë toe. Dit voel asof sy aan die einde van ʼn lang donker tonnel gekom het. Agter haar is twee jaar van pyn, eensaamheid, hartseer. Al die frustrasie en wroeging is verby. Sy voel vry. Sy wil wilde dinge doen soos hardloop, spring, dans, lag, rol, op haar kop staan.

“Jy was fantasties,” sê Zimmer met sy gesig in haar hare. “Heldin van die aand. Heldin van Gordonsbaai. Jy’t die moordenares gevang! Ek’s só trots op jou.”

Sy kyk op in sy oë.

“Sonder jou sou ek dit nie kon doen nie. As jy nie so deeglik navorsing gedoen het by die fabriek en uitgevind het van Bashier nie, sou ons nooit geweet het wie’t vir Hans Ras vermoor nie.”

Sy maak haarself los uit sy omhelsing.

“En die idee van die Tazer was ook joune. En ...”

"Maar *jy's* die heldin. *Jy't* alles bymekaar gesit."

"Ek is net bly dis verby."

Sy vryf haar bo-arms en kyk na die kaggel.

"Ek kry koud. Weet jy hoe om vuur te maak?"

Zimmer volg haar oë.

"Natuurlik. Het jy vuurmaakgoed?"

Sy wys na ŉ drom langs die kaggel.

"Goed. Maak jy vir ons vuur."

"Net eers een ding," sê hy.

Hy neem haar gesig in sy hande, kyk in haar oë en soen haar.

"Ek is lief vir jou, Jolanda."

Daar is ŉ oomblik van bewuswording terwyl hulle in mekaar se oë kyk, die gevoel dat iets belangriks besig is om tussen hulle te gebeur. ŉ Aangename trilling gaan langs Jolanda se ruggraat af.

Sy hou haar mond by sy oor en fluister:

"Ek is mal oor jou."

Hy kyk na haar, sy hart in sy oë. Hy soen haar weer, totdat sy hom wegdruk en effens uitasem sê:

"Ek gaan vir ons koffie maak."

"Ek dog jy drink nie koffie nie."

"Vanaand is ŉ uitsondering."

In die kombuis skink sy water in die koffiemasjien, skep twee eetlepels koffie in die papierfilter en skakel die masjien aan. Sy kyk tersluiks na Zimmer wat besig is om die vuur te pak. Hy dra ŉ swart rolnektrui en ŉ beige langbroek. Sy bruin hare lê dik op sy kop. Daar is ŉ intensiteit in hom wat haar fassineer. Die gedagte om in sy arms te lê laat die bloed in haar liggaam opstyg.

In die spaarkamer trek sy haar skoene, sykouse en uniform uit. Sy glip ŉ pienk-en-grys sweetpak oor haar lyf en pantoffels aan haar voete. Terug in die woonkamer skakel sy die CD-speler aan. Sagte kitaarmusiek vul die vertrek. Sy voel sorgeloos, asof sy op ŉ wolk sweef.

Toe sy met twee bekers koffie uit die kombuis kom, sien sy dat Zimmer die rusbank voor die kaggel getrek het. Hy neem die bekers by haar, plaas dit op ŉ tafeltjie en gaan sit langs haar op die bank. Hy neem haar hand in albei syne.

“Jolanda, vergewe my. Ek weet jy dink ek is mal en ’n kansvatter, maar dis glad nie hoe dit is nie. Ek het nog nooit vantevore so oor iemand gevoel nie. Dit word al hoe erger. Ek weet nie wat met my aangaan nie. Ek wil in jou oë kyk. Ek wil aan jou raak. Jy is amper al waaraan ek kan dink, van die oggend tot die aand – jou gesig, jou hare, jou reuk, jou stem, alles, alles. Maak my mal. En nou, uiteindelik, is ek by jou. Ek kan met jou praat.”

Jolanda plaas haar vinger op sy mond. Hulle oë ontmoet, nie terloops of vlugtig soos mense wat mekaar nie ken nie, maar vol en deurdringend. Die heerlike gevoel gly weer teen haar rugstring af, hierdie keer sterker.

“Bly stil. Jy praat te veel,” sê sy sag. “Moenie verder verduidelik nie. Wat jy my vanmiddag in die kantoor gesê het, verklaar alles. Ek wens net jy het my vroeër vertel wat Derek gesê het.”

Zimmer se oë is helder, blink en bruin soos dié van ’n Labrador. Sy oë dwaal na haar nek toe, waar haar donker hare in sagte krulle vou, delikaat soos blomblare.

’n Duisend-en-een gedagtes stroom deur Jolanda se kop. Sy was so lank alleen – geen warmte, geen aanraking, geen liefdesvuur. Vir twee jaar al treur sy oor Hans Ras. Nou, uiteindelik, het die pyn verdwyn. Alles wat haar die afgelope twee jaar innerlik verskeur het, val van haar af soos ’n mantel. Sy voel weer ten volle vrou.

Zimmer hou haar hande vas en kyk in haar oë.

“Jolanda, jy’s die mooiste vrou wat ek nog ooit gesien het.”

Hy druk sy warm mond in haar handpalm en maak sy oë toe. Sy druk haar vingers deur sy digte hare. Hy sit weer regop. Stadig en nadruklik begin hy praat, maar namate hy aangaan, praat hy al hoe vinniger:

“Ek wens ek kan woorde vind om jou te vertel. Ek het hierdie gevoel van – *bestiering*. Ek het Gordonsbaai toe gevlug vir my lewe. En toe – toe ontmoet ek jou. Skielik verander my lewe. As ek weg is van jou, is ek miserabel. As ek by jou is, wil ek nie weggaan nie. Toe kom Derek en sê – jy weet wat hy gesê het. Ek het geskrik. Ek het besef my hele lewe gaan verander. Dit was vreesaanjaend. Ek – ek sal nie meer ék wees nie.”

Hy skud sy kop.

“Jammer,” sê hy. “Kop verloor. Koue voete gekry.”

Jolanda kyk hom ondersoekend aan.

“Ek kon nie verstaan wat gebeur het nie – die een oomblik was jy rasend verlief op my, en die volgende oomblik was jy haastig huis toe.”

"Ek is jammer dat ek lelik met jou was," sê hy ontsteld. "Ek was in ŉ krisis. Nou's ek reg. Ek weet ek kan nie sonder jou lewe nie. Jolanda – Jolanda – ek wil vir die res van my lewe by jou wees."

Jolanda staar na hom. Haar hart klop onbedaarlik.

"Dis al wat ek wil hoor," sê sy. "Die hele week al."

"Jolanda, ek is lief vir jou. Ek wil by jou bly. Vir altyd."

"Wat van jou poker?"

"Poker? Wie dink aan poker?"

"Jy, ek is seker."

"Laaste ding op my brein."

"Wat het gebeur?"

"Vir die laaste paar dae draai al my denke, liggaam, siel en verstand om Jolanda Loots."

"Ek voel gevlei," sê sy.

"Gevlei? Ek was amper van my kop af."

"Jy't niks gesê nie."

"Ek moes my hele lewe herevalueer!" sê hy verontwaardig.

"Was dit só erg?"

"Natuurlik. En jy? Wat van jou? Jy vat hierdie ... dolle liefde so kalm?"

"Kalm?" vra sy laggend. "Waarom het ek vandag in jou keel afgespring? Jou amper ŉ taai klap gegee? Omdat jy nie kon sien dat ek rasend verlief is op jou nie."

Hulle staar mekaar in die oë.

"Jolanda, ek is mal verlief op jou van die oomblik wat ek jou gesien het. Dis ŉ wonderwerk wat gebeur het."

ŉ Uur lank sit hulle styf bymekaar. Af en toe gooi Zimmer ŉ stomp op die kaggel terwyl hulle gesels, mekaar soen en ontdek.

Geleidelik praat hulle minder. Hy streel die sagte tekstuur van haar nek, haar ore, haar lippe. Jolanda voel hoe die bloed onder haar vel opstyg teen haar nek op. Styf hou hulle mekaar vas en luister na die knetterende vuur. Sy voel hoe sy hart ritmies en kragtig teen haar bors klop. Met die meesleurende ritme van die musiek op die agtergrond beweeg sy mond saggies, versigtig oor haar voorkop, haar oë, haar ore, totdat hulle lippe mekaar vind.

Lank soen hulle mekaar.

"Jy's ongelooflik," sê hy in ŉ growwe fluistering, sy warm asem teen haar wang.

ʼn Golf begeerte spoel oor Jolanda. Sy wil hom voel en ruik, sy lippe proe. Te midde van hartstogsoene verskuif hulle naderhand na haar bed toe. Terwyl die vuur knetter en die musiek in haar sypel, gly haar arms om sy kaal bolyf. Hulle lippe vind mekaar. Die bloed in haar nek begin klop.

Stadigaan word hulle soene meer koorsagtig. Jolanda voel vasgepen deur ʼn onbeheerbare hartstog. Haar binneste is een tollende, gistende maalkolk en al waarvan sy bewus is, is die hier en nou, die hier en nou. Sy kan nie dink nie. Vir ʼn paar minute ervaar sy intense disoriëntasie. Dan die ekstase. ʼn Seismiese samesmelting.

Met ʼn gevoel van saligheid luister hulle later na die suising van die see se branders totdat hulle in mekaar se arms aan die slaap raak.

*    *    *    *

Dis die volgende oggend. Zimmer en Jolanda sit op die smal balkon bokant haar tuin waar die voëltjies onbedaarlik sing. Hulle eet ʼn ontbyt bestaande uit Franse roosterbrood met kaas en tamatieskywe, en kyk na die verruklike uitsig oor die baai. Regs van hulle styg die son bokant die Hottentots-Hollands berge op en laat die hele Valsbaai skitter. Onderkant hulle is die dakke van laerliggende huise. Verder af is die see en die hawe waarin dosyne seiljagte met regop maste in die water ronddobber binne die beskerming van breekwatermure wat soos twee reuse-arms die terrein afbaken. Oorkant die water, skaars sigbaar oor ʼn afstand van vyf-en-dertig kilometers, is ʼn dun, onreëlmatige strepie wat die ligging aandui van die Tafelbergreeks en verskeie vissersdorpies – Simonstad, Vishoek, St. James en ander.

Jolanda voel soos ʼn nuwe mens. Uitbundig roep sy uit:

"Ek is so bly! Landman het my die naweek afgegee! Hy't gesê hy weet ek het my hierdie week oor ʼn mik gewerk. Hy het reëlings getref dat Niewenhuizen vandag my skof oorneem."

Zimmer kyk na haar met vonkelende oë.

"Jip. Ek dink hy het die vibes tussen jou en my gesien. Maar toemaar. Die groot ding is – jy het die moordenaar gevang."

"Ja. Santa van alle mense," antwoord sy. "Verbeel jou, sy is Donker se dogter."

"Ja, ek kan dit nie glo nie. Donker, highflyer van die Syndicate. Hy's mos die een wat met sy drie mistresses in die Kaap iewers woon, nê?"

"Ja. In Llandudno. Hy is opperhoof van honderd-en-twintig bendes. Dis die ergste van alles. Donker se dogter het één man doodgemaak, en daarvoor gaan sy nou vir baie jare in die

tronk sit. Intussen, wat gebeur? Elke maand maak Donker se bendes dosyne mense dood. Maar Donker word nooit gevang nie. Hy is verhewe bo alles."

Zimmer skud sy kop.

"Verskriklik. Hoekom kan die polisie ..."

"Nee, nee!" val Jolanda hom in die rede. "Bly stil. Ek wil nie nou daaroor praat nie."

Zimmer kyk oor Valsbaai uit. Hy sit sy eetgerei neer, neem Jolanda se linkerhand in albei syne en sê:

"Ek ook nie. Al waaroor ek wil praat is jy en ek – en ons – en die toekoms. Ek wil nooit weer sonder jou wees nie."

Hulle kyk in mekaar se oë.

"Moenie weggaan nie," sê sy. "Bly hier."

"Wanneer my verlof verby is, gaan ek terug Durban toe om my kennismaand uit te werk. Miskien kan jy saamgaan."

Sy hou sy hand styf vas.

"Miskien. En daarna?"

"Kom ek hier bly. Craig het my ŉ aanbod gemaak. Ek gaan dit aanvaar."

Toe hulle klaar geëet het, sit Zimmer sy arm om Jolanda se skouers. ŉ Lang ruk sit hulle styf teen mekaar. Hulle luister na die geruis van die branders en kyk hoe die son oor die see skitter. Jolanda ervaar ŉ gevoel van vrede wat sy jare laas gevoel het.

Eindelik draai Zimmer sy kop en kyk in haar oë.

"Ek het nooit gedink ek sal so lief wees vir iemand as wat ek vir jou is nie, Jolanda. Ek is net bang dat ek nie goed of sterk of slim genoeg is nie. Ek is bang ek maak jou seer."

Jolanda glimlag.

"Moenie bang wees nie. My pa sê as mens aanhou liefde gee tot dit seermaak, sal die seerkry stop en die liefde aanhou."

DIE EINDE